

**'n PRAKTIES-TEOLOGIESE
BASISTEORIE
VIR GEMEENTE-ANALISE**

WILLEM JACOBUS SCHOEMAN

Proefskrif voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die
graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die

Fakulteit Teologie

Departement Praktiese Teologie

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof. Dr. J.S. Kellerman

Medepromotor: Prof. Dr. J. Janse van Rensburg

BLOEMFONTEIN

Junie 2002

‘n Dankwoord

Ek sou baie graag ‘n woord van dank aan die volgende persone wou rig:

- my studieleier, prof. Kobus Kellerman vir sy volgehoue ondersteuning en akademiese leiding.
- die NG Gemeente Riviera vir studieverlof en ‘n geleentheid om dié studie te kon voltooi.
- my kollegas wat vir my die ruimte geskep het om met die studie te kon besig wees.
- my ouers en familie wat my altyd aangemoedig en ondersteun het.
- talle vriende, binne en buite die gemeente, wat gereeld bemoedig en aangemoedig het.
- Anna Biermann vir haar noukeurige proeflees en raad met die taalversorging.

Ek rig graag ‘n spesiale woord van dank aan Heiletta, my vrou, wat met haar liefde en fyn aanvoeling dit vir my moontlik gemaak het om die studie te kon afhandel. Ek dra graag die proefskrif aan haar op.

Hy wat ons eerste lief gehad het, het die studie moontlik gemaak. Mag die nadenke wat daarin vervat is, help dat ons Hom beter kan dien.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 Doel	1
1.2 Probleemstelling	1
1.3 Navorsingsmetodologie	2
1.4 Begrensing	4
1.5 Die waarde van hierdie studie	4
HOOFSTUK 2: 'N OORSIG	5
2.1 Oriënteringspunte vir 'n gemeente-analise	5
2.2 Prinsipiële vertrekpunte vir 'n gemeente-analise	6
2.3 Metodologiese aannames vir 'n gemeente-analise	7
HOOFSTUK 3: ORIËNTERING	9
3.1 Praktiese teologie	9
3.1.1 Die diakoniologiese of konfessionele benadering	9
3.1.2 Die handelingswetenskaplike of korrelatiewe benadering	12
3.1.3 Die kontekstuele benadering	22
3.1.4 'n Vierde benadering?	23
3.2 Teorievorming	28
3.3 Gemeentebou: 'n Definisie	33
3.3.1 Die boumetafoor	33
3.3.2 Gemeente	35
3.3.3 Gemeentebou: 'n kort oorsig	37
3.4 Gemeente-analise	42
HOOFSTUK 4: PRINSIPIËLE BESINNING OOR DIE GEMEENTE	45
4.1 Die vroeë gemeentes in die lig van die Nuwe Testament	45
4.2 Die identiteit van die gemeente	53
4.3 Die doel van die gemeente	59
4.4 Die bedieningsterreine van die gemeente	66
4.4.1 Bedieningsterreine of funksies?	66
4.4.2 Bedieningsterreine – die bydrae van enkele teoloë	67
4.4.3 Leitourgia	73
4.4.4 Kerugma	77
4.4.5 Koinonia	80
4.4.6 Diakonia	86
4.4.7 Samevattende opmerkings	90
HOOFSTUK 5: GEMEENTE AS EMPIRIESE WERKLIKHEID	93
5.1 Inleidende opmerkings	93
5.2 Die gemeente op mikrovlak	94
5.2.1 Gemeentelike spiritualiteit	94
5.2.2 Die ontwikkeling van gemeentelike strukture	95
5.2.3 Ekklesiologiese modelle	97
5.2.3.1 Die instituutmodel	97
5.2.3.2 Die verkondigingsmodel	98
5.2.3.3 Die liggaamsmodel	100

5.2.3.4	Die transformasiemodel	102
5.2.4	Leierskap in die gemeente	104
5.2.5	Enkele gevolgtrekkings	106
5.3	Die gemeente op makrovlak	106
5.3.1	Gemeentekonteks	109
5.3.2	Kerk en samelewing in 'n veranderende situasie	111
5.4	Die storie van die gemeente	115
5.5	Die wêreld van die gemeente – enkele opmerkings	120

HOOFSTUK 6: GEMEENTE-ANALISE BINNE DIE GEMEENTEBOU-PROSES		121
6.1	Inleiding	121
6.2	Diagnostiese benaderings	124
6.2.1	Callahan: Twaalf Sleutels tot 'n effektiwige gemeente	124
6.2.1.1	Agtergrond en probleemformulering	124
6.2.1.2	Basiese aannames en vertrekpunte	124
6.2.1.3	Metodologie	128
6.2.1.4	Evaluering	129
6.2.2	Alban-Instituut	130
6.2.2.1	Mead	130
6.2.2.2	Oswald en Friedrich	131
6.2.2.3	Parsons en Leas	133
6.2.2.4	Evaluering	134
6.2.3	Schwarz: Natural Church Development (NCD)	134
6.2.3.1	Agtergrond en probleemformulering	134
6.2.3.2	Vetrekpunte	135
6.2.3.3	Metodologie	136
6.2.3.4	Basiese aannames	140
6.2.3.5	Evaluering	142
6.2.4	Nel	143
6.2.4.1	Agtergrond en probleemformulering	143
6.2.4.2	Basiese aannames en vetrekpunte	144
6.2.4.3	Metodologie	145
6.2.4.4	Evaluering	147
6.3	Gemeentestudies	148
6.3.1	“Congregational studies”	148
6.3.1.1	Agtergrond en probleemformulering	148
6.3.1.2	Basiese aannames en vertrekpunte	150
6.3.1.3	Metodologie	152
6.3.1.4	Evaluering	155
6.3.2	Jurgens Hendriks: Strategiese Teologiese Beplanning	156
6.3.2.1	Agtergrond en probleemformulering	156
6.3.2.2	Basiese aannames en vertrekpunte	157
6.3.2.3	Metodologie	163
6.3.2.4	Evaluering	163
6.3.3	Burger: Die toetsing van gemeentes	164
6.3.3.1	Agtergrond en probleemformulering	164
6.3.3.2	Basiese aannames en vertrekpunte	165
6.3.3.3	Metodologie	168
6.3.3.4	Evaluering	168

6.4	Kerk-transformasie benaderings	169
6.4.1	Dietterich: 'n Sisteemmodel van die kerk se bediening en missie	169
6.4.1.1	Agtergrond en probleemformulering	169
6.4.1.2	Basiese aannames en vertrekpunte	172
6.4.1.3	Metodologie	174
6.4.1.4	Evaluering	175
6.4.2	Jan Hendriks: "Een vitale en aantreklike gemeente"	176
6.4.2.1	Agtergrond en probleemformulering	176
6.4.2.2	Basiese aannames en vertrekpunte	176
6.4.2.3	Metodologie	180
6.4.2.4	Evaluering	181
6.4.3	Pasveer	182
6.4.3.1	Agtergrond	182
6.4.3.2	Basiese aannames en vertrekpunte	183
6.4.3.3	Evaluering	184
6.5	Samevattende opmerkings	184

HOOFSTUK 7: DIE METODOLOGIE VAN GEMEENTE-ANALISE 187

7.1	Gemeente-analise as 'n navorsingsproses	187
7.1.1	Benaderings en vertrekpunte binne die navorsingsproses	187
7.1.2	Metodologiese vereistes	191
7.1.2.1	Betroubaarheid	191
7.1.2.2	Geldigheid	192
7.1.2.3	Veralgemeenbaarheid	194
7.1.3	Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing	196
7.1.4	Die navorsingsiklus	199
7.1.5	'n Narratiewe benadering	200
7.1.6	Vraelyskontruksie	203
7.2	Gemeente-analise as 'n omvattende proses	205
7.2.1	Basiese aannames en vertrekpunte	205
7.2.1.1	Oriënteringspunte	205
7.2.1.2	Probleemstelling	206
7.2.1.3	Prinsipiële vertrekpunte	206
7.2.2	Metodologiese vertrekpunte	208
7.2.2.1	Metodologiese vereistes	208
7.2.2.2	Navorsingsmetodes	209
7.3	Enkele voorbeelde van gemeente-analises	209
7.3.1	'n Kwantitatiewe opname	210
7.3.2	Die storie van 'n gemeente – 'n narratiewe benadering	211
7.3.3	Analises oor die konteks	214
7.3.3.1	Waardesisteme binne die Suid-Afrikaanse samelewing	214
7.3.3.2	Kerkspieëldata – enkele voorbeelde	216
7.4	Gemeente-analise as deel van 'n gemeentebouproses	218
7.5	'n Teorie vir gemeente-analise	220
7.5.1	Oriënteringspunte	221
7.5.2	Prinsipiële vertrekpunte	222
7.5.3	Metodologiese vertrekpunte	223
7.5.4	Gemeente-analise as 'n proses	223

	Enkele opsommende stellings	225
--	-----------------------------	-----

BYLAE A: Uittreksels uit 'n gemeente-analiseverslag	227
BYLAE B: Die storie van 'n gemeente	237
BYLAE C: Kerkspieëldata – enkele voorbeelde	239
BYLAE D: Enkele kwalitatiewe voorbeelde	243
BIBLIOGRAFIE	245
Opsomming	257
Summary	258

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 DOEL

Die doel van die studie is om, na aanleiding van bepaalde navorsingsvrae, 'n basisteorie te ontwikkel aan die hand waarvan 'n gemeente op verantwoordbare wyse teologies geanaliseer kan word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Indien vanuit 'n prakties-teologiese hoek na 'n gemeente gekyk word, speel die gemeentebouproses 'n belangrike rol. Hierdie dinamiese proses impliseer dat verandering besig is om in so 'n gemeente plaas te vind. In hierdie verandering wat in die gemeente plaasvind, figureer die opbou en uitbou van die gemeente as 'n sentrale doelstelling.

Bedieningsbeplanning word ingespan as 'n metode om hierdie proses van verandering in die gemeente te stimuleer en daaraan koers te gee. Hoewel die groei en ontwikkeling van 'n gemeente uit verskeie hoeke benader kan word, bly een van die mees basiese vrae steeds die belangrikheid en die aard van die analisering van die huidige situasie van die gemeente. Hoe lyk die gemeente tans? Binne watter konteks bestaan die gemeente? Kan die geloofsbeleving van die gemeente bepaal word? Op watter wyse kan die gemeente teologies geanaliseer word? Die noodsaaklikheid van 'n behoorlike en verantwoordbare gemeente-analise, as 'n stimulus vir doelgerigte gemeentegroei, spreek dus teen hierdie agtergrond, vanself.

In die lig van die voorafgaande probleemstelling verdien die onderstaande navorsingsvrae aandag.

Die **eerste vraag** wat beantwoord moet word, behels die prakties-teologiese beskrywing van wat 'n gemeente is. Vanuit die agtergrond van 'n teologiese omskrywing van 'n gemeente, kan na die huidige gemeentelike praxis beweeg word. Wat is die bestaansrede vir 'n gemeente en wanneer is 'n gemeente in wese 'n gemeente?

Tweedens sal bepaal moet word wat die kritiese aanwysers is aan die hand waarvan 'n gemeente geanaliseer kan word. Watter minimum aanwysers moet in berekening gebring word wanneer 'n gemeente-analise gedoen word?

Derdens sal ondersoek ingestel moet word na die eksterne en interne faktore wat die groei van 'n gemeente beïnvloed. Hoe moet hierdie faktore verreken word ten einde 'n gemeente doelgerig te laat groei?

1.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE


Metodologies sal die studie sowel 'n deduktiewe as 'n induktiewe werkwyse volg. In die studie sal voorts hipotese-genererend te werk gegaan word.

Vanuit 'n literatuurstudie-oogpunt sal 'n breë terreinverkenning deduktief gedoen word, sodat 'n prakties-teologiese raamwerk, waaruit 'n gemeente-analise gedoen kan word, daargestel kan word. Enkele modelle en vraelyste wat aangewend kan word om gemeentes te analiseer, sal eerstens ondersoek en geëvalueer word.

'n Empiries-wetenskaplike ondersoek wat daarop gemik word om die bruikbaarheid van sekere aannames en aanwysers te toets, sal onderneem word. Die Kerkspieëldata sal kwantitatief gebruik en verder verwerk word, terwyl kwalitatiewe ondersoeke in enkele geselekteerde gemeentes binne die NG Kerk gedoen sal word.

Induktief sal in die studie gepoog word om 'n basisteorie vir gemeente-analise te ontwikkel. Aangesien die werkswyse hipotese-genererend van aard is, sal uiteindelik gepoog word om 'n aantal hipoteses te formuleer.

In die metodologie van die praktiese teologie, volgens Heitink (1993:159-162), is drie begrippe van belang: begryp, verklaar en verander.



- *Begryp* verwys na 'n hermeneutiese interpretasieproses. Tekste en handeling moet verstaan word, veral in die lig van die christelike tradisie.
- Om te *verklaar* word van die empiriese benadering, veral soos van toepassing in die menswetenskappe, gebruik gemaak. Handeling word met betrekking tot hulle feitlikheid en potensialiteit geanaliseer.
- *Verander* verwys na 'n agogiese moment. Deskundige begeleiding word gegee as deel van 'n veranderingsproses. Dit is 'n strategiese proses waardeur handelingsmodelle en –strategieë vir die handelingsvelde ontwikkel word.

Die samehang tussen die begrippe begryp, verklaar en verander sal later in meer besonderhede verduidelik word. In die ontwikkeling van 'n basisteorie vir gemeente-

analise is dit, vanuit 'n metodologiese hoek gesien, belangrik om al drie fases te verreken.

1.4 BEGRENSING

Gemeentes binne die gereformeerde tradisie val binne die skopus van die studie. Aangesien die navorser lidmaat en predikant binne die NG Kerk is, spreek dit vanself dat dit die hantering van die tema gaan beïnvloed. Die doel van die studie: “om 'n basisteorie te ontwikkel aan die hand waarvan 'n gemeente op verantwoordbare wyse teologies geanaliseer kan word”, sal altyd voor oë gehou word.

1.5 DIE WAARDE VAN HIERDIE STUDIE

Die waarde van die voorgestelde studie is daarin geleë dat dit wil poog om, binne die gereformeerde tradisie, 'n basisteorie te ontwikkel aan die hand waarvan 'n gemeente verantwoordbaar geanaliseer kan word.

Die uniekheid en andersheid van die betrokke studie is veral op twee vlakke geleë, naamlik dat dit

- **eerstens** wil poog om gemeente-analises vanuit 'n prakties-teologiese hoek te benader; en
- **tweedens** sal poog om sodanige gemeente-analises binne gemeentes metodologies toepasbaar te maak.

HOOFSTUK 2: 'N OORSIG

In hierdie hoofstuk word 'n kort oorsig gegee oor die verloop van die beplande vir die ontwikkeling van 'n basisteorie vir gemeente-analise. Die proses vir die ontwikkeling van dié teorie lê op drie vlakke:

- Die oriënteringspunte beskryf aannames wat as grondliggende vertrekpunte in 'n gemeente-analise gebruik moet word.
- Die prinsipiële vertrekpunte wys op die beginsels wat hanteer moet word as daar na 'n gemeente kyk word.
- Die metodologiese aannames wys op die pad of prosedures wat in die uitvoering van 'n gemeente-analise gevolg moet word.

Daar kan, vervolgens, kortliks na elk van die drie vlakke gekyk word:

2.1 ORIËNTERINGSPUNTE VIR 'N GEMEENTE-ANALISE

Wat is die verhouding tussen Woord en konteks? Die probleem is dat daar groot afstand is tussen die vroeë christelike gemeentes en vandag se gemeentes. Uit die Nuwe Testament kan bepaalde beginsels afgelei word oor gemeentewees, maar die beginsels moet in 'n totaal ander wêreld grond raak. 'n Prakties Teologiese vertrekpunt is nodig om die verhouding tussen die twee punte: Woord en konteks te beskryf.

Gemeentes is nie dieselfde nie; intendeel, nie een gemeente is heeltemal soos enige ander gemeente nie. Verder is daar 'n verskil tussen wat 'n gemeente behoort te wees, soos Christus as Hoof van die kerk deur sy Gees dit wil hê, en hoe die konkrete gemeente op 'n bepaalde tyd en plek lyk en funksioneer. Hoe behoort 'n gemeente te lyk? Daarvoor sal sekere beginsels en vertrekpunte beskryf moet word.

Gemeentebou is 'n proses wat gemeentes wil help om nader aan hulle doel te beweeg. 'n Behoorlike beskrywing van die proses is nodig. Die verskil tussen *is* en *behoort-te-wees* lê op die ondersoekveld van 'n gemeente-analise. 'n Gemeente-analise wil 'n gemeente begelei om krities en indringend na die gemeente te kyk en te vra: Hoe lyk die gemeente en hoe funksioneer die gemeente?

Indien die bogenoemde vier oriënteringspunte vasgestel en beskryf is, kan verder na die volgende vlak in die ontwikkeling van 'n basisteorie vir gemeente-analise beweeg word.

2.2 PRINSIPIËLE VERTREK-PUNTE VIR 'N GEMEENTE-ANALISE

Die gemeente se identiteit word deur sy verhouding met God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees bepaal. Die identiteit van die gemeente word verder deur sy belydenis bepaal, want met 'n belydenis sê die gemeente wie ons is. Deel van die belydenis is die eienskappe en die kenmerke van die kerk. Kan dit gebruik word om 'n gemeente se identiteit te beskryf? Hoe word 'n gemeente se identiteit gevorm?

Die Nuwe Testamentiese gemeente is 'n skepping van die Heilige Gees. Die gemeente is om 'n bepaalde rede daar. Die vraag is wat die doel of bestaansrede vir 'n gemeente is. Gewoonlik word 'n onderskeid tussen die opbou- en uitboumotief van 'n gemeente gemaak, is dit 'n geldige onderskeid om te gebruik?

'n Gemeente funksioneer op 'n verskeidenheid van terreine, of vervul 'n aantal funksies. Kan daar van bepaalde gemeentefunksies gepraat word en wat is die funksies? Die keuse word gemaak om van vier bedieningsterreine te praat. Die vier terreine is: leitourgia, kerugma, koinonia en diakonia. Die vier terreine omvat die totale bedieningsveld van die gemeente. Hoe kan die vier bedieningsterreine in 'n gemeente-analise gebruik word?

Die plaaslike gemeente gee konkreet gestalte aan die identiteit, doel en bedieningsterreine van gemeenteweese. Die empiriiese gemeente is 'n beliggaming van die gelowiges wat op 'n bepaalde plek woon en binne 'n bepaalde tyd lewe, se verstaan van hulle verhouding met God; bestaansrede en dienswerk. Die omgewing en samelewing van die dag beïnvloed die vorm en funksionering van die empiriiese gemeente. 'n Gemeente-analise behoort daarom ook na die konkrete gemeente en sy omgewing te kyk.


2.3 METODOLOGIESE AANNAMES VIR 'N GEMEENTE-ANALISE

'n Verskeidenheid van gemeente-analises is uitgevoer en voorgestel. Die gemeente-analises as deel van die gemeentebouproses kan in drie hoofkategorieë verdeel word: Diagnostiese analises, gemeentestudies en kerktransformasie analises. Wat leer die verskillende tipes gemeente-analises ons ten opsigte van die ontwikkeling van 'n basisteorie vir gemeente-analise?

Gemeente-analise kan ook as 'n navorsingproses beskou word. Die vereistes van betroubaarheid, geldigheid en veralgemeenbaarheid geld daarom ook ten opsigte van die prosedures wat in die uitvoer van 'n gemeente-analise gebruik word. Minstens drie navorsingsmetodes kan, in die doen van 'n gemeente-analise gekies word: 'n Kwantitatiewe-, kwalitatiewe of narratiewe benadering.

Die proses kan skematies soos volg voorgestel word:

'N BASISTEORIE VIR GEMEENTE-ANALISE



HOOFSTUK 3: ORIËTERING

3.1 PRAKTIESE TEOLOGIE

Dit is noodsaaklik om 'n omskrywing te gee van wat met “praktiese teologie” bedoel word, want hierdie fundamentele uitgangspunt gaan die verdere verloop van die studie bepaal. Die definiëring van die konsep “praktiese teologie” het 'n direkte invloed op die omskrywing van wat 'n gemeente is, en behoort te wees.

Burger (1991b:59) wys daarop dat drie benaderingswyses in die beskrywing van die studieveld van die praktiese teologie gevolg kan word, naamlik: die konfessionele -, korrelatiewe - en kontekstuele benadering. Daar sal vervolgens kortliks na elk van die benaderings gekyk word.

3.1.1 Die diakoniologiese of konfessionele benadering

Jonker (1981:39) omskryf die opdrag van die benadering as ... “ die lees en verstaan en vertolking van die Heilige Skrif, maar tans onder die gesigspunt van die vraag na die kerklike *diakonia*, die diens van die kerk aan die omgang met hierdie Woord.” Die Woord van God word bestudeer met die oog op die dienswerk van die kerk. Die Skrif is volgens hierdie benadering die enigste kenbron van die praktiese teologie. Slegs die bestudering van die Skrif kan as teologie beskou word (Pieterse 1993:103).

Die Skrif is volgens hierdie benadering die eerste en enigste vertrekpunt vir die praktiese teologie. Slegs die bestudering van die diakonia in die Skrif kan die vak as teologies kenmerk. Trimp lê sterk klem op hierdie vertrekpunt: “Wij kunnen immers slechts uit de Heilige Schrift weten, dat en waartoe de levende Christus Zijn kerk heeft toegerust met ambtelijke diensten.” (Trimp 1978:7)

Dit gaan in die diakoniologie oor diens aan God, diens aan die kerk en diens aan die wêreld (De Klerk 1983:2). De Klerk omskryf die studieveld van die diakoniologie as "... die een amptelike bediening van Jesus Christus deur sy kerk met die algemene en besondere ampte as kanale." (1983:20). Die klem val veral op die amptelike dienswerk van die gemeente. "Die diakonia van Christus vir en deur sy gemeente staan in die nouste verband met die Amp, waartoe Hy 'deur die Vader verordineer en deur die Heilige Gees gesalf is' (Hed. Kat. Sondag 12) en die ampte waartoe Hy deur die Heilige Gees gesalf is." (De Klerk 1983:15). Dit noem De Klerk die amptelik-diakonale fundering van die diakonologie.

Hierdie benadering maak veral van 'n deduktiewe metodologie gebruik. (Pieterse 1993:104). Vanuit die Skrif word daar bepaal en afgelei hoe kerklike dienswerk gedoen moet word.

Die volgende kenmerke van die benadering kan, onder andere, uitgewys word (Burger 1991b:59-60):

- Sterk klem word op die Skrif gelê as die enigste kenbron en norm vir die totale teologie, ook vir die praktiese teologie.
- Die praktiese teologie word op deduktiewe wyse beoefen as teoretiese teologisering met die oog op die praktyk. Min klem word op empiriese navorsing gelê.
- Daar is 'n sterk gerigtheid op die kerk en sy dienswerk.

Een van die belangrikste probleme met hierdie benadering sentreer rondom die verrekening van die praxis. Dit kan tog nie in die praktiese teologie net om kennis van die Skrif gaan nie. "Is teologie slegs kennis van die Skrif?", vra Pieterse (1993:106) met reg. Indien aanvaar word dat teonome resiprositeit die aard van die Heilige Gees se werk is, is die kommunikatief-handelende mens 'n kreatiewe

deelnemer aan die praxis van God. Die praxis waarbinne die evangelie tuis kom moet daarom ook verreken en bestudeer word.

Venter probeer binne hierdie benadering vir die praxis ruimte maak. Hy omskryf teologie as die wetenskaplike bestudering van die totale Skrifopenbaring van God. Die totale Skrifopenbaring word ondersoek en nie net die geloofsaspekte van Skrif en kerk nie. Daarby word ingesluit die bestudering van die Skrifopenbaring oor die kerk en oor die werklikheid waarbinne kommunikatiewe handeling plaasvind. (Venter 1996:6). Op grond hiervan beskryf hy die studieveld van die praktiese teologie as die bestudering van die kommunikatiewe handeling in die Skrifopenbaring van God en die normatiewe en konkrete bediening van die handeling in die kerk. (Venter 1996:13)

Janse van Rensburg (2000:76) wys daarop dat die diakoniologie die Woord van God as epistemologiese vertrekpunt gebruik. Hy maak drie stellings oor die diakoniologie, waar hy ook vir die praxis ruimte probeer skep:

- dit neem Bybelse beginsels as vertrekpunt;
- dit maak van die sosiale wetenskappe gebruik, maar dan 'n gebalanseerde gebruik van empiriese en fenomenologiese navorsing; en
- "Diaconology places Jesus Christ, as the Head of the church in His Kingship, and as Priest and Prophet, in the centre of all practical church activity." (2000:78).

Immink wil ook aan die praktiese werklikheid binne die praktiese teologie reg laat geskied. "Welnu, wanneer wij als theoloog de realiteit van de geloofsuitspraken die God betreffen ernstig nemen, dan is er mijns inziens weinig op tegen om ook de antropologische dimensie voluit te honoreren." (Immink 1994:17). Daarom

definieer hy die praktiese teologie: "... praktiese teologie bestudeert de geloofspraktijk, en die praktijk is uitdrukking van de betrekking tussen God en mens." (Immink 1994:10).

Die term diakoniologie skep probleme. Dit dra die bagasie dat 'n te sterk klem in die verlede op die funksionering van die ampte gelê is: dat die term moeilik uitspreek en dat dit in die teologiese wêreld redelik onbekend is. (Janse van Rensburg 2000:80).

Die diakonologiese benadering lê klem op die een aspek van die praktiese teologie, naamlik die Woord, maar laat nie voldoende ruimte vir die ander aspek van die veld van die praktiese teologie, naamlik die praktyk, nie (Pieterse 1993:107). Die winspunt van die benadering is die klem wat dit op die normatiewe aard van die Skrif laat val. Die probleem geld ook in terme van gemeente-analise, aangesien nie net die Skrif nie, maar ook die praktyk, verreken moet word.

3.1.2 Die handelingswetenskaplike of korrelatiewe benadering

Die handelingswetenskaplike benadering is 'n meer resente paradigma in vergelyking met die diakonologiese benadering. Die handelingswetenskaplike benadering het 'n verbreding van die objek van die praktiese teologie teweeggebring. Die benadering het 'n Koninkryksperspektief en die visie is nie meer net op die kerklike diakonia gevestig nie, maar die samelewing kom in sy breedste sin, vanuit 'n Koninkryksperspektief, in die visier. (Pieterse 1993:107).

Firet kom vir die eerste keer in 1970 met die begrip "handelingswetenskaplike" benadering na vore (Pieterse 1993:108). Firet vind die begrip "handelingswetenskap" bruikbaar vir die praktiese teologie, indien die elemente daarin vervat is dat dit :


- gerig is op konkrete handeling;e;
- die handeling;e in hulle handelingsituasies ontleed in terme van hulle feitelikheid en potensialiteit;
- die handeling;e ontleed in terme van motiewe, doel en middele;
- vir die handelingsvelde handelingsmodelle en –strategieë ontwikkel. (Furet 1980:13)

Die praktiese teologie gaan ook, volgens hom, hermeneuties te werk, “dat wil zeggen ze doet hetzelfde als wat iemand doet die tracht een teks te verstaan.” (Furet 1980:15). Hy gebruik Johannes 13 as ‘n voorbeeld. Jesus illustreer die werklikheid van liefde en diensbaarheid. Die prakties-teologiese vraag sal dan wees: “Wordt hier de in Christus aangevangen beweging van onbegrensde liefde en diensbaarheid geactualiseerd?” (Furet 1980:15)

Furet definieer praktiese teologie “... als de theologische theorie omtrent handelingssystemen die het komen van God tot de mens in zijn wereld intermediërend dienen.” (1980:16)

As grondmetode vir die praktiese teologie kies hy ‘n gespreksmodel. God kom ontmoet die mens. Die handeling;e en organisasievorme van handeling;e wat die gesprek dien, vorm die objek van die praktiese teologie. (Furet 1980:20).

Zerfass stel in 1974 ‘n handelingswetenskaplike model vir prakties-teologiese navorsing op (1974:166-169):



Zerfass (1974:166-169) ontwikkel 'n handelingswetenskaplike model om te dien as korreksie op die christelik-kerklike praktyk. 'n Geldende tradisie (4) lei daartoe (2) dat konkrete christelik-kerklike handeling (1) uitgevoer word. Hierdie handeling of praxis 1 kan met behulp van sosiaal-wetenskaplike metodes (3) ondersoek word, dit het 'n bepaalde situasie-analise (6) tot gevolg. In die lig van die tradisie (7) en die analise (5) word 'n bepaalde prakties-teologiese teorie (9) gevorm. Op die manier tree die analise en tradisie met mekaar in gesprek (5). Die prakties-teologiese teorie gee antwoorde verder aan, of lei tot nuwe handeling (10). Dit lei daartoe dat die praxis in die gewenste rigting beweeg of tot 'n nuwe praxis 2 lei (11). Aan die eenkant lei die situasie-analise tot die vorming van 'n nuwe tradisie (13), en aan die anderkant sorg dit vir kritiek en

kontrole (12) op praxis 2.. Die doel van Zerfass se model is om "... im Prozess der Korrektur kirchlicher Praxis eine Rolle spielen." (1974:169).

Heitink gee die volgende omskrywing van praktiese teologie: "Onder praktiese teologie as handelingswetenskap word hier verstaan die empiries-georiënteerde teologiese teorie van die bemiddeling van het Christelike geloof in die praxis van die moderne samelewing." (1993:18). Dit is 'n empiries-georiënteerde benadering. Dit beklemtoon die feit dat die benadering empiriese gegewens ernstig wil opneem. Hy werk om daardie rede met 'n tweeledige praxisbegrip:

- Praxis 1: Dit verwys na die bemiddeling van die Christelike geloof. Hy wil langs 'n agogiese weg verandering teweegbring. "Gods handelen door bemiddeling van menselijk handelen, vormt het theologisch zwaartepunt van de praktische teologie. (Heitink 1993:20).
- Praxis 2: Dit verwys na die praxis van die moderne samelewing. Dit is die konteks waarbinne hierdie handeling geskied. (Heitink 1993:19).

Vos wys daarop dat die bemiddeling van die Christelike geloof in die enkeling en in die kerk nie voldoende in die definisie van Heitink beskryf word nie. Die kerk speel 'n groter rol en is ook 'n objek van die bemiddeling (Vos 1995:105). Vos vra ook na die normatiewe aard van die praktiese teologie. Die koms van God na die mens en sy wêreld dra 'n normatiewe karakter. "Dit gaan om 'n verstaan en luister na die aanspraak wat die Skrif, die teologiese en kerklike tradisie op die praktiese teoloog maak." (Vos 1995:107).

Die gevaar van Heitink se vertrekpunte van beide God en menslike ervaring is dat dit daartoe kan lei "... that our experience should always be checked and corrected by God's Word; it also suggests that the point of departure for practical theology is man's experience. (Janse van Rensburg 2000:90).

Binne hierdie benadering het Browning 'n belangrike bydrae gelewer. Hy sien praktiese teologie as 'n kritiese teologie. Dit kan by geloofsinstellings begin, maar eindig by die redes en regverdiging vir die praktiese handeling. (Browning 1991:3). Hy stel veral belang in die funksionering van geloofsgemeenskappe. "Religious communities go from moments of consolidated practice to moments of deconstruction to new, tentative reconstructions and consolidations. (Browning 1991:6). Hoe gebeur dit?

Die proses wat Browning voorstaan "... goes from present theory-laden practice to a retrieval of normative theory-laden practice, to the creation of more critically held theory-laden practices." (Browning 1991:7). Hy sien dat teologie as 'n geheel fundamentele praktiese teologie en dat daar binne die teologie vier subbewegings is "... descriptive theology, historical theology, systematic theology and strategic practical theology." (Browning 1991:8). Daar kan kortliks na die vier subbewegings gekyk word:

- Die doel van beskrywende teologie, die eerste beweging, is "... to describe the contemporary theory-laden practices that give rise to the practical questions that generate all theological reflection." (Browning 1991:47). Beskrywende teologie probeer 'n brug slaan tussen situasie en teks.
- Die tweede beweging is historiese teologie. Die tradisionele dissiplines van Bibliologiese vakke, kerkgeskiedenis en die geskiedenis van die christelike denke kom hier aan die orde. Verskillende gemeentes het verskillende verwysingsbronne, "... they base their identity on different scriptural and creedal selections. They have different traditions of textuality." (Browning 1991:49). Elke gemeente het so 'n eie historiese verhaal.
- Die derde beweging is "systematic theology." (Browning 1991:51). Die opdrag van sistematiese teologie is "... the fusion of horizons between the vision

implicit in contemporary practices of the normative Christian texts.” (Browning 1991:51). Twee vrae word in die verband gevra:

- “What new horizon of meaning is fused when questions from present practices are brought to the central Christian witness?”
- What reasons can be advanced to support the validity claims of this new fusion of meaning?” (Browning 1991:51-52).

Hy bevind dan dat gemeentes gemeenskaplike temas het wat deur hulle geloofspraktyke loop. Hierdie temas word altyd vanuit ‘n baie konkrete hoek beleef. (Browning 1991:53).

- Die vierde en belangrikste beweging vir Browning is “strategic practical theology.” (1991:55). Vier basiese vrae word gevra:
 - Hoe word die konkrete situasie, waarbinne opgetree word, verstaan?
 - Wat moet die praxis in die konkrete situasie wees?
 - Hoe word die norme van die praktiese situasie krities verdedig?
 - Watter middele, strategie en retoriek moet in die situasie gebruik word? Dit is veral ‘n kommunikatiewe vraag. (Browning 1991:55-56).

Praktiese teologie as handelingswetenskap werk met ‘n empiriese metode (Pieterse 1993:25). Die tipe wetenskapsbeoefening bou voort op die alledaagse ervaringsproses, maar dit geskied doelgerig, sistematies en gekontroleerd (Pieterse 1993:32). In dié verband lewer van der Ven ‘n belangrike bydrae (Heyns en Pieterse 1990:97).

Van der Ven wys daarop dat dit in die empiriese teologie gaan oor hipoteses wat geverifieer moet word. “These hypotheses must then be tested within the

framework of carefully controlled research projects” (Van der Ven 1993a:31). As deel van die raamwerk wys hy op die empiriese siklus wat uit vyf fases bestaan, naamlik

1. *“the development of the theological problem and goal.”* ‘n Bepaalde probleem spreek die navorser aan en op grond daarvan word ‘n spesifieke probleemstelling en doel geformuleer.
2. *“theological induction.”* Dit is ‘n sneeubalproses waardeur so wyd as moontlik inligting en ervarings versamel word. Daar is ‘n wisselwerking tussen persepsie en refleksie.
3. *“theological deduction.”* Teoretiese konstruksie vind plaas en ‘n konseptuele model word ontwikkel. Uit die model word dan bepaalde hipoteses geformuleer wat gevalsifiseer moet word.
4. *“empirical-theological testing.”* Dié stap behels behoorlike toetsing deur middel van, byvoorbeeld, onderhoude of vraelyste. Aan die hand van statistiese prosedures word die hipotese dan aanvaar of verwerp.
5. *“theological evaluation.”* Die resultate word aan die hand van die getoetste hipotese geïnterpreteer. Die vraag is dan of die teologiese teorie in die lig van die empiriese data aanvaar kan word. (Van der Ven 1993a 112-156 en 1994:13-17).

In die lig van die voorafgaande bespreking van die handelingswetenskaplike benadering, kan die onderstaande kenmerke van hierdie benadering uitgewys word (verw. Burger 1991b:60).

- Die praktiese teologie bestudeer nie in die eerste plek ‘n boek nie, maar ‘n handeling of handelinge. Dit is gelowiges se poging tot kommunikasie van die Evangelie.
- Die Skrif word as kenbron en norm gerespekteer, maar dit funksioneer op ‘n indirekte eerder as direkte wyse. Ruimte word gelaat dat teologiese insigte vanuit geloofservaring en ander sekulêre menswetenskappe uitgebrei en verryk kan word.

- Hier word eerder van induktiewe as deduktiewe metodes gebruik gemaak.
- Hoewel die kerk en sy werk steeds in die fokus bly, is die algemene gerigtheid hier tog wyer as by die vorige groep.

Sekere kritiese opmerkings kan oor die handelingswetenskaplike benadering gemaak word. Indien die teologie op sigself sintereties verstaan word; en 'n ander deel van die teologie word op sigself handelingswetenskaplik verstaan, word die eenheid van die teologie bedreig. Tweedens kan dit gebeur dat as te veel klem op menslike handeling geplaas word, die handeling van God op die agtergrond geskuif word (Pieterse 1993:113).

Immink wys in sy evaluering op beide die positiewe en negatiewe kant van die handelingsteorie. Aan die positiewe kant is daar die wins van 'n grondige praktykondersoek. Aan die probleemkant is dit waar dat “ door de nadruk op het menselijk handelen en door de sociaal-wetenschappelijke invalshoek, raakt het theologische karakter van de praktische theologie op de agtergrond.” (Immink 1994:3).

Immink lewer ook kritiek op die werk van Heitink, van der Ven en Browning: “Een theologische praktijk analyse, die recht wil doen aan de werkelijkheid van het geloof, plaatst niet bij voorbaat de werkelijkheid van God buiten het onderzoek en zij brengt ook niet de restrictie aan dat het onderzoek alleen maar gaat over de geloofsvoorstelling van de mens.” (Immink 1994:8). Die beperkinge van die empirisme (van der Ven) is te eng vir die praktiese teologie. (Immink 1994:9). In aansluiting hierby wys Louw daarop dat van der Ven en Heitink nie God bestudeer nie, maar die geloofservaringe oor God. Die gevolg is dat teologie dan navorsing doen “... oor menslike ervaringe en daardeur word die konsep “God” 'n inhoudlose metafoer. God kan goedsikks vervang word met illusie, fantasie.” (Louw 1998:46).

Janse van Rensburg staan krities teenoor die teorie van kommunikatiewe handeling en wys daarop dat dit die teologiese karakter van die praktiese teologie kan ondermyn (2000:92) "When all is said and done, our main criticism of the theory of communicative acts should be that, true to the convictions of Habermas, it does not reckon enough (or at all) with the Bible and the Holy Spirit." (Janse van Rensburg 2000:94).

Die probleem binne hierdie benadering is die rol en plek wat aan die empirie toegeken word. Louw (1993:65) stel dit soos volg: "...wanneer teologie geloof volledig inruil vir empirie, verwar teologie sy unieke karakter as verstaan en vertolking van die sin van die heilsboodskap/God se heilswaard vir die menslike bestaan in die skepping." . Dit is ook nie moontlik om die empiriese komponent aan die anderkant heeltemal te ontken nie. Louw verkies om te praat van die empiriese dimensie in praktiese teologie (1993:66). Hy verkies om eerder van 'n empiriese dimensie te praat as van "empiriese teologie".

Die begrip empirie verwys na die totale geheel van verstaan- en interpretasie-komponente van die kenproses waarby eksistensiële, kontekstuele en relasionele elemente 'n belangrike rol speel. Empirie verwys dus na die totale proses van interpretasie met die oog op noukeurigheid en betroubaarheid van gegewens (Louw 1993:67).

Daar is twee motiewe vir die gebruikmaking van die term "empiries" (Louw 1993:67-69):

- Die eerste motief is om die teologie toe te spits op lewensvraagstukke sodat die teologie meer lewensgetrou is. Die empirie word 'n instrument waardeur die Skrif in sy aktualiteit noukeurig en betroubaar verklaar en gekommunikeer word.
- Die tweede motief vir die gebruik van die term "empiries" is om die aard van die Skrifgesag sodanig te relativer dat beide die teologie en Skrif se waarheidsgehalte volledig afhanklik gestel word van die prosesse van

verstaan en interpretasie. Die empirie kry dan die status van 'n openbaringsbron naas dié van die Skrif.

Geloof sluit nie 'n eksistensiële of empiriese moment uit nie. Empirie verwys na die eksistensiële en kontekstuele implikasies van die geloof binne die interaksieproses tussen God en mens. As korrektief, om te voorkom dat die teologie opgaan in 'n fenomenologie van geloofsgedrag en 'n teologiese empirisme, .. "moet met die normatiewe en regulatiewe rol van 'n eskatologiese perspektief" (Louw 1993:69) rekening gehou word .

Louw maak bepaalde kritiese opmerkings teenoor die handelingswetenskaplike model. Die teologie kan nie volledig bepaal word deur "die kriterium van sosiale en politieke doeltreffendheid" nie (Louw 1998:55). Praktiese teologie kan nie net 'n deskriptiewe grammatika van korrekte handeling - geskoei op die lees van ekonomiese en maatskaplike funksionaliteit - wees nie.

Pieterse (1993:109) wys aan die anderkant op bepaalde winspunte van hierdie benadering:

- Die praktiese teologie het 'n behoorlike wetenskapsteoretiese begronding verkry. Zelfs se model spel 'n presiese wetenskaplike metode vir die vak uit.
- Die teorie-praxisprobleem, word met hierdie benadering oorkom. Ten einde 'n wetenskaplike greep op konkrete handeling te verkry, kan empiries-wetenskaplike navorsing gedoen word.
- Kreatiewe dialoog tussen ander teologiese vakke word daardeur moontlik gemaak.
- Hierdie benadering bevorder die verhouding met die sosiale wetenskappe.

Die benadering speel 'n belangrike rol binne die proses van om 'n gemeenteanalise te doen. Empiriese analyses van die gemeentelike situasie kan in dié

verband as 'n winspunt aangetoon word. Aan die anderkant, kan 'n gemeente nie volledig vanuit so 'n analise beskryf en verstaan word nie.

3.1.3 Die kontekstuele benadering

Die kontekstuele benadering is 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse benadering. Die werk van Cochrane, de Gruchy en Petersen kom hier aan die orde (Burger 1991b:116). Hierdie benadering sluit aan by dokumente soos die Belhar-Belydenis, die Kairos-dokument en die "Evangelical Witness in South Africa".

Die teologiese perspektief waarby hierdie benadering aansluit, se sentrale idee is solidariteit met die armes, verdruktes en gemarginaliseerdes. Dit kom ook voor in die Latyns-Amerikaanse bevrydingsteologie. (Burger 1991b:119).

Die belangrikste kenmerke van die benadering is (Burger 1991b:61):

- Die konteks speel 'n dominante rol in die prakties-teologiese proses en daar word klem geplaas op 'n dieptekennis van die situasie waarbinne die vak bedryf word.
- Praktiese teologie word met die oog op die verandering of transformasie van 'n gegewe situasie bedryf.
- Nog meer as by die vorige benadering is die gerigtheid eerder op die wêreld as op die kerk en sy werk.
- Die rol wat die Skrif of tradisie speel, sal van persoon tot persoon wissel. Dit laat ruimte vir 'n baie selektiewe gebruik van die Skrif.

Die volgende twee kritiese opmerkings kan oor hierdie benadering gemaak word:

- Die vraag is of die benadering altyd oop is vir kritiese gesprek. Pieterse (1993:126) wys daarop dat daar gevalle is waar kritiek van teoloë wat nie onderdruktes is nie, met agterdog bejeën word, omdat die teoloë nie die reg het om uitsprake oor die bevrydingsteologie te maak nie.

- Die benadering gaan ook mank aan 'n behoorlike wetenskapsteoretiese begronding. Wetenskaplike metodes (veral empiriese metodes) waarmee die praxis wetenskaplik ondersoek kan word, word nie altyd in dié benadering gebruik nie (Pieterse 1993:126).

Die benadering bring, dalk te eensydig, die profetiese rol van die kerk en gemeente na vore. Dit sou daarom beteken dat daar ook na die kritiese rol van die gemeente gekyk moet word. 'n Kritiese gemeente-analise sal vra na die profetiese rol van 'n gemeente - is 'n gemeente byvoorbeeld net besig met die instandhouding van die status quo?

3.1.4 'n Vierde benadering?

Gegewe die sterk- en swakpunte van die voorafgaande drie benaderings, kan die vraag gevra word of dit nie moontlik is om die bestaansreg van 'n vierde benadering te ondersoek nie. Kan daar nie in die analise van 'n gemeente ruimte geskep word vir 'n sinvolle wisselwerking tussen Woord en konteks, of tussen Bybelse riglyne vir gemeentewees en die werklikheid waarbinne 'n gemeente moet funksioneer nie?

God ontmoet die mens in hierdie werklikheid. Hoe moet God en die werklikheid waarbinne Hy die mens ontmoet, verstaan word? "Vir 'n verstaan van die Christelike teologie as 'n wetenskap, moet veel eerder in die rigting van die hermeneutiek gedink word, naamlik as 'n interpretasie van die betekenis van die verband tussen God en werklikheid vanuit die perspektief van die christelike geloof." (Louw 1998:48). Vanuit hierdie hermeneutiese vertrekpunt gaan daar gesoek word na 'n benadering waarbinne Woord en konteks sinvol in die analise van 'n gemeente verreken kan word.

Die verhouding tussen openbaring en eksistensie, God en mens, kan beskryf word as die onoplosbare spanning wat aan die teologie 'n unieke karakter

besorg. Hierdie spanning kan nooit in 'n sintese volledig opgelos word nie. Dit kan slegs in paradoksale terme geformuleer word (Louw 1993:73).

Praktiese teologie is vir Louw die hermeneutiek van God se ontmoeting met die mens en sy wêreld. Hierdie ontmoeting vind sy neerslag in kommunikatiewe geloofshandeling (Louw 1993:78).

Louw kies daarom 'n hermeneutiese model. Die hermeneutiese model is teologies wanneer die objek vir die praktiese teologie nie in die eerste plek kommunikatiewe geloofshandeling is nie, maar die sin en betekenis van die ontmoetingsgebeure van die heil. Die aard, doel en struktuur van die God-mens-interaksie word die mees primêre objek van die praktiese teologie (Louw 1993:79).

Die ontmoeting tussen God en mens is verder 'n verbondsmatige ontmoeting. Die vertolking van die Skrifteks, binne dié benadering, geskied nie op dieselfde manier as wat die bibliologiese vakke dit doen nie. Dit is veeleer die vertolkingsgebeure van die verbondsmatige ontmoeting in die Skrif: God en mens (Louw 1993:80).

Louw koppel hermeneutiese vertrekpunte aan 'n dialogiese model. Hierdie dialogiese proses bedoel as hermeneutiese proses

- (a) sinduiding as 'n verstaanproses: die helderheid, klaarheid en interpretasie van die sin van die God-mens-ontmoeting.
- (b) 'n veranderingsproses: beïnvloeding (agogie), vernuwing en transformasie in die lig van die eiesoortige aard van die heilskommunikasie.
- (c) 'n proses van kritiese struktuuranalise: 'n voortdurende beoordeling van die relevansie, effektiwiteit en aktualiteit van die kerklike bedieningsgestaltes en strategieë (Louw 1993:81).

Louw (1998:57) beweeg na die beginsel van asimmetrie in plaas van simmetrie, terwyl Van Ruler teonome resiprositeit, en Heitink die drie begrippe: begryp, verklaar en verander, gebruik. Louw kies 'n asimmetriese model in die teologiese metodologie, ten einde die bipolêre verhouding tussen teologie en praxis te beskryf. Dit is 'n konseptuele raamwerk wat meer lig werp op die aard van 'n teologies-hermeneutiese proses van verstaan en interpretasie (Louw 1998:58).

In 'n prakties-teologiese hermeneutiek is die beweging, dit wil sê die hermeneutiese sirkel (nl. terugwaarts na die boodskap, voorwaarts van die boodskap en die teks af na die konteks toe) gekoppel aan 'n heel eiesoortige metodologie: asimmetrie te midde van simmetrie (Louw 1998:60). Teologie is op sigself 'n kritiese wetenskap wat altyd weer deur die saak self, die werklikheid van God, onder kritiek geplaas word.

Wat is die objek en taak van die praktiese teologie? Die praktiese teologie bestudeer (a) die bedoeling en sin van die God-mens-ontmoeting en (b) die kerklike diensgestaltes aan die woord (funksionele ekklesiologie) met die oog op die opbou van die gemeente en die ontwerp van effektiewe bedieningstrukture en bedieningstrategieë (Louw 1993:81-82).

Hierdie teologies-praktiese vraagstelling is die vraag na God se diens soos wat dit in die ontmoetingsgestaltes van die heil neerslag vind. Dit vra dus na God se diens soos dit neerslag vind in die volgende kommunikasiestrukture: verkondiging (homiletiese struktuur); lering (die kategetiese struktuur); troos, hulp, sorg (die parakletiese of pastorale struktuur); viering (die liturgiese struktuur); en getuienis (die missionêre en gemeente-opbouende struktuur) (Louw 1998:56).

Die keuse vir 'n hermeneutiese paradigma beteken 'n keuse vir 'n primêre, normatiewe bron, naamlik die Skrifgetuienis oor God se openbaring in Christus, binne die konteks van die gemeente se antwoord op hierdie Woord. Dat daar 'n

noodwendige spanning tussen geloof en denke is, kan nie ontwyk word nie. Geloof verwys na die openbaring en werklikheid van God. Denke verwys na menslike verstaan en rasionaliteit.

Dit gaan in 'n teologiese wetenskapsleer oor die hermeneutiese sirkel van vertolking en verstaan wat beweeg tussen die intensie (boodskap) van die handeling van God en 'n vertolking en verstaan van die sin en intensie van menslike handeling (selfverstaan) binne bepaalde kontekste (Louw 1998:53).

Vanweë die fokuspunt op die sosiale praxis, benodig die praktiese teologie norme vir die beoordeling van menslike handeling. Die teologie is dus prakties wanneer dit verder as net die ekklesiologiese konteks na die samelewing en die publieke sfeer kyk (Louw 1998:54).

Ten gunste van watter teks kies jy? Kies jy bloot die teks van menslike handeling of ook die teks van Goddelike handeling? Daar sal inderdaad ook gebuig moet word voor die "praxis van God": die heilshandeling van God soos dit konkreet deur die inwonende Gees van God geaktualiseer en gekommunikeer word. Die praktiese teologie kan ook nie die sosiale praxis sistap nie. Die praktiese-teologiese hermeneutiek gaan ook oor die interpretasie van menslike handeling binne sosiale kontekste (Louw 1998:56)

Praktiese teologie kyk anders na die Skrifteks as die ander teologiese dissiplines. Dit kyk kommunikatief-hermeneuties, prakties-eties, na die teks (Louw 1998:56).

Kwalitatiewe navorsing moet gesien word teen die agtergrond van die positivisme met die sterk aksent op verifikasie (Louw 1998:51). Die post-modernisme bevraagteken die bestaan van outoritêre en absolute vorme van kennis. Die woord "kwalitatief" impliseer 'n beklemtoning van prosesse en betekenis wat nie maklik meetbaar is in terme van kwantiteit, hoeveelheid of

die intensiteit van frekwensie nie. 'n Kwalitatiewe benadering is dus meer idiografies (beskrywend) van aard (Louw 1998:52). Vir beide benaderings moet daar ruimte gelaat word, ook in die analise van 'n gemeente.

In die lig van die voorafgaande definieer Louw (1998:61) praktiese teologie soos volg:

Praktiese teologie is die gesistematiseerde bestudering van die kommunikatiewe ontmoetingsgestaltes van die heil met die oog op 'n funksionele ekklesiologie (die christelike geloofsgemeenskap) en die transformering van sosio-kulturele kontekste (die etiek van regte maniere van doen).

In die studie gaan gepoog word om aan die hand van die hermeneutiese model van Louw, soos in die voorafgaande afdeling bespreek, te werk. Dit hou, onder andere, die volgende implikasies in:

- Die asimmetriese wisselwerking tussen Woord en konteks gee aan die Woord 'n bepaalde plek binne die proses van die gemeente-analise;
- Die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens lei tot bepaalde diensgestaltes wat in die gemeente neerslag vind;
- 'n Kritiese ingesteldheid moet sorg dat alles nie klakkeloos aanvaar word nie, maar dat die spanning tussen Woord en konteks in beide rigtings 'n kritiese spanning bly.

3.2 TEORIEVORMING

Verklarings en verduidelikings moet gegee word vir die wyse waarop 'n gemeente geanaliseer word. Daarvoor moet 'n bepaalde teorie bespreek en ontwikkel word. In hierdie gedeelte sal beskryf word hoe die proses van teorievorming verloop en watter konsepte in dié verband gebruik gaan word om by 'n basisteorie vir gemeente-analise uit te kom.

Die taak van die praktiese teologie is, onder andere, om (a) 'n basisteorie, en (b) 'n praktykteorie te ontwikkel. Die leemte lê veral by 'n gebrek aan fundamentele basisteorieë. (Firt 1980:9). Deur van die insigte uit ander wetenskappe gebruik te maak, kan die praktiese teologie die gevaar loop om magteloos te staan, omdat daar nie 'n behoorlike basisteorie is nie. Daar is 'n behoefte aan 'n werklik teologiese basisteorie (Firt 1980:10).

Verskillende modelle vir wetenskaplike verklaring kan gebruik word. Die volgende onderskeidings is nodig (Mouton en Marais 1992:145-147):

- 'n Verklaring is gewoonlik 'n antwoord op die waaromvraag. 'n Verskynsel word verklaar wanneer aangedui kan word waarom dit plaasgevind het. Dit veronderstel dat verklarings altyd verklarings in terme van oorsake en/of redes is.
- Kousale verklarings (in terme van oorsake) of rasonale verklarings (in terme van redes of motiewe of doeleindes) kan óf universeel, óf kontekstueel wees. In die eerste geval geskied die verklaring in terme van een of ander wetmatigheid of veralgemening. In die tweede geval word die verskynsel in terme van die besondere kontekstuele faktore verklaar.
- In meerdere of mindere mate behels wetenskaplike verklaring dat 'n bepaalde (waarneembare) verskynsel of gebeurtenis met 'n veronderstelde (geïnfereerde) dieperliggende meganisme of struktuur in verband gebring word.
- Omdat teorieë verskynsels verklaar deur spesifieke oorsake te identifiseer wat tot die verskynsel aanleiding kan gee, is die relasie tussen 'n teorie ('n verklaring) en veel meer spesifiek as die relasie tussen 'n model en die verskynsel waarvan dit 'n model is. 'n Model is doelbewus eenvoudiger en

word getipeer as 'n asof-raamwerk. 'n Teorie, daarenteen, postuleer werklike relasies tussen werklike verskynsels of veranderlikes, en moet om hierdie rede empiries toetsbaar wees. Waar die kriterium van 'n goeie model in sy heuristiese potensiaal geleë is (eerder as in sy akkuraatheid of werklikheidsgetrouheid), is die kriterium van 'n goeie teorie geleë in sy verklaringspotensiaal: die vermoë om werklike verbande tussen werklike verskynsels te kan verklaar. 'n Teorie beweeg op hoë vlakke van abstraksie.

Die belangrikste eienskappe van tipologie, model of teorie en die verband daartussen word in die volgende skema saamgevat:

	TIPOLOGIE	MODEL	TEORIE
Funksie(s) (met onderskeidende funksie in vet letters)	Klassifiserend/ Kategoriserend	Klassifiserend/ Sistematiserend	Klassifiserend/ Sistematiserend
		Heuristies/ Ontdekkend	Heuristies/ Ontdekkend
			Verklarend

Pieterse (1993:51-52) onderskei tussen drie tipes teorieë wat in die proses van teorievorming in spel tree: metateorieë, basisteorieë en praktykteorieë.

- 'n Metateorie is 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word, wat ons met ander vakke universeel deel - vakke wat objekte van dieselfde aard bestudeer. 'n Metateorie het ook te make met die paradigma waarbinne 'n mens werk, met jou kyk op die werklikheid.
- 'n Basisteorie is 'n vakgerigte teorie wat vir die doeleindes van die vak binne 'n spesifieke vak ontwikkel word. Dit lê in lyn met die metateoretiese perspektief en werk binne die betrokke perspektief. Dit gee in ons geval die prakties-teologiese vertrekpunte ten opsigte van die hele vak, of

spesifieke areas of handelingsvelde van die vak, aan. 'n Basisteorie oor die gemeente is nodig: Hoe beskou 'n mens die gemeente vanuit 'n prakties-teologiese perspektief? Jurgens Hendriks (1992:37) omskryf 'n basisteorie as "...die teologiese teorie wat bibliologies-dogmaties die normatief-etiese fundering van die wese en die doel van die kerk weergee." Eenvoudiger gestel sal 'n basisteorie sistematies omskryf wat die kerk in beginsel is.

- Praktykteorieë word ontwerp vir elke kommunikatiewe handeling, soos byvoorbeeld vir preekvoorbereiding, kommunikasie tydens die preek, ens. Die praktykteorie is, volgens Jurgens Hendriks (1992:38) die teologiese teorie wat beskryf hoe die basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer. Dit kan gewoonlik uit die Kerkorde en bepalings van 'n kerk afgelei word. Die bedieningspraktyk kyk hoe 'n bepaalde gemeente werklik funksioneer.

Al drie die tipes teorieë is volwaardige teorieë. Empiriese insigte word teruggekoppel aan basisteorieë en metateorieë sodat 'n verstelling van hierdie teorieë ook kan plaasvind.

Oorvereenvoudig gestel: die basisteorie sê wat kerk is en wat God met die kerk beoog. Die praktykteorie sê hoe die kerk homself moet organiseer om aan sy Godgegewe doel te beantwoord. Die bedieningspraktyk is 'n beskrywing van die letterlike situasie, hoe die kerk op die oomblik funksioneer (HJ Hendriks 1992:38).

In die prakties-teologiese teorievorming is daar 'n hermeneutiese wisselwerking wat verreken moet word (Venter 1996:25). Hy wys op twee onderskeibare refleksiedomeine binne die werklikheid, naamlik kommunikatiewe handeling in die opskrifgestelde openbaring en kommunikatiewe handeling in die konkrete bediening daarvan in die kerk.

In teorievorming word in die een refleksiedomein basisteories te werk gegaan. 'n Basisteorie beskryf sistematies vanuit die Skrifopenbaring die wese en doel van, byvoorbeeld, kommunikatiewe handeling, of die kerk waarbinne die kommunikatiewe handeling plaasvind. In die ander refleksiedomein vind praktykteoretiese teorievorming plaas. 'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer.

Sowel basisteorie, as praktykteorie, het egter met die een werklikheid te doen. Om tot prakties-teologiese teorievorming te kom, moet die twee refleksiedomeine in 'n hermeneutiese wisselwerking met mekaar gestel word.

Bisschoff (1991:32) wys daarop dat 'n basisteorie nooit as finaal en gesaghebbend aanvaar kan word nie. Daar moet altyd ruimte vir verstelling en herformulering gelaat word. 'n Basisteorie moet duidelik en goedberedeneerd aangebied word, maar nie as die finale waarheid nie.

Die taak of objek van die praktiese teologie word deur die onderstaande aspekte bereik (Louw 1993:82-83).

- (a) Die generering van 'n teologiese basisteorie: Dit gaan om die bestudering van die eiesoortige aard van die verbondskommunikasie of heilskommunikasie in die Skrif met die oog op 'n verstaan van die sin en betekenis van hierdie ontmoetingsgestaltes vir die wêreld (basisteoretiese fondament).
- (b) Die ontwikkeling van 'n praktykteorie deur middel van die metode van korrelasie en induksie: Die doel is om teorieë te ontwerp wat by die probleme en behoeftes van die konkrete situasie aansluiting vind. Die empiriese situasie dien as regulatiewe faktor, maar nie om die Skrifbron te verifieer of te falsifiseer nie. Dit gaan oor die akkuraatheid en aktualiteit van die toepassingsmoontlikhede van die Skrifwaarhede vir die mens in sy wêreld.

(c) Die ontwerp van bedieningsmodelle: In hierdie fase vervul die praktiese teologie 'n eskatologiese en futuristiese funksie – dit wil die kerk en wêreld op die koms van God se Koninkryk toespits.

Dit is nie altyd moontlik om 'n waterdigte skeiding tussen 'n basisteorie en 'n praktykteorie te maak nie. Die hemeneutiese vertrekpunt het uitgewys dat daar 'n bepaalde wisselwerking tussen Skrif en konteks is. In die geval van die gemeente-analise geld dit ook. Beide die Skrif en konteks sal in die ontwikkeling van 'n basisteorie verreken moet word. Anders gesê, beteken dit dat bepaalde elemente wat as 'n praktykteorie gesien kan word, ook aan die orde moet kom.

3.3 GEMEENTEBOU: 'N DEFINISIE

In hierdie gedeelte gaan gepoog word om by 'n werksdefinisie vir gemeentebou uit te kom, wat as 'n uitgangspunt in die studie gebruik kan word. Die konsep gemeentebou verwys na twee begrippe, naamlik gemeente en bou.

3.3.1 Die boumetafoor

Die boumetafoor kom op verskeie plekke in beide die Ou en die Nuwe Testament voor (HJ Hendriks 1987:2-3). Vervolgens word na enkele gegewens in dié verband gekyk:

- Ou Testament

Die woord “bana” verwys in die Ou Testament na bou. Dit is God wat sy volk bou. Hy het vir Hom 'n volk bymekaargeroep en hulle moet opgebou word. Hy is 'n genadige God wat sy volk nie sal vernietig nie en daarom moet die verslae volk weer telkens opgebou word. (HJ Hendriks 1992:40-55). Daar kan byvoorbeeld verwys word na Jer. 24:6, Amos 9:11 en Jes. 66:1-2.

“Weselik verwys die boubegrip in die Ou Testament na daardie aktiwiteit waardeur die wêreld volgens die wil van God herstel of herskep word. Wanneer Israel nie hieraan meewerk nie, word hulle afgebreek en uitgeruk.” (Nel 1994:4)

- Nuwe Testament

In die Nuwe Testament word veral die begrip “oikodomein” gebruik. Dit is veral Paulus en Petrus wat die boumetafoor op die gemeente toepas (Kellerman 1993:331).

In die Pauliniese geskrifte word die begrip opbou baie gereeld gebruik. God is die Een wat die gemeente bou. Hy gebruik gelowiges in die opbou van die gemeente, vergelyk byvoorbeeld Ef. 4:11-16. Nel (1994:7-8) wys op grond van die nuwetestamentiese gegewens, op die volgende doelwitte met die opbou van die gemeente:

- Dit is God wat die gemeente bou, daarom is die doel die bekendmaking van God se werk in dié verband.
- Die gemeente moet tot ‘n volwasse liggaam opgebou word.
- Die gemeente moet kwalitatief en kwantitatief tot eer van God opgebou word.

Wat word onder die boubeeld verstaan? Die boumetafoor het tot ‘n omvattende konsep ontwikkel. Jurgens Hendriks (1987:24) wys daarop dat, soos die verbondmetafoor tot ‘n wesenlike teologies-dogmatiese begrip ontwikkel het, het die boumetafoor tot ‘n wesenlike teologiese praxis-begrip ontwikkel. Die boukonsep het die grense van die metafoor oorskrei. Die boumetafoor is ‘n teologiese integrasieterm wat ‘n verskeidenheid van gemeentelike aktiwiteite omskryf.

Samevattend kom die doel van die bouwerk van God aan sy gemeente, in die lig van Skrifgegewens, neer op

- die vorming van 'n besielde gemeenskap van dissipels van Jesus Christus;
- waarbinne gelowiges gesamentlik en afsonderlik hulle gawes tot nut en saligheid van mekaar aanwend,
- en as opgeleide mense God so bekendmaak dat die wêreld Hom deur Jesus Christus en deur die werk van die Heilige Gees leer ken;
- en in die “gebou” van God, sy kerk, ingebou (bygebou) word. (Nel 1994:8-9).

3.3.2 Gemeente

Hier word slegs 'n voorlopige beskrywing van die konsep “gemeente” gegee, aangesien daar later baie meer volledig daarna gekyk gaan word.

Nel (1994:12) gee die volgende omskrywing van 'n gemeente: “Die gemeente wat sy trinitariese oorsprong verstaan, wat sy oriënteringspunt in sy Hoof Christus vind, wat sy pneumatiese bestaanswyse ernstig opneem, vind sy vervulling in diensbaarheid aan God deur mense wat oor God en sy Koninkryk dieselfde dink, glo en bely.” Die gemeente vind sy oorsprong by God Drie-enig en sy doel in diensbaarheid aan God en die mens.

Bisschoff (1991:62-76) beskryf die wese van die gemeente aan die hand van die volgende stellings:

Stelling 1 Gemeentedoel: Die gemeente bestaan om God te eer en te aanbid; dit is alleen moontlik wanneer elke lidmaat in die geloof opgebou word en elkeen aan die uitbou van die gemeente deelneem. Die verhouding tussen God en die gemeente word verder beskryf in terme van die verbond waar God belowe om hulle God te wees en die mens opgeroep word om sy volk te wees (Gen. 17:7e.v., Jer. 31:33, Esg. 34:30, ens).

Stelling 2 Ten einde die gemeentedoel duideliker te omskryf, word die onderstaande vertrekpunte geformuleer (dit sal die wese van die gemeente meer eksplisiet maak).

- Stelling 2.1: Christus is die Hoof van ons gemeente. Ons probeer daarom om Hom met afhanklikheid, liefde, gehoorsaamheid, geloof, lojaliteit en vreugde na te volg.
- Stelling 2.2: Die Woord van God is die grondslag van ons lewe. Ons glo getroue studie van, en gehoorsaamheid aan, die Woord is noodsaaklik vir die leiding van die Heilige Gees (2 Tim. 3:16-17, NGB art 27-32, HK Sondag 21).
- Stelling 2.3: Die Heilige Gees maak ons God se kinders, gee ons die versekering van kindskap en help ons om die Here te kan dien.
- Stelling 2.4: Die wese en funksie van die Kerk word deur God in sy Woord bepaal. Ons glo dat die wese van die Kerk, as aanbiddings- en diensgemeenskap, daadwerklik uitgeleef moet word.

Die wese van die gemeente is daarin geleë dat dit 'n gemeenskap van gelowiges is, maar gemeenskapwees is ook 'n funksie van die gemeente. Dit beteken volgens Bisschoff (1991:75) dat die gemeente 'n aanbiddings- en diensgemeenskap is.

Nel (1994:12) onderskei tussen die gedefinieerde subjek (die bogenoemde beskrywings) en die empiriese subjek. Laasgenoemde is die gemeente soos wat dit oral op aarde voorkom. Dit is die werklike gemeente soos wat dit op 'n bepaalde plek en tyd bestaan en funksioneer. Hierdie gemeente is in mindere of meerdere mate anders, lyk anders, en funksioneer anders as wat God bedoel het sy gemeente moet wees. Beide die gemeente as gedefinieerde en empiriese subjek, en die verskil tussen die twee subjekte, moet in die analise van 'n gemeente voor oë gehou word.

3.3.3 Gemeentebou: 'n Kort oorsig

Die studie geskied binne die studieterrein van die gemeentebou en daarom is dit nodig om 'n beskrywing te gee van wat met die konsep "gemeentebou" verstaan en bedoel word. Jan Hendriks wys in 'n literatuuroorsig (1995:635 e.v. en 1997:582 e.v.) eerstens op strominge binne die studieterrein van gemeentebou:

1. *Die evangeliese beweging*: Klem word gelê op evangelisasie as doelwit en metode vir gemeentebou. Die "Church Growth Movement" en die "Willow Creek Community Church" val binne hierdie kategorie. Groot klem word op die bereiking van buitekerklikes geplaas. Jan Hendriks plaas ook die werk van Schwarz, "Natural Church Development", binne die evangeliese beweging.
2. *Die dubbelstrategie*: Dié strategie koppel meer as een vertrekpunt aanmekaar, byvoorbeeld die behoud van lidmate (volkskerk) en die bereiking van randkerklikes in 'n gesekulariseerde samelewing. Groener sien die kerk eerder as 'n amfiteater, en nie as konsentriese sirkels nie.
3. *Die missionêre stroming*: Die missio Dei is gerig op shalom in die wêreld. Die belangrikste opdrag vir die gemeente is sy sendingopdrag. Die werk van Hoekendijk oor die apostolaat en Stoppels oor "Gastvrijheid. Het inloopcentrum als vorm van kerklijke presentie." kan as voorbeelde genoem word.
4. *Die "conciliare" of versoenende stroming*: Dit gaan oor die gemeente as versoenende gemeenskap. Die werk van Dingemans, "Een huis om in te wonen," kan hier genoem word.
5. *Die konsolidasiestroming*: Geen vernuwing vind in die gemeente plaas nie, maar die ou spoor word instandgehou. Dit gaan daaroor om die bestaande beter en deegliker te doen. 'n Voorbeeld van die stroming kom voor in die werk van Te Velde in sy "Gemeenteopbouw"-reeks.

Tweedens wys Jan Hendriks op skrywers wat meer klem op strategieë en tegnieke binne die gemeentebouproses lê. Die tendens is hier na 'n leermodel, maar daar word ook van die werk vanuit die wêreld van die sosiale wetenskappe gebruik gemaak. In dié verband noem Jan Hendriks die werk van Callahan ("Twelve Keys to an Effective Church"), die "Handbook for congregational studies" van Carrol, Dudley en Mckinney, die "Centre for Parish Development" van Dietterich, asook sy eie bydrae "Een vitale en aantreklike gemeente".

As 'n slotopmerking wys Jan Hendriks (1997:605) daarop "... dat bij alle verscheidenheid in denken de opvattingen van de missionaire stroming de dubbelstrategie en de conciliaire stroming naar elkaar toe groeien. In alle drie doemen de contouren op van een nieuw type gemeente: open en gastvrij."

Binne die Suid-Afrikaanse konteks het gemeentebou eers die laaste paar dekades op die toneel verskyn. In die sewentigerjare, minstens binne die NG Kerk, het die klem op die individuele lidmaat en sy rol in die gemeente geval (Britz en Erasmus 1994:374). Die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 en die Lidmaattoerustingsprogram is voorbeelde van hierdie benaderingswyse.

In die tagtigerjare verskyn gemeentebou meer prominent op die toneel. Binne die NG Kerk verskyn 'n *Gemeenteboureeks* wat in verskeie gemeentes gevolg is. Verskeie studies wat stukrag aan die gemeentebouproses gee, verskyn. Vervolgens word slegs enkele genoem:

- Louw - (1884) *Dienswerk – 'n eietydse bedieningsmodel vir die opbou van die gemeente*
- Heyns - (1986) *'n Prakties-teologiese ondersoek na die kerklike strukture van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*
- Nel - (1986) *Teologiese perspektiewe op gemeentebou*; (1988) *Fases in gemeentebou*; en (1994) *Gemeentebou*
- Bisschoff - (1991) *Gemeentebou: 'n Praktiese-teologiese basisteorie*

- Jurgens Hendriks - (1992) *Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing*;
- Burger - (1991) *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap* en (1999) *Gemeentes in die Kragveld van die Gees*.

Die lys is nie omvattend nie, maar trek minstens die lyne wat vir die studie van belang is. Dit is nie werklik moontlik, om soos wat Jan Hendriks in sy literatuuroorsig gedoen het, die stof te klassifiseer nie. Die werk lê minstens op twee terreine: dit werk aan die eenkant met die teologiese vertrekpunte vir gemeentebou, en aan die anderkant met strategieë vir gemeentebou.

Wat is gemeentebou? Gemeentebou is komprehensief-intensioneel (omvattend en met spesifieke bedoeling) gerig op die vernuwing van die gemeente - vernuwing in wese, bestaan en funksionering (Nel 1994:13).

Nel (1994:13) gee die volgende opsomming vir 'n werksformule:

- Die Vader, Seun en Heilige Gees bou die gemeente en doen dit deur die diens van mense.
- God bou sy gemeente omdat Hy deur die gemeente die koms van sy Koninkryk in hierdie wêreld laat plaasvind.
- Die bestaansdoel van die gemeente is sentraal belangrik.
- Die empiriese gemeente word op 'n bepaalde plek en tyd begelei om te word wat hulle reeds in Christus en deur die Heilige Gees is. Die kloof tussen gedefinieerde en empiriese subjek moet vernou en oorbrug word.
- Die totale gemeente in sy wese, bestaan, funksionering en strukturering kom ter sprake. Omvattende en voortdurende vernuwing is en bly noodsaaklik.

Weverbergh (1994:275) definieer gemeentebou as: "... een empirisch georiënteerde theologiese teorie over en voor de opbouw van christelijke geloofsgemeenschappen in de praxis van de moderne samenleving." Hy lê klem

op die gemeente as 'n apostoliese gemeenskap wat aan die opgestane Here verbind is. Hierdie geloofsgemeenskap lewe binne die konteks van die moderne samelewing.

Kellerman (1993:337-343) wys op die volgende multidimensionele uitgangspunte wat in gemeentebou verreken moet word:

Gemeentebou is

- 'n handeling van die drie-enige God (Trinitariese dimensie).
- 'n geskenk en opdrag van God (Verbondsdimensie).
- veranker in die kruis en opstanding van Christus (Christologiese dimensie).
- God wat deur sy Gees bou (Pneumatologiese dimensie).
- God wat Hom bedien van mense wat Hy roep en stuur (Antropologiese dimensie).
- 'n werksaamheid aan en van die gemeente as liggaam van Christus (Sistemiese dimensie).
- uniek aan elke gemeente (Kontekstuele dimensie).
- gerig op die wêreld (Missionêre dimensie).
- realiseer binne stukture (Kubernetiese dimensie).
- gerig op die koms van die Koninkryk (Eskatologiese dimensie).
- tot eer van God (Doksologiese dimensie).

Teen hierdie agtergrond kan met die definisie van Nel (1994:14) volstaan word:

“Gemeentebou is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om

- sy eie wese en bestaansdoel te verstaan;
- self, as gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer , doelwitte vir sy doelgerigte funksieervulling te formuleer en op beplande wyse te bereik; en

- self, soos nodig, op 'n voortgaande basis strukture, wat die heilshandeling van die Drie-enige God in kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel.” (Nel 1994:14).

Dit is belangrik om enkele opmerkings oor gemeentebou vanuit 'n reformatoriese oogpunt te maak, aangesien daar gepoog word om vanuit 'n reformatoriese hoek na gemeente-analise te kyk. Die belydenis: “ekklisia reformata semper reformanda” ('n reformatoriese gemeente reformeer altyd), geld elke gemeente wat erns maak met gemeentewees. Die lig van die Woord gee daarom leiding aan die gemeente. “Die gemeente *is* op grond van dit wat God *uit genade* gedoen het en dit glo met geskenkte geloof” (Nel 1998:29). Dit is volgens Nel die perspektief wat gemeentebou binne 'n reformatoriese tradisie van ander benaderings onderskei. Gemeentebou vanuit 'n reformatoriese vertrekpunt is daarom vir Nel (1998:35) “niks anders en meer as 'n eerlike en verantwoordelike worsteling om die wil van God nie.”

'n Verdere saak wat aandag verdien, is om te vra of gemeentebou nie ook vanuit 'n narratiewe perspektief verstaan kan word nie? In die literatuur oor gemeentebou is dit 'n perspektief wat nie veel aandag gekry het nie. Kellerman (1991:474) definieer gemeentebou as “... die dinamiese en doelgerigte proses van opbou en uitbou waar die gemeente ten einde waarlik kerk van Jesus Christus te wees tot normale groei en vernuwing gestimuleer word tot wat God bedoel het dit in die wêreld sal wees.” In die lig van hierdie definisie stel hy (Kellerman 1996:510) dit: “Die storie met sy eie unieke struktuur en kommunikasiekwaliteite bied 'n ideale raamwerk vir die verstaan en funksionering van die gemeente met die oog op sy opbou na dit wat God wil hê dit moet wees.” Dit spreek vanself dat elke gemeente 'n eie unieke storie het. Die perspektief van 'n eie storie as 'n vertrekpunt vir gemeente-analise sal later vollediger behandel word. Hier kan volstaan word met die stelling dat gemeentebou ook narratiewe gebeure insluit.

Gemeentebou is 'n proses wat 'n gemeente begelei om vanuit sy identiteit binne die gemeentelike bedieningsterreine, so gestalte aan gemeenteweese te gee (vormgewing), dat die gemeente sy doel bereik.

3.4 GEMEENTE-ANALISE

Dit spreek vanself dat gemeente-analise deel van die gemeentebouproses is. In die lig van die omskrywing wat van praktiese teologie en gemeentebou gegee is, is dit nodig om 'n beskrywing van die aard en plek van gemeente-analise te gee.

Burger (1991b:75) wys op 'n paar voorwaardes wat ten opsigte van gemeentebou, maar ook in die geval van gemeente-analise, geld:

- Dit gaan nie net oor 'n pragmatiese benadering, oor dit wat “werk” nie. Daar is behoefte aan 'n deeglike teologies-kritiese begroning.
- Empiriese en beskrywende studies lewer in dié verband 'n belangrike bydrae. Die onderliggende teorieë van gemeentebou moet in dié verband bepaal en gebruik word.
- Gemeentebou is 'n proses waarin daar telkens weer, in die lig van Bybelse kerkmodelle, getoets en geherformuleer moet word. Gemeente-analise is daarom nie 'n eenvoudige saak nie. “Nie alle verslae wat bedoel om iets te vertel wat in die kerk gebeur, kry dit reg nie. Daar is 'n sin waarin blote statistiese gegewens of 'n beskrywing van 'n kerk se programme en bedieninge nie die wese van die verhaal of toestand van so 'n gemeente vertel nie” (Burger 1991b:75).

In die bepaling van die situasie van die gemeente is 'n empiriese benadering, as 'n deel van die antwoord, noodsaaklik. 'n Empiriese ondersoek moet nie gelyk

aan 'n positivistiese benadering gelykgestel word nie (kyk Pieterse 1993:29). Die empiriese benadering moet gesien word as deel van 'n breër teologiese raamwerk en teorie vir gemeente-analise. Een van die oogmerke van die studie is juis om ook 'n sinvolle plek aan empiriese ondersoek binne die proses van gemeente-analise te gee.

Eenvoudig gestel gaan dit oor die *wie-vraag* (wie is die gemeente?) en oor die *hoe-vraag* (hoe funksioneer die gemeente binne 'n bepaalde omgewing?) (Nel 1994:149). In die proses van gemeente-analise moet beide vrae: "wie en hoe"? beantwoord word. Ten diepte gaan dit oor 'n vraag na die gemeente. Dit word in die volgende hoofstuk aan die orde gestel.

HOOFSTUK 4: PRINSIPIËLE BESINNING OOR DIE GEMEENTE

In 'n prinsipiële besinning oor die gemeente is dit nodig om met 'n teologiese verstaan vir gemeente-wees te werk. Burger (1999:43) omskryf 'n Bybels-teologiese visie ... "As ons hier praat van 'n Bybels-teologiese visie van die kerk wat belangrik is en eerste kom, gaan dit dus oor die vraag of ons dit wat die Bybel oor die kerk sê, toelaat om op hierdie manier die bepalende kern te wees van die drome wat ons oor die kerk droom."

'n Teologiese verstaan van die gemeente moet minstens drie vrae beantwoord (kyk o.a. Burger 1999:49):

- Die gemeente lewe in die teenwoordigheid van God (Coram Dei) en daarom die vraag na die identiteit van die gemeente: Wie is die gemeente? Dit is 'n vraag na die wese en identiteit van die gemeente.
- God is met die gemeente op pad. Dit is die vraag na die taak en opdrag van die gemeente (missio ecclesia). Waarmee is die gemeente veronderstel om besig te wees?
- Die derde vraag is na die bedieningstrategie wat gevolg moet word. Hoe en op watter terreine gaan die gemeente die taak uitvoer? Watter bedieningsplan moet gevolg word sodat die gemeente in gehoorsaamheid aan God sy opdrag kan uitvoer?

4.1 DIE VROEË GEMEENTES IN DIE LIG VAN DIE NUWE TESTAMENT

In dié gedeelte gaan gekyk word na die lig wat die Nuwe Testament op die vroeë christelike gemeentes laat val. 'n Volledig uitgewerkte teologie van die kerk en gemeente is nie in die Nuwe Testament te vinde nie. "Om van die *kerk* in die Nuwe Testament te praat in die sin waarin dikwels vandag oor die kerk gedink word, is ook problematies, aangesien hierdie term deur die eeue van kerkgeskiedenis heen belas is met soveel betekenis wat totaal vreemd is aan wat min of meer in die nuwetestamentiese tye daaronder verstaan is." (Pelser 1995:646). Daar moet met Schweizer (1959:7) saamgestem word:

“Die neutestamentliche Gemeindeordnung gibt es nicht. Die Verhältnisse sind schon in neutestamentlicher Zeit sehr verschiedenartig gewesen.”

Die bespreking in hierdie afdeling is slegs ‘n poging om enkele lyne uit die Nuwe Testament oor kerk- en gemeentewees te trek. Die verskillende dokumente in die Nuwe Testament het elkeen sy eie kyk na die kerk en gemeente. Die bedoeling is glad nie om ‘n volledige beskrywing van die kerk in die Nuwe Testament te gee nie, maar om slegs enkele kenmerke of wesenstrekke van veral kerk- en gemeentewees uit te lig, sodat daar by ‘n meer sinvolle verstaan en analise van die gemeente uitgekóm kan word.

Waar kom die kerk in die Nuwe Testament vandaan? Pelsers (1994:312) is van mening dat die kerk as gevolg van die Paaskerugma ontstaan het en dat Petrus, minstens dan aan die begin, ‘n leidende rol in die stigting van die kerk gespeel het. “Hoewel Jesus nie die kerk gestig het nie, konstitueer Hy nogtans die kerk as sy liggaam.” (Pelsers 1994:314). Vanuit sy verlossingsdaad is Jesus die oorsprong en konstitueerder van die kerk. Sonder die soteriologie kan daar geen sprake van ‘n ekklesiologie wees nie. Die eerste en sigbaarste verskyning van die kerk is die gelowiges (gemeente) wat bymekaar kom (erediens) onder en deur die Paaskerugma (Pelsers 1994:315).

Die vroeë christelike kerk ontstaan en leef nie in ‘n vriendelike omgewing nie. Die Grieks-Romeinse wêreld waarbinne hulle lewe, dwing hulle om tot ‘n gemeenskap te ontwikkel. In hierdie omstandighede het die vroeë kerk, eerstens, ‘n eie christelike taal vanuit hulle ervaring ontwikkel. Daaruit ontwikkel ‘n visie en teologiese kyk op die werklikheid. Tweedens ontwikkel ‘n gemeenskaplike lewenstyl, wat hulle persoonlike verhoudings kenmerk, maar wat ook in hulle organisasie geïnstitusioneel word. (Dudley en Hilgert 1987:11).

Wie word lid van die kerk? Geloof is die enigste kriterium vir lidmaatskap van die kerk en deur die doop as ‘n sigbare en openbare handeling word die

gelowige in die kerk ingelyf. Die gelowiges kom nie *in* die kerk in nie, maar *is* die kerk (Pelser 1994:316-317).

Van Zyl (1999:100) wys daarop dat 'n wesenskenmerk van die kerk is dat dit 'n eskatologiese gemeenskap is. Die koms van Jesus maak die "eindtydelike Godsregering wat deur die OT-profete gevisualiseer is" 'n werklikheid. Die ruimte waarbinne die kerk optree en bestaan is die koninkryk. "Dis een van die wesenseienskappe van die kerk dat dit 'n eskatologiese gemeenskap is wat in hierdie wêreld vanuit ander- of nuwe-wêreldse norme en insigte leef." (Van Zyl 1999:100). Dit lei tot 'n spanning tussen God se wêreld en hierdie wêreld. Hierdie wêreld moet juis deur die kerk vir God opgeëis word. Pelser (1994:323) stel dit dat die kerk kwalitatief anders as die wêreld is, "... veral in dié opsig dat die wêreldse strewes, normes, onderskeide en statusverskille van geen belang of krag in die kerk is nie."

Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges. Dit is die tweede wesenskenmerk wat Van Zyl (1999:103-107) van die Nuwe Testamentiese kerk uitwys. Hy lê op die onderstaande drie aspekte van die kerk as gemeenskap van gelowiges klem:

- Die kerk van die Nuwe Testament is 'n kleingroep en 'n grootgroep. "Die standpunt dat die huiskerk die Nuwe Testamentiese-model vir die kerk is, is 'n mite. Dit word gewoon nie deur goeie Bybelondersoek gerugsteun nie. Dit is wel so dat die vroeë gemeentes almal in huise bymekaargekom het, maar dit was nie vanweë teologiese oorwegings nie; gewoon uit noodsaak." (Van Zyl 1999:103).
- Daar is 'n verskeidenheid en 'n eenheid binne die kerk. Die ryke verskeidenheid van gemeentes is elkeen volledig kerk van die Here, dit blyk, onder andere, uit die manier waarop Paulus elke gemeente aanspreek en hanteer (vgl Rom. 1:7; 1 Kor. 1:2; Kol. 1:2, ens.). Indien daar interne onenigheid voorgekom het of skeuring gedreig het, het Paulus die gemeentes vermaan tot samewerking en eensgesindheid (vgl 1 Kor. 1:10-17; 3:1-9). Twee beelde wat Paulus gebruik om die

eenheid uit te druk, is die kerk as volk van God, en ook as liggaam van Christus.

- Charisma en organisasie in die kerk: Dit is 'n wanopvatting om te reken dat die kerk 'n charismatiese grootheid is wat sonder formele strukture kan funksioneer, omdat die kerk veronderstel is om homself spontaan onder leiding van die Heilige Gees te organiseer. Amp en charisma staan nie teenoor mekaar nie. Die *paterfamilias*-figuur (die hoof van die uitgebreide gesin) het 'n belangrike rol in die huiskerk gespeel; die huiskerkopset het die nodige stabiliteit en struktuur aan die vroeë kerk gegee. Aan die anderkant het die kerk ook 'n charismatiese inslag gehad (vgl 1 Kor. 12 en 14). Die bedieninge in die kerk is streng charismaties en nie-hiërargies van aard, maar mag nie willekeurig en ongeordend geskied nie (Pelser 1994:319).

Die gebruik van die woord *ekklesia* kan verder as sleutel gebruik word om na die funksionering van die vroeë christelike gemeentes te kyk. Dit moet egter met omsigtigheid gedoen word, want die "herkoms van die term *ekklesia* en die motief vir die gebruik daarvan om die kerk mee aan te dui, is te onseker om daaruit afleidings te maak met betrekking tot die wese van die kerk. (Pelser 1994:313). Die doel van die bespreking is slegs om enkele lyne te trek.

Die woord *ekklesia* word slegs tweekeer in die Evangelies gebruik (Matt. 16:18 en 18:17). Tog beteken dit nie dat die saak waaroor dit gaan, nie in die Evangelies voorkom nie. Die Koninkryk van God impliseer dat daar 'n gemeenskap van gelowiges moet wees wat Hom as Koning erken en deur wie Hy werk. Jesus werk ook met sy dissipels as 'n groep volgelingen. Sy boodskap is aan die adres van die huis van Israel gerig. Dit is 'n oproep tot vernuwung vir die volk van God (Marshall 1992:122-123). Jesus sien sy dissipels as die kern van Israel wat sy aankondiging oor die koms van die Koninkryk van God aanvaar het. Hulle is die ware volk van God, die geestelike Israel. "He indicated his purpose to bring into being his *ekklesia* who would recognise his messiahship and be the people of the Kingdom and

at the same time the instrument of the Kingdom in the world" (Ladd 1979:342).

In die Markusevangelie word sterk op dissipelskap klem gelê. Markus se verstaan van die kerk kan beantwoord word aan die hand van sy kriteria vir ware dissipelskap (vgl. o.a. Mark. 8:27-10:45) (Pelser 1995:649-651). Die belangrikste voorstelling van die kerk by Matteus is ook een van dissipelskap. "Daar is wye eenstemmigheid daarvoor dat die begrip "dissipel" die sentrale ekklesiologiese begrip in die Matteus-evangelie is (Pelser 1995:665). Dissipelskap beteken om God se wil te doen. Die kerk is hulle wat in gehoorsaamheid aan God lewe, in antwoord op die koms van die Koninkryk.

Na Jesus se opstanding het die dissipels bymekaargekom en hulle toegelê op die onderrig van die apostels, onderlinge gemeenskap, gemeenskaplike maaltye en gebed (Hand. 2:42-47). Al vier die handeling het volgens Marshall (1992:125) hulle wortels in Jesus se lewe. Die apostels onderrig namens Jesus dit wat Hy hulle geleer en waarvoor Hy hulle voorberei het, byvoorbeeld die uitsending van die twee-en-sewentig. Die dissipels het as broers saamgelewe (Matt. 23:8). Die gemeenskaplike maaltye kan ook verbind word met die maaltye wat Jesus met sy dissipels geniet het en die instelling van die Nagmaal. Die gebede van die gemeenskap in Handeling weerspieël die voorbeeld en opdrag van Jesus. Die afleiding kan dus gemaak word: "... there is significant continuity between Jesus and the church." (Marshall 1992:125). Die geboorte van die *ekklesia* vind streng gesproke met die uitstorting van die Heilige Gees plaas. Daarom stel Ladd (1979:347) dit: "The *ekklesia* is not to be viewed simply as a human fellowship, bound together by a common religious belief and experience. It is this, but it is more than this: it is the creation of God through the Holy Spirit."

Die woord *ekklesia* kom negentien keer in Handeling voor (o.a. 5:11, 8:1, 9:31, 11:6). Vir Handeling begin die christelike kerk met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag op hulle wat Jesus as hulle Here bely het. Hoewel die woord *ekklesia* eers in Hand. 5:11 vir die eerste keer gebruik word, word 'n verskeidenheid van woorde gebruik om die nuwe Geesvervulde

gemeenskap te beskryf: “diè wat sy woorde aangeneem het” (Hand. 2:41), “al die gelowiges” (Hand. 2:44), “mense wat gered word” (Hand. 2:47). “Luke uses the word *ekklesia* in a specifically Christian sense to speak of Christians as a theologically-defined community, restored Israel” (Giles 1997:197)

Paulus gebruik veral die woord *ekklesia* om die kerk as volk van God te beskryf. (Verw. byvoorbeeld na Ef. 1:23, 3:10, 3:21, 5:23-32, Kol. 1:18 en 1:24). Paulus gebruik die term nie as ‘n metafoor nie, maar as ‘n beskrywende term om die bymekaarkom van gelowiges te beskryf (O’Brien 1993:131). “For Paul, not only in Ephesians and Colossians but in all his preaching, the thought of the universal church is primary and the local church, the house-church, and the church gathering can be denoted as *ekklesia* because the universal *ekklesia* is revealed and represented in them.” (Ridderbos 1979:330).

Volgens Ladd (1979:536) kan die teologie van die kerk by Paulus die beste benader word deur na sy gebruik van die woord *ekklesia* te kyk. Hy gebruik die woord teen die agtergrond van die Ou Testamentiese verwysing na Israel as die volk van God. Samevattend oor Paulus se gebruik van die woord kan gesê word: “The local congregation is the church; the totality of all believers is the church. This leads to the conclusion that the church is not conceived of numerically, but organically” (Ladd 1979:537). Die plaaslike gemeente is nie deel van die kerk nie, maar *is* die kerk in sy plaaslike gestalte.

Paulus beklemtoon twee belangrike aspekte (Ridderbos 1979:327) as hy oor die kerk skryf:

- Die kerk is ‘n voorsetting en vervulling van die historiese volk van God wat Hy gekies het en met wie Hy ‘n verbond, van Abraham af, gesluit het.
- Paulus lê veral klem op die kerk as liggaam van Christus.

Die mees klassieke beskrywing vir die kerk van Paulus is: Die liggaam van Christus (Pelser 1995:647). Dit beskryf veral twee sake (Ridderbos 1979:362), naamlik,

- die christologiese karakter van die kerk as volk van God; en
- die noue band tussen Christus en die kerk as volk van God.

Daar is 'n spesiale en hegte verhouding tussen Christus en sy kerk. "The essential idea of the qualification of the church as the body of Christ lies in that the people of God has its unity and common existence in Christ." (Ridderbos 1979:393).

Uit die Pauliniese briewe kan afgelei word dat die kerk bestaan het uit groepe gelowiges wat van Antiochië tot Rome in die Mediterreense wêreld versprei was. Daar het geen formele organisasie bestaan wat hulle saamgebind het nie. "The one obvious point of external or formal organization binding them together, was apostolic authority. Paul as an apostle claimed an authority, especially in teaching, that he insisted must be recognized by all the churches." (Ladd 1979:531). Die leer en belydenis van die gemeentes was dus belangrik.

In beide Kolossense en Efesiërs word die kerk as liggaam van Christus aangedui. Klem word veral gelê op die groei wat in die liggaam moet plaasvind. Die beeld word in beide briewe ook in dokologiese verband gebruik (Pelser 1995:659-663). Die kerk is daar om die grootheid van God te prys.

Dit is nie altyd duidelik hoe die gemeentes georganiseer en ingerig was nie. Die Korintiërbriewe wil suggereer dat die gelowiges van Korinthe op een plek bymekaargekom het (1Kor. 14:23). Handeling verwys weer daarna dat die gelowiges in bo-kamers bymekaar gekom het (Hand. 1:13, 12:12, 20:8). Dit is egter moeilik om te aanvaar dat een so 'n vertrek al die gelowiges in een stad kon huisves. Argeologie bevestig dat, vir minstens die eerste drie eeue, Christene in privaathuise bymekaar gekom het en nie in spesifieke kerkgeboue nie. Paulus verwys soms na "huiskerke", waar gelowiges in 'n

spesifieke huis bymekaar gekom het (Rom. 16:5, 1 Kor. 16:19, Kol. 4:15, Filemon 2). Daar was waarskynlik genoeg Christene, in die stede waarna Paulus verwys, sodat daar meer as een huiskerk kon wees. (Ladd 1979:532).

In die Pastorale briewe is die kerk "... die geordende **huisgesin van God** wat deur **gesinshoofde** bestuur en deur sy (die kerk se) eksistensie die blywende teenwoordigheid van die **waarheid van God** teenoor die wêreld betuig." (Pelser 1995:669). Die sentrale ekklesiologiese metafoor wat in die briewe vir die kerk gebruik word, is dié van huishouding. Die kerk is nie meer 'n klein huiskerk nie, maar 'n instituut wat na die model van die antieke huishouding ingerig is.

Die vroeë Christene definieer *ekklesia* vanuit hulle eie gemeenskapslewe. In die ekklesia is die fundamentele belewenis 'n geloofsbelewenis wat gevorm word deur met die armes te assosieer, deur God se vrede te soek en deur in die bekendmaking van God se misterie in Jesus Christus te deel (Dudley en Hilgert 1987:18).

Die kerk behoort verstaan te word as 'n christelike gemeenskap, want die vroeë Christene was van oortuiging dat hoewel mans en vrouens individueel in Christus glo, dit ook beteken het dat hulle lid geword het van die volk van God, wat vir almal oral toeganklik geword het. Die doel van sending was nie net om individue te red nie, maar om ook 'n volk van God bymekaar te roep. Al die vroeë apostoliese en post-apostoliese skrywers verstaan dit as dat die nuwe christelike gemeenskap uit die historiese Israel voortkom. Die christelike gemeenskap is, soos Israel, 'n korporatiewe entiteit. "The local gathering of Christians was important because this was where communal life in Christ was most personally realized; but for the early Christians belonging to the one community established by Christ was the primary reality." (Giles 1997:195). Die vroeë christelike gemeentes het 'n baie sterk gemeenskapskarakter gehad.

4.2 DIE IDENTITEIT VAN DIE GEMEENTE

Die vraag na die identiteit van die gemeente lui: Aan wie behoort die gemeente? Dit is 'n vraag na die wese of die oorsprong van die gemeente. Die antwoord moet in die gemeente se verhouding met God gesoek word. Heyns (1977:67-85) wys in dié verband daarop dat die kerk, en die gemeente, in die volgende verhouding tot God Drie-enig staan:

- In verhouding tot die **Vader**. Alles wat bestaan, bestaan het, en nog sal bestaan – dus ook die kerk – het hulle diepste, voortydlik oorsprong in die ewige Raad van God. “Die gemeente is gewil, verkies, geroep en versamel deur God die Vader.” (Heyns 1977:69).
- In verhouding tot die **Seun**. Jesus gee aan die kerk sy oorsprong. Tot die kerk behoort jy nie deur afstamming of prestasie nie, maar deur bekering. Jesus gee aan die kerk sy belydenis, sy Hoof en ook sy boodskap.
- In verhouding tot die **Heilige Gees**. Die arbeid van die Heilige Gees is die “subjektiewe” grondslag en bestaanvoorwaarde vir die kerk.. Hy verbind die mens met Jesus, met die koninkryk van God, met die ander mense, met die wêreld (die *missio ecclesiae* word opgeroep deur en opgeneem in die *missio Dei*, 'n missionêre gemeenskap) en met die toekoms ('n eskatologiese gemeenskap).

Dit beteken dat die oorsprong van die gemeente alleen in die gemeente se verhouding met die drie-enige God gevind kan word. “Die kerk kan sonder die Gees, die Seun en die Vader nie bestaan nie en nog minder verstaan word. Dit is die eerste en ook wortelverhouding waarin die kerk staan.” (Heyns 1977:85). Daar kom 'n verbond tussen God Drie-enig en sy gemeente tot stand. Die verhouding tussen God en gemeente is 'n verbondsverhouding.

Die vraag na die identiteit van 'n gemeente is ook 'n wesensvraag, met ander woorde 'n ontologiese vraag. Die gereformeerde tradisie beantwoord die

vraag deur 'n onderskeid tussen die kenmerke en eienskappe van die kerk of die gemeente te maak. Elke gemeente beskik daarom oor 'n konfessionele identiteit. Vir die meeste gemeentes is hulle konfessionele agtergrond deel van hulle identiteit (Burger 1999:70).

Dit is nodig om na die kenmerke en eienskappe van die kerk te kyk. Beide die kenmerke en eienskappe is ook op die gemeente van toepassing. Die kenmerke van die kerk is voorwaardes vir kerkwees. Die Reformasie het daarop gewys dat die kerk uitwendig aan die eienskappe kan beantwoord – formeel altans – en tog nie die ware kerk is nie. Die empiriese kerk is nie vanselfsprekend die ware kerk nie en daarom het die reformatore 'n kritiese maatstaf ingevoer wat as die *notae ecclesiae* bekendstaan. By Rome het die eienskappe die korrigerende funksie van die *notae* vervul, bv wie nie met die kerk van Rome een was nie, was nie deel van die ware kerk nie. Die empiriese Rooms-Katolieke kerk is dus as die ware kerk beskou (Heyns 1977:109-110). Die kenmerke van die kerk word gebruik om tussen die ware en die valse kerk te onderskei (Jonker 1994:75).

Die Reformasie dui as *notae ecclesiae* die suiwere en by name die amptelike bediening van die Woord, die sakramente en die tug aan (NGB Art. 29).

- **Die Woord:** Die Woord is die siel van die kerk en alle diens in die kerk is diens van die Woord. God gee sy Woord aan die kerk en die kerk neem dit aan, bely, bewaar, onderrig en verkondig dit – voor God, mekaar en die wêreld (Heyns 1977:110).
- **Sakramente:** Die hoorbare Woord word opgevolg deur die sigbare Woord, by wyse van die bediening van die sakramente. Die rol van die sakramente is om geloof te versterk (HK vr 67).
- **Tug:** Die kerk is 'n belydeniskerk, d.w.s. gelowiges is in woord en daad nie vry om te glo en te doen wat hulle wil nie. Hulle is aan die belydenis van die kerk – waaraan hulle hulleself vrywillig onderwerp het – gebonde (Heyns 1977:111).

Die kerk is nie in sy suiwer gestalte in die wêreld te vinde nie. Juis daarom is dit die taak van die kerk om voortdurend in die lig van die eise van die Woord te reformeer. “Eintlik het die ware kerk maar een kenmerk, en dit is of die Woord daarin heers, terwyl die vals kerk die Woord op allerlei maniere minag en aan homself en sy eie besluite meer gesag toeskryf.” (Jonker 1994:75). Dit is vir gemeente-wees belangrik, aangesien dit beteken dat ‘n gemeente altyd selfondersoekend besig moet wees om toenemend in gehoorsaamheid aan die Woord te lewe. ‘n Gemeente binne die gereformeerde tradisie sal altyd die *notae ecclesiae* as deel van sy belydenisgrondslag moet verreken.

Die uitwys van die kenmerke van die kerk is belangrik vir die verstaan van gemeente-wees. ‘n Gemeente is nooit “klaar” as gemeente nie. Die verbond moet bewaar word. De Klerk (1985:73) spreek die kritiek uit dat in baie van die gemeentebouprogramme en –aksies ‘n behoorlike plek aan die opsig en tug ontbreek. “Die bewaring van die verbondsooreenkoms deur diegene wat kragtens hulle doop en belydenis daarby betrokke is, is ‘n saak waarby die heilige reg van die Koning van die hemele betrokke is.” (De Klerk 1985:73).

As daar dus analities na ‘n gemeente gekyk word, moet die kenmerke van die kerk, vanuit die gereformeerde belydenis, ook ten opsigte van die spesifieke gemeente, verreken word.

Die *notae ecclesiae* is voorwaarde vir die kerk, daarom is dit ook voorwaarde vir die eienskappe van die kerk. “Nou as die *notae ecclesiae* ook voorwaarde vir die eienskappe van die kerk is, kan die eenheid van die kerk, sy heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit alleen gevind word daar waar ‘n suiwere bediening van die Woord, sakramente en tug aangetref word.” (Heyns 1977:113). Indien aan die bepaalde voorwaardes voldoen word, ontstaan ‘n kerk met bepaalde eienskappe. Die uitwys van die eienskappe van die kerk is belangrik vir die bepaling van die gemeente se identiteit (kyk o.a. Breytenbach en Pieterse 1992:102).

In die Geloofsbelydenis van Nicea en die Apostoliese Geloofsbelydenis word vier eienskappe van die kerk bely: sy eenheid, heiligheid, algemeenheid en

apostolisiteit. “Die eienskappe is deur God aan die kerk as *gawe* geskenk om daardeur die wyse van die kerk se bestaan in die wêreld aan te dui; die eienskappe is egter ook as *opdrag* deur God aan die kerk gegee om daardeur die taak van die kerk in die wêreld aan te dui; en die eienskappe is ook as *belofte* deur God aan die kerk gegee om daardeur die kerk steeds op die volheid in die toekoms gerig te bly hou.” (Heyns 1981:377).

- **Eenheid:** Die kerk is nie twee nie, maar een. Die kerk het een God, die Vader, een Heiland, een Hoof, een Voorspraak en een Voleinder (Ef. 4:) (Heyns 1977:116).
- **Heiligheid:** “Heiligheid as ‘n gegewe status aan die kerk is nie ‘n fase van ontwikkeling wat die kerk in die proses van ‘n etiese evolusie verwerf nie, maar ‘n eienskap wat met die ontstaan van die kerk gegee is” (Heyns 1977:130).
- **Algemeenheid:** Die woord katoliek word vir die eerste keer deur die apostoliese vader Ignatius van Antiochië vir die kerk gebruik. Teenoor die afskeiding van kettters word die begrip op twee maniere gebruik: die aantasting van die Bybelse openbaringswaarheid en die geslote karakter wat die eie groep ontvang (Heyns 1977:137). Heyns verkies om eerder van die begrip *volheid* gebruik te maak. “Die volheid van God se versoenende daad is in die kerk gekonsentreer en deur middel van die kerk wil Hy die volheid die ganse wêreld indra.” (Heyns 1977:139). (...*God alles in almal sal wees* (1 Kor. 15:28).
- **Apostolisiteit:** Die Geloofsbelydenis van Nicea wil met apostolisiteit ‘n historiese verbintenis tussen die kerk en die apostels lê en met name die boodskap en die taak van die kerk in hulle besondere en onherhaalbare arbeid begrond (Heyns 1977:147). Apostolisiteit lê nie op dieselfde vlak as die ander drie eienskappe (eenheid, heiligheid en algemeenheid) nie. Laasgenoemde drie is heilshistoriese bepalings van ‘n universele en permanente karakter wat ook van die Koninkryk gesê sou kon word.

Apostolisiteit dui eerder op die weg en modus waardeur die kerk die genoemde drie eienskappe kan verwerklik. Die begrip apostolisiteit sou ook met “Bybels” of “Skriptuurlik” vervang kon word. Apostolisiteit wil die historiese kontinuïteit van die kerk m.b.t. die kerk se oorsprong, boodskap en taak aandui (Heyns 1977:148).

Barth maak die volgende insiggewende opmerking oor die rol van die belydenis van die vier eienskappe in die gemeente: “Credo ecclesiam means that I believe that the congregation to which I belong, in which I have been called to faith and am responsible for my faith, in which I have my service, is the one, holy, universal Church. If I do not believe this here, I do not believe it at all.” (1949:144). Die belydenis bind lidmate aan die gemeente.

Burger (1999:55-63) trek die volgende riglyne ten opsigte van teologiese perspektiewe op die identiteit van gemeentes:


- Gemeentes se identiteit lê in hul verhouding met God: ons behoort aan God. God is ons Vader, Hy is Koning, Hy is die Wingerdstok. God Drie-enig het ‘n verbond met elke gelowige, en daarom ook met die gemeente, gesluit.
- Die gemeente se verhouding met die Here is ‘n baie eksklusiewe verhouding. Die Eerste Gebod wys daarop dat ‘n gemeente nie twee Here mag dien nie, maar alleen aan die lewende God verbind moet wees.
- Die Here het die reg op hierdie eksklusiewe verhouding met sy volk omdat Hy hulle gered het. Die inisiatief lê by God en daarom word sondaars as sy kinders aangeneem. Dit lei tot gemeenskap tussen God en sy gemeente.
- Die Here se reg op die volk word gekwalifiseer deur die feit dat Hy hulle liefhet en dat Hy wil hê hulle moet Hom liefhê. Metafore wat in hierdie verband gebruik word, is: ouer-kind, nuwe familie en huisgesin. Die Here Jesus het sy dissipels lief en verwag dat hulle Hom in gehoorsaamheid sal volg.
- Die gemeente bewys hulle liefde vir die Here deur sy wil te doen en sigbaar aan Hom gehoorsaam te wees. Die liefdesgebod, die Wet van

God en liefde wat sigbaar word, bevestig 'n geloofsverhouding met Jesus Christus. "Identiteit waarvan niks sigbaar word nie, is min werd." (Burger 1999:61).

- Die gemeente word opgeroep om met God te leef, soos wat Hy Hom aan hulle bekendmaak. Die Tweede Gebod vra dat Hy gedien moet word soos wat Hy verwag om gedien te word.
- Die vier eienskappe van die kerk (eenheid, heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit) kan as aanduiders van identiteit van 'n gemeente gebruik word. Die vraag sou tereg gevra kon word: Hoe kom die eienskappe in die gemeente tereg?
- Saam hiermee geld die vraag na die spesifieke kenmerke van die kerk, juis dit behoort van 'n gereformeerde gemeente te geld.

Jan Hendriks (1994a:113) verstaan onder identiteit die selfdefinisie van die gemeente. Hy verkies om van die gemeente se identiteitskonsepsie te praat. Die "notae ecclesiae" lê op die vlak van die wese van die kerk en vorm deel van die agtergrond en tradisie van die gemeente. Die identiteitskonsepsie is meer tyd- en konteksgebonde. Die identiteitskonsepsie word met die verloop van tyd deur 'n proses ontwikkel.

Jan Hendriks (1994a:114) wys op die noodsaak om 'n onderskeid tussen die "wezen van de kerk" of "notae ecclesiae" aan die eenkant, en die identiteitskonsepsie van die gemeente aan die anderkant, te maak. Die eienskappe en wese van die kerk behoort tot die tradisie en agtergrond van die gemeente, en dit geld vir alle gemeentes, oor alle tye, op alle plekke. Die identiteitskonsepsie van die gemeente is tyd- en plekgebonde en is eie aan elke gemeente. Dit word deur 'n proses gevorm en ontwikkel daarom geleidelik. Hy stel dit soos volg voor:



Die gemeente se verhouding met God Drie-enig en sy belydenis oor die kerk aan die eenkant, en sy verhouding met die samelewing en omgewing aan die anderkant, lei tot die ontwikkeling van die gemeente se eie en unieke identiteit.

4.3 DIE DOEL VAN DIE GEMEENTE

Die identiteit van die kerk en gemeente dien as vertrekpunt of bestaansrede vir die doel van die gemeente of kerk. Uit die identiteit van die gemeente kom die bestaansdoel van die gemeente na vore. "In die kerk is dit dus waar dat insig in sy identiteit tot die verstaan van sy bestaansdoel of missie lei." (Nel 1994:22). Die missie dui die doel van die kerk aan (Burger 1999:77). Ander terme wat in dié verband ten opsigte van die doel van die gemeente gebruik kan word, is: roeping, opdrag, gestuurdheid of sending van die kerk.

Die vroeë christelike kerk het 'n sterk missionêre ingesteldheid gehad. Die sending van die vroeë kerk het gedraai om die besef dat God se Koninkryk in

Jesus Christus 'n werklikheid geword het. Bosch (1991:54) vat die missionêre ingesteldheid van die geloofsgemeenskap soos volg saam: "The New Testament witnesses assume the possibility of a community of people who, in the face of the tribulations they encounter, keep their eyes steadfastly on the reign of God by praying for its coming, by being its disciples, by proclaiming its presence, by working for peace and justice in the midst of hatred and oppression, and by looking and working toward God's liberating future."

Hoe het die vroeë Christene hulle missionêre opdrag verstaan? Bosch bespreek die eerste eeu se missionêre denke en praktyk aan die hand van Matteus, Lukas, Handelingte en die Briewe van Paulus. Dit is hier van belang om slegs enkele lyne te trek, veral met die oog op die vasstelling van die gemeente se doel.

- Die Matteus-paradigma: missionêre dissipelskap (Bosch 1991:79-83). Die geloofsgemeenskap se identiteit lê in sy missionêre opdrag aan Jode en nie-Jode. Dit kulmineer in die sendingopdrag aan die einde van die Evangelie. 'n Dissipel is vir Matteus iemand wat Jesus se leringe uitleef. Liefde en geregtigheid is integraal deel van 'n dissipel se lewe. Dissipels word opgeroep om Jesus se oorwinning oor die bose te verkondig, om te getuig van sy teenwoordigheid en om die wêreld van God se liefde te oortuig. "A missionary community is one that understands itself as being both different from and committed to the environment; it exists within its context in a way which is both winsome and challenging." (Bosch 1999:83)
- Die Lukas-missionêre paradigma (Bosch 1991:113-122). By Lukas speel die Heilige Gees 'n belangrike rol as dryfkrag vir sending. Die belangrikste gebeure in dié verband is die Pinkstergebeure. Die Heilige Gees motiveer nie net nie, maar rus ook die sendelinge toe. In Handelingte tree die kerk na vore en dit is waar die gelowiges tuis kom. Die kerk is gebou op die leer van die apostels en lewer ook 'n getuigenis teenoor die wêreld. In Handelingte is die Evangelie op pad Rome toe.

- Die Pauliniese missionêre paradigma (Bosch 1991:170-178). Paulus was ongetwyfeld 'n uitsonderlike sendeling (vgl. o.a. 1 Kor. 9:16; Rom. 15:16; 2 Kor. 2:14). Soos Paulus 'n verantwoordelikheid het om die Evangelie te verkondig, het die Pauliniese gemeentes 'n soortgelyke verantwoordelikheid: om deur 'n eerbare leefwyse die agting van mense buite die gemeente af te dwing (1 Tess. 4:12), deur weg te bly van wat sleg is (1 Tess. 5:22), deur nie aanstoot te gee nie (1 Kor. 10:32) en om as ligdraers in die wêreld op te tree (Fil. 2:15). Sending staan in die teken van Jesus se oorwinning, maar dit gaan met pyn en swaarkry gepaard. Daarvan getuig die pad wat Paulus geloop het. Dit is deel van die pad van die kerk deur die wêreld. "Important as the church is, it is, for Paul, not the ultimate aim of mission. The life and work of the Christian community are ultimately bound up with God's cosmic-historical plan for the redemption of the world. In Christ, God has reconciled not only the church, but the world with himself (2 Cor 5:19)" (Bosch 1991:178).

Burger (1999:77e.v.) wys op die volgende teologiese perspektiewe ten opsigte van die taak of doel van die gemeente:

- Die kerk is 'n gemeenskap met 'n opdrag. Die kerk is eiendom van God en daarom in sy diens (vgl. o.a. uit die Nuwe Testament: 1 Pet. 2:9, Matt. 28:18-20, Joh. 20:21, Hand. 1:8; en uit die Ou Testament: Gen. 12, Sag. 8:20-23). Ander uitdrukkings om die opdrag te beskryf, is: sout van die aarde, dienskneg, boodskapper of ambassadeur.
- Die inhoud van die opdrag is om getuies in diens van Jesus Christus en sy Evangelie te wees. Die kerk het die opdrag om Jesus Christus as Here te verkondig (2 Kor 4:5).
- Die inhoud van die Evangelie is veelkantig. Die heil en verlossing wat Jesus bring, is omvattend, daarom is dit nodig om wyd en inklusief oor die verlossing wat Jesus gebring het, te dink.

Die kerk word geroep om 'n teken van die Koninkryk te wees (Nel 1994:23). Die kerk vind sy bestaansdoel daarin dat mense gelei moet word om die koningskap van God te erken. Dit beteken dat Christus as Hoof van die kerk en gemeente gevolg moet word. Dit is Hy wat God se Koninkryk 'n werklikheid gemaak het. "Die bestaansdoel van die kerk en elke plaaslike gemeente kan nie anders verduidelik word nie. Omdat Christus die groot Apostel (Gestuurde met volmag) is, is die kerk apostolies (gestuurdes in opdrag); omdat Christus die Hoëpriester is, is die kerk offervaardig; omdat Christus die Dienaar is, is die kerk dienaars." (Nel 1994:24).

'n Gemeente voer sy opdrag uit deur getrou aan sy identiteit te wees. Die gemeentedoel is nie onderhandelbaar nie, aangesien dit deel van die wese van 'n gemeente is. Die volgende aspekte kan as wesenlik deel van die gemeentedoel uitgewys word (vergelyk Burger 1999:84-90 en Noordegraaf 1998:192-193):

- Die doel van Christus se missie en gevolglik die gemeente se doel, is 'n heelgemaakte wêreld, 'n wêreld wat met God versoen is. Die Koninkryk is groter as die kerk. Die kerk staan op alle lewensterreine in diens van die koms van die Koninkryk.
- Die gemeente is teken en getuie van die heil: getuies nie net in wat die gemeente sê en doen nie, maar ook in wat die gemeente is - "sout vir die aarde" en "lig vir die wêreld". Die geloofsgemeenskap het 'n voorbeeldige bestaan. "n Sterk missionêre bediening sonder 'n duidelik evangeliese lewenstyl en identiteit gaan op die lange duur geen geloofwaardigheid hê nie. Ons moet aan die een werk, sonder om die ander na te laat." (Burger 1999:88). Gemeenskap deurbreek die eensaamheid en vervreemding in intermenslike verhoudinge. Die gemeente is getuie dat Christus mure afbreek.
- Dissipels (en burgers) is getuies op die markplein. Dit is 'n getuie van liefde en geregtigheid teenoor groepe, gemeenskappe, instansies en samelewingstrukture; juis ook op die markplein en nie net tydens die gemeente se amptelike byeenkomste nie. "Bevordering van recht en geregtigheid jegens allen die lijdende onder onderdrukkende en

onrechtvaardige situasies, de slachtoffers van radikale, politieke en
economiese onderdrukking, discriminasie en vervolging” (Noordegraaf
1998:193).

Gemeentewees is gerig op die wêreld. Die kerk as instituut neem Christus na
die gemeente en so bemiddel die gemeente Christus na die wêreld (Berkhof
1985:402). Die kerk is daarom ‘n bruggebeure, om sout en suurdeeg in die
wêreld te wees. “Het apostolaat is niet een functie van de kerk te midden van
andere, maar de kerk is een functie van het apostolaat van God in de wereld.”
(Berkhof 1985:404).

Tot die wese van die kerk behoort haar beskikbaarheid aan die wêreldwye
planne van die Here. Berkhof (1985:407-408) wys op vier take in dié verband:

- Voorbidding: Die doen van plaasvervangende voorbidding vir die wêreld
wat die wêreld nie self doen nie.
- Getuienis: Die kerk getuig namens God teenoor die wêreld, deur
prediking, evangelisasie, sending, persoonlike gesprek, opvoeding,
ensovoorts.
- Hulpverlening: die gemeente help waar geen helper is nie. Daar is geen
grense aan die hulpverlening nie.
- Profesie: Dit kan ook as deel van getuienis gesien word. Dit gaan hier oor
die getuienis teenoor persone en instansies wat in stryd met die wil van
God optree.

Die vroeë christelike gemeentes het hulle bestaansdoel op ‘n ander wyse
uitgeleef en ingeklee as wat vandag die geval is. Mead (1991:9-14) onderskei
in dié verband tussen die “Apostolic paradigm” en die “Christendom
paradigm”. Die vroeë christelike kerk lewe binne die apostoliese paradigma.
Gelowiges word deur ongelowiges omring, elke individu word geroep om
teenoor die ongelowige van God se liefde en genade te getuig. Dit beteken
“... the congregation came to see that its front door was the frontier into
mission.” (Mead 1991:12). Daar was ‘n baie duidelike onderskeid tussen wie
binne die kerk en wie buite die kerk was; die grens tussen gemeente en

wêreld was duidelik. Die begin van die vierde eeu lui 'n verskuiwing na die christendom paradigma in. Die Christendom word die amptelike godsdienst van die staat. Die grens tussen die gelowige en die nie-gelowige skuif na die einde van die staat se grens. "The Christian in the local situation is called upon to be a good citizen and to support both Empire and church in reaching and overcoming the pagan outside the Empire." (Mead 1991:14). Hoewel die lyn van die nuwe paradigma nog nie duidelik is nie, is 'n verskuiwing weer besig om plaas te vind. Mead (1991:25) wys op drie aanduiders:

- Dit kan nie as vanselfsprekend aanvaar word dat elkeen 'n Christen is nie;
- Die gemeenskap leef nie vanself christelike waardes uit nie; en
- Die deur van die kerkgebou word weer 'n deur na die sendingveld en nie net 'n deur na buite toe nie.

Die sendingveld het weer baie naby aan, intendeel, binne die grense van die gemeente gekom. "A very uncertain congregation, then, looks across an unfamiliar missionary frontier to an environment that appears less and less friendly and wonders." (Mead 1991:27). Die verskuiwing beteken dat gemeentes weer opnuut sal moet analiseer hoe om die missio Dei vandag uit te leef.

'n Ander manier om die missionêre taak van die gemeente te beskryf, is om van die gemeente as 'n gasvrye herberg te praat (J Hendriks 1999:56). 'n Gasvrye gemeente is oop vir vreemdelinge, hulle word as gaste binne die gemeente ontvang. "Een gastvrije gemeente stelt zich voor hen open, over de hele linie: in haar missionaire presentie, haar vormings- en toerustingswerk, catechese, pastoraat en vieringen." (J Hendriks 1999:57).

In die lig van die gemeentedoel is dit daarom problematies om die opbou en uitbou van die gemeente sonder meer aan mekaar gelyk te stel. Die gemeente is vanuit sy bestaansdoel 'n missionêre gemeenskap en daarom lê opbou en uitbou nie op dieselfde vlak nie. Die gemeente is in diens van die koms van God se Koninkryk.

Indien 'n gemeente sy gerigtheid op sy bestaansdoel verloor, verloor die gemeente sy greep op sy bestaansrede. Die wesenlike gevaar bestaan dat 'n gemeente baie goed kan funksioneer, baie aksies en aktiwiteite kan onderneem, maar sy doel uit die oog kan verloor. As dit gebeur is, 'n gemeente niks meer as 'n goeie en effektiewe organisasie nie. Dit is daarom noodsaaklik om in die proses van gemeente-analise altyd die bestaansdoel van 'n gemeente voor oë te hou.

Wat behoort 'n gemeente te motiveer om sy doel voor oë te bly hou?

Noordegraaf (1998:197-199) wys op die volgende Nuwe Testamentiese motiewe vir die missionêre aktiwiteite van die gemeente:

- Die liefde van Christus. Wie uit die liefde van Christus lewe, is geroep om dit teenoor buitelanders te weerspieël (2 Kor. 5:14, Rom. 12:1, 1 Pet. 2:9-10)
- Die belofte en die verwagting van die Koninkryk van God. Dit is die belydenis dat Jesus, die Here, ons motiveer tot missionêre arbeid, want sy heerskappy is vir die hele wêreld bestem. Die bede: "... laat u Koninkryk kom..." (Matt. 6:10) verwoord die motivering.
- Die verheerliking van God se Naam. Die doksologie van Rom. 11:33 e.v. wys daarop dat Paulus sy sendingwerk in die lig van die verheerliking van God gesien het.
- Gehoorsaamheid aan God se opdrag. Dit is nie 'n slaweplig nie maar 'n daad van dankbaarheid (Rom. 1:14-15). In kontras hiermee staan die ongehoorsame Jona.

Die missio Dei bepaal die missio ekklesia. Daarin behoort elke gemeente sy opdrag en gerigtheid te vind. As dit dan die doel van die gemeente is, gaan die volgende vraag oor die bedieningsterreine van die gemeente? Op watter verskillende terreine vind die gemeentelike bediening plaas sodat die gemeentedoel bereik kan word?

4.4 DIE BEDIENINGSTERREINE VAN DIE GEMEENTE

4.4.1 Bedieningsterreine of funksies?

In die literatuur word gewoonlik van die funksies van die kerk gepraat. Pieterse (1991:67-68) gee 'n omskrywing van wat met die funksies van die kerk bedoel word. Die begrip funksie verwys na die oorspronklike Latynse betekenis van die woord: verrigting, 'n werk, werking, 'n taak wat iemand moet, of kan, verrig. Die funksies van die kerk, as teologiese begrippe, verwys na die ideale funksionering van die gemeente. Die empiriese gemeente word aan die hand van die wesenlik normatief-teologiese begrippe getoets.

Die funksionering van die gemeente is 'n sosiale proses en daarom sluit Pieterse (1991:68) in dié verband by die sosiologiese teorie van die struktureel-funksionalisme aan. In dié teorie word 'n funksie binne 'n ander raamwerk verstaan as wat dit gewoonlik binne die praktiese teologie gebruik word. Robert Merton het veral in hierdie verband 'n belangrike bydrae gelewer deur te beskryf wat 'n funksie en ook disfunksie en nonfunksie is. 'n Funksie kan omskryf word as die objektief waarneembare gevolg of effek wat daartoe lei dat 'n sisteem in stand gehou word (kyk, onder andere, Popenoe 1980:92, Haralambos 1984:530-531 en Dekker 1993:24-25). In die godsdienssosiologie gaan dit nie oor wat die kerk self as sy taak sien nie, maar oor die uitwerking van "... het optreden van de kerk en van de kerkmensen op het bestaan en functionering van de samenleving, ook al is die uitwerking helemaal niet beoogd." (Dekker 1993:25).. So het die kerk en godsdien byvoorbeeld 'n verklarings- en integreringsfunksie in die samelewing (kyk, onder andere, Dekker 1993:93-99).

Teen die agtergrond van die voorafgaande is dit daarom beter om nie van die funksies van die kerk te praat nie, aangesien die konsep "funksie" 'n ander betekenis binne die sosiologie en die godsdienssosiologie het as wat in die praktiese teologie bedoel word. Dit is waarskynlik beter om van die bedieningsterreine van die kerk of gemeente te praat.

Die konsep “bedieningsterrein” gee ‘n omvattender beskrywing van wat algemeen in die gemeentebouliteratuur as “die funksies van die kerk” bekend staan. Burger definieer bediening soos volg: “Ons bedoel met bediening van die kerk die totaliteit van aktiwiteite waardeur die kerk of gemeentes probeer uitvoering gee aan hulle missie.” (1999:104). Die aktiwiteite of bedieninge van ‘n gemeente kan in ‘n verskeidenheid van terreine verdeel word.

4.4.2 Bedieningsterreine – die bydrae van enkele teoloë

Verskeie praktiese teoloë het verskillende funksies, of beter gestel, bedieningsterreine, vir die kerk of gemeente uitgewys. Enkele van die bydraes word vervolgens aangestip en kortliks bespreek.

Goedhart hanteer vier aspekte van die gemeente naamlik dien, vier, leer en deel.

- *Dienende gemeente*: “Het leven van Jezus was een en al dienst aan God en mens” (Goedhart 1984:19). Hy gebruik veral die barmhartige Samaritaan as voorbeeld. Klassieke gedeeltes is: Matt. 25:31-46 en Luk. 10:25-37. “Het dienen wordt gesteld tegenover het in de wereld geldende denken, dat macht en heerskappij centraal stelt.” (Goedhart 1984:21).
- *Vierende gemeente*: Wie vier en waarom? “De gemeente van Jezus Christus gedenkt het heil van God voor deze wereld!” (Goedhart 1984:47). Goedhart lê veral klem op die Nagmaalsviering. Die doel van die viering is om te gedenk. “Als we vieren, gedenken we” (Goedhart 1984:47).
- *Lerende gemeente*: ‘n Mens is nooit te oud om te leer nie. Belydenisaflegging kan nie ‘n eindpunt wees nie, maar behoort deel van ‘n voortdurende leerproses te wees. Die kinders gaan saam as die Nagmaal gevier word en leer daar wat dit beteken. “Het geloven wordt een leerroute.” (Goedhart 1984:80). Die Joodse volk was ‘n “leergemeenschap” (Goedhart 1984:81).
- *Delende gemeente*: In ‘n verdeelde wêreld word na gemeenskap gesoek. Die eerste gemeente het alles gemeenskaplik besit (Hand 4:32). “Men kan bijvoorbeeld stellen dat de gemeenschap de basis, de voorwaarde is om

te komen tot de trits leren-delen-dienen, of dat leren-vieren-dienen leiden tot gemeenskap.” (Goedhart 1984:111).

De Klerk (1985:62-64) onderskei kernfunksies van die gemeente deur te sê dat die diensfunksie (diakonia) van die kerk, waartoe die Heilige Gees roep en bekwaam maak, uiteenloop en in verskeie werksaamhede of bedieninge verdeel word. Die kernfunksies van die kerk vloei vanuit hierdie sentrale funksie, dié van diens (diakonia). Hy noem die onderstaande ses kernfunksies:

1. *Die liturgiese funksie*: Die erediens vorm die kern van die liturgiese gebeure. Die gemeenskapsbindende karakter van die erediens is een van die belangrikste liturgiese funksies.
2. *Die kerugmatiese funksie*: Die amptelike en openbare verkondiging van die Woord is ‘n Godgewilde en voorgeskrewe bediening van die kerk.
3. *Die parakletiese (pastorale) funksie*: Die bediening handel oor die persoonlike en gespreksmatige toewending tot die enkeling. Hierdie toewending behels bemoediging en bestraffing. Dit geskied amptelik en as onderlinge vermaning.
4. *Die onderrigende (didaktiese) funksie*: In die onderrig neem die kategese ‘n belangrike plek in.
5. *Die koinoniale (deelgenootskaplike) funksie*. “Die deelgenootskap met Christus en met mekaar deur die Heilige Gees word vanweë sy intieme karakter omskrywe as die gemeenskap van die heiliges.”(De Klerk 1985:63) Dit is ‘n liefdesgemeenskap van onderlinge toesig, tugoefening en diens van barmhartigheid.
6. *Die kubernetiese funksie* (kubernesis, 1 Kor. 12:28). In die gemeente van die Here moet daar orde wees.

De Klerk (1985:64) wys daarop dat al hierdie kernfunksies afsonderlik, maar ook gesamentlik, in die gemeentebouende bediening tot hulle reg moet kom.

Pieterse (1993:160-161) onderskei vier hooffunksies:

- *Kerugma* (sluit marturia en didache in). ‘n Ontmoeting vind met God deur sy Woord plaas. Dit geskied d.m.v. prediking, getuienis en onderrig.

- *Leiturgia*. Die gelowige ontmoet God in die gesprek tydens die erediens in lof, dank, en aanbidding; in die viering van die heil; en in die heilsbemiddeling deur die genademiddels van Skrif en sakramente.
- *Koinonia* (sluit paraklese in). Hier word God ontmoet in die oordrag van die Evangelie deur die onderlinge sorg, troos en lewenshulpverlening van die pastorale sorg.
- *Diakonia*. God se barmhartigheid, genade, sorg en liefde word bekend in christelike diens aan mekaar en die wêreld waarin die gelowige en gemeente met die lydendes solidêr is.

Bisschoff (1991:83) volstaan met die drietal funksies: *kerugma, koinonia en diakonia* as funksies van die gemeente. Wanneer die gemeente hierdie funksies binne die perspektief van ekstensief/intensief vervul, word die hele skopus van gemeente-wees onder die loep geneem en kom ook die leitourgia, didache en paraklese tot hulle reg.

Louw (1992:130-131) onderskei die onderstaande vier funksies.

- *Viering of doksa*: In die geloofshandeling gaan dit om die moment van lof, dank en aanbidding. Dit strek van die erediens af tot by die gewone publieke lewe van elke dag. Elke gelowige handeling verwys na God se teenwoordigheid en heerskappy.
- *Getuienis/marturia*: Dit gaan oor die konkretisering van die waarheid van die heil m.b.v. die dinamiese modi van die kerugma, belydenis en missio. Dit dra ook 'n lerende element (didache).
- *Diens/diakonia*: Dit gaan oor diens as 'n demonstrasie van God se priesterlike teenwoordigheid, deernisvolle barmhartigheid en neerbuigende liefde. Die daadkarakter van die liefde demonstreer die moment van offervaardigheid, selfverloëning en nederigheid.
- *Gemeenskap/koinonia*: Hier gaan dit om onderlinge sorg en troos soos wat gelowiges op mekaar aangewys is en in medelye na die nood en lyding van ander mense uitreik. Die koinonia gee konkreet gestalte aan die dinamiese modus van die pastoraat: paraklese.

Van der Ven (1993a:41-43) identifiseer vier basiese funksies van die kerk:

- "*Kerygma*" verdeel hy in evangelisasie, prediking en kategeese. Die kern van die aktiwiteit behels; "... text interpretation – of Christian, religious and/or existential texts – and with communication about these texts." (Van der Ven 1993a:42)
- "*Liturgy*" handel oor rituele, simbole, tradisie en gebed.
- "*Koinonia*" het te doen met die opbou van die gemeenskap van Jesus.
- "*Diacony*" het as doel die verligting van lyding.

In aansluiting by Parsons se AGIL-model ("adaptation, goal attainment, integration, latency"), vanuit die struktuur-funksionalisme, identifiseer Van der Ven (1993c:79) die volgende vier kernfunksies van die kerk:


- *Identiteit* - dit verwys na die oortuiging, visie en missie van die kerk.
- *Integrasie* - dit behels die kohesie, uniformiteit en pluriformiteit van die kerk.
- *Beleid* - dit is die kerklike beleid, program en projekontwikkeling.
- *Beheer* – dit dui op die personeel en finansiële middele van die kerk.

Die verskillende aktiwiteite van die kerk groepeer Van der Ven (1993c:81) in vyf sektore saam: pastoraat, kategeese, liturgie, verkondiging en diakonie. Die verhouding tussen die kernfunksies en sektore beskryf Van der Ven (1993c:82) aan die hand van die volgende matriks:

	Pastoraat	Kategeese	Liturgie	Verkondiging	Diakonie
Identiteit					
Integrasie	Ge-	meen-	skap-	Vor-	ming
Beleid					
Beheer					

Nel (1994:27) gee die volgende skematiese voorstelling van die gemeente en sy funksies:

Die gemeente en gemeentebou dien ...



Elke bedieningswyse is afsonderlik en gesamentlik driedimensioneel: elkeen is altyd diens aan die drie-enige God; diens aan mekaar onderling; en diens aan die wêreld. “Die kritiese vraag wat dus voortdurend by en vir elke bedieningswyse gevra moet word, is: Is dit ‘n kommunikatiewe handeling in diens van die Evangelie ten opsigte van God, die gelowiges onderling en die wêreld?” (Nel 1994:27).

Burger (1999:104) wys daarop dat die bediening van die Evangelie ‘n werk van die Gees is. Die Gees neem die heilswerk van Christus en verkondig en vestig dit die wêreld oor. Hiervoor gebruik die Gees mense en ander middele. Die getuigenis van die totale gemeente is so ‘n middel wat die Gees gebruik. Die gemeente word gesien as die eerste en primêre middel wat die in sy werk met betrekking tot die kommunikasie van die Evangelie Gees wil gebruik. Dit wat die gemeente is, sê (of bely), doen en bid, moet in kongruensie wees vir die gemeente om geloofwaardig te wees.

- *Leitourgia* (bid) het te doen met dit gebede van die gemeente.
- *Kerugma* (sê) gaan oor die woorde of boodskap wat van die gemeente af uitgaan.
- *Koinonia* (is) hou verband met wat die gemeente is.
- *Diakonia* (doen) verwys na die liefdesdade wat die gemeente doen.

Hierdie bediening moet nie as 'n versmalde bediening van net die ampte verstaan word nie, maar as 'n bediening van die totale gemeente (Burger 1999:108-109).

Burger (1999:112) stel die vier dienste (of geloofspraktyke) van die gemeente skematies soos volg voor:

OPBOU NA BINNE	DIENSTE	UITREIK NA BUIE
Lering en prediking	Kerugma (vertel)	Evangelisasie
Diens na binne (aan broers en susters)	Diakonia (doen)	Diens na buite (sosiale aksie en diens)
Gedeelde lewe na binne	Koinonia (is)	Gedeelde lewe na buite
Erediens	Leitourgia (vier)	Feeste

In die lig van die voorafgaande bespreking, is die onderstaande vier bedieningsterreine gekies as terreine waarbinne die totaliteit van gemeentelike aktiwiteite behoort te val om uitvoering aan die gemeente se missie of bestaansrede te gee

- Leitourgia
- Kerugma
- Koinonia
- Diakonia

Elkeen van die bedieningsterreine sal vervolgens in meer besonderhede bespreek word.

4.4.3 Leitourgia

Burger (1999:204) gebruik die term leitourgia as: "... 'n koepelbegrip vir al die aanbiddingsaktiwiteite van die gemeente." Die klassieke wyse van aanbidding (leitourgia) is die erediens.

Vos en Pieterse (1997:5) wys daarop dat leitourgia in die Nuwe Testament die volgende aspekte omvat:

- (a) Die outestamentiese tempeldiens – dit sluit die levitiese diens in die tempel en die offerdiens in (Luk. 1:23; Hebr. 8:2, 6; 9:21; 10:11).
- (b) Persoonlike liefdesdiens aan individue (Fil. 2:25,30) en geldelike hulp (Rom. 15:16; 2 Kor. 9:12).
- (c) Diens aan Christus (Rom. 15:16, Fil. 2:17).
- (d) Die samekomste van die dissipels om te bid (Hand. 13:2). Dit is nie seker of daar al van 'n formele erediens gepraat kan word nie, maar as kenmerkend van die byeenkomste kan uitgewys word
 - 'n sendingbyeenkoms;
 - 'n plegtige aanbiddingsdiens; en
 - 'n plaasvervangende vas met die oog op die gemeenskap van gelowiges.

In die liturgie gaan dit oor: "... een ordening van de samenkomst van de gemeente, waarin de dynamiek van het Woord Gods plaats vindt en waarin de gemeente in de gelegenheid gesteld wordt op de dynamiek van het Woord Gods te reageren in schuldbelijdenis, aanbidding, lofprijzing, deelname aan het heil (sacramenten), gemeenschap, offerhande en diensbetoon in en buiten de samenkomst. En dit alles in levende verbondenheid met de traditie der Kerk." (Jonker 1978:45).

Die liturgiese grondlyne wat vanuit die Nuwe Testament onderskei word, (Vos en Pieterse 1997:13) is

- die verkondiging van die Evangelie;
- die Doop- en Nagmaalbediening;

- volharding in gebed; en
- liedere.

Verskillende woorde kan gebruik word om die wese van die erediens te beskryf: samekoms, samekoms in God se Naam, ontmoeting, diens, aanbidding, gemeenskap, viering en verwagting. God is daar waar die gemeente in sy Naam bymekaarkom (Matt. 18:20). Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en mens, wat deur die versoening van Jesus Christus moontlik gemaak is (2 Kor. 5:18-19). Die feestelike gebeure kan verskillende gestaltes aanneem: aanbidding, lof, dankbaarheid, gemeenskap, vreugde, diens. Dit gebeur ook deur die Doop en Nagmaal (Vos en Pieterse 1997:53 e.v.).

Die Reformasie sien die erediens veral as 'n gesprek. Alles wat in die erediens gebeur, neem die vorm van 'n gesprek aan. Dit is 'n wederkerige gesprek tussen God en sy volk. "Dit is woord en weerwoord, maar tog so dat dit tegelyk uitloop op 'n ontmoeting tussen God en sy volk waarin Hy sy gawes aan hulle bemiddel; verder beteken die gesprek dat die hele bestaan van die gemeente daarby betrokke is en dat dit in die lewe voortgaan." (Barnard 1981:387).

Die gemeente se liturgiese diens bestaan uit die volgende teologiese perspektiewe (Burger 1999:205):

- Gebed vorm 'n kernaspek van aanbidding. Dit behoort 'n praktyk te wees wat met oorgawe en dissipline in 'n gemeente onderneem word. Die voorbeeld en onderrig van Jesus (bv. Matt. 6:5-15) geld in dié verband.
- Daar is in die Nuwe Testament min direkte voorskrifte vir die gemeente se aanbidding. Die mees uitgebreide voorskrifte vind ons in Hand. 2:42-47. Die outestamentiese kultus gee meer inligting en agtergrond, byvoorbeeld die Tempeldiens en feeste.
- Leitourgia gaan van die erediens af uit, die lewe in. Dit veronderstel 'n lewenswyse wat voortgesit word.

Die erediens staan sentraal in die gemeentelike lewe. Dit is waar die gelowiges bymekaarkom om hulle verhouding met God feestelik te vier. Die Griekse woord leitourgia dien as 'n beskrywing van die diens van die volk. Die woord word in die nuwetestamentiese tyd gebruik vir die dienswerk van die gemeente of van die apostels en ampsdraers, sowel binne as buite die samekomste van die gemeente (De Klerk 1981:12).

Christelike aanbidding (Bester 2000:33) bestaan, onder andere, uit die volgende strukture en dienste:

- Sikliese strukture – Tydsverwante aanduidings soos byvoorbeeld weeklikse bymekaarkomste, weeklikse en daaglikse gebedsbyeenkomste, die kalender vir die kerklike jaar op die voetspoor van Jesus: sy koms, sy bekendmaking, lyding, sterwe, opstanding, die uitstorting van die Gees, hemelvaart en die wag op die wederkoms.
- Ruimtes - Christene het deur die eeue heen verskillende ruimtes gebruik waarin aanbidding geskied het.
- Gebed – Private en publieke gebed maak 'n groot deel uit van die christelike aanbidding.
- Die diens van die Woord vind in die eerste deel van die erediens gestalte.
- Die diens van die tafel vind in die tweede deel van die erediens gestalte.
- Inisiasie deur die Doop.
- Ander rituele wat plaasvind is troues, begrafnisse, vergifnis en die hantering van die siekes.

Die erediens is onder die leiding van die Heilige Gees 'n feesgeleentheid (Ef. 5:18-20). In die lig van hierdie skrifgedeelte wys Müller (1990:5-7) op drie karaktertrekke wat van die erediens 'n fees maak, naamlik die

- getuiskarakter van die erediens. Deur sang getuig die gemeente van God se grootheid en genade.
- lofkarakter van die erediens. Daar word van harte tot eer van die Here gesing en aan die erediens deelgeneem. Egtheid en opregtheid is daarom van wesensbelang.

- dankkarakter van die erediens. Die mens raak maklik hoogmoedig, maar onder leiding van die Heilige Gees raak 'n mens klein, nederig en dankbaar. Dit kan nie gaan oor 'n gevoels- of willekeurige motief nie, maar om God te midde van enige omstandighede te dank.

“By wyse van spreke het 'n kerkgebou twee vensters: een na Bo gerig en een na buite gerig. As een of albei hierdie vensters verdof, kan dit wat daarbinne gebeur, nie meer liturgie in die ware sin van die woord wees nie. 'n Diens wat sy vertikale dimensie verloor, vervlak tot 'n blote sosiale “happening”; 'n diens wat sy horisontale perspektief op die wêreld verloor, word 'n soort heilige speletjie wat 'n ontvlugting is aan die werklikheid.” (Müller 1990:107). Daarom word 'n erediens nie afgesluit nie, maar gewoon verder in die wêreld voortgesit.

Aanbidding vind nie net in die erediens plaas nie. God se teenwoordigheid roep aanbidding op. In 'n kleingroep, kategeseklas, of in gesinsverband, waar gelowiges in sy Naam bymekaarkom, kan God aanbid en gedien word (kyk o.a. Burger en Simpson 1996:22-23 en 110-122).

Die gemeente behoort erns te maak van liturgiese werk, dit is immers een van die gemeentelike bedieningsterreine. Burger (1999:206-212) wys op die volgende:

- Die gemeente en gelowiges behoort bewus te raak van, en te fokus op God. Vir diep betekenisvolle gemeenskap met God is tyd en stilte nodig. Fokus op wie God is en wat Hy doen.
- Die gemeente moet herinner word aan wat God al gedoen het. Herinnering speel in die christelike tradisie 'n belangrike rol. Die voorlees van die Skrifte, bediening van Sakramente, simbole en rituele speel in dié verband 'n belangrike rol.
- Genade word ontvang en behoort daarom gevier te word. Geloof is leë hande wat ontvang. Die ontvangs van genade kulmineer in dank en lof en viering. Lof is 'n geloofsdaad.

- Om voor God te staan, beteken om te kla, te vra en skuld te bely. 'n Mens kan moeilik eerlik voor God lewe as jy nie meer kan kla nie. Om te vra of te versoek, is ook deel van gebed. Sondebelydenis is deel van die liturgiese diens van die gemeente.
- Liturgiese diens beteken voorts om toe te wy en verbind te word aan die drie-enige God. 'n Gesamentlike geloofsbelydenis, veronderstel 'n vernuwing van die gemeente se verbintenis aan God.

“Aanbidding is die nederige buig voor die heerlijkheid en grootheid van God.” (Barnard 1981:75). Dit loop noodwendig uit op die eer en verheerliking van God. Aanbidding is 'n kernaspek van die gemeentelike lewe. Dit kulmineer in die weeklikse eredienste, maar strek wyer en dieper na, byvoorbeeld, die kategetiese, kleingroepbyeenkomste en dit kan ook in gesinsverband tot uiting kom. God roep die gemeente, en daarmee saam elke gelowige, om Hom te aanbid.

4.4.4 Kerugma

Kerugma verwys na die verkondiging of bekendmaking van die boodskap van die Evangelie, ...”to publicly announce religious truths and principles while urging acceptance and compliance.” (Louw en Nida 1989:417). Die kerugmatiese aktiwiteite van 'n gemeente verwys na ...“alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op die Bybel en sy unieke boodskap – hetsy dit is om die boodskap beter te hoor, dit te verstaan, dit met ander te bespreek of om dit deur te gee aan mense wat dit nog nie ken nie” (Burger 1999:216).

In die kerugma kom God na die gemeente deur sy Woord en dit vind veral plaas in die prediking, getuienis (maturia) en onderrig (didache) (Smuts 1995:94). Die daad van verkondiging kom na vore uit 1 Kor. 2:4 (“Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid of welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees”). Die feit

dat hierdie verkondiging (na inhoud en daad) deur die lewe van die Here Jesus Christus bevestig word, is belangrik. (Bisschoff 1991:86).

Die taak van kerugma hou vir die gemeente die volgende in (Bisschoff 1991:87-88):

- (a) Die verkondiging van die goeie nuus van verlossing is 'n opdrag van die Here Jesus Christus (Matt. 10:7, Mark. 16:15).
- (b) Hierdie verkondiging is gerig op die wêreld (om die verlossing in Christus te aanvaar en deur geloof deel van God se Koninkryk te word) en die gemeente (wat die opbou van die gemeente ten doel het)
- (c) Die kerugma is nie alleen op die toekoms gerig nie, maar aksentueer die belang van die hede. Die Evangelie moet in eietydse verkondiging nie sy aktualiteit verloor nie.
- (d) Die kerugma moet op alle moontlike maniere in die gemeente en deur die gemeente tuiskom. Die gemeente moet deur al sy handeling die getuienis dra dat Jesus die Here is.
- (e) Die samekoms van die gemeente speel hier 'n groot rol. Die erediens, Woord en sakramente, gebed en lofprysing, dra die boodskap.
- (f) Die gemeente moet die kerugma ook deur Woordverkondiging die wêreld indra.
- (g) Die kerugma het 'n bepaalde toespitsing wat nie nagelaat moet word nie; die boodskap moet mense se lewens verander en hulle aan die Here verbind.
- (h) Die kerugma stel die gemeente telkens voor die uitdaging en opdrag om die Heilige Gees te vertrou as die een wat die Woord in ongelowiges se harte die weg tot die Vader maak.

Op watter wyse kom kerugma as 'n bedieningsterrein in die gemeente na vore? Burger (1999:220-227) wys op sekere aspekte wat in die aanleer van die gemeente se kerugmatiese dienswerk belangrik is, naamlik

- om stil te word en na die Woord te luister.
- om te lees en na te dink. Die Skrif is duidelik sodat gewone mense dit kan lees en verstaan.

- om te verstaan en te droom. Lees die verhale om tot insig te kom. Dit sluit in om ander te verstaan, om die lewe te verstaan, en om God te verstaan.
- om geleer te word en om ander te leer. By lering kom net by dat dit wat gehoor is met dissipline geïnternaliseer moet word as 'n geldende lewensbeskouing en lewenswyse.
- om te vertel (getuig) en te verkondig (preek). Dit is die opdrag vanuit Matt. 28:18-20 en Hand. 1:8. Verkondiging is wyer as net prediking, dit is die wyer taak van die gemeente en kerk.

In die kerugmatiese diens van die gemeente kan die rol van die prediking nie onderskat word nie. Prediking behoort 'n bepaalde gemeentelike gerigtheid te hê. De Klerk (1977:77) beklemtoon die volgende in die gemeentelike gerigtheid van die prediking: "In die prediking gerig op die gemeentelike opbou, die proklamasie gerig op die ordelike voortgang van die volk van God, gaan dit om opbou ,

in die versekerdheid van die heil,
tot viering van die heil,
en tot die uitdeling van die heil."

Kerugmatiese diens word nie net aangeleer nie. Dit neem in die gemeente 'n bepaalde vorm aan. Burger (1999:227-231) lig in dié verband die volgende uit:

- Die Woord werk op sy beste as dit deur die regte liturgiese, koinoniale en diakonale aktiwiteite omring word: Liturgie help die gemeente fokus op God en om ontvanklik te wees vir die Woord. Koinonia is wesenlik met betrekking tot die lees van die Woord omdat 'n mens die Woord nooit alleen kan verstaan nie. Diakonia is van belang omdat dit vir mense wys dat die gemeente inderdaad ernstig is oor dit wat hulle glo.
- 'n Herontdekking van die Woord en die prediking was een van die winspunte van die Reformasie. Daar is 'n behoefte in die prediking na minder van 'n eenpersoonspoging, 'n benutting van die narratiewe aard van die Evangelie en 'n gebruikmaking van die rol van daadgetuie.

- Kerugmatiese diens vra meer as net goeie prediking. Buite die erediens beteken dit dat belangstelling in spiritualiteit en kleingroepe benut moet word.
- Na buite beteken die kerugmatiese diens van die gemeente dat daar erns gemaak moet word van die openbare getuienis van die kerk. Die spontane getuienis van gewone gelowiges speel in dié verband 'n kardinale rol.

4.4.5 Koinonia

Wat word met koinonia as bedieningsterrein bedoel? Burger (1999:231) gee die volgende antwoord: "Dit gaan oor die ondersteunende en gemeenskaplike aktiwiteite wat gelowiges in die gemeente uitvoer waardeur Christene aanmekaar gebind word en so die versorgende en helende krag van die Evangelie ervaar." Koinonia staan in 'n noue verband met die gemeente se missie tot liefde. Iets van die Bybelse shalom-gemeenskap moet weerspieël word. Die samekomste van die gelowiges speel in dié verband 'n belangrike rol. In die Ou Testament word die geloofsgemeenskap deur die Tora saamgebind. In die Nuwe Testament gee Jesus aan sy dissipels die opdrag om mekaar lief te hê, sodat die wêreld iets van Hom en sy liefde in hulle lewe sal sien (Joh. 13:35, Joh. 17:20-26).

Koinonia dui die gemeenskapsfunksie van die gemeente aan. Kerkwees het te doen met die eenheid van die kerk soos dit gemeenskaplik in die koinonia en die onderlinge sorg tot uitdrukking kom. Die wesenlike van die beleving van dinamiese Christen-wees is volgens die Nuwe Testament in die enkele woord, koinonia, opgesluit (Du Rand 1985:56).

Du Rand (1985:58) gebruik 1 Kor. 1:9, Hand. 2:42 en 1 Joh. 1:3 as kern gedeeltes vir sy ontleding van die begrip koinonia wat agtien keer in die Nuwe Testament voorkom. Van die agtien keer wat koinonia in die Nuwe Testament gebruik word, word dertien daarvan by Paulus aangetref. Hy gebruik die term hoofsaaklik in godsdienstige sin. Paulus gebruik koinonia, onder andere, ten

opsigte van godsdienstige gemeenskap tussen die gelowiges wat in Christus ingeplant is, asook die seëninge wat uit so 'n verhouding voortvloei.

In 1 Kor. 1:9 definieer Paulus die christelike roeping deur die term koinonia te gebruik (Du Rand 1985:59). Paulus lê sterk klem op die Christosentriese lewe van die gelowige as hy die term koinonia gebruik (verwys bv. Fil. 3:10). Dit omvat altyd 'n gemeenskaplike deelhê aan Christus met andere.

Paulus bring soteriologie en ekklesiologie by mekaar uit deur die gebruik van koinonia. "Gemeenskap aan Christus is die wese van verlossing en gemeenskap met mekaar in Christus is vir Paulus die ware Christelike gemeenskap." (Du Rand 1985:59).

"Die beleving van koinonia is dus die dinamiese herinner aan die genade en seëninge van God, maar ook alreeds die konkretisering van die gemeenskap met die Seun, asook die voltooide gemeenskap met die verheerlikte Seun van God by die wederkoms." (Du Rand 1985:61).

In Hand. 2:42 is die enigste gebruik van die woord koinonia in die boek Handeling. Hier moet koinonia in verband met die gawe van die Heilige Gees verstaan word. Koinonia is dus deel van die Gees se werk in die gemeente, dit word gefundeer in geloof en dit kom tot uitdrukking in die kultiese, asook in die konkrete realisering daarvan deur die uitdeel van materiële middele. "Op so 'n wyse het koinonia nie maar net vervlak tot 'n horisontale aktiwiteit nie, maar is dit konkrete uitdrukking van die diakonia wat weer 'n sigbare uiting van marturia (getuienis) aangaande die verlossing is." (Du Rand 1985:64).

Die gebruik van koinonia in 1 Johannes is 'n sintese en verdere ontwikkeling tussen die Christosentriese gebruik deur Paulus en die klem wat die horisontale dimensie in Handeling ontvang (Du Rand 1985:64). 1 Joh. 1:3 beskryf dat Jesus Christus die middelpunt van die koinonia tussen God en die mens is. Deur Jesus Christus ontvang die gelowige gemeenskap met God die Vader en dien dit ook as beleving van sy sekerheid dat hy die Ewige Lewe

besit. Die gelowige beleef alleenlik vanuit ware gemeenskap sy sekerheid en hy kan ook alleenlik sy sekerheid vanuit sy beleving van die gemeenskap bely (Du Rand 1985:66).

Geloof, liefde en koinonia loop hand aan hand. “’n Mens sou kon sê dat geloof die kerngrond van die liefde is en dat die broederliefde die kenteken van die geloof is. En dit alles definieer die sekerheid of koinonia waarin die gelowige mag deel deur die werk van die Heilige Gees.” (Du Rand 1985:67). Die beleving wat die Heilige Gees bewerk, lei tot geloofsgemeenskap met die Vader en die Seun. “Die onderlinge geloofsbeleving van die gemeente is van kardinale belang vir die ervaring van ‘n geloofsgemeenskap met die Vader en die Seun.” (Du Rand 1985:70). Koinonia is daarom ook ‘n geloofsaak.

Op grond van 1 Joh. 1:3 maak du Rand (1985:71-73) die volgende waarnemings:

1. Die mensgeworde Seun is die Middelaar van koinonia. Die wesenlike van koinonia lê dus daarin dat Christus koinonia tussen God en mens geword het.
2. Die Vader is die gewer van koinonia. Koinonia is slegs moontlik tussen God en die mens omdat die Vader die volle inisiatief daarvoor geneem het. Kindskap van God is ‘n gawe van die Vader en word deur koinonia beleef.
3. Die gelowiges of kinders van God is deur geloof en liefde die erfgename van koinonia. Dit is alleenlik moontlik deur die aanvaarding van die Woord van die lewe. Om in die lig te wandel, dien dus as maatstaf van koinonia met die Vader en die Seun en dit kom tot uiting in die liefde en gehoorsaming van die gebod. “Die gelowiges volgens 1 Johannes word dus erfgename van die koinonia omdat God dit geskenk het deur sy Seun en hulle dit verder hulle eie moet maak deur dit te bely en in liefde met mekaar te beleef. Dit is die teologiese grondslag vir effektiewe gemeentebediening. Ons lidmate moet leef uit dit wat hulle in Jesus Christus is en in Jesus Christus ontvang het.” (Du Rand 1985:73).
4. Die Heilige Gees is die waarborg vir die effektiwiteit van koinonia.

Samevattend kan daarop gewys word dat koinonia nie by die mens begin nie, maar by God. “ Koinonia druk iets nuut en dinamies in die vroeë Christelike gemeente uit. “(Du Rand 1985:74). Dit is nie ‘n vrywillige sosiale byeenkoms nie, maar ‘n samekoms van gelowiges wat God saamgeroep het tot koinonia met Homself, met sy Seun en met mekaar.

“Die mens se deelwees van koinonia en die beoefening daarvan deur geloof en liefde en totale gehoorsame lojaliteit is in die laaste instansie in dankbare antwoord op God se ingrype. By Paulus is koinonia Christosentries afgestem as ‘n lewe in koinonia met die Seun. By Johannes kom die nuwe moment van gemeenskap met die Vader by en in Handeling word die realisering van koinonia ook tot die alledaagse materiële middele deurgetrek (Du Rand 1985:75).

Burger (1999:232-234) wys ter samevatting op die volgende Bybelse en teologiese perspektiewe op koinonia:

- Gelowiges moet ander liefhê soos die Vader en veral Christus ons liefhet.
- Deur soos Christus lief te hê, word die grense herdefinieer. Liefde moet verder gaan as net die mense waarvan ‘n mens van nature hou.
- Christus herdefinieer ook die intensiteit en radikaliteit van ons liefde. Sy liefde was ‘n selfverloënde liefde wat bereid was om ander se kruis te dra en uiteindelik selfs vir ander te sterf (1 Joh. 3:16).
- Liefde moet opreg wees (Rom. 12:9).
- Hierdie soort liefde is moontlik vanuit die opstanding van Christus en die kragveld van die Gees.
- Die liefde moet rekening hou met die drie vlakke van menswees: as *skepsels* van God wat die geskape lewe waardeer, as *sondaars* wat weet dat ons ook ‘n gebrokenheid met mekaar deel en as *geregverdigdes* (en verlostes) wat saam ontvangers van God se onuitspreeklike genade is.

Koinonia met die Vader deur die Seun lei noodwendig tot 'n horisontale uitleef van koinonia. Die koinonia lei tot liefde en daarom is koinonia die sigbaarmaking van Christenwees. Koinonia kenmerk die kwaliteit van die lewe binne die gemeente, dit daag die gees van kompetisie, eie-belang en private-voorreg uit (Dietterich 1994:91). Koinonia is 'n voortsetting van Jesus se voorbeeld en bediening. Kuhnke (1990:183) beskryf koinonia in dié geval so: "In jedem Fall aber charakterisiert der Begriff die christliche Praxis in spezifscher Weise als Nachfolge Jesu."

As 'n bedieningsterrein van die gemeente is koinonia 'n bousteen na binne wanneer gelowiges God se liefde en aanvaarding prakties in verhouding met medegelowiges beleef (Bisschoff 1991:89). Dit is dus baie duidelik dat koinonia die lewe van die gemeente in alle opsigte wesenlik raak.

'n Gemeente kan op verskeie vlakke koinoniale dienswerk doen. Burger (1999:234-242) lig die volgende aspekte uit:

- Koinonia beteken om deel te word van mekaar en onderling die "self" aan mekaar te onderwerp. In 'n tyd van individualisme is dit nodig om te leer om met mekaar te deel, Om deel te word, is om te aanvaar dat jy deel is van 'n groter familie. Verder moet jy geleer word om jouself aan die wil van die gemeenskap te onderwerp.
- Deur koinonia leer gelowiges mekaar ken en aanvaar. Familie moet mekaar ken. Lidmate moet die geleentheid kry om mekaar te leer ken. Om mekaar goed te leer ken, skep die geleentheid om mekaar te aanvaar.
- Koinonia maak dit moontlik om vriende te word en mekaar te leer liefkry. Vriendskap verriyk die gehalte en aard van gemeentelike koinonia. Dit kan veral buite die georganiseerde opset gebeur. Vriendskap en aanvaarding gaan uiteindelik daaroor dat mense mekaar met die liefde van Christus sal leer liefkry.
- Koinonia skep die ruimte om vir ander te sorg en deur hulle versorg te word. Om versorg te word, is 'n universele behoefte. Ons is mekaar se hoeders (Gen. 4:9). Hierdie dissipline kry nog 'n dieper dimensie by as

die Bybel vir ons sê dat ons sorgsaam moet wees, omdat dit is hoe God is. Sorg het twee kante. Dit vra die bereidheid om ander te versorg, maar ook dat ons ander sal toelaat om ons te versorg.

- Koinonia help ons om ons gebrokenheid en skuld te leer bely en mekaar te vermaan (Jak. 5:16). Skuldbelydenis teenoor 'n medemens kan op twee vlakke help: Eerstens help dit om 'n tussenmenslike verhouding wat skeefgeloop het, weer op 'n goeie spoor te kry. Tweedens kan 'n medemens, broer/suster, jou help om die vergiffenis wat jy sukkel om te aanvaar, wel te aanvaar en uit jou sisteem te kry. Christene het ook die verantwoordelikheid om mekaar aan te spreek en te vermaan wanneer en waar dit nodig is.

Koinonia skep gemeenskap tussen gelowiges. "Koinonia beinhaltet dann den Widerstand gegen den Götzendienst." (Kuhnke 1990:102). 'n Voordeel van koinonia is dat dit die weerstand teen godsdiens verminder en dat mense weer bymekaar uitkom.

Koinonia kry op 'n bepaalde manier vorm in 'n gemeente. Jurgens Hendriks (1992:92) praat in dié verband van "aanvullende koinonia-verbande". Daarmee bedoel hy dat die koinonia-verhoudings binne die verskillende groepe van gelowiges in 'n gemeente met mekaar in verband staan en daartoe lei dat koinonia in die praktyk tot sy reg kom (HJ Hendriks 1990:101-102 en 1992:93). Jurgens Hendriks (1992:94-103) wys op die volgende groeperinge wat hierop betrekking het:

- Die beginpunt is die individuele gelowige. Die gelowige stig koinonia deur 'n persoonlike geloofsverhouding met Jesus Christus. Sonder geloof kan geen koinonia beleef word nie.
- Geloof in Jesus Christus is die as waarom die wiel draai, en daarom is die gesin die wiellaers wat die wiel laat draai. Die gesin is die mees intieme groep waar gelowiges koinonia gedemonstreer sien, en dit aanleer. Die gesin se huisgodsdiens speel in hierdie verband 'n kardinale rol (vergeelyk byvoorbeeld Deut. 6:4-9).

- Die volgende groepering is die kleingroep, dit is 'n groep wat uit drie tot twaalf persone bestaan. Hierdie groepe kan omgegroepe, pastorale ondersteuningsgroepe of wyke wees. Die kleingroep is van wesenlike belang vir die ontwikkeling van koinonia in 'n gemeente.
- Die groter groep speel veral in die groter gemeentes 'n belangrike rol. So 'n groep is groter as twaalf lede en het tot ongeveer 120 lede. Die kerkraad, verskillende aksies en bedieningsgroepe is voorbeelde van die groter groep. Hierdie groepe help die beleving van koinonia aan en bevorder die funksionering van die gemeente as liggaam.
- In die erediens kom die gemeente saam om daar as gemeente koinonia te beleef. Dit sou wel 'n geldige vraag wees om te vra of dit altyd die geval is. Tog is dit waar dat aanbidding en viering in die erediens noodwendig tot koinonia met God en mekaar moet lei. Koinonia in die erediens beteken dat daar 'n atmosfeer moet wees wat mense laat tuisvoel, 'n liturg wat warmte skep, en 'n verloop wat deelname aanmoedig (Burger 1999:244).

Kuhnke (1990:311) wys daarop dat koinonia dit moontlik maak om die identiteit van die christelike gemeente te herstel. Daar is dus volgens hom 'n duidelike verband tussen die identiteit van 'n gemeente en koinonia as bedieningsterrein van die gemeente.

4.4.6 Diakonia

Diakonia wys daarop dat gelowiges God sal eer "... deurdat ons ander mense en sy skepping dien met selfverloënende dade van liefdesdiens." (Burger 1999:245). Daar bestaan 'n sterk band tussen geregtigheid en diens. Diakonia beteken dat gelowiges bereid sal wees om te doen wat reg is (Miga 6:8, Matt. 7:23). "Dit is waarskynlik die bediening wat deur die eeue die meeste afgeskeep is deur die kerk." (Burger 1999:246). Diakonia is 'n belangrike bedieningsterrein van die gemeente.

Christus het gekom om te dien (Mark. 10:45). Jesus se optrede bevestig hierdie diakonale gerigtheid. Hy is die groot Diakonos. (Bisschoff 1991:90).

Diakonia is 'n omvattende begrip vir die dienswerk van die kerk in hierdie wêreld.

Die perspektief van diensbaarheid loop deur die geskiedenis van die outestamentiese geloofsgemeenskap. So, byvoorbeeld, kom Koning Dawid op vir die swakke Mefiboset (2 Sam. 9). Diens beteken om die gebooie wat God gegee het, uit te leef (Peters 2000:32).

Deur die diakoniafunksie van die gemeente word God se liefde sigbaar en tasbaar in die gemeente en die wêreld. (Bisschoff1991:91). Die diakoniafunksie roep die gemeente telkens op tot selfondersoek en bekering, sodat enige vorm van selfgerigte religie in 'n lewe van diens kan verander. (Burger 1991b:123).

Diakonia begin by Jesus as die Dienskneg. Louw (1986:45-46) lig die volgende aspekte van Jesus se diens uit:

- Sy barmhartigheid en ontferming. Jesus is die Goeie Herder (Joh. 10) wat in liefde vir sy skape omgee, en selfs sy lewe vir die skape aflê.
- Sy nederigheid. Die voetwassing (Joh. 13) illustreer by uitnemendheid sy nederige diens.
- Sy selfontlediging. Jesus het sy eie belang kom prysgee, juis om te dien (Fil. 2:6-7).
- Sy selfoorgawe. Jesus se diakonia bereik die hoogtepunt met sy selfoorgawe aan die kruis. Elke aspek van Jesus se diens staan in die skaduwee van die kruis.

Die gawes wat die liefdesgemeenskap dien, moet trinitaries gefundeer word. "n Volheid van gawes, genoegsaam vir diakonia, word gegee met die oog op handeling in die kerk." (Venter 1996:87). Die gawes word primêr deur die werking van die Heilige Gees aangewakker.

Diakonia (diens) dui in sy teologiese betekenis op die dienswerk wat uit die Christusbediening in die wêreld opkom. "Nie alleen het Christus as Koning

van die kerk en as Gestuurde van die Vader Homself geopenbaar as die groot Dienskneg (Diakonos), die Ebedh Jahweh, wat gekom het om te dien en nie om gedien te word nie, maar Hy het ook die opdrag gegee om te dien (Matt. 20:25-28)” (De Klerk 1990:4).

Peters (2000:36-37) wys daarop dat die begrippe barmhartigheid en geregtigheid ‘n belangrike rol speel in die verstaan van die diakonaat. Barmhartigheid beteken om op te kom vir mense wat lei as gevolg van onreg. Geregtigheid beteken om die struktuur en situasie in die samelewing so te verander, dat die onreg nie meer moontlik is nie. Die mens kan dan tot sy reg kom.

De Klerk (1990:5-6) wys op die volgende sake ten opsigte van diakonia of kerklike dienswerk:

- Diakonia het ‘n Christologiese oorsprong en moet altyd binne ‘n trinitariese raamwerk en konteks geplaas word.
- Diakonia moet daarmee rekening hou dat die dienswerk en die dien van Christus vir die wêreld ‘n vreemde begrip is.
- Die diakonia van Christus in en deur sy kerk, kan nooit sonder die bekwaammakende toerusting van die Heilige Gees geskied nie. Die Heilige Gees gee die besondere geestesgawes aan die gemeentelede as deel van die liggaam van Christus (Rom. 12:5-8; 1 Kor. 12:1-11; Ef. 4:7-11) om hulle vir diens in die Koninkryk toe te rus.
- Die diakonia van die kerk omvat alle vorms van die kerk se bediening. Die dienswerk van die kerk het ‘n meervoudige karakter en omvat dienswerk op ‘n verskeidenheid van terreine.

In aansluiting hierby wys Burger (1999:247-248) op die volgende vyf aspekte van Bybelse diens:

- 1) “Diens is om te verstaan dat die lewe oor meer gaan as oor jou en jou probleme en dat lewenssin bepaal word, nie deur wat ander bereid is om vir jou te doen nie, maar eerder deur wat jy bereid is om vir ander te doen.” (Burger 1999:247)

- 2) Diens veronderstel ten minste 'n mate van selfopoffering.
- 3) Die verhouding tussen geloof en liefdesdiens is wederkerig en wedersyds verrykend (Matt. 16:24).
- 4) Diens het 'n noue verband met vocatio of roeping. Elke gelowige, net soos die kerk, het die roeping ontvang om diens te lewer ter verbetering van die lewe.
- 5) Diens is 'n baie konkrete saak. (vergelyk o.a. Matt. 21:28-32).

Gemeentelike dienswerk kom nie vanself nie. Diens moet doelgerig aangeleer en beoefen word. Burger (1999:249-257) doen aan die hand om

- raak te sien en geraak (beweeg) te word. Die nood van ander moet raakgesien word, deur daaraan blootgestel te word. Die nood moet nie net raakgesien word nie, maar die hart moet ook deur die nood geraak word.
- 'n drif vir die reg te hê en bereid te wees om verantwoordelikheid te aanvaar. Materialisme en individualisme lei tot 'n lewenshouding van onbetrokkenheid. Reg en geregtigheid is vir God 'n wesentliche saak. Gelowiges kan nie maar net toeskouers by onreg wees nie – hulle moet aan die dag lê om onreg uit te wys.
- betrokke te raak en van onself te gee. As die nood raakgesien word en gelowiges kom tot 'n besef van onreg, moet daar iets daadwerklik aan gedoen word. Die leierskap moet die gelowiges vir hulle dienswerk toerus (Ef. 4:11-12). Die kritieke vraag is hoeveel ons bereid is om ter wille van ander op te offer. Rentmeesterskap beteken dat ook ons besittings en geld aan die Here behoort.
- ons daaglikse werk as 'n lewensroeping (vocatio) te ontdek en te aanvaar en dit so uit te leef. "Diens is die kritieke plek waar ons Christelikheid oor die grense van blote religieusiteit spoel en 'n lewenswyse word" (Burger 1999:254). Dit is 'n lewenstyl en roeping wat ontdek moet word.
- te deel in ander se pyn en om vir ander te bid. Nie twee situasies is dieselfde nie. Dit vra van ons om in die pyn van ander te deel. Voorbidding speel in dié verband 'n belangrike rol.

‘n Gemeente wat erns van dienswerk wil maak, sal aan sekere sake aandag moet gee. Dienswerk is nie net ‘n saak vir die leierskap en ampsdraers in ‘n gemeente nie. “Vanweë die doop en omdat almal lede van dieselfde liggaam van Christus is, is daar geen kwalitatiewe verskil tussen die dienswerk van die offisiële ampsdraers en ander lidmate nie.” (Heyns 1993:360). Dienswerk is ‘n gemeentelike bedieningsterrein.

In die ontwikkeling van dienswerk as ‘n gemeentelike bedieningsterrein behoort die volgende aandag te geniet (Burger 1999:257-260):

- Kerklike dienswerk moet kwantitatief en kwalitatief opgegradeer word. Ruimte moet vir lidmate geskep word om hulle gawes te beoefen en verantwoordelikheid vir hulle bedienings te aanvaar.
- Dienswerk kan nie op ‘n afstand gedoen word nie. Meer as ‘n finansiële bydrae word gevra. Diensgeleenthede moet nadergebring en persoonlik gemaak word.
- Diensprojekte moet van onderaf groei en ontwikkel. Gemeentelede neem die inisiatief en neem eienaarskap vir die projekte.
- Dien reik ook wyer as die gemeente en lidmate moet die kans benut om by openbare gemeenskapsdienste betrokke te raak.
- Kleiner groepe kan by dienswerk betrokke raak.

Uit die voorafgaande is duidelik aangetoon dat gemeentelike dienswerk ‘n belangrike bedieningsterrein van die gemeente is; dat dit beslis verder ontwikkel kan word; en kritiese aandag in die proses van gemeente-analise verdien.

4.4.7 Samevattende opmerkings

Die vier bedieningsterreine is nie uitsluitend teenoor mekaar nie, maar integreer eerder die totaliteit van die bediening van die gemeente. Dit is nie ‘n keuse vir die een of die ander nie, of dat daar bepaalde prioriteite behoort te wees nie. Dit is vier terreine wat die totaliteit van gemeentelike bediening omvat en saamvoeg.

Smuts (1995:97) maak die volgende belangrike opmerking oor die plek van die vier bedieningsterreine binne die proses van gemeente-analise: “Die funksies bied ‘n beskrywing van die dinamika wat Bybels binne die gemeente funksioneer. Die mate waarin die kerugma, leiturgia, koinonia en diakonia gesond funksioneer, bepaal die mate waarin die gemeente daarin slaag om Bybels kerk van Christus te wees. In gemeentebou behoort die normatiewe waarde van die funksies vir die evaluering van die gemeente van deurslaggewende betekenis te wees.” Louw (1992:135) wys ook daarop dat hierdie vier komponente (doksa, getuienis, diens en gemeenskap) gebruik kan word as diagnostiese kriteria in die evaluering van bestaande gemeenteboumodelle.

Die vier bedieningsterreine vind op verskeie maniere neerslag in die gemeente. Smuts (1995:117- 119) maak in dié verband die volgende insiggewende opmerkings:

- Leiturgia: Daar is variasie in die verskillende moontlikhede wat bestaan. Dit kan selfs gebeur dat ‘n gemeente tussen die karakter van verskillende vieringsgeleenthede differensieer, bv die verskil tussen ‘n oggend- en ‘n aanddiens. ‘n Gemeente behoort tuis te voel binne die differensiasie en vierend daaraan te kan deelneem
- Kerugma: Lering en onderrig vind nie net in die formele kategetiese plaas nie, maar ruimte moet vir die deurlopende onderrig van lidmate gelaat word.
- Koinonia: Die rol van getalle kan nie in die belewenis van koinonia onderskat word nie. Die vestiging en uitbou van ‘n behoorlike kleingroepbediening is noodsaaklik. “Die gemeente behoort so gestruktureer te word dat voldoende voorsiening gemaak word vir kleiner verbande waarin lidmate in sinvolle verhoudings tot mekaar kan kom.” (Smuts 1995:119)
- Diakonia: Die koinoniale verbintenis van lidmate kom veral na vore in die mate waarin lidmate mekaar met hulle gawes dien. Diens geskied op drie vlakke: diens aan God, diens aan mekaar en diens aan die wêreld.

“Het hart van de kerk klop in de plaaselijke gemeente, waar het Woord wordt verkondigd en gehoord, waar de sacramenten worden gevierd; waar gemeenschap wordt geoefend; waar de dienst gestalte aanneemt en waar het getuigenis opklinkt”, vat Dingemans (1987:78) die kern van die saak saam. Die basis van die kerk lê in die plaaslike gemeenskap. Aan die eenkant is daar die misterie van die ontmoeting van Christus met sy volgelinge en aan die anderkant is daar die gelowiges wat saamkom om Christus te dien. “Er is een beweging van Christus uit, die niet te organiseren is. En er is een menslike aktiviteit, die – per definitie – georganiseer en geregeld moet worden.” (Dingemans 1987:80). Dit lei tot vormgewing in die gemeente. Hierdie saak kom in die volgende hoofstuk ter sprake.

HOOFSTUK 5: GEMEENTE AS EMPIRIESE WERKLIKHEID

5.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Die gemeente is nie net 'n teoretiese moontlikheid nie, maar ook 'n empiriese werklikheid. Daar is reeds gewys (pt 3.3.2) op die onderskeid wat Nel (1994:12) maak tussen die gemeente as gedefinieerde subjek en die gemeente as empiriese subjek. Vanuit die prinsipiële lyne wat in die vorige hoofstuk getrek is, word dit duidelik dat die gemeente in 'n bepaalde vorm binne 'n sekere konteks neerslag vind. Beide vorm en konteks moet deel uitmaak van 'n behoorlike gemeente-analise.

Dit is nodig om in dié verband weer (kyk pt 3.1.2) te kyk na Heitink se onderskeid tussen *theorie* en *praxis*. Teorie is vir hom 'n hermeneuties-teologiese teorie wat die christelike tradisie met die ervaring, lewe en handeling van die moderne mens in verband bring (Heitink 1993:149). Heitink (1993:148) verstaan onder *praxis* "... het handelen van individuen en groepen in de samenleving, zowel binne als buiten de kerk, die zich in hun leven en samenleven willen laten inspireren door de christelijke traditie en zich willen richten op het heil van mens en wereld." Hy maak voorts 'n onderskeid tussen *praxis 1* en *praxis 2*. *Praxis 1* verwys na die bemiddeling van die christelike geloof en *praxis 2* na die praktyk van die moderne samelewing (Heitink 1993:164). Die gemeente kom binne die praktyk te reg.

In hierdie gedeelte word die gemeente as empiriese subjek onder die loep geneem. Dit gaan oor die plaaslike gemeente en hoe die gemeente op plaaslike of mikrovlak lyk en optree. Die gemeente funksioneer ook binne 'n bepaalde konteks en daarom word na die gemeente binne makrovlak gekyk.

5.2 DIE GEMEENTE OP MIKROVLAK

5.2.1 Gemeentelike spiritualiteit

Spiritualiteit verwys, gewoonlik in die algemeen, na die enkeling se geestelike lewe in sy verhouding tot God. Woorde soos: vroomheid, godvresendheid en godsvrug kan ook in die verband gebruik word. Dit verwys na die belewenis- of ervaringskant van godsdiens. Dit geld egter nie net vir die enkeling in sy verhouding tot God nie. Jonker (1989:289) wys daarop dat die enkeling se persoonlike omgang met God altyd ingebed is in die vroomheid van die geloofsgemeenskap. Die individu beleef altyd sy vroomheid binne 'n bepaalde geloofstradisie. Smit (1988:187) wys daarop dat die familie-, gemeente- en samelewingsverband die enkeling se geloofsbeleving beïnvloed.

Soos 'n individu in verhouding met God lewe, is dit ook van 'n gemeente waar. Daar is reeds op die gemeente se verhouding met God Drie-enig gewys (Hoostuk 4), daarom kan daar ook van 'n gemeentelike spiritualiteit, in die mate dat 'n gemeente as gemeenskap van gelowiges in verhouding met God lewe, gepraat word. Smit (1995:43) onderskei gemeentelike spiritualiteit van identiteit – wie is ons; kultuur – hoe lewe ons; tradisie – wat bewaar ons; en geestelike groei – hoe volhard ons. Spiritualiteit is die gemeente se antwoord op die vraag: Aan wie behoort ons? Gemeentelike spiritualiteit is "... the manifestation of a congregation's apprehension of and response to the presence and activity of God in the world." (Smit 1995:44). Dit is die gemeente se verstaan van hoe hulle in God se plan vir die wêreld inpas. Dit is nie 'n program nie, maar 'n proses. Die verstaan van die proses lei tot verandering en 'n betrokkenheid by God se plan vir die wêreld.

Die gemeentelike spiritualiteit lê nie altyd op die oppervlak nie. Tog speel dit op die onbewuste vlak in die gemeente 'n groot rol in die manier waarop dit 'n gemeente beïnvloed, en verandering lei of rem. Die gemeente se spiritualiteit word deur die storie van die gemeente "ontdek". "Story becomes the vehicle through which the origin, development and self-understanding of the faith community is revealed." (Smit 1995:67).

Die gemeentelike spiritualiteit kan in terme van drie verhoudings beskryf word (Smit 1995:69-70):

- Die verhouding met God: Die Gods-tapisserieë is die verskillende beelde en metafore wat die gemeentelede van die persoon en werk van God het.
- Die verhouding met mekaar: Die verskillende lede lewe op 'n bepaalde manier saam. Metafore wat gebruik word om die gemeenskapslewe mee te beskryf, is onder andere, die liggaam van Christus, Herder-skape en familie.
- Die verhouding met die wêreld: Die gemeente is geroep om as 'n getuie teenoor die wêreld op te tree.

Spiritualiteit is nooit voltooi en afgehandel nie, daarom is die eskatologiese dimensie nodig, "Spirituality is never a completed reality, otherwise it will become stagnant. Spirituality, to be really vital, is always contextual and provisional but most of all it's intentional." (Smit 1995:79). Die gemeente se unieke verhouding met God lei tot 'n konkrete gestalte van gemeentewees.

5.2.2 Die ontwikkeling van gemeentelike strukture

Die gemeente-identiteit en -doel kry binne die raamwerk van die vier bedieningsterreine konkreet gestalte in 'n empiries-waarneembare gemeente. Die proses kan as institusionalisering of konkretisering beskryf word (Burger 1999:261). Die teorie moet in die praktyk oorgaan. Die verskillende teorieë kry in die praktyk 'n bepaalde gestalte of vorm. Deur hierdie proses word 'n prakties-teologiese ekklesiologie ontwikkel.

Pieterse (1993:158) onderskei tussen die kerk as organisme en die kerk as organisasie. As organisme bestaan die kerk in die wêreld as die gemeente van Jesus Christus en het as sodanig 'n teologiese identiteit. Die kerk is teologies gesproke die liggaam van Christus en kan dus as 'n organisme beskou word. Aan die anderkant bestaan die kerk ook in die wêreld as 'n

gewone menslike instelling ('n vereniging van vrywilligers) en is as sodanig 'n organisasie.

Die vier bedieningsterreine behoort as vertrekpunt vir die vorming en funksionering van die strukture van die gemeente te dien. Bisschoff (1991:85) wys daarop dat die verhouding tussen die vier bedieningsterreine dialekties van aard is. Dit beteken dat die gemeente strukture nodig het om die bedieningsterreine te operasionaliseer. Andersyds kan die strukture gekritiseer word in die mate waarin dit die behoorlike funksionering van die bedieningsterreine belemmer. Die strukture waarbinne die bedieningsterreine funksioneer is nie onveranderlik en vir altyd vas nie (Pieterse 1991:68).

Drie sake bepaal die vormgewing van 'n gemeente (J Hendriks 1994:346): die definisie (korrek of nie) van die situasie, die beeld wat die gemeente van haar sentrale doel het en die opvatting oor hoe die wesenlike struktuur van die gemeente moet lyk. Dit beteken dat strukture nooit onveranderlik en finaal kan wees nie, maar voortgaande in wisselwerking met die gemeente se identiteit en konteks gevorm word.

Smuts (1995:35) onderskei tussen gemeentestruktuur en bedieningstruktuur. Gemeentestruktuur dui op die kerkregtelike voorskrifte wat volgens die kerkorde vir 'n gemeente geld. Die bedieningstruktuur is die inhoudelike inkleding van die gemeentestruktuur aan die hand van die bepaalde gemeente se bedieningsmodel. Hier val die klem op die bedieningstruktuur wat na aanleiding van die onderskeie bedieningsterreine gevorm word.

Die doel van strukture is om te sorg dat die bedieningsterreine binne 'n gemeente tot hulle reg kom. "Aangesien funksies altyd van strukturele voorveronderstellings afhang, vloei uit die kritiese analise van die funksies noodwendig kritiek van die strukture voort." (Pieterse 1991:70). Dit spreek dus vanself dat daar krities na die gemeentelike bedieningstrukture gekyk moet word. Dit is 'n belangrike deel van 'n gemeente-analise.

5.2.3 Ekklesiologiese modelle

Hoekom is dit nodig om na verskillende modelle te kyk? Verskillende ekklesiologiese modelle is al in die konkretisering van die gemeente gebruik. In dié verband word na vier modelle gekyk wat op 'n bepaalde manier aan die verskillende bedieningsterreine gestalte gegee het. Die vier ekklesiologiese modelle wat bespreek gaan word, is die

- instituutmodel;
- verkondigingsmodel;
- liggaamsmodel; en
- transformasiemodel.

5.2.3.1 Die instituutmodel

Die instituut- of kultiese model geld in die Rooms-Katolieke Kerk vanaf ongeveer 1550 tot 1950. Tradisioneel omskryf die Rooms-Katolieke Kerk die kerk in terme van drie elemente, naamlik

- belydenis van ware geloof;
- deelname aan die sakramente; en
- onderdanigheid aan amptelike kerkleiding (HJ Hendriks 1992:14).

Kenmerke van hierdie model is dat die priester se teenwoordigheid die kerk konstitueer, dat kommunikasie monologies “van bo” plaasvind, en dat die altaar en die sakrament van die Nagmaal sentraal in die erediens en liturgie staan (HJ Hendriks 1992:16-17). Die model fokus op die hiërargie van ampte, die kerklike intituut en die sakramente. Lidmate word as leke beskou. Hulle bly in 'n hoë mate onaktief en ontwikkel 'n afhanklikheid van die ampte. (Louw 1992:126-128). Die sigbare kerk is primêr. Die kernfunksie van die kerk is lering (soos in die skool); heiligmaking (die pous en die biskoppe draai die kraan van genade oop en toe); en regering (hiërargies). Die lidmate bely en leer, neem deel aan die sakramente en aanvaar die gesag van die ampte (Dulles 1988:34-44).

Die positiewe sy van dié model is dat dit vir eeue die amptelike sanksie van die Rooms-Katolieke Kerk gehad het, en dit het sekerheid en 'n korporatiewe identiteit aan die Rooms-Katolieke Kerk gegee (Dulles 1988:34-44). Die model bevorder voorts ook eenheid, stabiliteit en lei tot 'n sterk identiteitsbewussyn by lidmate. Godsdienst kry binne dié model 'n sterk objektiewe karakter (HJ Hendriks 1992:18).

Die negatiewe kant sluit in dat die model 'n swak Bybelse basis het, dat dit tot passiwiteit van die lidmate lei, dat daar min ruimte vir kreatiewe teologie is, dat dit nie-Bybelse waarhede sanksioneer en dat dit uit pas met die wêreld van dialoog en ekumene is (Dulles 1988:34-44). Die model is deur die eeue vanuit die tradisie gevorm en gevolglik het dit nie 'n sterk teologiese en Skriftuurlike basis nie. Die hiërargiese struktuur lei daartoe dat die amp 'n outoritêre karakter kry, dat lidmate onaktief raak en as "leke" beskou word. Dit maak vernuwing baie moeilik (HJ Hendriks 1992:18)

Lidmate met 'n behoefte na die mistieke voel hulle meer tuis in dié model (Louw 1992:126-128). Die model laat veral die klem op leitourgia as bedieningsterrein val.

5.2.3.2 Die verkondigingsmodel

Die kerk as herout lê veral klem op die kerugma, en dit lei tot 'n kerugmatiese kerkmodel (Pieterse 1991:71). Die verkondiging van die Woord kry sterk klem, daarom word die kerk as 'n boodskapper gesien wat 'n koninklike dekreet in die publiek afkondig. Die homiletiese model het verkondiging en lering as fokuspunt. Klem word op die Woord gelê en en alle aktiwiteite word vanuit dié vertrekpunt onderneem. Lidmate met 'n gereformeerde agtergrond voel hulle meer tuis in so 'n model (Louw 1992:126-128)

Die model ontwikkel vanuit die reformasie as reaksie op die instituutmodel. In hierdie model staan die verkondiging van die Woord sentraal. In dié model is kerk daar waar die Woord is en nie waar die amp is nie. Christus is die vleesgeworde Woord en die Leraar by uitnemendheid. Teen dié agtergrond

ontwikkel die leraarsamp as die amp waarom die hele bedieningspraktyk van 'n gemeente draai. 'n Presbiteriale regeringstelsel word gevolg waar die ouderlinge die kerkregering behartig. In dié model word sterk op kognitiewe kommunikasie klem gelê. Die erediens word om die verkondiging van die woord ingerig. Die preekstoel staan sentraal en die gemeente sit en luister. (HJ Hendriks 1992:20-22).

Die kenmerke van die model waarop Pieterse (1991:72) wys, sluit in dat

- dit 'n protestantse model is wat sy oorsprong by Luther en Calvyn het;
- die gemeentelêde saamgebind word deur die band van geloof in Christus as reaksie op die verkondiging van die Woord; en dat
- die kerkregering presbiteriaal is, terwyl dit soms ook kongregasionalisties kan wees.

In hierdie model staan die Woord primêr en die sakramente sekondêr. Die model is kerugmaties van aard en kerklidmate word as die volk van God gesien. Die Woord vergader die kerk, die plaaslike kerk is volledig kerk waar daar op die Woord geantwoord word, en die Woord en kerk is daarom onskeibaar. Die doel van die kerk is om die Evangelie te verkondig.

In 'n positiewe sy kan van die model gesê word dat dit 'n goeie Bybelse basis het; dat dit met die opdrag aan die kerk identifiseer; dat dit op die soewereiniteit van die mens en die afstand van God wys; en dat daar 'n ryk teologie van die Woord is (Dulles 1988:76-85). 'n Verdere positiewe eienskap van die model is sy goeie teologiese basis as gevolg van die klem op die Woord en belydenisskrifte. Die rol van die plaaslike gemeente as volwaardige kerk word ook deur die model erken (HJ Hendriks 1992:23-24).

Die model het sekere leemtes. Dit is nie genoeg om net van die Woord te praat nie, die kerk is ook 'n instelling, daar kan te veel klem op getuieis en te min op handeling val (Dulles 1988:76-85). Die rol van die Heilige Gees en heiligmaking word nie genoegsaam verreken nie. Dit kan daartoe lei dat die lewensnood van mense, sosiale ongeregtigheid en strukturele geweld nie

genoeg aandag kry nie. 'n Verder leemte van die model is dat die klem wat op lering en verkondiging val, daartoe lei dat godsdiens baie sterk intellektueel beskou word. Dit lei tot 'n gebrek aan die belewing van gemeenskap, meelewing en die benutting van gelowiges se gawes. Die rol van die leraar as die verkondiger van die Woord lei tot die ontstaan van 'n "domineeskerk". (HJ Hendriks 1992:23-24)

Die model laat veral die klem op kerugma as bedieningsterrein val.

5.2.3.3 Die liggaamsmodel

Dulles (1988:47-62) praat in hierdie verband van die kerk as mistieke gemeenskap. Die kerk is meer as net 'n institusie, dit is ook 'n broederskap. Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges en daar word na Bybelse beelde soos die volk van God en die liggaam van Christus verwys. Die model begin teen die middel van die negentiende eeu ontwikkel. Vaticanum II stel dit dat die kerk hiërargies en die liggaam (volk van God) is. Die kerk word nie net meer in 'n juridiese sin verstaan nie, maar ook organies as die gemeenskap van gelowiges.


Die liggaamsmodel beklemtoon die teenwoordigheid (immanensie) van God. Jesus is die Hoof van die kerk en die kerk word opgebou deur almal se gawes te benut. Dit is 'n kerk wat "van onder" af gebou word. Die amp van elke gelowige, wat 'n rol in die liggaam speel, word beklemtoon. Die liggaamsmodel lê klem op meerrigting-kommunikasie. Die klem lê nie net by die groot erediens nie, maar ook by die gemeenskap van gelowiges in die kleingroep (HJ Hendriks 1992:25-27).

Die kerk as liggaam gee veral aandag aan die rol van koinonia binne die gemeente. Die model skep, volgens Pieterse (1991:75) veral ruimte vir

- die werk van die Heilige Gees en die beoefening van geestesgawes;
- spiritualiteit en onderlinge sorg;

- die uitleef van die mens se behoefte aan diepgaande interpersoonlike verhoudinge; en
- klem word veral op die kleingroep-struktuur gelê.

Louw kies 'n charismatiese liggaammodel omdat dit "al die vorige motiewe verstaan en vertolk vanuit 'n meer sentrale en fundamentele teologies-ekklesiologiese motief: die opboumotief wat lei tot geestelike volwassenheid en spiritualiteit" (1992:127). Klem word op 'n omvattende diakonia gelê. Diens en charisma vorm 'n onlosmaaklike en interaktiewe verband vanweë die pneumatologiese karakter van kerklike diensbetoning. In sy kern gaan dit dus in hierdie model oor 'n groeiproses waardeur die gelowige in Christus vestig (konsolidasie); oor 'n spesifieke dinamiese doelwit, naamlik geestelike volwassenheid (ontwikkeling); asook oor 'n onderlinge betrokkenheid en 'n eenheid in liefde (gemeenskap). Die opboumotief is intensief en ekstensief. (Louw 1992:126-128). Skematies stel Louw die opbou-motief in 'n prakties-teologiese ekklesiologie soos volg voor:



Aan die positiewe kant verbeter die liggaamsmodel die institusiemodel deur ook klem op die gemeenskap (koinonia) te lê. Dulles (1988:47-62) vind die model se basis in die Rooms-Katolieke tradisie. Die liggaamsmodel lê klem op die persoonlike verhouding tussen die lede en hulle geestelike lewe en spreek die nood van die mense aan (Dulles 1988:47-62). Die model laat groter klem val op die rol van die Heilige Gees in die proses van heiligmaking en die gemeenskap van die gelowiges. Dit bring mee dat die amp van die gelowige meer tot sy reg kom.

Aan die negatiewe kant kan die beklemtoning van die Pneumatologie ten koste van die Christologie en die Woord tot subjektivisme lei (HJ Hendriks 1992:28). Die rol van die ander ampte en die kerk as instituut kan maklik onderbeklemtoon word. Die model verduidelik nie die geestelike en sigbare elemente van die kerk nie en te groot klem word op die geestelike karakter van die kerk gelê. Die liggaamsmodel gee nie 'n duidelike identiteit aan die kerk nie en daar is 'n spanning tussen die lede se persoonlike verhouding en die kerk as gemeenskap van genade (Dulles 1988:47-62).

Die model ontwikkel veral rondom koinonia as bedieningsterrein.

5.2.3.4 Die transformasiemodel

Die kerk as dienskneg beklemtoon veral diakonia as bedieningsterrein. "Die grootste aantreklikheid van hierdie model is geleë in die feit dat die kerk reageer op die moderne wêreld." (Pieterse 1991:78). Die kerk word weer diensbaar aan die wêreld. In sy meer revolusionêre vorm, word in hierdie model klem gelê op bevrydende aksies, sosiale problematiek en strukturele vraagstukke. Klem word veral op protes as kommunikasiestyl gelê. Lidmate met 'n behoefte aan sosiale verandering vind binne die model 'n tuiste (Louw 1992:126-128).

Die model ontstaan in reaksie op onreg in die samelewing wat die menswaardigheid van die mens en die natuur bedreig. Die bevrydingsteologie ontstaan in die Derde Wêreld as reaksie teen die kerk wat die status quo ten

koste van die verdruktes en die armes regverdig. Die ekologiese beweging ontstaan in die Eerste Wêreld in opstand teen ekonomiese en militêre aktiwiteite wat die ekologie bedreig (HJ Hendriks 1992:29). Die transformasiemodel word daarom soms as 'n reaksionêre model beskryf.

In al die vorige modelle staan die kerk in 'n bevoorregte posisie in die samelewing. Die kerk is die objek en die samelewing die subjek. Sedert die verligting word die wêreld al meer onafhanklik van die kerk. Die kerk moet die wêreld liefhê en daarom dienskneg wees. Dietrich Bonhoeffer en Harvey Cox het veral op die dienskneggestalte van die kerk gewys. Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges wat daar is om die wêreld te dien. Die doel van die kerk is nie om nuwe lede te kry nie, maar om te help. (Dulles 1988:89-99)

In die model staan God by die mens in sy nood. Christus is die Profeet en Bevryder wat die mens van sy nood wil verlos. Geloof word baie spesifiek aan die doen van wat reg is, gemeet. Die kerk behoort 'n krities-profetiese rol te vervul en die gestalte van 'n dienskneg aan te neem. Die kerk en sy lidmate vereenselwig hulle met die gewone mens in sy nood en lyding (HJ Hendriks 1992:30-32).

Die model laat, aan die positiewe kant, die klem op 'n wyer Koninkryksperspektief val. Geregtigheid en verlossing het ook sosiale implikasies. As beeldraers van God is alle mense se menswaardigheid belangrik. Die kerk kan nie net na binne gerig wees nie, maar het 'n verantwoordelikheid teenoor die breëre samelewing. "Vir miljoene mense het hierdie model weer die geloofwaardigheid van die kerk herstel omdat die lewensnood en bestaanskrisis van die eenvoudige, die arme, weer in die sentrum van die kerk se aktiwiteit betrek is." (HJ Hendriks 1992:34). Positief pas die model goed aan by die nuwe situasie in die wêreld, die wêreld het 'n behoefte aan 'n kerk wat wat kan gee: Geloof; hoop; vrede en geregtigheid. Die model gee 'n nuwe visie en vitaliteit aan die kerk. (Dulles 1988: 89-99)

Die model is nie sonder probleme en kritiek nie. Die kerk kan te maklik in politieke-ideologiese sake verval en die verheerliking van God uit die oog

verloor. Die kerk kan maklik deur die politiek gekoop word. Versoening begin by 'n herstelde verhouding met God wat horisontale implikasies het. (HJ Hendriks 1992:34). Aan die negatiewe kant het die model geen Bybelse grondslag nie, dienskneg is 'n dubbelsinnige term, die verhouding kerk en Koninkryk van God is problematies en die model kan tot 'n sekulêre ekklesiologie lei (Dulles 1988: 89-99).

Diakonia as bedieningsterrein ontvang in hierdie model die meeste aandag.

5.2.4 Leierskap in die gemeente

Leiers neem in 'n gemeente 'n belangrike verantwoordelikheid ten opsigte van die konkretisering van die doel en bedieningsterreine van die gemeente, in. Leierskap is 'n wesenlike deel van die konkretiseringsproses. Christus is die Hoof van die gemeente en Hy neem gelowiges as leiers in diens, sodat die gemeente opgebou en toegerus kan word (Ef. 4:12). In die lig hiervan kan die volgende oor leierskap in die gemeente gesê word (Richards en Hoeldtke 1980:37):

- Leiers het binne die gemeente as liggaam van Christus 'n besondere taak.
- Leiers moet die lede van die liggaam vir hulle bediening voorberei.
- Die funksie van leiers is om te sorg dat die liggaam tot geloofsvolwassenheid groei.

Die leier in die gemeente is daar om te dien. Nel (1994:62) wys op Paulus se definiëring van van sy bediening in terme van diens:

- Paulus verkondig Christus as die Here en homself as die gemeente se dienaar ter wille van Christus.
- Hy stel homself as slaaf van Christus bekend.
- Hy roep die gemeente op tot navolging van Christus in sy gesindheid van diensbaarheid.

Leiers word in die gemeente geroep om diensbaar te wees. Dissipels word geroep om volgelinge te wees (Nel 1994:65).

Nel (1994:67) omskryf leierskap as die besondere vermoë of bekwaamheid wat God aan sekere lede van die liggaam van Christus gee om doelwitte vir die toekoms in lyn met God se doel te stel en om hierdie doelwitte op so 'n wyse aan ander te kommunikeer dat hulle vrywillig in harmonie saamwerk om dit tot eer van God te bereik. Leiers begelei die gemeente om by God se doel vir die gemeente uit te kom en nie by die leiers se doel nie.

Die lewensaard en geestelike gesondheid van 'n gemeente hang ten nouste met die aard van die leierskap in die gemeente saam. Smit e.a. 1995:25) wys daarop dat die styl en aard van leierskap in hierdie verband dié van begeleiding moet wees. Dit sluit by die leier as 'n dienskneg aan. Begeleiding beteken daarom dat die verskillende leiers gelykwaardig in status en deelname in die gemeente is. Die taak van die leier val in drie dele uiteen (Smit e.a. 1995:27):

- Die *interpretasie* van die betekenis van die Skrif en die werklikheid waarbinne die gemeente leef;
- die *opbou* van die gemeente tot 'n hegte geloofsgemeenskap; en
- die *ondersteuning* van die gelowiges en die gemeente se bediening in die wêreld.

Leierskap hou meer in as om die gemeentelike lewe te bestuur. Spiritualiteit kyk verder as net 'n ervaring van God as 'n doel op sigself. Leierskap en spiritualiteit handel oor rigting en om vas te stel waarheen God met die gemeente op pad is. (Smit 1995:2).

Die leierskap van 'n gemeente neem deur middel van die proses van onderskeiding en vanuit die volgende drie dimensies besluite: Skrif, tradisie en kultuur. Elke dimensie voorsien 'n betekenisvolle bron van inligting en beïnvloed die besluite wat die leierskap moet neem, wesenlik (Smit 1995:18).

- Die Skrif is meesal die enigste bron van kennis vir gelowiges en neem daarom 'n besondere plek in (Smit 1995:21).
- Die christelike tradisie sluit in die rykdom van dokumente wat oor die verloop van tyd ontstaan het - belydenisskrifte, liturgieë, liedere, besluite,

ensovoorts (Smit 1995:22). Die christelike tradisie vind sy konkrete neerslag in die plaaslike gemeente. Die gemeente ontvang dit nie passief nie, maar interpreteer dit en reageer dinamies daarop.

- Kultuur verwys na die samelewing waarbinne die gemeente lewe, speel en werk. Die gemeente ontwikkel 'n eie kultuur in onderskeiding van, en in interaksie met, die omgewing waarbinne dit is (Smit 1995:25).

In die lig hiervan is daar 'n verskeidenheid van leiers, van predikante, ouderlinge en diakens af tot omgeeiers en kategete, in 'n gemeente werksaam. Die rol van die leiers in die plaaslike gemeente kan beslis nie onderskat word nie. Hulle speel 'n wesenlike rol in hoe die gemeente konkreet hulle doel bereik en bediening uitvoer. 'n Gemeente-analise kan nie by die rol van leiers binne die gemeente verbygaan nie.

5.2.5 Enkele gevolgtrekkings

In die lig van die bespreking oor die gemeente op mikrovlak, kan 'n hele paar gevolgtrekkings gemaak word. Die gemeentelike spiritualiteit speel 'n kardinale rol in die ontwikkeling van 'n gemeentelike ekklesiologie. 'n Gemeentelike ekklesiologie kan nie net aan die hand van een model of bedieningsterrein ontwikkel word nie. Al vier die bedieningsterreine moet hulle regmatige plek binne die gemeentelike ekklesiologie kry. Uit 'n analitiese oogpunt is die kritiese vraag of die gemeente in sy konkrete gestalte reg aan al vier bedieningsterreine laat geskied. Dra die leierskap van die gemeente daartoe by dat dit gebeur?

5.3 DIE GEMEENTE OP MAKROVLAK

Die kerk en gemeente is nie van die samelewing geïsoleerd nie, maar opereer binne 'n sosio-kulturele konteks (Louw 1992:132-133). Gemeentes en gemeenteleiers behoort kennis te neem van die menings, oortuigings, beskouings en houdings van die gemeenskappe waarbinne hulle staan (Groenewald 1993:8-9).

In 'n gemeente gaan dit oor 'n bediening aan mense, mense wat binne 'n bepaalde samelewing lewe. Die bediening moet verstaanbaar wees vir die mense na wie die gemeente uitreik en daarom beïnvloed die wêreld en omgewing waarbinne 'n gemeente optree die styl en bediening van die gemeente (Burger 1999:124).

“Die verrekening van die situasie in die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel vir die gemeente funksioneer nie as 'n addendum tot die Skriftuurlik-teologiese besinning oor kerk-wees nie. Dit bly 'n volwaardige spanningspool in die bipolêre verhouding van ekklesiologie (teorie) en situasie (praxis)” (Smuts 1995:124). (Verwys weer na die gebruik *praxis 1* en *praxis 2* van Heitink 1993:19-20).

Die kultuur en konteks van die samelewing verander en daarom is die verteenwoordiging van die kerk en gemeente in die samelewing ook veronderstel om te verander. Individualiseing en pluralisering is veral twee prosesse wat verandering veroorsaak (Groener en Hendriks 1997:237). 'n Gemeente sou die invloed van die proses kon ignoreer, maar die lidmate leef in 'n samelewing waarbinne dit gebeur en ontsnap daarom nie die invloed van die prosesse nie. Hulle beleef juis deur “.. individualisering en pluralisering een groot verlangen naar eenheid, heelheid en gemeenschap” (Groener en Hendriks 1997:239).

Die kern van die roeping van die gemeente lê in die samehang en gelyktydige realisering van die gemeenskap met God, gemeenskap met mekaar en diens aan die wêreld (Groener en Hendriks 1997:240).

Die gemeente lewe wel op die kerk- en markplein, maar dan om 'n ronde tafel waar almal gelyk is. Dit geld vir die lewe na binne en ook vir die gemeente se deelname in die samelewing (Groener en Hendriks 1997:246).

Die diens van die kerk aan die samelewing is gerig op vrede, vrede wat verkondig word (kerugma), geleef word (koinonia) en gedemonstreer word in

nederige diens (diakonia) (Groener en Hendriks 1997:248). Dit beteken dat die gemeente 'n versoende gemeenskap behoort te wees. Die gemeente is 'n amfiteater wat oop is en gerig is op die omgewing waarbinne dit staan, en is nie 'n geslote gemeenskap nie (Groener en Hendriks 1997:249). Vir die gemeente beteken dit, onder andere, die volgende:

- Die gemeente besef die samelewing het wesenlik as gevolg van individualisering en pluralisering verander en daarom bevind die gemeente haarself op die markplein. Dit is die beeld wat sy van haar konteks het.
- In die gemeente word mense as beelddraers van God ernstig opgeneem en is die gemeente ook bereid om van hulle te leer. 'n Styl van wedersydse dialoog word gevolg.
- Die gemeente betree die markplein in die gestalte van 'n dienskneg. (Groener en Hendriks 1997:251).

Uit 'n ondersoek na "... de christelike presentie in een (grote stads)wijk" wat Schippers en Jonkers in vier stede in Nederland (Amsterdam, Den Haag, Rotterdam en Utrecht), maak Schippers en Jonkers (1989:31-53) die volgende opmerkings oor "kerk en buurt in theologisch perspektief":

- Openheid. Daar is 'n oop houding tot die gemeenskap, daar kan nie van 'n geslote kerkbeeld, wat net na binne gerig is, sprake wees nie. Dit beteken dat 'n bepaalde interkerklikheid (ekumene) en 'n sorg vir ander in die gemeentes teenwoordig is. Daar is 'n bereidheid om voortdurend te leer.
- Wisselwerking. Die gemeenskap is voortdurend aan die verander, mobiliteit in die gemeenskappe is groot. Dit lei tot spanning en onrustigheid binne gemeentes. Die gemeente kan nie net deur die middelklas gevange gehou word nie. Die leerproses lei tot 'n gewilligheid om van ander te leer. Dit gebeur binne 'n netwerk van verhoudinge.
- Identiteitsontwikkeling. 'n Openheid na, en wisselwerking met, die gemeenskap lei noodwendig tot 'n verandering of ontwikkeling in die identiteit van die gemeente. Dit roep veral die vraag op na die kerk vir die ander of vir die arme. Wie is God en wat wil Hy met die mens maak? Hoe moet die gemeente binne die wêreld optree?

Burger (1999:132-133) wys op die volgende tendense op makrovlak wat die gemeentelike bediening wesenlik beïnvloed:

- Globalisering lei daartoe dat daar 'n groeiende interafhanklikheid tussen verskillende lande en wêrelddele is.
- Kapitalisme word as die enigste werkbare ekonomiese sisteem gesien en daarmee saam loop 'n noodwendige groei in materialisme en die opkoms van multi-nasionale maatskappye.
- Daar is 'n oorgang van die moderne era af, na 'n postmoderne era toe.
- Die gevolg van Amerika se status as sterkste wêreldmoondheid, is dat die wêreldsamelewing besig is om te veramerikaniseer.

5.3.1 Gemeentekonteks

Elke gemeente staan binne 'n bepaalde konteks. Hierdie konteks of makro-omgewing is al in verskeie studies beskryf.

In Februarie 1971 verskyn 'n verslag van die Nederlandse Hervormde Kerk: *Gemeentevormen en gemeenteopbouw*. Die verslag neem die veranderende situasie waarbinne die betrokke kerk hom bevind, ook demografies, onder die loep.

In die laat sewentiger jare word vrae oor die grondwaardes in die Europese samelewing gevra. Dit lei tot 'n ondersoek in 1981 in 9 Europese lande (Verenigde Koninkryk, Ierland, Bondsrepubliek, België, Nederland, Frankryk, Italië en Spanje). Die verslag staan in België as *De stille ommekeer* bekend. Die verslag klassifiseer België as 'n godsdienstige land, aangesien 77% van die Belge sê dat hulle in God glo (Dobbelaere 1984:69). Die toekoms lyk egter nie rooskleurig nie. Die kerk gaan homself in 'n al hoe moeiliker omgewing bevind. "In de geseulariseerde wereld zijn de kerken marginale instellinge geworden. De Katholieke Kerk verkondigt in België volgens vele een onaangepast geloof, zij biedt een rituele relatie aan met een onbestaand of onpersoonlijke God, en zij verkondigt voor velen een afunctionele ethiek. Het

is een instelling uit een voorbije tyd.” (Dobbelaere 1984:109). Die daaropvolgende verslag bevestig hierdie tendens: *De versnelde ommekeer*.

In Nederland verskyn in dié verband studies oor *God in Nederland*. Dit strek oor ‘n tydperk van dertig jaar (1966 tot 1996). Die verslag help om die kerk en gemeente in Nederland in konteks te plaas. Die sentrale vraag is: “... hoe het is gesteld met de al dan niet kerkelijk georganiseerde godsdienst in Nederland en met de godsdienstigheid van de Nederlanders in het algemeen” (Dekker et. al.: 1997:12). Die volgende stellings gee ‘n kort opsomming van enkele bevindinge van die ondersoek (Dekker et.al.1997:12-40):

- Nederland het die afgelope dertig jaar ‘n sterk tendens van ontkerkliking beleef.
- Erediensbywoning toon in die algemeen en onder lidmate ‘n sterk daling.
- Die tradisionele geloof in God neem af.
- Ten spyte van meer Nederlanders wat Bybels besit, lees minder die Bybel.
- Daar is ‘n groeiende twyfel in die sin van gebed.
- Meer mense is gelowig as dié wat kerklik betrokke is, dit beteken dat ‘n mens sonder die kerk gelowig kan wees.
- Byna die helfte van die buitekerklikes beskou hulleself as gelowig.

Sekularisasie beteken nie dat godsdienstigheid afgeneem het nie, maar wel dat daar ‘n verskil tussen geloof en kerk is. Die probleem is egter: “De kerken lijken onmachtig om die veranderende godsdienstigheid vorm te geven of te kanalisieren.” (Dekker et.al.1997:121). Dit is vir die kerk, maar veral vir gemeentes van kardinale belang om van die verskuiwing kennis te neem.

Louw (1992:133-134) wys op die volgende sosiale analise wat gemaak kan word met die oog op die kontekstualisering en konkretisering van die gemeente se bedieningsterreine:

- Eksistensiële behoeftes: dit is sinsbehoefte wat met die mens se pynervarings en lydingsituasies (lydingsvraagstuk) saamhang.

- Samelewingstrukture: mense lewe binne 'n bepaalde samelewing met bepaalde opvoedkundige, ekonomiese, juridiese en tegnologiese strukture (vraagstuk van mag en geweld).
- Verhoudingskringe: die drie basiese verhoudingskringe waarbinne die mens lewe, is die huwelik, gesin en politiek (vraagstuk van selfsug, haat skuld en angs).
- Lewensbeskoulike perspektiewe: dit hang saam met 'n bepaalde lewensbeskouing waarbinne denkpatrone, opvattinge, taboes, waardes, norme en verskuilde ideologieë 'n belangrike rol speel (ideologievraagstuk).

5.3.2 Kerk en samelewing in 'n veranderende situasie

Die samelewing is nie staties nie, maar ondergaan met die verloop van tyd sekere ontwikkelinge en veranderinge. Die veranderinge het noodwendig 'n invloed op kerk en godsdiens wat nie geïgnoreer kan word nie. Dekker en Stoffels (2001:95-107) wys op die onderstaande ontwikkelinge wat binne die samelewing plaasvind.

1. Die differensiasieproses: Die verskillende domeine in die samelewing verselfstandig. *Sosiale differensiasie* is die proses waardeur sosiale eenhede in sub-eenhede verdeel, gewoonlik elk met eie funksies wat selfstandig kan bestaan. Die moderne samelewing word deur 'n verskeidenheid van deel- of sub-eenhede gekenmerk. Parallel met sosiale differensiasie loop *waarde-differensiasie*. Die verskillende samelewingsektore groei nie net struktureel (vorm) nie, maar ook kultureel (waardes). Die verskillende eenhede ontwikkel selfstandig naas mekaar. Die proses kan daartoe lei dat selfs van deel-samelewings of "netwerkontvouing" gepraat kan word, elk met min of meer outonome waardes. Die gevolg van hierdie ontwikkelinge in die samelewing is dat die samelewing meer kompleks word.
2. Die proses van rasionalisering hang saam met die tegniese en ekonomiese ontwikkeling wat in die samelewing plaasvind. Toenemende

interafhanklikheid binne die samelewing noodsaak behoorlike beplanning. Dit lei daartoe dat 'n gevoel van berekenbaarheid, maakbaarheid, beheerbaarheid en voorspelbaarheid van die samelewing ontstaan. Die mense se lewe word van die wieg tot die graf beplan.

3. Die proses van individualisering verwys na die proses waar mense al meer van hulle tradisionele bande, soos die familie en kerk losraak, en al meer self oor hulle eie lewe besluit. Dit lei tot 'n keusevryheid, selfs 'n keusedwang. Elkeen moet self besluit en kan nie maar net op tradisionele patrone terugval nie. Saam met die proses loop die proses van subjektivering. Dit verwys daarna dat die belewing van mense belangriker word as dit wat objektief vasstaan, dit wat voorgeskryf word.

Op watter wyse het die veranderinge die kerk en ook die gemeente beïnvloed? Van der Ven (1993c:27) wys daarop dat die kerk nie meer 'n oorkoepelende instelling naas die ander instellings in die samelewing is nie. "De andere institusies zijn autonoom geworden en hebben zich van haar geëmancipeerd." (Van der Ven 1993c:27). 'n Algemene term om die veranderinge mee te beskryf, is sekularisasie. Dekker en Stoffels (2001:113) omskryf die term as 'n proses "... waardoor (aspecten van) het leven en samenleving van de mensen onttrokken wordt aan de overheersing of begeleiding van godsdienstige institusies en symbolen." Verskeie prosesse kan onder die term sekularisasie beskryf word. Hulle wys op die onderstaande drie (Dekker en Stoffels 2001:117-133):

1. Sekularisasie as vermindering van die godsdienstigheid van mense: Hier gaan dit veral oor die individuele lewe van mense. Die gevolg van die ontwikkelinge is dat die kerk en godsdiens sy monopolieposisie ten opsigte van waardes en singewing verloor het. Die kerk staan naas ander organisasies op die markplein om die aandag van die individu en bie. Lojaliteit aan die kerk is daarom nie vanselfsprekend nie. Die kerk het nie meer die alleenreg op die vorming van die mens se lewensbeskouing nie. Ander produkte is ook vir die verbruiker op die mark beskikbaar. Die situasie moet tot 'n verandering in die inhoud van godsdiens lei.

2. Sekularisasie as beperking op die reikwydte van godsdiens: Hier handel dit oor die prosesse binne die samelewing. Die privatiseringsproses beïnvloed die plek van kerk en godsdiens. Die persoonlike wêreld van die mens word al kleiner. Godsdiens het saam met die mens uit die onpersoonlike wêreld onttrek en funksioneer meesal binne die persoonlike wêreld van die mens. Die realiteit is dat godsdiens al meer om die persoonlike wêreld van die mens – die privatisering van godsdiens – sentreer. Dit lei daartoe dat godsdienstige waardes en opvattinge 'n al kleiner rol in die openbare lewe speel. Die grootste deel van die kerklike organisasie is op die woongebied van die mens afgestem, terwyl 'n groot deel van die lewe daarbuite afspeel.

3. Sekularisasie as 'n aanpassing van godsdiens: Die godsdienstige sisteme moet ook by 'n veranderende situasie aanpas.'n Verskuiwing vind plaas van ortodoksie na etikalisme. Die leerstelling word minder belangrik en die regte manier van lewe skuif al meer na vore. Die proses kan ook as horisontalisering beskryf word. Hierdie fundamentele verskuiwings sorg vir 'n diepgaande verandering in die godsdiens. Die oorsake vir die verskuiwings is kompleks. Mense het nie meer transendente ervarings nie, daar is wel angstevoelens, maar minder skuldgevoelens wat tot 'n verminderde behoefte aan verlossing lei. Omdat die kerk op die markplein meeding, moet hulle aan die behoeftes van mense aandag gee, van daar die afname van ortodoksie, die klem op etiek en meer horisontale denke.

Die kerk funksioneer in twee verskillende wêreldes. Aan die eenkant is die kerk in sy amptelike optrede deel van die abstrakte georganiseerde wêreld. Aan die anderkant funksioneer kerk en godsdiens binne die persoonlike wêreld van die individu. 'n Onderskeid tussen denominasionele en gemeentelike lojaliteit kan op grond daarvan gemaak word (Dekker 1995:93). Dit plaas die kerk voor 'n dilemma. Die waardes wat die kerk wil bevorder, kom nie altyd op die voorgrond nie. Van der Ven (1993c:29) praat in dié verband van "culturele generalisering." Medemenslikheid kom byvoorbeeld op die voorgrond, maar armoede en onregverdigheid kry nie die nodige aandag nie.

Dekker (1995:104-105) onderskei drie maniere waarop die samelewing die kerk binnekom:

- Kultuur kleur godsdiens, die leer en denkbeelde wat in die kerk aan die orde kom, in.
- Die plek wat die lidmate in samelewing inneem, kom die kerk binne. Dit verwys, onder andere, na die rol wat die beroep, ouderdom en sosiale status van lidmate in die gemeente speel.
- Probleme van die samelewing kom deur middel van die lidmate die kerk binne. Werkloosheid, etiese probleme en byvoorbeeld armoede, konfronteer die kerk.

Die kerk kan nie die samelewing ignoreer nie. “Niet alleen om individuele leden diaconaal of pastoraal te helpen, maar ook om op deze wijze bezig te zijn met die samenlevingsproblematiek en zo te trachten invloed op de samenleving uit te oefenen” (Dekker 1995:107).

Die kerklike lewe is vroeër meesal rondom die plaaslike gemeente georganiseer. Alle fasette van die lewe is op die wyse by die kerklike lewe betrek. (Dekker 1995:138).

Die kerk as geloofsgemeenskap is ‘n basisgemeenskap wat by die situasie en behoeftes van die mense moet aansluit. Die basisgemeenskap speel veral ‘n rol as toerusting- en vormingsentrum. Die omvattenheid en problematiek van die samelewing oorspan egter die vermoë van die basisgemeenskap.

“Hiervoor is dus een behoefte aan een sterk gedifferentieerde kerk: geografisch (lokaal, regionaal, landelijk en internasionaal), maar ook functioneel of categoriaal (naar de taak of de situatie of de groeperingen van mensen waarop het werk betrekking heeft) en misschien ook wel mentaal (naar de aard van godsdienstigheid en spiritualiteit) (Dekker 1995:140-141).

Die kern van die kerk word nog steeds uit die plaaslike gemeente opgebou. Die beginsel wat aan ‘n gemeente vorm gee, is naamlik dat dit uit eenhede

van gelowiges bestaan wat binne 'n bepaalde gebied woon. Dekker (1995:141) maak die volgende kritiese opmerking oor die vorming van 'n gemeente: "Als men het protestantse kerkelike leven goed bestudeert kan men constateren dat ten diepste niet het territoriale, maar het dominocratische principe de inrichting van dat leven bepaalt: niet het bestaan van bepaalde kerkelijk organisatie, maar de omvang van de werkkraft en takenpakket van de predikant." Die gemeente word gevorm en in stand gehou in samehang met die pligte en vermoë van die predikant!

Sekere aanpassings sal gemaak moet word. Dekker (1995:142) verduidelik die aanpassing aan die hand van die "buurtwinkel". Die "buurtwinkel" kon vroeër in al die daaglikse aankope behoeftes van die mens voorsien. Die supermark en ook die spesialiswinkel het as gevolg van veranderende behoeftes ontwikkel.

5.4 DIE STORIE VAN DIE GEMEENTE

Stories bied 'n belangrike kyk op die werklikheid waarbinne ons lewe. Daar is reeds gewys op die verband tussen die gemeente se spiritualiteit en die gemeente se storie (punt 2.1.1). Stories verskaf 'n sleutel vir die beter verstaan van die werklikheid (Kellerman 1996:509). Dit is ook waar van die gemeente en sy storie. Die selfverstaan van 'n gemeente lê primêr in 'n narratiewe vorm. Meeste van die kommunikasie in 'n gemeente is by wyse van stories (Hopewell1988:46). In die analise van die gemeente is dit daarom nodig om na die storie van die gemeente te kyk.

Die krag wat in die wese van stories lê om wêreld oop te maak, waarhede oor te dra, gedagtes te deel en mense te beïnvloed, mag nooit onderskat word nie (Kellerman 1996:511). Die werklikheid kan nie volledig analities verstaan word nie, daarom is, onder andere, ook stories nodig om 'n meer volledige prentjie van die gemeente en die situasie waarinne die gemeente bestaan, te kry.

Dit is nodig om tussen 'n storie en 'n verhaal te onderskei. "Storie" is die weergawe van 'n reeks gebeurtenisse, wat chronologies en met inbegrip van kousaliteit, georden is. "Verhaal" daarenteen, is die doelbewuste artistieke ordening van 'n storie (Kellerman 1996:512). In interaksie met die storie ontwikkel die verhaal. Dit beteken daarom dat daar in antwoord op die vraag: "Wat gebeur hier?" uit twee hoeke geantwoord kan word: aan die eenkant is daar histories-feitelike gebeure en aan die anderkant is daar die narratiewe betekenis-elemente binne die situasie. Gemeentes het daarom bepaalde stories om te vertel.

"Story is the way a community usually views, values, and talks about itself in relation to its world and heritage." (Carroll 1990:45). Die gemeentestorie belig die gemeente op drie maniere: Dit sê

- *dat 'n gemeente is*, dit gee inhoud aan die roeping van 'n gemeente. Deur die gebruik van metafore word 'n gemeenskaplike storie opgebou, dit is 'n gemeentestorie wat die kenmerke en roeping van die gemeente uitlig.
- *wie 'n gemeente is*, dit karakteriseer 'n gemeente. Dit vertel wat 'n gemeente anders as ander gemeentes maak, en dit wys op die uniekheid van 'n gemeente.
- *wat die gemeente is*, dit verwoord die belydenis van die gemeente. Die storie wys op die uiteindelijke doel van die gemeente, dit gee vanuit die verlede en hede hoop vir die toekoms, dit word deel van die verhaal van God se redding van die wêreld (Carroll 1990:45-46).

Elke gemeente het 'n storie wat binne 'n spesifieke tyd en plek afspeel. In die storie speel 'n verskeidenheid van karakters 'n bepaalde rol. Die storie verloop op 'n bepaalde manier en het 'n "plot" wat op die einddoel van die gemeente afstuur. Dit geskied in die lig van God se storie of doel met die bepaalde gemeente. Dit is alles aspekte van die gemeente se storie.

Kellerman (1996:516-520) wys op die volgende elemente in die gemeente se storie:

- Die ruimte-element: Wat gebeur daar...? Die vraag is: Binne watter ruimte speel die gemeente se storie af? Hopewell (1988:56) wys in dié verband op die “word view” van ‘n gemeente. Die wêreldbeskouing raak die wyse waarop ‘n gemeente teenoor sy lede optree, en homself binne die gemeenskap plaas. “Since the belief system of a parish includes not only its formal creeds but also the meanings it assigns to itself and its members as finite bodies, to learn about a church’s world view ... one must listen to the church’s stories about its own body and those of the members who constitute it (Hopewell 1988:57).

Die storie van die gemeente kan binne die ruimte-element op vier maniere gelees en vertel word (Hopewell 1988:69):

- Kanonies, dui op ‘n meer outoritiewe interpretasie van die gemeente se wêreldbeskouing. God se wil moet geleef en gedoen word. Soos in ‘n tragedie, is daar ‘n onstuitbare verval in die wêreld. Die sonde lei tot die dood. God en sy Woord, in die geval van die Protestante, en by die Rooms-Katolieke die kerklike tradisie, bied die absolute antwoord (Hopewell 1988:79).
- Gnosties, wys op ‘n intuitiewe proses wat van disharmonie af beweeg na harmonie en eenheid toe. Die storie begin by frustrasie en wanorde, gaan deur ‘n proses van verligting en verstaan, en eindig by harmonie en vrede (Hopewell 1988:75). Die storie word positief en optimisties vertel. Hoewel dit tot die vervreemding van kanoniese strukture lei, is daar ‘n soeke na ekwilibrium in die storie.
- Charismaties, dui op die bonatuurlike wat persoonlik by die wêreld betrokke raak. Die charismatiese storie begin by ‘n ongemak met die huidige situasie en ‘n soeke na ‘n belewenis van God se mag en teenwoordigheid. In die bose wêreld soek die gelowige na ‘n God op wie hy kan vertrou. God beloon die soektog en die romantiese avontuur eindig in die oorwinning van God se liefde (Hopewell 1988:78)
- Empiries, maak staat op die werklikheid wat objektief-sintuiglik waargeneem kan word en die verwerping van die bonatuurlike. Die

waarheid is geleë in empiriese waarneming en nie in 'n openbaring nie. Daar is 'n soeke na 'n reëlmatigheid in die werklikheid. Op 'n ironiese manier word die storie eerder vanuit 'n empiriese hoek as 'n ingrype van die bonatuurlike vertel, "An empiric story rejects examples of supposedly superior piety and proposes instead a reasonable loyalty to God and fellow human beings." (Hopewell 1988:83).

Elke gemeente se storie is binne 'n bepaalde ruimte en wêreldbeskouing uniek. Dit kan vanuit een van die vier maniere wat Hopewell aangetoon het, vertel word.

- Die tyd-element: Wat gebeur wanneer...? Die gemeente se storie speel binne 'n bepaalde tyd af. Dit is gebeure binne die geskiedenis. Stories word deur die tydvak waarbinne dit afspeel, gekleur en geïnterpreteer.
- Die karakter-element: Wat gebeur met of deur wie...? Hopewell 1988:105. Verskillende rolspelers tree binne die gemeente op. Dit gaan oor baie meer as net wat hulle doen en sê. Dit gaan oor alles wat 'n persoon na die storie toe bring. Elke een het 'n eie waardesisteem en lewensbeskouing; en ook 'n eie geloofsverhaal. Elke gemeente ontwikkel daarom 'n eie gemeentekultuur, 'n eie etos en persoonlikheid. Dit kan nie net met 'n vraelys bepaal word nie en behoort ook op 'n narratiewe wyse nagevors te word. 'n Manier om dit te doen, is om die gemeentegeskiedenis na te vors, maar dan moet meer as net name en datums nagevors word. Die rykdom in die karakter van 'n gemeente, kom op dié manier na vore (Hopewell 1988:111)
- Die "plot"-element (storielyn): Wat gebeur met watter doel of gevolg...? Die "plot" soek na wat gebeur het en wat die gevolge van die gebeure is. Die "plot" kyk na wat in die verlede gebeur het om 'n bepaalde identiteit aan die akteurs te gee. Die plot ontvou in die hede, dit gee 'n verklaring van wat nou aan die gebeur is. Die plot verdiep as gevolg van die spanning en stryd wat ondervind word en daar is 'n ontknoping van die plot wat die situasie vir die "akteurs" ten beste verander (Hopewell

1988:154). Die verlede en hede word aanmekaar gekoppel, om iets oor die toekoms te kan sê.

Watter rol speel tradisie binne die proses? Tradisie is 'n lewende, dinamiese en historiese proses wat oor tyd verloop en nog steeds aan die primêre beelde en metafore vanuit die verlede bly vashou. In die gemeente speel die tradisie daarom ook 'n belangrike rol. Elke gemeente het 'n eie geloofstradisie wat vertel van die gemeente se geloofsbeleving en daarom die optrede van die gemeente beïnvloed. 'n Gemeente se geloofsverhaal vertel die pad wat God met die gemeente geloop het. Dit staan nie los van die wyer kerklike tradisie van 'n bepaalde geloofsgemeenskap nie.

Kellerman (1996:521) maak, onder andere, die onderstaande gevolgtrekkings met die oog op die waarde van die narratiewe paradigma vir die opbou van die gemeente en in dié geval spesifiek met die oog op die analise van 'n gemeente:

- Die narratiewe bied 'n sinvolle moontlikheid waarbinne gemeentebou bedryf kan word.
- Die kenmerke van 'n storie maak dit moontlik om die gemeente se storie te beskryf.
- Die gemeente moet binne die breër Christelike en kerklike tradisie, asook die gemeente se eie unieke tradisie, verstaan word.
- Die dimensies van verlede, hede en toekoms vorm 'n raamwerk waarbinne die gemeente se storie geanaliseer kan word.
- 'n Narratiewe kyk na die gemeente verbeter die verstaan van die gemeente en sy identiteit.

5.5 DIE WÊRELD VAN DIE GEMEENTE – ENKELE OPMERKINGS

Die gemeente se verstaan en beleving van sy verhouding met God lei daartoe dat die gemeente op 'n bepaalde manier konkreet gestalte kry.

Die gemeentemodel wat deur die gemeente geïmplementeer word, moet daarvoor ruimte laat dat al vier bedieningsterreine (leitourgia, kerugma, koinonia en diakonia) binne die organisering en strukturering van die gemeentelike lewe tot hulle reg kom.

Die gemeente lewe in wisselwerking met sy omgewing. Dit bepaal die konteks van gemeentewees en gee aan elke gemeente 'n unieke karakter wat daarvoor moet sorg dat die gemeente sy doel op 'n eietydse en kontekstuele manier bereik.

Die gemeente se storie bied 'n belangrike sleutel in die verstaan van die gemeente as 'n konkrete gemeente binne 'n bepaalde werklikheid.

HOOFSTUK 6: GEMEENTE-ANALISE BINNE DIE GEMEENTEBOU-PROSES

6.1 INLEIDING

Daar is reeds kortliks na die konsep “gemeente-analise” verwys (3.4). In dié afdeling gaan dit oor gemeente-analise as deel van die gemeentebouproses. Wat is gemeente-analise en watter plek neem dit binne die gemeentebouproses in?

Jurgens Hendriks (1992:129) beskryf gemeente-analise as “... ‘n proses waarin ‘n gemeente op ‘n redelike, sistematiese en kontroleerbare wyse verskillende aspekte van sy situasie, funksionering, strukturering, identiteit en effektiwiteit ontleed om daarmee opnuut in die lig van die Woord en onder leiding van die Gees oor sy wese en roeping te besin.” Dit is dus ‘n krities-analitiese aktiwiteit van selfondersoek deur die gemeente oor die gemeente.

Wat is die doel van ‘n gemeente-analise? Jurgens Hendriks (1992:130) wys op die vier doelstellings, naamlik om

- kennis en sekere gegewens oor die gemeente, of oor ‘n saak in die gemeente te wete te kom;
- deur middel van die kennis en verloop van die proses tot selfinsig te kom;
- sake en aspekte wat die gemeente normaalweg nie wil raaksien nie, uit te wys; en
- die kerkraad en gemeente op ‘n wyer basis deelnemend by die gemeente en sy beplanning te betrek.

Nel (1988:26) sien gemeente-analise as die tweede fase en ‘n belangrike fase, na ontvriesing en motivering. Dit is ‘n voorsetting om by die sentrale vraag in gemeentebou; die vraag na die gemeente uit te kom. Gemeente-analise kan as ‘n eerlike program waar die gemeente self sy funksionering in die lig van sy wese en doel ontleed en evalueer, beskryf word (Nel 1988:29). Tydens die proses van gemeente-analise word met die empiriese gemeente en sy behoeftes geworstel. Nel (1994:116) beskryf die plek van gemeente-

analise binne die proses van gemeentebou dat die gemeente begelei word om

- sy wese en doel te verstaan;
- *self, as gemotiveerde gemeente sy eie funksionering te evalueer en doelwitte vir sy eie doelgerigte funksionering te formuleer en op 'n beplande wyse die doelwitte te bereik* (eie kursivering – WJS); en
- self, soos nodig, op 'n voortgaande basis strukture, wat die heilshandeling van die drie-enige God in die kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel.

Gemeente-analise neem, daarom, binne die proses van gemeentebou 'n belangrike plek in. Wat behels dit? Bisschoff beklemtoon die belangrike punt dat gemeente-analise nie eensydig in 'n statistiese ontleding moet verval nie. “Daar moet naas die statistiek en getalle 'n aanvoeling getoon word vir ander belangrike teologiese dimensies soos die spesifieke model waarbinne 'n gemeente of kerk hom bevind” (Bisschoff 1991:294). Gemeente-analise strek veel wyer as net 'n statistiese beskrywing van die gemeente. Gemeente-analise is nie 'n losstaande proses op sy eie nie, maar dit moet op interpretasie, verslag en strategie uitloop (Bisschoff 1991:295). Dit is deel van 'n proses wat uit verskeie hoeke benader kan word. Dit is ook die benadering wat hier gevolg gaan word.

Dit spreek dus vanself dat daar meer as een benadering tot gemeente-analise is. Louw (1987:82-91) wys op drie benaderings wat in die doen van 'n gemeente-analise gevolg kan word, naamlik,

- analise as verkenning – dit is die eenvoudigste vorm van analise. Daar word na 'n profiel van die gemeentesituasie gesoek. Basiese inligting byvoorbeeld die lidmaattal en die patroon van gemeentelike betrokkenheid word aan die orde gestel.
- analise met die oog op diagnose – daar word na die toestand van die gemeente gevra. Is daar groei in die gemeente? 'n Goeie diagnose moet help dat die gemeente kwalitatief en kwantitatief kan groei.

- analise as evaluering – die gemeente word self by die evaluering betrek. Waar staan die gemeente ten opsigte van sekere gemeentelike doelstellings?

Dietterich (1991:13), weer, onderskei die volgende drie tipes benaderings in die bestudering van gemeentes:

- Gemeentestudies: James Hopewell en Carl Dudley;
- Probleemoplossende benaderings: Kennon Callahan en die Alban Instituut; en
- Kerk-transformasie benadering: “Center for Parish Development” van Dietterich.

In die lig van Louw en Dietterich se onderskeidings kan die volgende samevattende opmerkings gemaak word:

- Die meeste studies begin met, of het as deel van hulle analise, ‘n verkennende analise.
- Die probleemoplossende- en diagnostiese benadering lê min of meer op dieselfde vlak. In dié verband gaan gekyk word na die volgende benaderings: Callahan, Alban-Instituut, Schwarz en Nel.
- Gemeentestudies: Hier gaan gekyk word na die handboek “Studying Congregations”. Die werk van Hopewell en Dudley vorm deel van die handboek se benadering. Die werk van Jurgens Hendriks ten opsigte van Strategiese Teologiese Beplanning sluit hierby aan. Dit sou ook moontlik wees om Burger hierby te voeg.
- Die kerktransformasie-benadering word deur die bydrae van Dietterich en die “Center for Parish Development” verteenwoordig. Dit sou ook moontlik wees om die werk van Jan Hendriks hierby in te sluit, aangesien hy ‘n voorstel gemaak het van hoe sy benadering by dié van Dieterich kan aansluit. Pasveer het ook in dié verband ‘n bydrae gemaak.

Die onderskeidings is nie waterdig nie. Dit is slegs ‘n poging tot ‘n bepaalde ordening. Daar gaan gepoog word om elkeen van die persone se bydraes in eie reg te bespreek. Dit gaan, sover moontlik, aan die hand van die volgende afdelings gedoen word:

- agtergrond en probleemformulering;
- basiese aannames en vertrekpunte;
- metodologie; en
- 'n evaluering.

6.2 DIAGNOSTIESE BENADERINGS

6.2.1 Callahan: Twaalf Sleutels tot 'n effektiewe gemeente.

6.2.1.1 Agtergrond en probleemformulering

Callahan ontwikkel twaalf sleutels tot 'n effektiewe gemeente op grond van drie-en-twintig jaar se ervaring as gemeentekonsultant in meer as sewehonderd en vyftig gemeentes in die VSA. Sy doel is: "to assist local churches in their strategic long-range planning to be effective churches in mission." (Callahan1983:ix). In sy analise en metodiek lê hy veral op langtermynbeplanning en die gemeente se missionêre gerigtheid klem.

Langtermynbeplanning begin by die identifisering en ontwikkeling van 'n gemeente se sterkpunte. Dit begin in die eerste plek by God. Dit begin nie by 'n gemeente se nood en behoeftes nie, maar by wat God reeds in 'n gemeente doen. Die onderstaande drie strategiese vrae is, met die oog op strategiese langtermynbeplanning, belangrik (Callahan 1983:xvi):

- “1. What are our present foundational strengths, given from God?
2. How can these strengths be expanded to serve God's mission more effectively?
3. Which foundational strengths can be added, that we might more successfully serve God's mission?”

6.2.1.2 Basiese aannames en vertrekpunte

Callahan identifiseer die volgende vier fases in die beplanningsproses aan die hand waarvan 'n gemeente geanaliseer word.

Hooffase 1: Ontwikkel 'n realistiese beraming van die gemeente se huidige toestand en grootte

Om by 'n realistiese beraming van die gemeente se huidige situasie uit te kom, gebruik Callahan (1993:5) vier aanwysers: gemiddelde erediensbywoning; gemiddelde bywoning van kategeese en ander onderriggeleenthede; kategeese en ander onderriggroepe se ingeskrewe getalle; en lidmaatskap. Aan die hand hiervan word bepaal of 'n gemeente 'n groot, medium of klein gemeente is.

Hooffase 2: Kies die primêre koers vir die toekoms van die gemeente

Die koers van die gemeente word veral bepaal deur die gemeente se maksimum missionêre potensiaal en deur die aantal persone wat die betrokke gemeente beplan om binne 'n bepaalde tydperk te bedien. Die vraag is of die gemeente snelgroeiend; bestendig, groeiend maar bestendig; bestendig maar kwynend of sterwend, is. Die maksimum aantal persone wat die gemeente moontlik deur sy missionêre bediening kan bereik, word bepaal. 'n Kardinale vraag is of die gemeente se beste jare nog voorlê, of is dit reeds verby? Deur die vrae te beantwoord, word die gemeente se primêre koers bepaal.

Hooffase 3: Bepaal die sterkpunte van die gemeente in die lig van die twaalf sentrale kenmerke van effektiewe gemeentes

Callahan (1993:11) verdeel die twaalf kenmerke in twee groepe: relasionele kenmerke wat persoonsgesentreerde kenmerke van 'n bepaalde gemeenskap van gelowiges is, en funksionele kenmerke wat op die institusionele en organisatoriese kenmerke van die gemeente klem lê.

Callahan (1993:12) onderskei die volgende ses relasionele kenmerke van 'n effektiewe gemeente:

- Spesifieke, konkrete, missionêre doelwitte - 'n Gemeente se sukses word gemeet aan sy vermoë om effektief na menslike hoop en nood uit te reik.

Navraag word gedoen na die gemeente se missionêre program en doelwitte.

- Pastorale besoeke deur pastors en lidmate in die gemeenskap - 'n Goeie program vir pastorale besoeke is die tweede belangrikste sterkpunt waarvoor 'n gemeente kan beskik. Die klem val op besoeke aan sowel lidmate as nie-lidmate. Die kerk en gemeenskap moet bereik word, "The key to visitation is 'to have one foot in the community and one foot in the church'" (Callahan 1983:11). 'n Gemeente behoort oor 'n omvattende, goedontwikkelde besoekprogram te beskik.
- Gemeenskaplike, dinamiese eredienste - Buite-kerklikes se eerste kontak met 'n gemeente is gewoonlik deur middel van die erediens. Gemeenskaplike eredienste beteken daar is 'n sterk gevoel van "behoort" en gemeenskap in die erediens aanwesig. Dinamiese eredienste is dienste wat mense aanmoedig en oproep om hoop en hulp onder mekaar te deel. Musiek speel 'n belangrike rol, "Music constitutes 40 percent of the service of worship." (Callahan 1983:27).
- Betekenisvolle relasionele groepe - Mense soek na gemeenskap, om te "behoort". Betekenisvolle groepe deel met mekaar ("sharing") en ondersteun mekaar ("caring") (Callahan 1993:19). Mense en nie programme nie, is daarom belangrik. Vir elke honderd erediensbywoners behoort daar sewe tot tien groepe vir alle ouderdomme te wees.
- Sterk leierskapshulpbronne - 'n Gemeente behoort oor 'n sterk groep sleutelleiers te beskik wat deur middel van goeie samewerking strategiese doelwitte bereik. As algemene reël stel Callahan (1983:44) dat daar ongeveer een leier vir elke vyftien lede moet wees.
- Vaartbelynde strukture en deeglike, deelnemende besluitneming - Vaartbelynde strukture en deeglike, deelnemende besluitneming, gebaseer op wedersydse vertroue, respek en integriteit, is interafhanklike komponente wat tot 'n effektiewe en suksesvolle gemeente meewerk (Callahan 1993:23). Behoorlik geformuleerde besluite wat op grond van 'n deelnemense proses geneem is, is belangrik. Die doel van strukture is om behoorlike besluite te neem ter ondersteuning van die gemeente se missie en nie om net lidmate te betrek nie.

Die ses funksionele kenmerke is minder belangrik as die ses relasionele kenmerke, maar hulle rol in 'n effektiewe gemeente oor die langtermyn kan nie onderskat word nie. Die ses funksionele kenmerke is die volgende:

- Verskeie toereikende programme en aktiwiteite - Enkele programme wat ook 'n inpak op die gemeenskap het, is belangrik. "Programs do not reach people; people reach people." (Callahan 1983:64). Die programme moet nie die gemeenskap uit die oog verloor nie en strek gewoonlik oor vier tot vyf jaar.
- 'n Oop en toeganklike gemeente - Die geografiese ligging van die kerkgebou moet van so 'n aard wees dat dit oop en toeganklik is. Goeie en gemaklike toegang tot die eredienste en ander fasiliteite is baie belangrik. "Accessibility consists of location accessibility, sight accessibility and people accessibility." (Callahan 1983:72).
- Opvallende sigbaarheid - Die fisiese geboue behoort sigbaar te wees, maar gemeentelike aktiwiteite en personeel behoort ook in die gemeenskap sigbaar te wees. Die beste tekens bly mense, "People point people to a church." (Callahan 1983:84).
- Voldoende parkering, grond en landskapsontwikkeling - Voldoende parkering speel 'n belangrike rol in erediensbywoning. Die terrein om die kerkgebou behoort tot 'n indruk van warmte, verwelkoming en versorgende omgee by te dra.
- Voldoende ruimte en fasiliteite - Die volgende verdien aandag: die benutting van die fasiliteite gedurende 'n normale week, areas wat dikwels oorvol is, die benutting van onbenutte fasiliteite, die optimale benutting van bestaande fasiliteite en die algemene stand van instandhouding (Callahan 1993:30).
- Gesonde finansiële hulpbronne - Verantwoordelike rentmeesterskap laat 'n gemeente sy finansies so bestee dat dit lei tot 'n verhoging in die missionêre aktiwiteite van die gemeente in die gemeenskap, 'n meer effektiewe funksionering van die gemeente en 'n verhoging van aantal lidmate, wat weer tot die gemeentelike begroting bydra (Callahan 1983:106). Callahan gebruik twee syfers oor 'n tydperk van vyf jaar: die

per capita-inkomste van erediensgangers en die per capita-inkomste van belydende lidmate. Die syfers word met vergelykbare gemeentes vergelyk.

Hooffase 4: Kies die sentrale kenmerke, die sleuteldoelwitte en tydskedules wat die gemeente se toekoms sal bevorder.

Die verskillende beplanningspare, wat aan die analise deelneem, deel die graderings van die twaalf kenmerke met mekaar. Die sterkpunte wat uitgebou en toegevoeg moet word, word gekies. Aan die hand van die keuses word 'n tydskedule vir die volgende drie tot vyf jaar opgestel. Daarna word sleuteldoelwitte geformuleer en gekies vir die uitbouing van en toevoeging tot die kenmerke.

6.2.1.3 Metodologie

Callahan het 'n Beplanningswerkboek (1987 en die Afrikaanse vertaling 1993) saamgestel aan die hand waarvan 'n gemeente-analise gedoen kan word. Hy gebruik die vier hooffases (wat reeds bespreek is) as riglyn in die werkboek. Onder elke fase is daar bepaalde vrae wat beantwoord en in die boek ingevul moet word. Die grootste deel van die analise behels Fase Drie waar die sterkpunte van die gemeente bepaal word in die lig van die twaalf sentrale kenmerke van effektiewe gemeentes wat hierbo bespreek is.

Die twaalf kenmerke vorm die ruggraat van die analise. 'n Opsomming word vir elke kenmerk gemaak deur 'n punt uit tien aan die kenmerk toe te ken. Die volgende kan as voorbeeld dien:

<i>Relasionele kenmerke</i>	<i>Graderings</i>									
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
1. Spesifieke, konkrete missionêre doelwitte				X						
2. Pastor-/lidmaat-besoeke in die gemeenskap							X			

Vir elk van die twaalf kenmerke word tussen die hoogste en laagste gradering ingekleur, Die "X" dui die gemiddeld van al die betrokke punte vir die spesifieke gradering aan. In die geval van die voorbeeld is daar 'n wye

verspreiding tussen die respondente oor beide van die twee kenmerke. Die konsensus tussen die twee verskil egter, die missionêre doelwitte lê aan die lae kant en die besoeke aan die hoër kant. Hierdie proses word vir al twaalf kenmerke uitgevoer. Klem word gelê op sterkpunte ('n telling van agt en hoër) wat uitgebou moet word. "Do better what you do best" (Callahan 1993:38). Kenmerke wat uitgebou en toegevoeg moet word, word ook geïdentifiseer. Daarna word aksieplanne en sleuteldoelwitte opgestel.

Wie neem aan die analise deel? Callahan (1993:10) gee nie spesifieke riglyne nie, maar hy wys op bepaalde groepe wat aan die analise en proses kan deelneem. naamlik

- die hele gemeente;
- gemeentelike kommissies, sleutelleiers, 'n langtermyn-beplanningskommissie en die leraars; en
- individue wat die langtermynkoers van die gemeente wil bevorder.

6.2.1.4 Evaluering

Die feit dat Callahan groot klem op die missionêre koers en –doelwitte van die gemeente lê, verdien positiewe vermelding. Dit is waar dat die missionêre opdrag van die gemeente sentraal staan en daarom onder die loep geneem moet word. Dieterich (1991:25-26) wys daarop dat die twaalf sleutels eenvoudig en verstaanbaar is, dit kan maklik in die gemeente toegepas word. Dit gee aan leraars en gemeentes 'n goeie beginpunt vir die gemeente-analise.

Buiten vir persoonlike ervaring deur Callahan self, bied hy geen empiriese basis vir sy bevindinge nie. Wat is die oorsaak-gevolg-verhouding tussen die twaalf sleutels? Is 'n "effektiewe" gemeente nog steeds 'n gelowige gemeente? (Dieterich 1991:26). Daar kan met die kritiese opmerkings van Dieterich saamgestem word. Callahan verduidelik nie die empiriese gronde vir die onderskeid tussen die relasionele en funksionele kenmerke van die gemeente nie. Hy kwantifiseer die kenmerke veral ten opsigte van die kerklike

situasie in die VSA. Die patrone en belewenisse binne die Suid-Afrikaanse konteks is anders en dit word nie genoegsaam verreken nie, selfs nie in die Afrikaanse weergawe van die Beplanningswerkboek nie. Beter en meer verantwoordbare riglyne behoort vir 'n steekproef of vir persone wat aan die analise deelneem gegee te word. Dit bring die bevindinge van die analise onder verdenking.

Min aandag word aan die interne bestuurprosesse in die gemeente gegee. Die benadering is meer op die korttermyn gefokus, om wat nou verkeerd, is reg te maak. (Dietterich 1991:26). Callahan probeer tog om in die vierde fase by sleuteldoelwitte en tydskedules wat die gemeente se toekoms sal bevorder, uit te kom.

6.2.2 Alban-Instituut

Die Alban-Instituut is in 1974 deur Loren Mead gestig. Hulle konsentreer veral daarop om gemeentes te ondersteun en 'n beter klimaat vir die bediening te skep. Alban beskik nie oor 'n enkelmodel-, of konseptuele raamwerk nie. Hulle beskik meer oor 'n netwerkbenadering. In die lig hiervan gaan daar na die volgende drie bydraes gekyk word:

- Mead;
- Oswald en Friedriech; en
- Parsons en Leas.

6.2.2.1 Mead

Mead soek na die verskillende wyses waarop 'n gemeente kan groei. Hy wys op die volgende vier:

- Numeriese groei handel oor die groei in getalle in 'n gemeente. Gemeentes ontvang lidmate deur middel van geboortes, immigrasie en bekeerlinge. Gemeentes verloor lidmate deur sterftes, emigrasie en afvalligheid (Mead 1995:16). Deur 'n balansstaat op te stel, kan 'n gemeente bepaal of hy numeries groei of nie.

- Volwassenheids groei verwys na "... the ability of a congregation to challenge, support, and encourage each one of its members to grow in the maturity of their faith, to deepen their spiritual roots, and to broaden their religious imaginations." (Mead 1995:42). Opleiding en toerusting speel in die verband 'n belangrike rol. Geestelike toerusting deur al die lewensfases behoort aan lidmate gegee te word.
- Organiese groei handel oor die taak van die gemeente om 'n gemeenskap te bou, strukture te vestig, praktyke en prosedures daar te stel en 'n netwerk van verhoudinge te vorm wat tot die groei en ontwikkeling van die gelowiges kan lei (Mead 1995:60). Die gemeente is 'n sisteem wat binne 'n sekere omgewing deur middel van insette en prosesse bepaalde uitsette lewer. Dit is daarom moontlik "... to recognize and analyze roles and norms, to reflect on rewards and punishments, to identify beliefs and values – all give us handles for dealing with and strengthening congregations." (Mead 1995:89). Vanuit so 'n analise kan elke gemeente die potensiaal om organies te groei, ontwikkel.
- Inkarniële groei verwys na die "uitset" wat die gemeente aan die omgewing lewer. Gemeentes word as geloofsgemeenskappe opgebou om 'n basis vir die bediening te vorm. Vanuit die gemeente word die lede na die wêreld toe gestuur.

Die groeimatriks kan deur die leierskap van 'n gemeente gebruik word om die sterk- en swakpunte van die gemeente te identifiseer (Mead 1995:105).

6.2.2.2 Oswald en Friedrich

Oswald en Friedrich (1996:130-144) ontwikkel 'n vraelys: "A congregational Health Inventory". Individue wat deel van die leierskap van die gemeente is, vul die vraelys in. Die groep verkry konsensus oor elke item. Daarna word die terrein wat die meesste verandering benodig, geïdentifiseer. By 'n volgende geleentheid word spesifieke doelwitte geformuleer.

Die vraelys bestaan uit kerugma, didache, koinonia en diakonia as aspekte waardeur 'n ware christelike gemeente geïdentifiseer word:

- “Kerygma (proclamation) – Is the message of faith, hope and love being preached on a regular basis in that church?
- Didache (a sub-category of kerygma) – Is the quality of the instruction given to the children and the converted worthy of the Gospel?
- Koinonia (fellowship) – Do members of the community care for one another and newcomers in a way that truly represents the compassion of Christ?
- Diakonia (service) – Is this church reaching out beyond itself in some way to serve the poor, the destitute, the outcast, and the like?” (Oswald en Friedrich 1996:54-56)

Naas die bogenoemde aspekte word die volgende ook deur die vraelys gedek:

- Kommunikasie van die tradisie
- Aanvaarding van nuwe lede
- Gemeente/predikant-dinamika
- Leierskap

Unieke tellings word vir verskillende gemeentegroottes bereken op grond van die gemiddelde erediensbywoning van elke gemeente (Oswald en Friedrich 1996:28-30):

- Familiegemeente (0-50). Die handvol leiers funksioneer as patriarge. Tradisie funksioneer sterk en die verhoudings is intiem. Buitestanders word moeilik deel van die gemeente.
- Pastorale gemeente (50-150). Die gemeentelike lewe sentreer rondom die geordende leraar, wat ‘n belangrike rol in die gemeente speel. ‘n Klein leierskapsgroepie vorm rondom die leraar. Daar is weerstand teen groei, omdat dit tot ‘n verlies van intimiteit sal lei.
- Programgemeente (150-350). Die klem val meer op organisasie as op verhoudings. Die leraar word ‘n organiseerder en programme begin ‘n al hoe groter rol te speel. Kleingroepprogramme begin ‘n noodsaaklikheid word.
- Korporatiewe gemeente (350 en meer). Die gemeente het ‘n uitgebreide personeel. Die geordende leraars spesialiseer ten opsigte van sekere

take. Die gemeente beskik oor spesifieke programme wat bepaalde behoeftes bevredig.

Aan die hand van die vraelys en die gemeentegrootte word die gemeente geanaliseer. Die doel van die analise is om 'n langtermynplan vir verandering te ontwikkel.

6.2.2.3 Parsons en Leas

Parsons en Leas ontwikkel 'n "Congregational Systems Inventory" wat deur die leierskap van 'n gemeente voltooi kan word. Die basiese vertrekpunt van die vraelys is dat die gemeente soos 'n sisteem funksioneer. Alle organisasies funksioneer tussen die pole van chaos en rigiede beheer. "Congregations are likely to be at their best when they maintain a healthy tension between the requirements of living in community (integration) and the need in each person to be an individual (differentiation)" (Parsons en Leas 1993:21). Teen dié agtergrond kies hulle sewe dimensies van die gemeentelike sisteem, binne elke dimensie behoort daar 'n gesonde spanning te wees. Die spanning is nodig vir 'n gemeente om behoorlik te funksioneer. Hulle (Parsons en Leas 1993:23-29) werk met die onderstaande sewe dimensies, die polariteit word tussen hakies weergegee.

- Strategie is die wyse waarop die gemeente se visie uitgevoer word (bepland – spontaan).
- Gesag is die vermoë om besluite in die gemeente te beïnvloed (gekonsentreerd – verspreid).
- Proses verwys na die deel van inligting en besluitnemingsprosedures wat óf duidelik gedefinieer is, óf aan die diskresie van individue oorgelaat word (verplichtend – diskresionêr).
- Pastorale leierskap is die vermoë van die leraar(s) om beplande verandering in die gemeente te implementeer (beheer – transformerend).
- Samehorigheid is die wyse waarop die lede in die gemeente saamwerk (kollegiaal – individueel).

- Lekeleierskap is die vermoë van lekeleiers om beplande verandering in die gemeente te implementeer (beheer – transformerend).
- Leer is die gemeente se oriëntering teenoor die verlede of toekoms as eksperimente om daaruit te leer en so die bediening te verbeter (vasgevang – blootgestel).

Alle leiers in 'n gemeente vul die vraelys in. 'n Gesamentlike telling word vir elke dimensie bereken. Aan die hand van die inligting kan verandering met die oog op die toekoms beplan word.

6.2.2.4 Evaluering

Die Instituut probeer om in voeling met die alledaagse praktiese probleme van gemeentes te wees. (Dietterich 1991:38). Die verskillende persone se analises dek 'n wye spektrum van aspekte van gemeente-wees. Die verskillende vraelyste is eenvoudige en duidelik uiteengesit.

Aan die negatiewe kant wys Dietterich (1991:38-39) daarop dat 'n korttermyn probleemoplossende benadering die meeste van die tyd gevolg word. Die gevolg is dat die status quo baie keer versterk en bevorder word. Hulle ekklesiologie kan beskryf word in terme daarvan dat die werk van die predikant binne die gemeente is, en dié van die gelowige (laity) in die wêreld. Dit verdeel die kerk in twee wêrelde. Die metodologie wat gebruik word laat die deur oop dat die afleidings en veralgemenings wat gemaak word, nie altyd betroubaar en geldig is nie. Die analises is teen 'n Amerikaanse agtergrond ontwikkel wat nie netso binne 'n Suid-Afrikaanse konteks van toepassing is nie.

6.2.3 Schwarz: Natural Church Development (NCD)

6.2.3.1 Agtergrond en probleemformulering

Die werk van die Instituut vir Natuurlike Kerkgroei (Natural Church Development) van Schwarz het die laaste paar jaar binne Suid-Afrika sterk veld gewen. Verskeie gemeentes maak van die instituut se vraelyste vir

gemeente-analise gebruik. NCD is ontwikkel na 'n omvattende navorsingsprojek in meer as 'n duisend gemeentes in 32 lande wat oor vyf kontinente versprei is (Schwarz 1998:7). Die vertrekpunt van NCD is dat bepaalde groeibeginsels deur God aan die kerk gegee is, wat geïdentifiseer en gebruik moet word (Schwarz 1996:8-9). Die groeibeginsels word uit die natuur afgelei en ook in die kerk van toepassing gemaak, bv. Matt 6:28. "We should not attempt to 'manufacture' church growth, but rather to release the biotic potential which God has put into every church." (Schwarz 1996:10). Eerder as om na 'n ideale model vir kerkgroei te soek, soek Schwarz na basiese beginsels wat groei in 'n gemeente fasiliteer.

6.2.3.2 Vertrekpunte

Die NCD-opname is ontwikkel teen die agtergrond van 'n bepaalde verstaan van organisatoriese diagnose en ontwikkeling. Organisatoriese ontwikkeling behels die bewuste en beheerde verandering van 'n organisasie van sy huidige posisie na 'n gewenste posisie in die toekoms. Die oogmerk is 'n langtermyn deelnemende proses wat daartoe lei dat die organisasie meer effektief en doeltreffend kan word.

'n Voorvereiste vir organisatoriese ontwikkeling is 'n diagnose van die organisasie. "Organizational diagnosis helps to understand an organization systematically so that adequate interventions can be developed as problem solutions." (Schalk 1999:6). Die doel van die data is om geldige inligting oor die ervaring van die lede in die sisteem te verkry.

Organisatoriese ontwikkeling kan vanuit 'n strukturele of 'n persoonlike vertrekpunt benader word. Eersgenoemde sien verandering in die gedrag en houdings van lede as die gevolg van strukturele verandering, terwyl laasgenoemde individuele ontwikkeling as die primêre agent vir sosiale en organisatoriese verandering sien. 'n Verandering in die waardes en standaarde van die lede lei tot 'n verandering in die organisasie.

Organisatoriese diagnoses kan vanuit twee vertrekpunte gedoen word, naamlik

- die situasie-georiënteerde benadering: Die situasie waarbinne die organisasie funksioneer word beskryf. Die organisasiestruktuur word in die lig hiervan verander om by die situasie aan te pas, sodat die organisasiedoelwitte bereik kan word.
- die fenomenologiese benadering: Verskillende mense sal dieselfde organisasie verskillend beskryf. Daar bestaan verskillende persepsies van dieselfde organisasie. "The Church Profile used within Natural Church Development is based on this phenomenological approach, because in most cases it is not the hard facts, but how the church members perceive these facts that influences their behaviour at church." (Schalk 1999:11).

Na 'n bespreking van die verskillende fases van 'n organisatoriese diagnose kom Schalk (1999:15) tot die gevolgtrekking dat "A stratified sample seems to make more sense: Here the respondents are chosen randomly from various subgroups of the organization." Belangrike besluitnemers moet ingesluit word om 'n realistiese prentjie van die organisasie te verkry. Vanuit hierdie agtergrond oor organisasie ontwikkeling en diagnose is die NCD-opname ontwikkel.

6.2.3.3 Metodologie

Die NCD-opname gebruik 'n gestandariseerde meetinstrument om die minimumfaktor in 'n gemeente te bepaal. "The data gathering is done through reliable and valid questionnaires which are based on the "phenomenological approach" of organizational diagnostics." (Schalk 1999:17)

Schalk bespreek die resultate van die eerste studie (334 respondente uit 14 Duitse kerke) wat van 1991 tot 1993 deur die "Institute for Natural Church Development" gedoen is. Die respondente was persone wat deel van die kern van die kerklike lewe is, wat 'n gereelde opdrag in die kerk het en 'n lid van 'n kleingroep is. Geen melding word gemaak of die persone ewekansig geïdentifiseer is nie. Verder word dit gestel: "Data like sex and age of the

examined persons weren't collected since this didn't seem to be a relevant question for the study." (Schalk 1999:21). Die meeste kerke was Protestants ("State Church" en "Free Church") en 'n paar Rooms-Katolieke Kerke.

Die gebrek aan 'n behoorlike steekproef, of die beskrywing daarvan, is 'n ernstige leemte. Ouderdom, geslag, kerkverband en ander onafhanklike veranderlikes kan nie sonder behoorlike motivering geïgnoreer word nie. Inteendeel, dit is belangrike onafhanklike veranderlikes in die diagnose van 'n gemeente.

Verdere bevindinge (34 314 respondente van 1188 kerke uit 32 lande) is nie beskikbaar nie, aangesien "these data are "protected knowledge" which isn't publicly accessible." (Schalk 1999:17). Die hoofrede hiervoor is dat die navorsing privaat gefinansier is en die "Church Profiles" vertroulike inligting is.

Schalk wil bepaal of die vraelyste wat gebruik word aan die kriteria van betroubaarheid en geldigheid voldoen. Hy identifiseer vier hipoteses vir dié doel. Die eerste twee handel oor die konstruktiewe geldigheid, die derde oor betroubaarheid en die vierde oor die kriteriageldigheid van die vraelyste.

Hipotese 1: Die agt kwaliteitskaraktertrekke word in die vraelys deur die agt skale gemeet. "To test whether a number of items form a Likert scale, we will compute the part-whole corrected discriminatory power of the items of each sub-scale. By doing so, it can be tested how well an item represents the respective scale." (Schalk 1999:19). 19 van die 70 items het nie aan die kriteria voldoen nie, die res het wel.

Hipotese 2: Die agt kwaliteitskaraktertrekke is in die vraelys empiries bewysbaar en kan daarom deur faktoranalise herhaal word. Die faktore hoef nie onafhanklik te wees nie, aangesien die teorie dit nie vereis nie. Die 70 items is deur middel van faktoranalise gegroepeer. Daar is bevind dat die agt faktore 42.4% van die totale variansie verklaar (Schalk 1999:27). "However, all items fulfil the Furntratt criterion and have a sufficient factor loading purity. Altogether, Hypothesis 2 cannot fully be confirmed: Even if the quality

characteristics show up somehow in the factor structure, they cannot be shown there definitively.” (Schalk 1999:32).

Hipotese 3: Die vraelys maak die betroubare meting van die karaktertrekke moontlik. Cronbach se “alpha-coefficients” is gebruik om die interne betroubaarheid van die vraelys te meet. Die volgende bevinding is gemaak: “Half of the scales do not reach the criterion of 0.5. This means that the internal consistency of these scales is too low for reliable statements about the various aspects of church life. For a correct diagnosis of a church the reliability of the questionnaire is not sufficient, therefore hypothesis 3 must be rejected. (Schalk 1999:32). Schalk wys egter daarop dat dit moeilik is om die versillende skale homogeen te kry. Dit is verder moeilik om die hertoetsopsie uit te oefen, aangesien “it seems impossible however, to measure a church twice without seeing any changes in the results between the two measurements besides those resulting from a potential inaccuracy of the questionnaire. (Schalk 1999:33)

Hipotese 4: Die telling van die agt kwaliteitskaraktertrekke onderskei groeiende kerke betekenisvol van nie-groeiende kerke. Om hierdie hipotese te toets, is daar na die resultate van 134 kerke gekyk, 50 is geklassifiseer as “nie-groeiend” en 84 as “groeiend”. Die “U statistics of Man & Whitney” is op ‘n beduidendheidspeil van minder as 5% gebruik. Daar is bevind dat die agt karaktertrekke betekenisvol tussen groeiende en nie-groeiende kerke onderskei.

In die lig die voorafgaande bevindinge (Hipotese 1 tot 3) was dit noodsaaklik dat die vraelys grondig hersien moes word. “The difficulty in improving the questionnaire is in raising the value of the item characteristics while preserving the validity.” (Schalk 1999:35)

In die hersiening van die vraelys is die volgende strategie (Schalk 1999:35) gevolg:

1. Items wat ‘n hoë telling het, maar nie identies by die skaal is nie, is na ‘n ander skaal verskuif, indien dit sinvol is.

2. Sommige items het 'n hoë telling en pas nie by die skaal waar hulle gegroepeer is nie, maar kan nie na 'n ander skaal toe geskuif word nie. Hulle sal hertoets word om te bepaal of hulle nie by die huidige skaal kan bly nie.
3. Sommige nuwe items sal formuleer word, sodat daar genoeg items per skaal is.
4. Die hersiene vraelys sal deur middel van item- en faktoranalises getoets word om te bepaal of die vraelys aan die gestelde kriteria voldoen.

'n Nuwe vraelys met 127 items is saamgestel. Honderd vraelyste is in 'n Duitse kerk versprei. Die respondente moes voldoen aan die oorspronlike kriteria van dat hulle deel van die kern van die kerk is. 68 vraelyste is terugontvang en geanaliseer. Geen aandag is weereens aan geslag en ouderdom gegee nie.

Die kriteria vir die item-analise was "a internal consistency of 0.5 (Cronbach's alpha)" (Schalk 1999:36). Die nuwe vraelys bestaan weer uit agt skale met 70 items. Die volgende bevinding word gemaak oor die hersiene vraelys: "The reliability, measured as internal consistency, is clearly higher than that of the original questionnaire. A reliable testing of a church, using the NCD Church Profile is now possible." (Schalk 1999:45). Die faktoranalise kon nie uitgevoer word nie, aangesien te min respondente die vraelys voltooi het.

Schalk (1999:52) maak die volgende opsomming: "As a result of this first study it was possible to develop a reliable tool to measure eight qualitative aspects of a church. Several indications for the validity of this survey were identified. What could not be achieved here was the final validation of the questionnaire, the standardization, and the definition of a formula to combine both the pastor's and the lay worker's questionnaires." (Schalk 1999:52). 'n Betroubare meetinstrument is aan die hand van die voorafgaande prosedures ontwikkel.

6.2.3.4 Basiese aannames

Op grond van die navorsing is die onderstaande agt groeikwaliteite, as kenmerkend van groeiende gemeentes geïdentifiseer (Schwarz 1996:22-37).

- Bemagtigende leierskap: Die leierskap gee aan die ander gelowiges die geleentheid om self vir die bediening verantwoordelikheid te neem. Die leiers hou sowel die doel, as die verhoudings voor oë.
- Gawe-georiënteerde bediening: God gee aan gelowiges verskillende gawes om mee diensbaar te wees, dit is die algemene priesterskap van die gelowige.
- Passievolle spiritualiteit: Die gelowiges is toegewyd en vol entoesiasme, hulle het 'n lewende verhouding met Jesus Christus.
- Funksionele strukture: Strukture staan nie teenoor 'n lewende gemeente nie, maar skep die ruimte sodat 'n gemeente kan groei.
- Inspirerende eredienste: Die klem val nie op 'n "seeker service" nie, maar op 'n erediens wat die bywoners inspireer. Erediensbywoning is nie 'n plig nie, maar 'n vreugdevolle en inspirerende ervaring.
- Sorgsame kleingroepe: Groeplede gee vir mekaar om en sorg vir mekaar. Lede deel hulle persoonlike behoeftes met mekaar. Die verdeling van kleingroepe is die enkele belangrikste faktor onder die agt groeikwaliteite.
- Behoefte-georiënteerde evangelisasie: Lidmate wat die gawe vir evangelisasie het, het die geleentheid om dit uit te leef. 'n Kernaspek in die groei van die gemeente, is 'n uitreik na die behoeftes van nie-Christene.
- Liefdevolle verhoudings: Praktiese liefde bereik meer mense as evangelisasieprogramme.

Die verskillende gemeentes is in vier verskillende kategorieë verdeel (Schwarz 1996:20):

- a. Hoë kwaliteit en kwantiteit; die kwaliteitsindeks is bo 56 en die erediensbywoning groei met meer as 10% per jaar,
- b. gemeentes met bo-gemiddelde kwaliteit, maar 'n dalende erediensbywoning,

- c. gemeentes met 'n onder-gemiddelde kwaliteitsindeks (onder 45) en 'n dalende erediensbywoning, en
- d. gemeentes met 'n onder-gemiddelde kwaliteitsindeks en 'n dalende erediensbywoning.

Die bepaling van die minimumfaktor speel 'n belangrike rol in die strategie wat Schwarz volg. Dit beteken dat "... the growth of a church is blocked by the quality characteristics that are least developed." (Schwarz 1996:50). Deur die groeikwaliteit(e) te identifiseer en en te ontwikkel, kan dit tot verdere groei in die gemeente lei. Deur aan die minimumfaktor aandag te gee, kan groei bevorder word. Uit hulle navorsing het dit duidelik geword dat "... raising a church's quality index can be best achieved by improving the minimum factor." (Schwarz 1996:51).

Die biotiese beginsels lê klem daarop dat die gemeente 'n "organisme" is wat groei en nie 'n robot wat uit voorafvervaardigde komponente bestaan nie. Schwarz (1996:66-77) wys op die volgende ses biotiese beginsels:

- Interafhanlikheid: Die verskillende dele funksioneer as 'n geheel en die geheel is belangriker as die verskillende dele. Die agt groeikwaliteite is daarom as 'n geheel belangrik en nie afsonderlik nie.
- Vermenigvuldiging: Groei is nie onbeperk nie. 'n Boom word nie net groter en groter nie, maar lei tot die ontstaan van nuwe bome. Die vrug van 'n gemeente is nog 'n gemeente, dit is die gevolg van dissipelskap.
- Energie-oordrag: Virusse lei daartoe dat die liggaam sy immuunsisteem versterk. Die energie word positief gebruik. Die vraag vir 'n gemeente is: Hoe kan die krisis tot voordeel van die Koninkryk van God gebruik word?
- Meerdoeligheid: Blare wat van 'n boom val word weer as kompos vir die boom gebruik. In plaas van, byvoorbeeld, afsonderlike programme vir leierskapopleiding, word van indiensopleiding gebruikgemaak. Dit is die manier waarop Jesus sy dissipels toegerus het.
- Simbiose: Twee verskillende diere wat saamlewe, doen dit tot voordeel van beide diere. Diversiteit en pluraliteit is gesond. Simbiose beteken dat

almal nie 'n fotokopie van mekaar is nie, maar met verkillende gawes saamwerk.

- Funksionaliteit: Alles in die skepping het 'n bepaalde funksie. Alle lewende organismes dra vrugte, anders sterf dit. 'n Gemeente word opgeroep om vrugte te dra (Matt. 7:16-17).

Gemeentes wat aan die analise deelneem, ontvang die vraelyste wat deur ongeveer dertig kernlidmate ingevul word. Konslutante begelei die proses en gee voorligting. Die vraelyste is vir die Suid-Afrikaanse situasie gestandaardiseer. Die gemeente ontvang 'n verslag oor die agt groeikwaliteite in die gemeente en hoe die gemeente bioties kan groei.

6.2.3.5 Evaluering

Waardering kan uitgespreek word vir die moeite wat gedoen is om die interne geldigheid (Mouton en Marais 1992:52) van die vraelys te verseker. Dit wil werklik voorkom asof die hersiene vraelys 'n meer geldige instrument is om om die agt karaktertrekke te meet. Dit is 'n belangrike pluspunt van die NDC-opname.

Die eksterne geldigheid of veralgemeenbaarheid (Mouton en Marais 1992:53) van die vraelys is problematies. Die probleem lê op die volgende vlakke:

- Biografiese en ander onafhanlike veranderlikes word nie verreken nie.
- Dit is nie afdoende bewys dat 30 respondente uit die kerngroep van 'n gemeente voldoende inligting oor die hele gemeente verskaf nie. Dit kan hoogstens 'n bepaalde persepsie van 'n bepaalde kerngroep aandui.
- Hoe toepasbaar is die vraelys binne 'n Afrikaanse Protestantse situasie? Die identiteit, belydenis en geskiedenis van 'n gemeente speel ook 'n rol in die diagnose van die probleme van 'n gemeente.
- Dek die agt karaktertrekke die volle spektrum van 'n gemeente voldoende?

Indien die eksterne geldigheid van die NCD-opname verbeter kan word, kan dit 'n baie bruikbare instrument in die analise van 'n gemeente word, aangesien die interne geldigheid van die opname reeds bevestig is.

Jan Hendriks (1997:586) maak die volgende kritiese opmerkings ten opsigte van NCD:

1. Die resultate word nie vir verdere ondersoek beskikbaar gestel nie;
2. Kwaliteit word aan kwantiteit gelyk gestel. Groei vind plaas as die agt kwaliteitseienskappe in kwantiteit groei.
3. Oorsaak en gevolg word ook verwar. Wat is oorsaak en wat is gevolg by 'n groeiende gemeente? "Zo zijn naar mijn mening wederzijdse liefde en een geïnspreerd geestelijk leven geen causale factoren, maar effect van andere factoren." (J Hendriks 1997:586)

6.2.4 Nel

6.2.4.1 Agtergrond en probleemformulering

Die gemeentebouproses kan nie sinvol of doelgerig verloop sonder 'n eerlike gemeente-analise nie. Dit kan selfs as die enkele belangrikste fase, minstens uit 'n beplanningsoogpunt gesien, beskou word (Nel 1994:148).

In 'n gemeente-analise gaan dit oor die gemeente as empiriese subjek. "Die subjek word dus nie maar net gedefinieer nie, maar as subjek deur die subjek self ontleed en geëvalueer." (Nel 1994:149). In dié verband behoort twee vrae (Nel 1994:149) beantwoord te word:

- Die wie-vraag: Wie is hierdie empiriese gemeente op 'n bepaalde plek en tyd?
- Die hoe-vraag: Hoe funksioneer hierdie gegewe aantal gelowiges in hierdie gegewe omgewing?

Die gemeente word bewus van 'n probleem en word gemotiveer om na 'n oplossing te soek. Dit lei tot 'n probleemdiagnose. Die huidige situasie van die

gemeente word gestel teenoor die ideale situasie, soos die gemeente behoort te wees.

6.2.4.2 Basiese aannames en vertrekpunte

In die lig van die voorafgaande probleemformulering bestaan 'n gemeenteanalise vir Nel (1994:150-154) uit minstens die volgende drie aspekte:

- **Gemeenteprofiel:** Dit handel oor die saaklike gegewens ten opsigte van die gemeente. 'n Databasis word vir die gemeente opgebou. Die gegewens behoort vergelyk te word met die profiel van die samelewing of gemeenskap waarbinne die gemeente geleë is. Dit gaan oor vrae soos:
 - Wie woon hier?
 - Hoe oud is hulle?
 - Wat is die verhouding tussen die getal mans/dames?
 - Wat is die ouderdomsprofiel?
 - Wat is die opvoedkundige kwalifikasies?
 - Watter inkomstegroepe woon hier?
 - Watter beroepsgroepe woon hier?
 - Hoe lank woon die lidmate al hier?
 - Wat is die gemiddelde tyd van inwoning?
 - Huweliksstatus en gesinsgrootte?
 - Hoe vergelyk hierdie gegewens met dié van die samelewing?

Die geskiedenis van die gemeente vorm ook deel van die gemeenteprofiel. Die opbou van 'n gemeenteprofiel is nie 'n moeilike taak nie, aangesien die gegewens geredelik beskikbaar behoort te wees.

- **Situasie- en omgewingsdiagnose.** Die prosedure behels aan die een kant 'n diagnose van die omgewingsbedreigings en -geleenthede en aan die ander kant word na die gemeente se swak- en sterkpunte gekyk. Die gemeente bestaan binne 'n bepaalde konteks: stad/dorp, streek en land. Verskuiwings binne die konteks op demografiese, politieke en ekonomiese

terrein beïnvloed die gemeente wesenlik en daarom moet dit in 'n diagnose verreken word. 'n Negatiewe of krimpende omgewing kan 'n gemeente juis motiveer om te groei. Die gemeente lewer aan die anderkant verslag van die gemeentelike situasie: uit wie bestaan die gemeente, wie is voltyds/deeltyds in die bediening, finansies, erediensbywoning, ens.

Van die gegewens wat verkry moet word, is die volgende (Nel 1994:159):

- Die inwonertal binne die gemeentegrense (waar van toepassing);
 - die gemiddelde reistyd van die lidmate na hulle werkplekke en 'n beraming van die inwonertal binne 'n radius van die reistyd - gemeet van die gemeentesentrum af;
 - die getalverhoudings tussen die taalgroepe binne die omgewing van die gemeente; en
 - 'n lys van kerke binne die grense van die gemeente.
-
- **Gemeentediagnose en -evaluering.** Die gemeente ontleed en evalueer self sy eie funksionering in die lig van sy wese en doel. Die teorie van wie die gemeente is, word in die praktyk ondersoek. Is die gemeente, wat dit behoort te wees? Op die vraag soek die gemeente self dan 'n antwoord. Die diagnose help die gemeente om 'n eie behoeftebepaling te maak.

In 'n gemeentediagnose word daar gevra na die gemeente se (Nel 1994:160):

- verstaan van sy wese en bestaansdoel;
- doelgerigte en doeltreffende funksieervulling; en
- strukturering in diens van die heilshandeling van God deur sy gemeente in sy wêreld.

6.2.4.3 Metodologie

Vir elkeen van die drie wyses van gemeente-analise maak Nel 'n bepaalde voorstel oor hoe dit uitgevoer moet word:

- Die gemeenteprofiel kan met behulp van 'n eenvoudige vraelys vasgestel word. 'n Gemeentenedatabasis kan ook hierdie inligting verskaf.
- Die gegewens vir die situasie- en omgewingsdiagnose kan op twee maniere verkry word (Nel 1994:163-164):
 - 'n Groep lidmate en leiers lys die veranderinge wat in die omgewing waarvan die gemeente deel is, plaasgevind het. Indien die groep te groot is, kan dit in kleiner groepe verdeel word, daar kan ook van 'n fasiliteerder gebruik gemaak word.
 - Die gegewens kan ook met behulp van 'n vraelys verkry word.
- Die gemeentediagnose en -evaluering kan met behulp van onderhoude of 'n analysevraelys gedoen word. Nel kies die vraelys en metode wat deur Callahan ontwikkel is, dit is sy oortuiging dat "... die manier van diagnose en evaluering soos deur Callahan ontwerp (en in soveel gemeentes beproef) werkbaar en aanbevelenswaardig is." (Nel 1994:173). Die metode benut die omgewingsdata soos dit by die situasie- en omgewingsdiagnose benodig word, dit gebruik 'n beproefde diagnosevraelys (die twaalf sleutelkenmerke van 'n effektiewe gemeente) en dit benut die interaksie tussen lidmate wat vir ongeveer nege uur aan die proses deelneem.

Nel (1994:173-174) wys op die volgende voordele van die proses, naamlik die

- verkryging van die evaluering deur individue en klein groepe;
- loskom van idees deur groepsdinamiese gesprekke;
- motivering van mekaar, deur onderlinge gesprekke, vir die voortsetting van die proses;
- kontrolering van eensydige evaluerings, deur nie-kritiese of oorkritiese individue, deur lede van die klein- en grootgroep;
- ondervanging van misverstande, wanopvattinge, valse verwagtinge wat moontlik kan bestaan; en
- geestelike opbou waarde om as 'n groep gelowiges saam aan 'n praktiese gemeentebouproses te werk.

Hoeveel persone word by die diagnose betrek? Die aanbeveling is dat 'n vyfde van die aantal lidmate wat gemiddeld 'n oggenddiens bywoon, betrek

moet word (Nel 1994:175). Die persone word in 'n gemeentekonferensie saamgetrek wat gewoonlik oor 'n naweek plaasvind. Die program word in vier fases verdeel wat oor ses sessies verloop (Nel 1994:176):

- Hooffase 1: Ontwikkel 'n realistiese beraming van die gemeente se huidige posisie en grootte.
- Hooffase 2: Kies die primêre koers vir die toekoms van die gemeente.
- Hooffase 3: Bepaal die sterkpunte van die gemeente in die lig van die twaalf sentrale (sleutel-) kenmerke van effektiewe gemeentes.
- Hooffase 4: Kies die sentrale kenmerke, sleuteldoelwitte en tydskedules wat die gemeente se toekoms sal bevorder.

6.2.4.4 Evaluering

Nel doen 'n omvattende gemeente-analise aan die hand. Dit is 'n winspunt om minstens met 'n gemeenteprofiel, 'n situasie- en omgewingsanalise en 'n gemeentediagnose te werk. 'n Gemeente kan nie net vanuit een hoek geanaliseer word nie. Dit sou beslis gehelp het as Nel 'n groter plek aan die gemeente as gedefinieerde subjek gegee het in die proses van analise, as om net met die gemeente as empiriese subjek te werk. Die tekortkominge van Callahan se analise is reeds bespreek (6.2.2.1) en dit geld ook hier vir die mate waarin Nel van Callahan gebruikmaak. Nel ontkom nie aan die eis tot 'n verteenwoordigende analise deur 'n vyfde van die aantal lidmate wat 'n oggenddiens bywoon die analise te laat invul nie. Dit waarborg nie dat almal in die gemeente "gehoor" word nie.

6.3 GEMEENTESTUDIES

6.3.1 “Congregational studies”

6.3.1.1 Agtergrond en probleemformulering

In 1986 verskyn die eerste “Handbook for Congregational Studies” onder redaksie van Carroll, Dudley en McKinney. Die doel van hulle ondersoek is “... to take congregations seriously in their givenness as earthen vessels through which the transcendent power of God is at work and made known (II Cor 4:7) and through which God’s purposes in the world may be realized.” (Carroll e.a. 1990:7).

Hoekom is ‘n gemeentestudie nodig? Die volgende redes kan uitgewys word (Carroll e.a. 1990:8-9):

- Dit gee ‘n groter balans en verhouding aan die analise as ‘n spontane self-beskrywing deur die gemeente.
- Gemeentes kan strukture en patrone in oënskynlik onverwante probleme ontdek en dit orden die ondersoek.
- Dit maak bekend wat ‘n gemeente dalk nie wil hoor nie.
- Die analise lei tot ‘n gemeentelike self-verstaan en ‘n gemeenskaplike deelname deur die lidmate.

Teen die agtergrond stel hulle (Carroll e.a. 1990:11-13) voor dat ‘n gemeenteanalise aan die hand van die volgende vier dimensies onderneem word:

- **Program** verwys na die strukture, planne en aktiwiteite waardeur ‘n gemeente sy missie en bediening teenoor sy lede en nie-lede bereik.
- **Proses** het te doen met die onderliggende dinamika in ‘n gemeente wat die gemeente saambind en sy moraal en “klimaat” beïnvloed.
- **Sosiale konteks** verwys na die plaaslike en globale wêreld waarbinne die gemeente bestaan.
- **Identiteit** verwys na die geloof, waardes, simbole, stories en styl wat die gemeente uniek maak.

Die dimensies word verder in die handboek in diepte behandel en omvattende voorstelle word gemaak oor 'n metodologie om dit in 'n gemeente te ondersoek. In 1998 word die handboek onder redakteurskap van Ammerman, Carroll, Dudley en McKinney hersien en onder die titel "Studying Congregations. A new handbook" gegee. Die hersiene handboek gaan verder in meer diepte bespreek word.

Die uitgangspunt waaruit die gemeente in die hersiene handboek bestudeer word, behels "... describing the situation of the congregation and then correlates that situation with the faith and the beliefs of the congregation." (Ammerman e.a. 1998:25). Aan die hand van Browning se teorie vir praktiese teologie moet die proses verder as net 'n beskrywing geneem word, en met met die geloofstradisie gekorrelleer word. Daar moet by 'n nuwe geloofspraktyk uitgekom word.

Elke gemeente beskik oor 'n eie teologie. Aan die een kant is dit eksplisiet en amptelik en aan die ander kant is dit implisiet en nie-amptelik. Die amptelike teologie is maklik bepaalbaar (byvoorbeeld die belydenisgrondslag en missiestelling van 'n gemeente), maar die implisiete teologie van 'n gemeente is moeiliker bepaalbaar. Dit word nie amptelik geformaliseer nie en duidelik gekommunikeer nie, maar dit bly onontbeerlik vir die verstaan van 'n gemeente. Dit is belangrik om te verstaan dat 'n gemeente nie oor een enkele samebindende teologie beskik nie, maar eerder dat ... "These theologies are also likely to differ, based on differences in the experiences of members and groups within the congregation." (Ammerman e.a. 1998:32).

Hoe kan die verskillende teologieë in 'n gemeente ontdek word? Drie benaderings kan uitgewys word (Ammerman e.a.1998:33-36):

- Stories is die geheue van 'n gemeente. 'n Manier om dit te ontdek, is om na die storie van die gemeente oor die verloop van tyd te luister.

- Die verskillende praktyke van 'n gemeente vertel hoe die gemeente hulle teologie binne die huidige omstandighede uitleef. Eredienste en aanbiddingsgeleentheid word op 'n bepaalde manier ingerig.
- 'n Gemeente beskik oor verskillende tekste wat hulle gebruik. Vir 'n gemeente wat uitreik, is die groot opdrag van die Matteusevangelie byvoorbeeld belangrik. Die tekste kan enige dokumente wees, byvoorbeeld omsendskrywes, nuusbriewe, ens.

6.3.1.2 Basiese aannames en vertrekpunte

Die teologieë van 'n gemeente kan binne vier raamwerke ontdek word. Dit gee 'n groter prentjie van die situasie en omstandighede van 'n gemeente. Die volgende vier raamwerke verdien derhalwe aandag:

1. Die ekologiese raamwerk

Hierdie vertrekpunt sien die gemeente as 'n organisme binne 'n bepaalde omgewing. Daar is verskeie organismes wat die sosiale en godsdienstige wêreld vorm. Die gemeente is 'n "oop sisteem" wat binne 'n bepaalde sosiale konteks funksioneer. Daar is 'n wisselwerking tussen 'n gemeente en die sosiale omgewing. Die sosiale omgewing bestaan uit die buurt waarbinne die gemeente geleë is, die ekonomiese en politieke instellings wat dit beïnvloed; selfs globalisering beïnvloed die gemeente (Ammerman e.a. 1998:41). Die interaksie tussen gemeente en omgewing geskied op verskillende vlakke: demografies – die bevolkingsamestelling, 'n gedeelde kultuur en organisasies wat in wisselwerking met die gemeente staan. 'n Wye verskeidenheid van individue, kulture en organisasies vorm die konteks van elke gemeente. "By carefully studying this context and discovering a place within it, congregations can work together for good." (Ammerman e.a. 1998:74).

2. Die kulturele raamwerk

Elke gemeente is 'n groep wat op 'n unieke manier saamgevoeg is. Elke gemeente het 'n eie geskiedenis en karakter wat sy identiteit vorm. "In addition to being shaped by a theological tradition, congregations are also, of

course, shaped by the larger secular culture in which they are located.” (Ammerman e.a. 1998:79). Die identiteit van ‘n gemeente word binne hierdie kulturele raamwerk ontdek. Die kultuur van ‘n gemeente strek van die tipe geboue tot die afkondigings wat gemaak word en simbole wat gebruik word. Die verskillende elemente van die kulturele raamwerk kan aan die hand van die volgende vrae geïdentifiseer word (Ammerman, e.a. 1998:101):

- Watter rituele neem ‘n sentrale plek in die gemeente se kultuur in?
- Watter aktiwiteite beïnvloed die wyse waarop die lede deelneem en dink die meeste?
- Watter simbole beskryf die gemeente die beste? Watter objekte, mense en gebeure is vir die groep betekenisvol?
- Watter praktyke en maniere van doen, is vir die gemeente belangrik?
- Watter stories speel ‘n belangrike rol in die gemeente?
- Op watter manier kan ‘n betrokke lidmaat die beste beskryf word?

3. Die prosesraamwerk

Elke gemeente is op ‘n “eie manier” gemeente. Hier gaan dit oor die dinamika en prosesse wat in die gemeente werksaam is en die klimaat in die gemeente. Prosesse in ‘n gemeente is formeel en informeel (Ammerman, e.a. 1998:107). Formele prosesse is beleid en prosedures wat beskryf is en so deur die gemeente aanvaar is. Informele prosesse verwys na die sosiale interaksie wat sonder formele riglyne plaasvind.

Drie gemeentelike aktiwiteite kan gebruik word om prosesse binne ‘n gemeente te verstaan (Ammerman, e.a. 1998:109-126):

- Hoe besluite geneem word of hoe verloop die gemeentelike beplanningsproses? Prioriteite word bepaal en die leierskap van die gemeente, aan wie bepaalde gesag toegeken is, voer die besluite uit.
- Hoe gekommunikeer en die gemeenskap opgebou word. Daar is ‘n grens tussen die lede en die nie-ledes. Op watter wyse word nuwe lede ontvang? Is almal ewe tuis in die gemeente en word hulle behoeftes bevredig? In dié verband word na gemeentegrootte gekyk.

- Hoe word konflik in die gemeente hanteer? Verskillende gemeentes reageer verskillend op konflik: dit kan geïgnoreer of onderdruk word; roetinekonflik kan positief as deel van groei beskou word; erge konflik kan negatief wees en 'n gemeente lam lê. Minstens kan konflik uitwys dat normale besluitnemingsprosesse nie behoorlik funksioneer nie. Konflik is egter nooit eenvoudig nie en het 'n komplekse oorsprong en oplossing.

4. Die hulpbronnerraamwerk

Die vraag is na die “kapitale” bronne wat tot die gemeente se beskikking is. Dit sluit finansies in, maar is ook die lidmate en leiers en hulle potensiaal en vermoëns. Dit is 'n soeke na die “rou” materiaal wat tot die gemeente se beskikking is. Die aspekte wat, binne hierdie raamwerk aandag verdien (Ammerman, e.a. 1998:134-164) is die:

- mensepotensiaal in die gemeente en hulle toewyding aan die gemeente;
- finansiële bronne tot beskikking van die gemeente, die inkomste- en uitgawepatrone van die gemeente en dankoffers; en
- geboue en fasiliteite waaroor die gemeente beskik.

Deur te kyk na die wyse waarop hulpbronne in die verlede benut en hanteer word, kan bepaal word wat die gemeente se latente potensiaal met die oog op die toekoms is.

6.3.1.3 Metodologie

Die presiese probleem wat bestudeer gaan word, moet eerstens duidelik omskryf word. Tweedens moet 'n toepaslike metode gekies aan die hand waarvan die probleem ondersoek gaan word (Ammerman e.a. 1998:197). Die outeurs staan 'n multimetode-benadering voor: “It is strongly recommended that a study team employ several or all of these methods, because a multiple-method approach can overcome the limits of a single method.” (Ammerman e.a. 1998:198). Die onderstaande metodes gaan kortliks bespreek word (Ammerman, e.a. 1998:199-227):

1. **Direkte waarneming.** Dit is 'n baie kragtige metode, want alle lidmate maak voortdurend hiervan gebruik. 'n Taakspan in die gemeente kan in die analisering van 'n gemeente van direkte waarneming gebruikmaak. Hulle neem sekere geïdentifiseerde aktiwiteite waar, ook nie-verbale kommunikasie, en lewer verslag oor hulle waarnemings. Dit kan 'n waarnemer dwing om weer krities en op 'n afstand na 'n gemeente te kyk. Die sterkpunt van direkte waarneming is ook 'n swakpunt, want dit is 'n persoonlike en subjektiewe proses. Dit kan maklik tot 'n "blinde kol" in die waarneming lei, wat nie 'n volledige prentjie weergee nie.
2. **Onderhoude** kan gevoer word met die persone wat waargeneem word, of dit kan wyer met meer lidmate gevoer word. Onderhoude strek van informele gesprekke tot gestruktureerde onderhoudskedules. Dit behels 'n een-tot-een interaksie met persone wat minstens verteenwoordigend van die gemeente behoort te wees. Behoorlike rekord moet van die onderhoude gehou word. So 'n onderhoud plaas 'n verskeidenheid van response op die tafel en gee 'n stem aan invidiue wat nie normaalweg gehoor sou word nie. Aan die anderkant moet dit ook nie as die "objektiewe waarheid" gesien word nie.
3. **Gemeentetydlyn:** Dit is 'n historiese weergawe van die verloop van die gemeente se lewe oor 'n bepaalde tydperk. Lidmate word byvoorbeeld uitgenooi om op 'n groot stuk papier by bepaalde datums die verhaal van die gemeente te kom invul. Hulle gee hulle eie ervarings weer, maar ook wat in die samelewing en omgewing op politieke, ekonomiese en gemeenskapsvlak gebeur het. Op die manier word 'n informele geskiedenis van die gemeente deur die lidmate geskryf. Dit word verder met die konteks waarbinne dit gebeur het in verband gebring.
4. **Dokumentêre analise:** 'n Groot deel van die gemeente se aktiwiteite word in die dokumente wat daagliks gebruik word, opgeteken. Dit kan in die vorm van afkondigings, nuusbriewe en notules wees. Daar is 'n magdom van inligting beskikbaar. Die dokumente kan deur middel van inhoudsanalise ontsluit word. 'n Duidelike keuse moet gemaak word, ten

opsigte van die vraag wat deur so 'n analise beantwoord wil word. Die voordeel van 'n dokumentêre analise is dat sekere inligting net op hierdie wyse bekom kan word, byvoorbeeld die gemeente se inkomste en uitgawes en die historiese verloop van erediensbywoning. 'n Nadeel van so 'n dokumentêre analise is dat nie alle inligting deur so 'n analise bekom word nie.

5. **Sensusdata en sekondêre rekords.** Openbare dokumente en staatsensusse bied 'n waardevolle bron van inligting. Die tipe inligting plaas die gemeente in 'n wyer konteks. 'n Oorsigtelike waarneming van die gemeente het die voordeel dat dit 'n holistiese prentjie van die gemeente gee.

6. **Vraelyste en opnames.** Vraelyste en onderhoudskedules is 'n bekende metode om inligting mee te versamel. Dit bly belangrik om die doel van die ondersoek voor oë te hou. Vraelyste is veral bruikbaar om houdings, veranderinge en prosesse in 'n gemeente te ondersoek. Die respondente in so 'n ondersoek moet verantwoordelik bepaal word, verkieslik deur middel van 'n steekproef. Die vrae moet so geformuleer wees, dat betroubare en geldige antwoorde verkry word. Die voordeel van so 'n opname is dat dit relatief goedkoop is en dat dit 'n vinnige manier is om 'n wye spektrum van mense se menings te toets. 'n Nadeel is dat dit nie noodwendig alle mense se menings weergee nie. Geletterdheid speel hierin 'n rol.

Die kriteria wat ten opsigte van al die genoemde metodes geld, is dat

- die fokus en doel van die ondersoek duidelik beskryf moet word;
- die ondersoek doelgerig en gedissiplineerd onderneem moet word; en
- die ondersoek inklusief van die hele gemeente moet wees. (Ammerman, e.a. 1998:237).

Gemeente-analise is nooit afgehandel nie. “These study methods are a path into a reflective, disciplined examination that does not need to end.” (Ammerman, e.a. 1998:238).

6.3.1.4 Evaluering

‘n Belangrike winspunt van hierdie benadering is dat dit ‘n meer omvattende benadering is, wat uit ‘n verskeidenheid van invalshoeke na die gemeente kyk. Smuts spreek waardering uit vir die werk van gemeentestudies: “Die respek wat sy benadering vir die bestaande gemeente met sy eie ‘storie’ en identiteit toon, is belangrik. (Smuts 1995:139). Die handboek werk met die vertrekpunte van Browning vir die praktiese teologie en nie net met insigte vanuit die organisasiewetenskappe nie. Dit is dus ‘n poging om vanuit ‘n prakties-teologiese vertrekpunt na die gemeente te kyk.

Gemeentestudies werk met ‘n meer omvattende metodologie en bespreek dit redelik volledig. Vanuit ‘n metodologiese hoek wys Dietterich (1991:18-19,23) op die volgende sterkpunte van dié benadering:

- Die naratiewe benadering is ontwikkel as ‘n voertuig om die gemeente te verstaan en sy werklikheid te kommunikeer.
- Die gemeente se identiteit word ontdek deur verder as getalle en vraelyste te kyk.
- Die gemeente kan nie vanuit net een invalshoek volledig beskryf word nie.

Gemeentestudies vereis ‘n sekere mate van kennis en vaardigheid om dit te kan uitvoer. Die proses is innoverend en kreatief, maar dit is kompleks en vereis ‘n sekere standaard van vaardigheid en opleiding om te hanteer. Die klem val meer op die gemeente as universele verskynsel en nie op die uniekheid van die Christelike gemeenskap nie. Dit lei daartoe dat die ekklesiologie van die benadering ‘n gebrekkige Bybelse basis het. Die plaaslike gemeente verdien meer aandag, want die kerk is nie net daar vir gemeenskapsontwikkeling nie (Dietterich 1991:18-19,23).


‘n Laaste en belangrike leemte is dat die missionêre dimensie van gemeenteweese nie genoegsaam aandag kry nie. Te veel klem word op die beskrywing van die gemeente gelê, met die gevolg dat te veel aandag aan behoefte- en funksieervulling gegee word. Meer aandag kan aan die koers en roeping van die gemeente gegee word.

6.3.2 Jurgens Hendriks: Strategiese Teologiese Beplanning

6.3.2.1 Agtergrond en probleemformulering

Jurgens Hendriks (1992:122) werk met ‘n proses van Strategiese Teologiese Beplanning (STB). Die proses bestaan uit vier hoof fases: diagnoseer, luister, beplan en implementeer. In ‘n later publikasie (Van der Merwe en Hendriks 1992:581-583) word toerusting vir diens as ‘n derde fase ingevoeg en analiseer en luister word as ‘n eerste fase saamgevoeg. Vir die doel van die bespreking word die klem op die analitiese/diagnostiese aktiwiteit geplaas. Skematies kan die proses so voorgestel word (HJ Hendriks 1992:129):

STRATEGIESE TEOLOGIESE BEPLANNING



6.3.2.2 Basiese aannames en vertrekpunte

Die eerste fase (analiese/diagnostiese aktiwiteit) wat probleemidentifisering behels is vir die doel van die bespreking die belangrikste. Die fase word in twee handeling verdeel: 'n analiese van die situasie binne en buite die gemeente aan die eenkant en 'n luister na die Woord aan die anderkant (Van der Merwe en Hendriks 1992:577). Die analiese bestaan uit 'n interne en eksterne analiese (Van der Merwe en Hendriks 1992:578-579):

Eksterne analise:

- Wat is die behoeftes van die samelewing waarby die gemeente betrokke kan raak? Op watter wyse kan die gemeente die samelewing tot diens wees?
- Watter bedreigings hou die situasie binne die samelewing vir die gemeente in?

Interne analise:

Kan die gemeente sy visie verwesenlik? 'n Kragveld-analise word gedoen. Die volgende vrae behoort oor die prioriteite wat tydens die eksterne analise geïdentifiseer is, beantwoord te word:

- Watter helpende faktore is daar binne die gemeente aanwesig om die gemeenteprioriteite te verwesenlik?
- Watter remmende faktore is daar binne die gemeente wat verhinder dat die prioriteite verwesenlik gaan word?

Die eksterne en interne analise is baie oppervlakkig en word deur 'n kleingroep gedoen. Na die twee analyses behoort 'n meer volledige en sistematiese gemeente-analise gedoen te word.

Jurgens Hendriks (1992:131) onderskei die volgende tipes gemeente-analises: 'n Kontekstuele analise (om alle relevante inligting oor die omgewing waarbinne die gemeente geleë is, in te win); 'n meganiese analise (hoe alles in die gemeente funksioneer); 'n organiese analise (hoe werk die verhouding en kommunikasie in die gemeente); identiteitsanalise (wat laat lidmate met die gemeente identifiseer); en 'n effektiwiteitsanalise (oorsigtelike analise). Die soorte analises word, vervolgens, kortliks bespreek (HJ Hendriks 1992:134-182):

1. Die meganiese analise: 'n gemeenteprofiel

- Die profiel, strukture en funksionering van die gemeente is op die tafel. Sekere basiese gegewens (getalle en strukture) en die funksionering van die gemeente moet beskryf word. Leraars, kerkraadslede, wyke,

kommissies en aksies word volledig beskryf in van terme getalle, funksionering en aktiwiteit.

- Die geskiedenis van die gemeente speel 'n belangrike rol: afstigting, leraars en belangrike gebeure behoort beskryf te word.
- Die demografies-biografiese besonderhede van die lidmate (geslag, ouderdom, sosio-ekonomiese status, ens.) word bepaal en omskryf. Hierdie besonderhede kan met die ander sensusdata vergelyk word, bv die staatsensus en Kerkspieël.
- Die erediensbywoning van die gemeente is 'n indikator van die gemeentese meelewing. Die erediensbywoningsyfer kan met historiese data vergelyk word.
- Finansiële gegewens en fisiese geriewe: Die finansiële state van die gemeente oor 'n bepaalde tydperk verskaf belangrike inligting oor die finansiële tendense van die gemeente. Groei of daal die gemeentelike inkomste, veral as dit teenoor inflasie verreken word? Die fisiese geriewe van die gemeente word veral in terme van twee vrae beskryf: Is die geriewe effektief en geskik vir die huidige aktiwiteite en is dit vir alle groepe bereikbaar?
- Hoe beplan die gemeente? Is daar behoorlike kort- en langtermyn doelwitte, word daar behoorlike verslag gedoen, en is daar 'n stelsel vir evaluering in plek? Antwoorde op die vrae sal aantoon of die gemeente doeltreffend funksioneer.
- Behoeftebepaling en evaluering: Maak die gemeente werklike erns met die nood en behoeftes van die mense in die gemeenskap? Is die lidmate bereid en besig om die gemeente en gemeenskap met hulle gawes te dien? Die analise verhoed dat die gemeente ter wille van instandhouding in tradisies en gewoontes vasval.

Die meganiese analise sê hoe die gemeente lyk en funksioneer. Dit verskaf noodsaaklike agtergrondinligting.

2. Die kontekstuele analise

Die gemeente lewe in interaksie met sy omgewing. Die gemeente is soos 'n organisme wat deur sy omgewing beïnvloed word en ook weer sy omgewing beïnvloed. Die doel van die kontekstuele analise is om die dinamiese wisselwerking tussen gemeente en omgewing na te gaan. Die onderstaande aspekte verdien daarom aandag.

- Die demografiese toneel: Daar word nou wyer gekyk na die bevolkingsamestelling van die omgewing en selfs die land waarbinne die gemeente val.
- Leer jou omgewing, sosiale groepe en sosiale wêrelde, verstaan. Die gemeenskap waarbinne die gemeente geleë is, vertoon bepaalde eienskappe, bv., die verskil tussen die stad en die platteland. Watter subkulture bestaan daar?
- Tipes groepe en die wyses van interaksie: Mense sou op grond van hulle waardesisteme in verskillende groepe verdeel kon word, byvoorbeeld: tradisionaliste, gefikseerdes, individualiste en selfmotiveerders. Mag en invloed werk op 'n bepaalde manier in die samelewing. Die gemeente sal daarvan moet kennis neem om te verstaan hoe sake in die samelewing werk.
- Inligtingsbronne. Plaaslike owerhede beskik oor 'n magdom inligting wat die plaaslike gemeente raak. Verder kan ander kerkgroeperings ook vir inligting oor die plaaslike gemeenskap geraadpleeg word.

3. Die organiese prosesanalise

'n Gemeente kan in meer as een opsig as 'n organisme beskryf word. Proses verwys na die interaksie tussen die gemeentelike waardesisteme en doelstellings. Die formele proses word in die Kerkorde en amptelike besluite van 'n gemeente beskryf. Die informele proses word nie amptelike beskryf nie, maar bepaal baie keer wat in 'n gemeente gebeur. In tye van spanning en konflik kan daar veral aan die organiese prosesse in die gemeente aandag gegee word. Die doel daarmee is baie keer om die kommunikasie binne die

gemeente te verbeter. Deur 'n prosesanalise kan die redes vir die bestaan van die organisasiestrukture en -progamme vasgestel word.

Die rol van die leraar(s) in die proses kan nie onderskat word nie. Die doel van die leierskap is nie om die heersende orde te handhaaf nie, maar om vir 'n gesonde liggaam te sorg. Botsense rolverwagtinge kan tot konflik aanleiding gee. 'n Prosesanalise kan verskillende groepe met verskillende verwagtinge uitwys, wat leraar(s) in die bestuur van die konflik kan help. Die verskillende kommunikasiepatrone binne 'n gemeente is deel van so 'n prosesanalise.

Gemeentes bestaan binne bepaalde sosiale groeperinge. Daar is nie altyd 'n sensiwiteit vir ander groepe se nood en behoeftes nie. Spanning ontstaan as gevolg van die groepe se behoeftes wat verskil. Behoorlike beplanning vind plaas as doelwitte gestel word, aksieplanne opgestel word en dit uitgevoer word.

'n Verdere rol van prosesanalise is om die hantering van verskille en konflik in die gemeente te beskryf. Konflik ontstaan gewoonlik as daar 'n botsing tussen die formele en informele prosesse is, of as daar verskille oor die sleutelpersoneel, bv die predikant, bestaan. Die vraag is dan hoe die konflik hanteer en besleg moet word.

4. Identiteitsanalise

Die gemeente se identiteit word beskryf deur die geloof, waardes, leefwyse, simbole, styl en verhaal van die gemeente. Dit maak elke gemeente uniek. Dit word gevorm deur 'n voortdurende interaksie- en kommunikasieproses binne die gemeente.

Die geskiedenis van die gemeente vertel iets van die agtergrond waaruit die gemeente ontwikkel het. Elke gemeente het 'n "groot" en 'n "klein" tradisie. Die groot tradisie verwys na die breë christelike erfenis en die denominasie se belydenis. Die klein tradisie is die gemeente se eie interpretasie van die groot

tradisie. So vorm elke gemeente ook 'n eie lewens- en wêreldbeskouing. Dit is 'n program waarvolgens gedink word en feite georden word. Daar kan met vier basiese lewens- en wêreldbeskouings gewerk word naamlik optimistiese, romantiese, tragiese en rasionele beskouings.

Simbole beskryf die waarde-oordele wat uitdrukking aan 'n gemeente se geloof en kulture gee. Die preekstoel, kleredrag en die inrigting van die erediens is voorbeelde van simbole. Rituele is handeling wat herhaal word en aspekte van die gemeente se identiteit oordra. Sang en musiek en sekere plegtighede is voorbeelde van rituele.

Vanuit die gekiedenis, tradisies, lewens- en wêreldbeskouing, simbole en rituele vorm elke gemeente 'n eie karakter en verhaal. Dit omskryf die gemeente se unieke identiteit. Die gemeentestorie sê wie die gemeente is en bely waarvoor die gemeente staan.

5. Die dinkskrum en swot-analise

Elkeen van die voorafgaande metodes van analise het 'n eie karakter. Alles kan nie en moenie gelyk aangepak word nie. Die gemeente se situasie moet bepaal by watter aspek begin word. In 'n meer omvattende analise kan meer as een metode gebruik word. Vanuit die probleem waaraan aandag gegee moet word, word keuses gemaak. en 'n instrument saamgestel.

'n Dinkskrum is 'n tegniek waarmee 'n groep soveel as moontlik idees oor 'n saak opper. Geen kommentaar of bespreking word toegelaat nie. Die gemeente-analise voorsien die feitelike agtergrond vir die verdere bespreking en beplanning. Om die gegewens uit die gemeente-analise en dinkskrum te orden, word 'n *swot*-analise (strengths, weaknesses, opportunities, threats) gedoen.

Die voorafgaande diagnostiese aktiwiteit vorm deel van die probleemidentifiseringsfase van die proses van strategiese teologiese beplanning. Daarna volg die volgende drie fases (HJ Hendriks 1992:182-189):

- Skeppendefase. Die doel van die skeppende fase is om na die Woord te luister. Leiding word van die Woord en die Gees gesoek. Die insigte word gesistematiseer. Breë doelstellings word geformuleer wat duidelik God se doel met die gemeente verduidelik. Hierna word 'n visie en missie geformuleer. Die missie is 'n langer uiteensetting van die gemeente se roeping, terwyl die visie die spitspunt van die missie is.
- Beplanningsfase. In hierdie fase word die verdere detail uitgewerk. Sleutelsuksesfaktore word geformuleer: Dit is die aktiwiteite wat eerste en goed uitgevoer moet word, anders sal die gemeente nie sy doel bereik nie en sal die gemeente in die spesifieke area misluk. Doelwitte, wat spesifiek, konkreet en meetbaar is, word geformuleer. Daaruit volg die aksieplanne.
- Implementeringsfase. Vanuit goeie beplanning word die teikengroep ontvries en gemotiveer. Goeie kommunikasie is van wesentlike belang. Die dienswerk word veral rondom die erediens gevier. Die ampte begelei en evalueer die proses.

6.3.2.3 Metodologie

Die metodologie wat Hendriks voorstaan, sluit aan by dit wat in die "Handbook for Congregational Studies" (1986) gebruik word. Hy stel 'n verwerkte weergawe van Carroll se "Parish Profile Inventory" voor wat in een gemeente in die NG Kerk getoets is (HJ Hendriks 1992:215). Gemeentes word versoek om die vraelys by plaaslike omstandighede aan te pas. Die doel van die ondersoek moet voortdurend in die saamstel van die vraelys voor oë gehou word. Hendriks maak nie spesifieke voorstelle oor wie die vraelys moet invul en oor die verwerking van die vraelys nie. Hy heg verder 'n verskeidenheid van bylaes aan (HJ Hendriks 1992:237-270) as voorbeelde van wat by die verskillende tipes van gemeente-analises gebruik kan word.

6.3.2.4 Evaluering

Hendriks plaas die gemeente-analise sinvol binne 'n proses van strategiese-teologiese beplanning. Gemeente-analise is nie 'n losstaande proses nie,

maar deel van 'n voortdurende gemeentebouproses. Die verskillende tipes van gemeente-analises waarmee Hendriks werk, wys tereg daarop dat 'n gemeente-analise 'n multi-dimensionele benadering vereis. Een metingsinstrument is nie genoegsaam om 'n gemeente mee te analiseer nie.

Die metodologie kan verbeter word. Dit wat oor die gemeentestudies gesê is, (6.3.1.4) geld ook die metodologiese tekortkominge by Hendriks. Meer kan gedoen word om die geldigheid en betroubaarheid van die analise te verhoog.

6.3.3 Burger: Die toetsing van gemeentes

6.3.3.1 Agtergrond en probleemformulering

'n Mens kan nie maar tevrede wees met hoe jy is nie, maar 'n gemeente moet die kritiese vraag vra: Is dit wat ons het, wel die naam kerk werd? Dit is 'n vraag wat Burger (1999:288) met huiwering vra, en wel om die volgende redes:

- 'n Mens behoort versigtig te wees met jou oordeel oor ander. Die gelykenis van die onkruid (Matt. 13:24-30) verduidelik die punt baie goed. Menslike maatstawwe is nie altyd goed nie.
- Die formulering en toepassing van sulke maatstawwe bly altyd 'n subjektiewe saak. 'n Eie verstaan is nie noodwendig 'n "regte" verstaan nie.
- Is toetsing en evaluering nie 'n te negatiewe proses om 'n positiewe resultaat van te verwag nie?

'n Soeke na geloofwaardige gemeenteweese dwing 'n mens egter om die vraag na die herkenbaarheid van die gemeente te vra. Terme wat soms in die nadenke oor gemeenteweese gebruik word, is: suksesvol, effektief en relevant (Burger 1999:289). Dit is terme wat nie net so op gemeenteweese van toepassing gemaak kan word nie. "Dit is nie maklik om vir die kruis en die kruisevangelie plek te maak in 'n suksesvolle kerk nie - ook nie vir die

belangrike Bybelse motiewe soos diens, selfverloëning nie.” (Burger 1999:289).

6.3.3.2 Basiese aannames en vertrekpunte

Burger (1991a:20-21) onderskei vier prosesse wat in die dinamika van ‘n gemeente aan die werk is: ‘n gedeelde visie, ‘n vaste geloofsverbintenis, ‘n sorgende gemeenskapslewe en diens. Ten opsigte van elkeen identifiseer hy ‘n teologiese kontrolepunt vanuit die eienskappe van die kerk. Die vier eienskappe dien in ‘n meerdere of mindere mate by elkeen as kontrolepunt, maar daar is in elke geval mintens ‘n primêre punt wat Burger uitlig. In ‘n latere werk brei Burger verder uit op die vier eienskappe van die kerk as ‘n manier om die gehoorsaamheid en outentiekheid van ‘n gemeente te toets (Burger 1999:290-299). Hy soek die antwoord na ‘n beter toets vir die gemeente se gehoorsaamheid - wat ook met die unieke aard van gemeentewees rekening hou - by die vier eienskappe van die kerk. Die vier prosesse met hulle primêre kontrolepunte word vervolgens bespreek.

- **‘n Gedeelde visie op die Koninkryk van God.** “Sonder ‘n visie wat funksioneer op die vlak van ‘n gedeelde droom kan daar nie sprake wees van ‘n lewende en effektiewe geloofsgemeenskap nie.”(Burger 1991a:37). Die primêre kontrolepunt ten opsigte van die visie van die geloofsgemeenskap is die Christelikheid of **apostolisiteit** van die kerk. Die waarheid van die Evangelie word op hierdie punt gekontroleer. Die vraag is: “Is dit werklik in sy wese ‘n Christelike visie op die wêreld? (Burger 1991a:67). Die Skrif is die finale maatstaf en bron van waarheid vir die kerk. Die Skrif word deur kerk ernstig opgeneem en word as riglyn vir die kerklike lewe aanvaar. Dit beteken ook dat die tradisie van die kerk ernstig opgeneem word. Die gemeente word deur twee vrae gekonfronteer Burger 1999:299):
 - Glo die gemeente in die apostolisiteit van die kerk?
 - Word genoeg van die gemeente se energie aan die apostolisiteit van die kerk gespandeer?

- **‘n Vaste geloofsverbintenis (“commitment”) aan die visie:** ‘n Lewende en effektiëffunksionerende geloofsgemeenskap is afhanklik van die lede se vaste, kontroleerbare geloofsverbintenis aan die visie van die gemeente (Burger 1991a:73). Die **heiligheid** van die kerk is in dié verband die primêre kontrolepunt van die geloofsverbintenis. Word die geloofsgemeenskap herken as mense wat aan Christus behoort en so lewe? (Burger 1991a:94). In die geval van die gemeente gaan die heiligheid van die kerk oor die gemeente se toewyding aan die taak van die kerk. Dit gaan oor die andersheid van gesindheid en lewe wat die Evangelie van die lidmaat en die gemeente vra. ‘n Lewe van liefde, ‘n lewe wat kies vir wat reg is en wat op alle lewensterreine navore kom, is hier ter sprake. Die volgende vrae kan in dié verband gevra word (Burger 1999:295):

 - Verstaan lidmaat en gemeente werklik wat ‘n lewe van heiligheid in al sy konsekwensies beteken? Lei dit tot ‘n herrangskikking en ordening van lewenswaardes en -prioriteite?
 - Met watter ywer word daar in die gemeente aan die saak gewerk? Is daar entoesiasme en vreugde vir so ‘n lewenswyse?
- **‘n Sorgende gemeenskapslewe (koinonia) waarin mense mekaar op hierdie pad ondersteun:** “Gemeenskap” verwys na ‘n diep lewens- en lotsverbondenheid wat die Christelike geloofsgemeenskap kenmerk (Burger 1991a:99). Daar is ruimte en plek vir elkeen binne-in die geloofsgemeenskap, daarom is die eienskap van **katolisiteit** die primêre kontrolepunt in dié verband (Burger 1991a:116). Werklike koinonia word eers getoets as dit by “ander-denkendes” kom. Die katolisiteit van die kerk beteken dat dissipelskap alle ander verhoudinge te bowe gaan. Alle gelowiges deel die belydenis met mekaar. Dit behels ‘n openheid teenoor alle lewe en alles wat God geskep het. Die konsekwensies van die eienskap is dat alle Christene in die gemeente welkom is en met vrymoedigheid ontvang word. Die katolisiteit van die kerk vra of ‘n gemeente ‘n oop deur en hart het vir alle gelowiges, ook dié wat anders is

en anders dink as waaraan die gemeente normaalweg gewoon is. Die volgende vrae sou gevra kon word (Burger 1999:298):

- Glo die gemeente aan die “oopheid” van die kerk?
- Word genoeg aandag en energie aan die saak spandeer?

- **‘n Sterk georiënteerdheid op dae en doen, in die wete dat die kern van die christelike lewe diens is:** Geloof word sigbaar deur

selfverloënde dae van diens en liefde aan God, die naaste en hele wêreld. Die kerk is ‘n diensgemeenskap en bestaan nie ter wille van homself nie (Burger 1991a:123). Diens gaan oor ‘n getuienis teenoor die hele wêreld. Indien die **eenheid** ‘n realiteit binne die lewe van die geloofsgemeenskap is, sal die mense begin om mekaar te dien in die gesindheid en liefde van Christus. Die eenheid van die kerk funksioneer daarom as primêre kontrolepunt in dié verband (Burger 1991a:143). Die kerk behoort een te wees (Joh. 17 en Ef. 4). Dit gaan oor die uitleef van die liefde, en die krag van die liefde, van God. Eenheid en liefde hang ten nouste saam met, en is ‘n bevestiging van die gemeente se identiteit in Jesus Christus. Die herkenbaarheid van die eenheid van die kerk op gemeentevlak kan aan die hand van die volgende getoets word (Burger 1999:293):

- Verstaan die gemeente dat die egtheid van die gemeente se identiteit in Christus aan die hand van die gelowiges se uitleef van liefde en eenheid teenoor ander gelowiges getoets word? Verstaan die gemeente die radikaliteit hiervan en hoe dit verhoudings beïnvloed?
- Dit gaan verder as net verstaan. Is die gemeente verbind tot die eenheid van die kerk en wend die gemeente ‘n betekenisvolle poging aan om dit te verwesenlik? Hoeveel ywer en dringendheid is daar vir die saak in die gemeente?

Burger (1999:299) wys daarop dat die kruis- en lydingsbereidheid van die kerk as ‘n vyfde eienskap bygevoeg kan word. Die Evangelie vra van ‘n gemeente

om vanuit 'n kruisteologie plek te maak vir lyding en opoffering as gevolg van die gemeente se navolging van Jesus Christus.

6.3.3.3 Metodologie

Burger werk nie met 'n uitgewerkte metodologie nie.

6.3.3.4 Evaluering

Die bydrae van Burger lê veral op die vlak van die basiese aannames en vertrekpunte waarmee hy werk. Die vier eienskappe van die kerk bied 'n goeie invalshoek om die geloofwaardigheid van 'n gemeente mee te analiseer. Dit is 'n stap beter as net 'n funksionele of organisatoriese vertrekpunt. Die vier eienskappe is egter net 'n vertrekpunt, want gemeentewees strek wyer as net dit. Die vier bedieningsterreine behoort ook in dié proses verreken te word.

“Ongelukkig maak Burger nie genoeg van die eiesoortigheid van gemeentes, wat hy as realiteit toegee, en aantoon hoedat die eie situasie van die gemeente die toepassing van sy insigte beïnvloed, nie” (Smuts 1995:134). Burger behoort daarom meer van die konteks en situasie van die gemeente in die proses van toetsing te maak.

Dit is jammer dat Burger nie voorstelle maak oor instrumente om gemeentes se geloofwaardigheid mee te bepaal nie, of dat hy 'n bepaalde metodologie in hierdie verband voorstel nie.

6.4 KERKTRANSFORMASIE-BENADERINGS

6.4.1 Dietterich: 'n Sisteemmodel van die kerk se bediening en missie

6.4.1.1 Agtergrond en probleemformulering

As teologiese vertrekpunt geld die koms van God se Koninkryk na die wêreld (Mark. 1:14-15). Die kerk se bediening staan of val hierby en daarom moet die bediening van die kerk in die teken van die koms van die koninkryk staan.

Dietterich en Dietterich (1989:4-7) gebruik drie metafore om die taak van die kerk te beskryf.

- Die kerk as 'n **teken**: Die gemeenskap van gelowiges uit 'n wye verskeidenheid mense is 'n teken aan die wêreld van God se mag en genade.
- Die kerk as **voorsmaak**: Die gemeenskap van gelowiges is 'n voorsmaak, 'n heenwysing, na die koms van die koninkryk. Ander norme geld in die kerk as in die wêreld rondom die kerk. Die kerk is 'n lig vir die wêreld.
- Die kerk as **instrument**: Die kerk word instrument in die regering van God in die wêreld. Die kerk word deur Christus gebruik in sy koms na die wêreld.


Die kerk as teken, voorsmaak en instrument bepaal die kyk na die kerk. "It becomes the measure for evaluating the church. It becomes the vision that guides the development of the church." (Dietterich en Dietterich 1989:7).

Die kerk en gemeente word verder as 'n sisteem verstaan. Dit beteken dat die verskillende dele van mekaar afhanklik is. Verandering in een deel lei noodwendig tot verandering in die ander dele. Die kerk kan ook as 'n oop sisteem beskryf word. 'n Oop sisteem tree in interaksie met sy omgewing. Die eienskappe van so 'n sisteem sluit in dat (Dietterich en Dietterich 1989:13),

- die verskillende dele interafhanklik is van mekaar;
- terugvoer oor die uitsette van die sisteem daartoe lei dat die sisteem sekere aanpassings kan maak;

- die sisteem altyd op soek is na 'n toestand van ekwilibrium, verandering wil die sisteem altyd weer na 'n toestand van balans terugbring;
- die gelyktydigheid van oop sisteme beteken dat die sisteme verskillende vorme mag aanneem, maar meer as een struktuur of vorm van organisasie kan dieselfde uitsette lewer. Dit beteken dat daar nie net een of korrekte vorm of struktuur is, wat die bepaalde uitsette kan lewer nie; en
- oop sisteme pas by hulle omgewing aan. Veranderinge in die omgewing en die insette wat dit lewer, moet lei tot aanpassing in die sisteem om die verlangde uitsette te kan lewer.

A SYSTEMS MODEL OF THE CHURCH IN MINISTRY AND MISSION (Dietterich en Dietterich 1989:39)



6.4.1.2 Basiese aannames en vertrekpunte

Teen die agtergrond word 'n konseptuele model (kyk na die voorafgaande diagram) vir die bediening en missie van die kerk ontwikkel. Die doel van die model is om die volgende aan te dui: "(1) which factors in organizational life are most important, (2) how various factors are related, and (3) which factors cause other factors to change." (Dietterich en Dietterich 1989:14). Die model kan as 'n padkaart beskou word waarlangs 'n analise gedoen moet word.

Dietterich en Dietterich (1989:17-35) stel die volgende model voor:

Die inset-sisteem: Die insette is die basiese gegewens waarmee die gemeentelike organisasie moet werk. Dit behels die

- godsdienstige erfenis - interpretasie en gebruik van die Skrif, kerklike tradisie en teologiese voorveronderstellings en wêreldbeskouing.
- omgewing - die gemeentelike in verhouding tot en in reaksie op die eksterne omgewing, bv. die gemeenskap en sy demografie, politieke klimaat en kulturele en ekonomiese faktore; en
- organisasiegeskiedenis van die gemeente - hoe het die gemeente oor tyd aangepas en verander?

Die organisasie-strategie-sisteem: Die gemeente het 'n bepaalde plan en strategie om sy bediening uit te voer. Die volgende vrae kan in dié verband gevra word:

- Hoe bepaal en antwoord die gemeente op God se roeping?
- Hoe word 'n gedeelde visie op die toekoms ontwikkel en oorgedra?
- Hoe word die rol en missie (bestaansrede) van die gemeente omskryf?
- Wat is die kritiese prestasieareas wat die gemeente wil bereik?
- Wie is die teikengehoor wat die gemeente in die oog het wat bedien moet word?
- Hoe is die gemeente geïdentifiseer om die teikengehoor te bereik?

Strategie is waarskynlik die enkel belangrikste inset in die gemeentelike organisasie.

Die interne bestuursisteesem: Die sisteesem het te make met die interne organisasie van die gemeente. Die sisteesem bestaan uit vier interafhanklike dinamiese komponente:

- Bedieningsontwikkeling: Hoe word programme en dienste ontwikkel om aan die Christelike geloof uitdrukking te gee? Dit gaan oor die werk wat binne die gemeente gedoen word, hoe word dit uitgevoer en watter beperkinge is daar, bv. finansies?
- Organisatoriese dinamika: Hier word gekyk na interpersoonlike- en intergroepsverhoudinge. Vertroue en oop en doeltreffende kommunikasie speel in die verband 'n belangrike rol.
- Bronnesisteesem. Die gemeente bestuur die lidmate-, leierskap-, finansiële- en fasiliteitsbronne tot sy beskikking op 'n bepaalde manier. Daar word gekyk na die kwaliteit van die bronne en hoe die bronne uitgebrei kan word.
- Strukturele ontwerp: In dié verband kom die rolle, prosedures, reëls, werkverdeling, ensovoorts op die tafel vir ondersoek. Van die vrae wat gevra word, is op watter wyse word werk gegroepeer, hoe pas dit in die struktuur in en hoe word dit geëvalueer.

Die uitsetsisteesem: Die uitsetsisteesem verwys na dit wat "... the church organization actually produces, how it performs, or globally, how effective it is." (Dietterich en Dietterich 1989:27). Die uitsette val binne drie hoof kategorieë:

- Bedieningsvervulling - hoe bereik die gemeente sy programme en strategieë uitvoer, sy bediening en missie?
- Organisasiefunksionering - word doewitte bereik, word die bronne behoorlik benut en pas die gemeente genoegsaam by die omgewing aan?
- Groepsfunksionering - is alle groepe (leierskap, komitees, rade en werkgroepe) aktief betrokke by die bereiking van die doewitte en funksioneer hulle na behore?

Die uitslagsisteem: Dit gaan nie oor die hoeveelheid aktiwiteite nie, maar oor die resultate wat die gemeente as volk van God lewer as 'n

- teken wat wys na God se Ryk wat besig is om te kom;
- voorsmaak wat die Koninkryk 'n werklikheid maak; en
- instrument wat aktief bydra tot die aktualisering van die koms van die Koninkryk na die wêreld.

Die ontvangsisteem: Dié wat aan die gemeentelike lewe en bediening deelneem beleef en ervaar dit op 'n bepaalde manier. Dit sluit die volgende in:

- die lede en deelnemers met hulle stories, simbole, verwagtinge en eie identiteit; en
- 'n bewustheid en evaluering van die bediening.

Die terugvoersisteem: Die gemeente leer van die ontvangsisteem en doen aanpassings om 'n beter bediening en missie tot gevolg te kan hê. Dit geskied deur:

- 'n opname te maak van alle beskikbare inligting oor die lede en deelnemers se evaluering van die gemeente se bediening;
- die beskikbare inligting en resultate te analiseer; en
- deur sistematies die evaluering te interpreteer, sodat die gemeentelike organisasie beter kan funksioneer.

6.4.1.3 Metodologie

Tussen elkeen van die verskillende sisteme of subsisteme is daar 'n sekere mate van **kongruensie**. Kongruensie verwys na die mate waarin die sisteme saam funksioneer en so die effektiwiteit van die sisteem bevorder. 'n Gemeente funksioneer meer effektief as die verskillende dele saamwerk. "The process of organizational diagnosis has to do with identifying the fits and the lack of effective fits, and the many factors that are involved in bringing organizational congruence into being." (Dietterich en Dietterich 1989:37). Hoe funksioneer die gemeente as 'n sisteem? Werk die verskillende subsisteme goed saam? Aan die hand van vrae soos hierdie, word die gemeente

geanaliseer. Die model word as riglyn vir die analise en ontleding gebruik. Geen verdere metodologiese aanwysings word gegee nie.

6.4.1.4 Evaluering

'n Voordeel van die model, volgens Dietterich (1991:46), is dat daar veral op die kerk as sisteem klem gelê word en dat daar gepoog word om 'n behoorlike teologiese fundering vir die model te gee.

Pasveer (1992:72-75) wys op die waarde van die model deur, onder andere, die volgende uit te lig:

- Die model het diagnostiese waarde - deur 'n ondersoek kan die sterk- en swakpunte in die funksionering van die gemeente na vore gebring word.
- Die model wys op die samehang van die verskillende dele en hulle bydrae tot die geheel.
- Die model is 'n oop-sisteem-model, wat derhalwe ruimte vir insette vanuit die omgewing laat.
- Dit is nie 'n neutrale model nie, maar het 'n bepaalde visie op gemeentewees: die gemeente as teken, voorsmaak en instrument.
- Evaluaering is wesenlik deel van die model. Hierin help die terugvoersisteem en die kongruensiebeginsel.

Dietterich (1991:46-47) wys self daarop dat dit 'n omvattende en ingewikkelde benadering is, wat 'n sekere basiese kennis en vaardigheid vereis. Klem word op die verandering van die hele gemeente gelê en daarom verg dit tyd en toewyding.

Uit studies in Nederland blyk dit dat die CPD-model nie net, sonder meer daar toegepas kan word nie. Kritiek word teenoor die teoretiese onderbou uitgespreek (Van Hooijdonk 1994:21), terwyl die model wel gebruik kan word om verandering in 'n gemeente te stimuleer.

Pasveer (1992:89) maak ook sekere kritiese opmerkings teenoor die CPD-model:

- Die model laat te min ruimte vir die gemeente om as subjek van haar eie opbouproses op te tree.
- Te veel klem word in die model op harmonie en samewerking gelê en daar is derhalwe te min ruimte vir 'n kreatiewe konflikbenadering.
- Die model behoort meer ruimte vir kommunikasie binne die model te skep;
- Die model kan maklik tot 'n "binnenkerklike model" ontwikkel wat nie ruimte vir 'n missionêre verhouding met die omgewing skep nie.

Samevattend kan gese word: "Alles bijeen genomen kunnen wij zeggen dat de systeembenadering van het CPD zoals tot uiting komend in het Systems Model veel te bieden heeft voor de opbouw van de gemeente, ook binnen niet-Amerikaanse verhoudingen." (Pasveer 1992:75).


6.4.2 Jan Hendriks: "Een vitale en aantrekkelijke gemeente"

6.4.2.1 Agtergrond en probleemstelling

Jan Hendriks is opsoek na die voorwaardes waaraan 'n gemeente moet voldoen om te groei, om 'n "vitale" gemeente te wees. Hy wys daarop dat die strewe na 'n vitale gemeente nie mensewerk is nie, maar wel God se werk, kyk onder andere, na Ps. 127:1, Matt. 16:18 en Ef. 2:20,22 (J Hendriks 1991:18). In die kern van gemeentewees staan die drie sake: Gemeenskap met God, gemeenskap met mekaar, en diens aan die samelewing (J Hendriks 1995:28-29). Die sentrale vraag is: "welke faktorene zijn van belang voor de vitaliteit van de gemeente en hoe kunnen deze zo vorm worden gegeven dat ze de vitaliteit van de gemeente optimaal bevorderen?" (J Hendriks 1991:23).

6.4.2.2 Basiese aannames en vertrekpunte

Die faktore wat Hendriks identifiseer kom vanuit die organisasie-sosiologie (kyk J Hendriks 1991:28, 34). Die sisteem van vyf faktore wat hy identifiseer, stel hy skematies, soos volg voor:




- 'n Positiewe klimaat (J Hendriks 1991:41-54). Kenmerke van 'n positiewe klimaat in 'n gemeente is dat gewone lede ernstig opgeneem word, dat hulle aan die besluite wat geneem word, deelneem en daar is 'n oop kommunikasiebeleid aanwesig is en dat hulle medeverantwoordelikheid neem vir die doel en funksies van die organisasie. 'n Tweede faktor wat tot 'n positiewe klimaat lei, is prosedures wat dit maklik maak vir lede om met mekaar om te gaan. Goeie kommunikasie, besluitneming deur konsensus en 'n inklusiewe proses in die formulering van doelwitte is in dié verband belangrik. Die algemene priesterskap van die gelowige (1 Pet. 2:10) moet ernstig opgeneem word.
- Stimulerende leiding (J Hendriks 1991:55-75): Die leiding wat gegee word, moet sorg vir die saak en sorg vir die verhoudings. Leiding impliseer diens, wat pastoraal ondersteun, en nie leiding wat alles wil beheer nie. 'n Balans moet tussen taakgerigtheid en die sosiaal-emosionele funksie van leierskap gevind word. 'n Koöperatiewe leierskapstyl is meer gepas as 'n outoritêre leierskapstyl. Die rol van die ampte is om te dien en die gemeente te bewaar om in ooreenstemming met haar identiteit te lewe.

- Struktuur I: Relasies tussen individue (J Hendriks 1991:76-90): Hy onderskei tussen drie tipes van relasies: “*Gemeinschaft*” – ‘n ons-gevoel heers, “*Gesellschaft*” – die tussen-enslike verhoudings is meer formeel (koper-verkoper) en “*Organization*” – die lede staan naas mekaar en is op ‘n bepaalde taak of doel gerig. Al drie tipes relasies speel ‘n rol in die gemeente. Huisbesoek wys vir die individu dat die gemeente in hom of haar belangstel en is daarom kenmerkend van ‘n lewende gemeente.
- Struktuur II: Relasies tussen groepe. (J Hendriks 1991:91-121): Aangesien bepaalde doelwitte gestel is, word die werk in verskillende funksies of onderdele verdeel. Die doelwitte bepaal die struktuur van die organisasie, van watter taakgroepe gevorm word en hoe hulle met mekaar skakel. ‘n Nie-hiërargiese eenvoudige en gedentraliseerde struktuur met oorvleuelende werkgroepe met ‘n hoë graad van onderlinge kommunikasie wat gesamentlike besluite neem, is kenmerkend van lewende organisasies. Vir die gemeente beteken dit groter delegering van take en funksies, ‘n gemeentevergadering wat beleid bepaal, intensiewe nie-formele kommunikasie en dat die kerkraad uit belangegroepe saamgestel word wat bepaalde funksies verteenwoordig.
- Inspirerende doelstellings en aantreklike take. (J Hendriks 1991:122-138). Doel en missie gee rigting, verskaf ‘n gemeenskaplike identiteit aan die organisasie en inspireer sy lede om die doel te bereik. Aantreklike take dien as motivering vir die lede. Die gemeente moet deur woord en daad die Here dien. Gemeentedoelwitte moet relevant, haalbaar en in lyn met die bedoeling van die gemeente wees.
- ‘n Stimulerende identiteitsbegrip. (J Hendriks 1991:139-149): ‘n Duidelike identiteitsbegrip het ‘n positiewe invloed op ‘n organisasie. Identiteit is dit wat eie aan en kenmerkend van die organisasie is. Identiteit is die selfdefinisie van die groep wat beskryf wat die kenmerkende en onderskeidende eienskappe van die groep is. Daar heers onsekerheid oor

die onderskeidende eienskappe van die gemeente en dit kan maklik tot 'n fundamentele twyfel lei. Daar is 'n groot pluraliteit in die identiteitsbegrip van gemeentes (vgl bv. 1 Kor 1:12) Twyfel bestaan oor antwoord op die vrae: "Wie is ons?" en "Wat is ons opdrag?". 'n Duidelike en gedeelde antwoord op beide vrae, in samehang met die vorige vier faktore, lei tot 'n stimulerende identiteitsbegrip. Die kerkraad behoort ook 'n duidelike verstaan van hulle identiteit as diensgroep te hê (J Hendriks 1995:38).

Jan Hendriks (1994:106 e.v.) ondersoek die moontlikheid om sy eie model by die CPD-model te laat aanpas. Die vraag wat hy probeer beantwoord is, of die CPD-model tot 'n "vitale gemeente" kan lei. Die aanpassing wat hy voorstel, is 'n uitbreiding van die "interne bestuursstelsel" van die CPD-model. Hy stel die volgende voor:



Jan Hendriks (1994:111) wil die situasie van die samelewing waarbinne die gemeente is, beter verreken en ook die moontlikhede en potensiaal van die gemeente. Die sosiale en kerklike agtergrond van die gemeente kom ter sprake. Die effek definieer hy "... als mense groei in relatie tot God, tot elkaar en met betrekking tot de dienst in en aan de samenleving." (J Hendriks 1994:111). Hy maak die volgende gevolgtrekking: "De metode SGD lijkt een bijdrage te kunnen leveren aan de vitalisering van de gemeente." (J

Hendriks 1994:131). Op die manier probeer hy die CPD-model en sy eie model integreer.

6.4.2.3 Metodologie

Die effektiefste weg behoort gevolg in die soek na betroubare antwoorde te word. Die formule $E=KxA$ verduidelik die beginsel treffend: “het Effekt van een metode is het produkt van de Kwaliteit van die werkwijze en van de mate van Aanvaarding.” (J Hendriks 1991:168). Jan Hendriks (1991:24) kies vir “... door empirisch onderzoek geleide ontwikkeling (Survey-Guided-Development)”. Die kerkraad word as primêre aanknopingspunt gebruik. Die hele gemeente kan gebruik word, maar dit skep bepaalde probleme in terme van omvang en tydsverloop.

Die volgende vyf stappe (J Hendriks 1991:172-187) is van belang in die uitvoering van die analise:

1. Vitalisering: ‘n Beraad moet gehou word in die gemeente tussen die kerkraad en die ondersoekers oor die voorwaardes waaraan die gemeente moet voldoen om ‘n lewende (vitale) gemeente te wees. Bepaalde probleme en weerstande word geïdentifiseer. ‘n Besluit moet geneem word waarin vitalisering as ‘n inspirerende werkdoel gestel word.
2. Die huidige situasie in die gemeente word, aan die hand van vraelyste, ondersoek. Die vraelys is saamgestel teen die agtergrond van die vyf voorwaardes vir vitalisering. Elke vraag word tweekeer ingevul: eers hoe die huidige situasie is en tweedens wat die gewenste situasie is. Die “visitasieformulier” word deur die kerkraad ingevul. Die vraelys kan ook deur die gemeente aan die hand van ‘n steekproef ingevul word. Die verwerking geskied met behulp van ‘n rekenaar.
3. Bevindinge. Die bedoeling van die verslag aan die kerkraad is om ‘n voorstelling te gee van die feitelike en die gewenste situasie in die gemeente. Daarna word ‘n analise van die gegewens gedoen, wat sê die

syfers? Die kerkraad stel dan “aktiepunte” saam sodat die gemeente beter kan funksioneer. ‘n Beraad kan weer met die gemeente oor die resultate van die ondersoek gehou word.

4. Aksieplanne. Planne word opgestel en uitgevoer sodat die doel van die gemeente bereik kan word. Dit geskied teen die agtergrond van die vyf voorwaardes vir vitalisering. Dit kan aan die hand van ‘n kragveld-analise gedoen word.
5. ‘n Evaluering van die proses: Beantwoord die gemeente toenemend meer aan die voorwaardes vir gemeente-wees? Dit is ‘n vraag wat na afloop van ‘n tydperk, byvoorbeeld ‘n jaar, gevra kan word. Die “visitatieformulier” word vir ‘n tweedekeer ingevul.

Die vraelyste, kerkraadslede en gemeentelede is, onder andere, by nege gemeentes en twaalf kerke getoets (Den Boer 1995:4). ‘n Volledige verslag beskryf die statistiese verwerkings, van die tendense wat met behulp van faktoranalise bepaal is (Den Boer 1995:8-22).

6.4.2.4 Evaluering

Smuts (1995:144) het waardering vir die empiriese insigte van Hendriks wat hy op die praktiese teologie van toepassing maak. Hy het verder waardering vir die feit dat “... hy die insigte sistematiseer op ‘n wyse wat ‘n sleutel tot die verstaan en beskrywing van die gemeente as empiriese verskynsel bied.” Hendriks bou sy insigte vanuit die organisasie-ontwikkelingsteorie op. Ploeger (1998:127) wys daarop dat Hendriks meer ruimte kon toegelaat het vir ‘n gemeente se eie verstaan van sy identiteit in terme van sy verstaan van die Bybel, tradisie en eie geloof.

Weverbergh (1992:279) wys, na aanleiding van Hendriks se vyf faktore, daarop dat ‘n lewende gemeente in ‘n verdiepte verstaan moet uitmond en dat die gemeente bewus moet wees van die gemeente se roeping tot sending. Dit behoort te lei tot “... een gedeelde missionaire identiteitsconceptie.” Dit

gebeur egter nie altyd nie. Die diens van die gemeente aan die samelewing kom nie altyd tot sy reg nie. Die gemeente word te veel na binne gerig, Stoppels (1998:187) praat in die verband van “ecclesiocentrisme”.

Jan Hendriks (1999:56) maak daarom in ‘n later publikasie ‘n aanpassing in dié verband en beskryf die gemeente as ‘n herberg wat gasvryheid behoort uit te straal. Hy omskryf die missionêre teenwoordigheid van die gemeente in terme van gasvryheid. “Een gastvrije gemeente is dus een uinodigende gemeente; zij zet niet alleen haar deuren voor gaste oop, maar zij stelt zichzelf voor hen open.” (J Hendriks 1999:58). Hy pas daarom die vyf faktore soos volg aan om ruimte vir gasvryheid te skep (J Hendriks 1999:56-78):

- Identiteit: Die gemeente is ‘n gemeenskap van gaste wat hulle op herbergsaamheid toelê.
- Klimaat: Daar is respek en aanvaarding van alle mense.
- Program: Die gemeente is oop vir diens aan alle mense, lede en nie-lede.
- Leiding word as ‘n pastorale diens gesien.
- Struktuur: Die gemeente is soos ‘n amfiteater wat oop is teenoor die samelewing, anders as ‘n hiërargiese gemeente.

Die aanpassing van Hendriks laat die missionêre karakter van die gemeente meer tot sy reg kom. Die aanpassing wat hy gemaak het ten opsigte van die CPD-model is ‘n verdere verbetering, aangesien dit veral die omgewing en situasie van die gemeente beter verreken.

Waardering word uitgespreek vir die statistiese ontledings wat gedoen is. Dit verhoog die geldigheid en betroubaarheid van die model.

6.4.3 Pasveer


6.4.3.1 Agtergrond

Pasveer doen ‘n kritiese ondersoek na die CPD-model. Hy ondersoek veral die moontlikhede van die model binne die Nederlandse situasie. Hier word slegs na sy bydraes ten opsigte van die model verwys.

6.4.3.2 Basiese aannames en vertrekpunte

Daar is reeds gewys op Pasveer se opmerkings oor die CPD-model. (6.4.1.4). In die lig van die evaluering van die CPD-model gaan hy verder en doen sekere aanbevelings ter verbetering van die model aan die hand. As uitgangspunt noem hy dat die gemeente aan 'n praktiese leerproses deelneem (Pasveer 1992:233). Hy wil veral ruimte skep vir die plaaslike situasie waarbinne die gemeente geroep is. Die gemeente word geroep as tussenganger tussen God en die mens in sy wêreld. Die gemeente vind derhalwe nie haar identiteit los van haar plek en taak in die wêreld nie. Die gemeente is daarom in 'n voortdurende leerproses van "te worden wat zij is" (Pasveer 1992:234). Die leerproses waardeur 'n gemeente gaan, is vir Pasveer 'n belangrike vertrekpunt.

As 'n oop-sisteem is die gemeente voortdurend met die uitdagings van die wêreld rondom haar in interaksie. 'n Missionêr-diakonale gemeente vind juis haar identiteit in die verhouding tot die wêreld. Die konfrontasie en leerproses kan so voorgestel word (Pasveer 1992:235):



Die beeld van die uurglas dui daarop dat dit 'n voortduernede proses is, want die uurglas kan omgedraai word. Die uurglas beeld verder die "noute" van die leerproses uit. Die gemeente sal doelbewus op die manier met die omgewing in gesprek moet tree. Aan die hand van die beredenering plaas Pasveer bogenoemde "sisteem" tussen die eerste (insetsisteem) en die tweede (organisasie-strategie-sisteem) van die CPD-model. Op die manier kry die dialoog met die omgewing 'n vaste plek binne die model. Hy maak ook die vyf-faktore-model van Hendriks deel van die interne bestuursisteem. As deel van die organisasie-strategie en die uitsetsisteem stel hy 'n gemeenteberaad voor. Die doel daarvan is dat die gemeente meer eienaarskap vir die proses moet aanvaar (Pasveer 1992:248-249).

6.4.3.3 Evaluering

Die sentrale vraag bly vir Pasveer hoe die gemeente haar missie verstaan en watter aanduiders uit die omgewing tot die gemeente spreek en wat die gemeente daarmee maak (Pasveer 1992:260). Dit is die vraag wat hy probeer beantwoord het. Waardering word uitgespreek vir die groter plek wat Pasveer aan die interaksie tussen gemeente en omgewing gee. Dit is ook nodig om klem te lê op die leerproses waardeur 'n gemeente in dié verband gaan. Die voorstelle van Pasveer is daarom 'n verbetering op die oorspronklike CPD-model.

6.5. SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Die volgende samevattende opmerkings kan oor die gemeente-analise binne die gemeentebouproses, gemaak word:

1. Daar is reeds (Hoofstuk 4) aangetoon dat 'n gemeente nie sonder 'n behoorlike teologiese vertrekpunt beskryf kan word nie. Burger probeer om vanuit 'n bepaalde teologiese vertrekpunt (die eienskappe van die kerk) gemeentes te toets. Van die ander modelle vir gemeente-analise

(Nel, Jurgens Hendriks en CPD) probeer in 'n mindere of meerdere mate dit doen, maar slaag nie werklik daarin nie.

2. Van die modelle (Schwarz en Jan Hendriks) neem organisasieteorieë as 'n vertrekpunt vir analise. Die wesenlike gevaar bestaan dat die gemeente bloot as 'n organisasie wat effektief moet funksioneer, beskou word en dan as sodanig geëvalueer word. In die geval van gemeentes gaan dit meer oor geloofswaardigheid as effektiwiteit.
3. Die koers en rigting van 'n gemeente is missionêr (Hoofstuk 4). Nie alle modelle slaag ewe goed daarin om dit te evalueer nie. Callahan lê tereg groot klem op die missionêre gerigtheid van 'n gemeente en verreken dit in sy analise. Jan Hendriks verreken dit as hy oor die gasvrye gemeente skryf.
4. Gemeente-analise is deel van 'n proses van gemeentebou. Jurgens Hendriks laat veral hieraan reg geskied in sy proses van strategiese teologiese beplanning.
5. Gemeentes bestaan nie in isolasie los van 'n bepaalde omgewing en konteks nie (Hoofstuk 5). Die aangepaste analyses van Jan Hendriks en Pasveer neem dit veral in berekening. Nel en Jurgens Hendriks gee in die omgewingsanalises daaraan aandag. Dit kom nie tot sy reg by Callahan en Schwarz nie.
6. Die konteks van gemeentes in Suid-Afrika moet verreken word, studies van ander lande kan nie maar net so oorgedra word nie. Gemeentes behoort binne 'n Suid-Afrikaanse gemeentelike konteks geplaas te word. Jurgens Hendriks verwys soms na die navorsing wat in Kerkspieël gedoen word.
7. Gemeente-wees is te kompleks om net op een manier geanaliseer te word. 'n Multi-dimensionele benadering is van meer waarde as 'n enkele vraelys of invalshoek. "Congregational studies", Jurgens Hendriks, Alban-

instituut en Nel maak van 'n multi-dimensionele benadering gebruik. Die ontwikkeling van die gemeentestorie speel in dié verband 'n belangrike rol, sodat die gemeente nie net statisties ontleed word nie.

8. Metodologies is daar ernstige leemtes in die modelle. Dit is eintlik net Schwarz en Jan Hendriks wat moeite gedoen het om hulle vraelyste se betroubaarheid en geldigheid te toets. Nie een model gee riglyne vir 'n behoorlike ewekansige of verteenwoordigende steekproef nie. Dit plaas ernstige vraagtekens oor die veralgemeenbaarheid van die analyses. Die leierskorps van 'n gemeente is nie noodwendig verteenwoordigend van die hele gemeente nie. Lidmate met spesifieke behoeftes word op dié manier dalk by die analise uitgesluit.

9. Nie een van die modelle vir gemeente-analise voldoen aan alle vereistes vir 'n behoorlike gemeente-analise nie. In die volgende hoofstuk word meer aandag aan die metodologie van so 'n analise gegee. Dit sal ook met enkele voorbeelde toegelig word.

HOOFSTUK 7: DIE METODOLOGIE VAN GEMEENTE-ANALISE

Gemeente-analise is 'n proses binne 'n proses.

- Gemeente-analise is 'n deel van die proses van gemeentebou wat binne 'n gemeente plaasvind. Dit kan, byvoorbeeld, gesien word as deel van die proses van Strategiese Teologiese Beplanning soos Jurgens Hendriks (6.3.2.) dit voorstel. Gemeente-analise kan nie in 'n gemeente in isolasie plaasvind nie. Dit behoort 'n bydrae te lewer tot die proses waardeur 'n gemeente sy doel wil bereik.
- Gemeente-analise is op sigself ook 'n proses. Dit is deel van 'n proses wat as 'n navorsingsproses beskryf kan word. Die basiese beginsels en spelreëls wat op 'n navorsingsproses van toepassing is, kan daarom onder bepaalde omstandighede, vir die proses van gemeente-analise geld. Deur gemeente-analise as deel van 'n navorsingsproses te beskou, kan die standaard van die gemeente-analise verhoog word.

7.1 GEMEENTE-ANALISE AS 'N NAVORSINGSPROSES

Daar is reeds daarop gewys dat gemeente-analise op sigself 'n proses is. Navorsing binne die geesteswetenskaplike veld kan omskryf word as “ ... 'n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid op 'n objektiewe wyse bestudeer word ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel daar te stel” (Mouton en Marais 1992:7). 'n Gemeente-analise wil die gemeente bestudeer met die oog daarop om 'n geldige begrip van die gemeente te verkry. Dit is daarom nodig om die gemeente-analise binne die raamwerk van 'n navorsingsproses te plaas.

7.1.1 Benaderings en vertrekpunte binne die navorsingsproses

In 'n navorsingsproses kan verskillende benaderings gevolg word. Neuman (2000:85-87) onderskei drie benaderings in die doen van navorsing:

- Positivisme: Die doel is om natuurlike wette te ontdek, sodat gedrag beheer en voorspel kan word. Navorsing behels derhalwe 'n logiese, deduktiewe sisteem van verbandhoudende definisies, aksiomas en wette.
- Interpretatiewe sosiale wetenskap: Die doel is om sosiale handeling betekenissvol te verstaan en te beskryf. In hierdie benadering gaan dit oor die beskrywing van die groep se betekenissisteem; hoe dit ontstaan en in stand gehou word.
- Kritiese sosiale wetenskap: Die doel is om mites te "ontmasker" en mense te bemagtig om die samelewing radikaal te verander. Kritiese navorsing onthul die voorwaardes om van die wêreld 'n beter plek te maak.

Die waarde van die onderskeid tussen die drie benaderings is dat daar nie een absolute korrekte manier is om navorsing te doen nie. Dit beteken dat meer as een benadering in die doen van navorsing gekies kan word. Die verskillende tegnieke wat gebruik word, hang van die benadering af wat gekies is. Die keuses moet in terme van die tegnieke en prosedure wat in die gemeente-analiseproses gekies word, verreken word. Verder beteken dit dat 'n gemeente-analise nie net uit 'n positivistiese analyse hoef te bestaan nie.

In die navorsingsproses geld veral twee dimensies, wat in terme van die gemeente-analise verreken moet word:

- Die epistemologiese dimensie van navorsing gaan daaroor dat 'n verskynsel nie net verstaan word nie, maar dat 'n geldige en betroubare begrip van die werklikheid ook verkry moet word (Mouton en Marais 1992:7). Hier geld die eis van werklikheidsgetroue uitsprake in die doen van navorsing. Die logiese positivisme lê die klem op egte en ontwyfelbare kennis, dit wat deur verifikasie bewys kan word. In die latere geskiedenis (na die dertigerjare) verskuif die ideaal na dit wat waarskynlik is, of wat minstens hoogs waarskynlik is. Geldige bevindinge moet gemaak word, met ander woorde bevindinge wat so werklikheidsgetrou as moontlik is (Mouton en Marais 1992:15-16). In die geval van 'n gemeente-analise gaan dit daaroor om in so 'n mate 'n greep op die verstaan van die

gemeente te kry, dat gesê kan word dat dit hoogs waarskynlik 'n geldige bevinding is.

- Die metodologiese dimensie van navorsing wys daarop dat 'n besondere werkswyse gevolg word, dit is objektief (krities, gebalanseerd, onpartydig, sistematies, kontroleerbaar) (Mouton en Marais 1992:7). Die epistemologiese dimensie dui op die status van wetenskaplike uitsprake (waarheid en sekerheid), terwyl die metodologiese dimensie op die "hoe" van die navorsing dui. Dit kan omskryf word as die logika van die besluitnemingsproses tydens wetenskaplike navorsing. Hoewel die proses feilbaar is, word daarna gestreef om so objektief moontlik te wees. (Mouton en Marais 1992:17). Dié dimensie vra van 'n gemeente-analise dat 'n verantwoordbare metodologie gevolg sal word.

Beide dimensies is op die uitvoer van 'n gemeente-analise van toepassing. 'n Behoorlike en verantwoordbare navorsingsproses moet gevolg word. Die doel van die navorsingsontwerp is om, in die geval van 'n gemeente-analise, die analise sodanig te beplan en te struktureer dat die uiteindelijke geldigheid van die navorsingsbevindinge verhoog word (Mouton en Marais 1992:35). Gemeente-analise is dus nie 'n lukraakproses nie, maar 'n beplande proses wat aan bepaalde vereistes moet voldoen.

Duidelike doelstellings moet daarom vir die analise geformuleer word. Die doelstellings verwys na 'n breë aanduiding van wat die navorser met die navorsing of analise wil bereik. Drie basiese navorsingsdoelstellings word onderskei (Mouton en Marais 1992:44-48). Dit sluit aan by Heitink (1993:159-162), wat met die begrippe begryp, verklaar en verander werk (kyk punt 2.3).

- Verkennde studies Dit verken 'n relatief onbekende terrein. Die oogmerke van so 'n verkenning kan die volgende insluit: om nuwe insigte in te win; om as 'n vooronderzoek tot 'n meer gestruktureerde studie te dien; om prioriteite vir verdere navorsing vas te stel; en om nuwe hipoteses te ontwikkel.
- Beskrywende studies Die klem val op indiepte-beskrywings van 'n spesifieke individu, situasie, groep, ensovoorts. Andersyds val die klem op 'n

beskrywing van die frekwensie waarmee 'n bepaalde eienskap of veranderlike in 'n steekproef voorkom. Die beskrywing kan wissel van 'n meer verhalende beskrywing tot 'n hoogs gestruktureerde vorm van statistiese opsomming. Die gemeenskaplike doelstelling van alle beskrywende studies is die doelstelling om dit wat feite is, op die een of ander wyse noukeurig en akkuraat te beskryf.

- Verklarende studies. Die doel van verklarende navorsing is om oorsaaklikheid tussen veranderlikes of gebeurtenisse aan te toon. Nie net 'n verband (korrelasie) tussen bv. erediensbywoning en ouderdom word aangetoon nie, maar ook die rigting van die verband (watter ouderdomsgroepe 'n beter erediensbywoning het) word aangetoon. 'n Geldige kousale verklaring berus op drie sentrale voorwaardes (Mouton en Marais 1992:47), naamlik dat
 1. 'n bepaalde opeenvolging van oorsaak en gevolg geld (tydsvolgorde);
 2. 'n bepaalde verskynsel of verskynsels die egte oorsaak/oorsake van "y" is;
 3. 'n aantoonbare verband tussen verskynsels bestaan, met ander woorde dat die kousale (of onafhanklike) veranderlike(s) en die afhanklike veranderlike kovarieer (saam bestaan).

Verklarende navorsing hou regstreeks met voorspellende en evaluerende studies verband. Die verstaan van oorsaaklikheid is 'n baie ingewikkelde tema. Aan die eenkant is daar die positivistiese tradisie wat alles in terme van wetmatighede wil verklaar. Aan die anderkant word beweer dat daar nog geen wetmatighede ontdek is nie en dat kousale verbande dus nie bestaan nie. 'n Derde en meer onlangse standpunt is dat oorsaaklikheid wel deel vorm van menslike handeling, maar sonder die aanvaarding van 'n onderliggende wetmatigheid. (Mouton en Marais 1992:48-50). In die doen van 'n gemeente-analise sal versigtig en verantwoordelik met die aanwys van kousale verbande gewerk word.

Verklarende navorsing kan ook navorsing van kwalitatiewe en ongestruktureerde aard insluit. Verklarende navorsing en analise moet nie net tot kwantitatiewe motodes beperk word nie.

Dit is verder nodig om tussen navorsing met 'n meer kontekstuele belang en navorsing met 'n meer verteenwoordigende of universele belang te onderskei. In die konteks van die NG Kerk is navorsing oor die hele kerk, byvoorbeeld Kerkspieël, meer van universele belang, terwyl 'n gemeente-analise meer van kontekstuele belang is. Navorsing met 'n meer verteenwoordigende of universele belang moet vir veralgemening na die gedefinieerde universum voorsiening maak. 'n Verteenwoordigende steekproef is dus noodsaaklik. Dit sluit nie uit dat dieselfde ook ten opsigte van studies van kontekstuele belang, byvoorbeeld in die geval van 'n gemeente, geld nie.

7.1.2 Metodologiese vereistes

Die metodologiese dimensie van die navorsingsproses vereis dat 'n bepaalde prosedure in die doen van navorsing gevolg moet word. Drie basiese vereistes, wat ten opsigte van alle navorsing geld, maar ook in die geval van gemeente-analise van toepassing is, is betroubaarheid, geldigheid en veralgemeenbaarheid. Elkeen sal vervolgens bespreek word.

7.1.2.1 Betroubaarheid

Betroubaarheid verwys daarna dat 'n bepaalde tegniek, indien dit herhaaldelik op dieselfde objek toegepas word, elke keer dieselfde resultaat sal lewer (Babbie en Mouton 2000:119). Neuman (2000:164) beskryf betroubaarheid as “ ... dependability or consistency. It suggests that the same thing is repeated or recurs under the identical or similar conditions.” 'n Betroubare skaal sal, byvoorbeeld, 'n persoon elke keer dieselfde weeg. Betroubaarheid verseker nie akkuraatheid nie. 'n Skaal kan elke keer dieselfde gewig aandui, maar dit beteken nie noodwendig dat dit die korrekte gewig is nie.

Die sentrale geldigheidseis in die proses van data-insameling is betroubaarheid, dit wil sê of die toepassing van 'n (geldige) meetinstrument op verskillende ondersoekgroepe onder verskillende omstandighede tot dieselfde waarnemings sal lei (Mouton en Marais 1992:81). Vier veranderlikes bepaal die betroubaarheid van die waarnemings: die navorser(s); die subjek wat bestudeer word; die meetinstrument; en die navorsingskonteks (die omstandighede waaronder die navorsing plaasvind). Aan elkeen van die veranderlikes moet in die verloop van die navorsingsproses aandag gegee word.

Die vereiste vir betroubaarheid geld vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Betroubaarheid verwys in kwalitatiewe navorsing veral na konsekwentheid (Neuman 2000:170). Betroubare onderhoude kan verseker word deur die vooraftoetsing van skedules, die opleiding van onderhoudvoerders, geselekteerde gestruktureerde keuses, die kruistoetsing van antwoorde en oop vrae (Silverman 2001:229). Betroubaarheid kan verder verbeter word deur die analise van meer as een navorser met mekaar te vergelyk (Silverman 2001:231).

Die interpretasie en gevolgtrekkings wat op grond van die analise gemaak word, moet ook betroubaar wees. Mouton en Marais (1992:106) wys op twee gronde wat vir betroubare gevolgtrekkings geld:

- Is die gegewens wat ingewin is (die data wat ingesamel is) betroubaar?
- As aanvaar word dat die getuienis wel betroubaar is, bied dit voldoende steun vir die gevolgtrekking?

In die uitvoer van 'n gemeente-analise sal aan die metodologiese vereiste van betroubaarheid voldoen moet word.

7.1.2.2 Geldigheid

Geldigheid verwys na die mate waarin 'n meetinstrument die werklike betekenis van die konsep weerspieël (Babbie en Mouton 2001:122). "Validity suggests truthfulness and refers to the match between a construct, or the way

a researcher conceptualizes the idea in a conceptual definition, and a measure.” (Neuman 2000:164). Silverman (2001:232) beskryf geldigheid as waarheid “... interpreted as the extent to which an account accurately represents the social phenomena to which it refers.” In die navorsingsproses is ‘n sekere prosedure of tegniek gewoonlik vir ‘n bepaalde doel en definisie geldig.

Betroubaarheid is nodig vir geldigheid. Betroubaarheid is egter makliker bereikbaar as geldigheid. Soos in die geval met betroubaarheid, geld die eis ten opsigte van geldigheid vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. In kwalitatiewe navorsing verwys geldigheid veral na ... “authenticity ... giving a fair, honest, and balanced account of social life from the viewpoint of someone who lives it everyday.” (Neuman 2000:171).

Dit is verder nodig om tussen interne en eksterne geldigheid te onderskei (Mouton en Marais 1992:52-53):

- Interne geldigheid verwys na die feit dat 'n bepaalde studie akkurate en werklikheidsgetroue bevindinge oor die betrokke domeinverskynsel(s) wat bestudeer is, gegenerereer het.
- Eksterne geldigheid, 'n verdere stap, verwys daarna dat bevindinge van 'n bepaalde projek ook tot alle soortgelyke gevalle veralgemeenbaar is. Die bevindinge besit dus 'n wyer geldigheid as net die projek self. Eksterne geldigheid en veralgemeenbaarheid is dus sinonieme. (Veralgemeenbaarheid word onder die volgende punt bespreek.)

Mouton en Marais (1992:43-44) wys op die volgende bedreigings vir geldigheid in die doen van navorsing:

- Die ekologiese denkfout behels dat bepaalde gevolgtrekkings gemaak word oor byvoorbeeld groepe wanneer slegs individue bestudeer is, of omgekeerd. In die doen van ‘n gemeente-analise is dit ‘n wesenlike gevaar. Die mening van die leierskorps is, byvoorbeeld nie die mening van die lidmate nie.

- Die reduksionistiese neiging verwys na die tendens onder navorsers om in hulle navorsing slegs verklarings in terme van hulle eie dissipline aan te bied. So word byvoorbeeld net sosiologiese verklarings vir 'n verskynsel aangebied, sonder om na ekonomiese faktore te kyk. Daar is reeds daarop gewys dat 'n gemeente-analise nie net vanuit een gesigpunt, byvoorbeeld 'n organisasie-analise, gedoen kan word nie.

Silverman (2001:232) lig twee maniere uit om in kwalitatiewe navorsing geldigheid te verseker:

1. Verskillende datastelle (kwantitatief en kwalitatief) kan met mekaar vergelyk word deur verskillende metodes te gebruik (waarneming, onderhoud, ensovoorts) om vas te stel of by dieselfde gevolgtrekking uitgekóm word. Dit staan as triangulasie bekend.
2. Die navorsers kan sy bevindinge terugneem na die subjek wat bestudeer is. Indien persone met die bevindinge saamstem, verhoog dit die geldigheid. Dit staan as respondentgeldigheid bekend. (Silverman 2001:233).

Dit kan soms gebeur dat 'n betroubare en geldige beskrywing van 'n konsep die rykdom van die konsep laat vervaag. Dit is 'n onvermydelike probleem, maar kan voorkom word deur "... to use several different measures, tapping the different aspects of the concept." (Babbie en Mouton 2001:125). Dit is veral in terme van 'n gemeente-analise waar.

Hoewel dit moeiliker is om aan die beginsel van geldigheid as dié van betroubaarheid te voldoen, kan 'n gemeente-analise nie aan die vereiste van geldigheid ontkóm nie. Die analise behoort 'n akkurate en werklikheidsgetroue beskrywing van 'n gemeente te gee. Sowel die bedreigings van 'n ekologiese denkfout, as 'n reduksionistiese neiging behoort, vermy te word.

7.1.2.3 Veralgemeenbaarheid

Die vraag na veralgemeenbaarheid is die vraag na wie in 'n gemeente-analise ingesluit en wie uitgesluit word. In dié verband speel steekproeftrekking 'n

baie belangrike rol. "Sampling is the process of selecting observations."
(Babbie en Mouton 2001:164).

Steekproeftrekking kry veral in kwantitatiewe navorsing klem. Die doel is om 'n verteenwoordigende steekproef te trek, sodat veralgemenings oor die groter groep gemaak kan word. Kwantitatiewe navorsing maak van ewekansige steekproewe gebruik. 'n Belangrike beginsel wat in 'n ewekansige steekproef geld, is dat 'n steekproef verteenwoordigend van die spesifieke bevolking moet wees. Dit gebeur indien elke lid van die bevolking 'n gelyke kans gehad het om deel van die steekproef te wees (Babbie en Mouton 2001:173). Indien 'n gemeente-analise kwantitatief van aard is, behoort die beginsel van ewekansigheid verreken te word.

Kwalitatiewe navorsing lê nie so 'n groot klem op die verteenwoordigende aard van 'n steekproef nie. Die doel van 'n steekproef in so 'n geval is ... "to collect specific cases, events, or actions that can clarify and deepen understanding." (Neuman 2000:196). In kwalitatiewe navorsing word nie-waarskynlike of nie-ewekansige steekproewe getrek. Voorbeelde van nie-ewekansigesteekproewe is toevallige-, kwota-, doelgerigte- en sneubalsteekproewe (Neuman 2000:196-199).

Steekproeftrekking is nie altyd k in die geval van kwalitatiewe navorsing moontlik nie. 'n Subjek word soms bloot gekies omdat dit beskikbaar is. 'n Ewekansige trekking is dus nie moontlik nie. Twee metodes om veralgemening te verhoog, is

- doelgerigte steekproeftrekking: 'n Geval word geselekteer omdat dit 'n bepaalde punt illustreer. "Rather, purposive sampling demands that we think critically about the parameters of the population we are interested in and choose our sample case carefully on this basis" (Silverman 2001:251).
- Teoretiese steekproeftrekking vind op grond van bepaalde teoretiese vetrekpunte plaas: kies gevalle op grond van 'n bepaalde teorie, kies "afwykende" gevalle, of verander die steekproefgrootte gedurende die navorsing. (Silverman 2001:252).

In die geval van 'n gemeente-analise moet die doel van die analise en die tegnieke wat gebruik gaan word, duidelik voor oë gehou word. Dit sal bepaal op watter wyse geldige afleidings gemaak kan word. Die beginsels wat vir ewekansige en nie-ewekansige steekproewe geld, moet daarom verreken word. Die onderstaande opsommende tabel van Mouton en Marais (1992:53) verduidelik die verband tussen navorsingsdoelstellings en –strategieë:

		NAVORSINGSTRATEGIEË	
		Kontekstuele belang (interne geldigheid)	Universele belang (interne en eksterne geldigheid)
Navorsingsdoelstellings	Verkennde navorsing	Oorsig van domein- verskynsels deur middel van gevallestudies en indiepte-onderhoude.	Oorsig van domeinverskynsels deur middel van verkennende opnames.
	Beskrywende navorsing	Gevallestudies, indiepte- onderhoude, deel- nemende waarneming.	Opnames (steekproef- ontwerp).
	Verklarende navorsing	Kontekstuele verklarings deur middel van gevalle- studies, historiese analise.	Eksperimentele en kwasi-eksperimentele studies.

7.1.3 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Daar is nou reeds by verskeie geleenthede na kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing verwys. Kwantitatiewe navorsing plaas die klem op die kwantifisering van inligting en gedrag word beskryf in terme van sekere veranderlikes (Babbie en Mouton 2001:49). Kwalitatiewe navorsing neem as vertrekpunt "... the insider perspective on social action." (Babbie en Mouton 2001:53). Die doel van kwalitatiewe navorsing is om te beskryf en te verstaan, eerder as om te verduidelik en te voorspel.

Die volgende verskille tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing kan onderskei word (Neuman 2000:123, Mouton en Marais 1992:166):

KWANTITATIEF	KWALITATIEF
Objektief	Subjektief en persoonlik beleef
Navorsers bly afsonderlik	Navorsers is in gebeure/verskynsels betrokke
Toets hipoteses waarmee die navorsers begin	Ontdek betekenis soos die navorsers deur die data werk
Konsepte word as spesifieke veranderlikes beskryf	Konsepte word as temas, motiewe en veralgemenings beskryf
Voorafbeplande waarneming	Spontaan en toevallige voorbeelde
Meetinstrumente word voor die data-versameling saamgestel en gestandariseer	Meetinstrumente word op 'n ad hoc-basis opgestel, gelei deur die navorsers se posisie
Data word in die vorm van syfers, op grond van presiese meting, weergegee	Data word in die vorm van woorde en beelde van dokumente, waarneming en transkripsies weergegee
Teorieë is meesal kousaal en deduktief van aard	Teorieë is kousaal of nie-kousaal en induktief van aard
Prosedures is standaard en verdubbeling word veronderstel	Prosedures is spesifiek en verdubbeling skaars
Konteks word sover moontlik gekontroleer	Kontekstualiserend, dit wil sê die konteks word verreken
Analise word deur middel van statistieke, tabelle en diagramme gedoen en gebruik om die verband met die hipoteses te verduidelik	Analise word gedoen deur herhalende temas en veralgemenings te gebruik as getuie om 'n duidelike beeld te skets

Binne die veld van gemeente-analise is gestruktureerde opnames in die vorm van gestandariseerde vraelyste bekend; let in dié verband op na die vraelyste van Schwarz en Jan Hendriks. Die voordele van so 'n kwalitatiewe opname is dat dit relatief ekonomies is; 'n groot hoeveelheid data op dié manier versamel kan word; dit aanpasbaar is – verskeie vrae kan oor een onderwerp gevra word; en dat data statisties ontleed kan word (Babbie en Mouton 2001:263).

Kwantitatiewe navorsing spring nie kritiek vry nie. Dit kan onaanpasbaar wees; die konteks word moeilik verreken; en dit kan soms onnatuurlik wees (Babbie en Mouton 2001:263). Silverman (2001:31) maak die volgende kritiese opmerkings oor kwantitatiewe navorsing:

- Kwantitatiewe navorsing kan tot “maklike” oplossings lei, sonder dat daar kontak met die persone op die “grond” is.
- Statistiese korrelasies kan gebaseer word op veranderlikes wat op arbitrêre wyse binne die konteks van gewone interaksie gedefinieer word.
- Die korrelasies kan op ‘n proses van algemene kennis, wat nie verantwoordbaar is nie, gegrond word.
- In die proses om by meetbare konsepte uit te kom, kan problematiese en onbetroubare konsepte gebruik word.
- Die toets van ‘n hipotese mag so prominent word, dat die ontwikkeling van ‘n hipotese vanuit die data agterweë bly.

Onderhoude, as ‘n vorm van kwalitatiewe navorsing, kan in die geval van ‘n gemeente-analise bruikbaar wees. Die voordeel van onderhoude, veral semi-gestruktureerde onderhoude, is dat dit inligting verskaf wat nie met ‘n gestruktureerde vraelys verkry kan word nie. Silverman (2001:113-114) wys op drie belangrike vrae, wat in die voer van onderhoude as ‘n vorm van kwalitatiewe navorsing, aan die beurt kom:

1. Wat is die status wat aan die data toegeken word? Die data kan as die meedeling van ‘n ervaring gesien word, of as ‘n storie wat vertel word. Beide is legitiem, solank dit net verduidelik word.
2. Vanuit watter analitiese oogpunt word die data benader? Die eenvoudigste is om dit as ‘n beskrywing te hanteer.
3. Help die onderhouddata in die beantwoording van die navorsingsprobleem? Die doel van die onderhoud moet duidelik voor oë gehou word.


Onderhoude kan ‘n rykdom van inligting verskaf wat nie onderskat moet word nie. Houdings en gedrag wat beter binne hulle konteks bestudeer kan word,

behoort met behulp van onderhoude nagevors te word (kyk Bylae D vir twee voorbeelde). Een sterkpunt van kwalitatiewe navorsing is "... the comprehensiveness of perspective it gives researchers." (Babbie en Mouton 2001:309). Onderhoude is 'n bruikbare meetinstrument in die uitvoer van 'n gemeente-analise.

Moet daar in die uitvoering van 'n gemeente-analise 'n keuse tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing gemaak word? Kwantitatiewe navorsing lê binne die positivistiese/empiriese benadering en kwalitatiewe navorsing binne 'n konstruktivistiese/fenomenologiese oriëntering. Die twee benaderings het lank teenoor mekaar gestaan (Tashakkori en Teddlie 1998:3). 'n Meer pragmatiese benadering het mettertyd ontwikkel .. "the use of whatever philosophical and/or methodological approach works for the particular research problem under study." (Tashakkori en Teddlie 1998:5). Dit beteken dat die metodologiese gereedskap, wat in die lig van die navorsingsvraag "werk", gebruik word (Tashakkori en Teddlie 1998:21). Ruimte behoort daarom, vir sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe navorsing in 'n gemeente-analise gelaat word.

7.1.4 Die navorsingsiklus

Enige navorsing kan binne 'n sekere navorsingsiklus geplaas word. Navorsing kan op enige punt binne die siklus begin word: sommige navorsers begin by teorieë en veralgemenings en ander by sekere waarnemings. Navorsing begin by 'n bepaalde vraag en beweeg minstens eenmaal deur die siklus. Tashakkori en Teddlie (1998:25) stel die volgende navorsingsiklus voor:



Dit kan gedurende die navorsingproses gebeur dat van 'n kwalitatiewe en 'n kwantitatiewe benadering op bepaalde punte gebruik gemaak word. Op verskillende stadiums kan 'n deduktiewe of 'n induktiewe beredenering gebruik word. In terme van 'n gemeente-analise kan dit byvoorbeeld so werk:

- Induktief kan 'n probleem in 'n gemeente waargeneem word: Die erediensbywoning van die verskillende ouderdomsgroepe kan vrae laat ontstaan. Die erediensbywoning van die verskillende groepe kan nagevors word en dan in terme van 'n teorie of veralgemening beskryf of verklaar word.
- Deduktief kan verwag word dat die post-moderne mens minder godsdienstig is: 'n Ondersoek kan uitgevoer word om uit te vind of mense met 'n post-moderne lewens- en wêreldbeskouing die eredienste in 'n spesifieke gemeente minder bywoon.

7.1.5 'n Narratiewe benadering

Die waarde van die storie van 'n gemeente, as deel van 'n narratiewe benadering, is reeds uitgewys (kyk punt 5.4). Hier word veral aan die metodologie van dié benadering aandag gegee. Müller e.a. (2001:77) sien die narratiewe benadering binne die raamwerk van die sosiaal-konstruktivistiese paradigma. Dit behels 'n ander kyk na die waarheid en om nie navorsing te misbruik om by die waarheid uit te kom nie. Gesien vanuit 'n narratiewe hoek behels stories gebeure wat, met die verloop van tyd, aaneenskakel om 'n "plot" (storielyn) te vorm (Morgan 2000:5).

Neuman (2000:399) wys, vanuit 'n metodologiese hoek, op die onderstaande eienskappe van 'n narratiewe benadering. Dit

- vertel die storie kompleet met 'plot', waterskeidings en klimakse;
- volg die kronologie en volgorde van gebeure;
- fokus op spesifieke individue en nie op strukture of abstrakte idees nie;
- is spesifiek en beskrywend en nie analities en algemeen nie; en
- sien gebeure as uniek, onvoorspelbaar en samehangend.

Binne hierdie benadering praat die navorsers nie van navorsingsobjekte nie, maar van mede-navorsers. Een van die kenmerke van die narratiewe benadering is die samewerking tussen die navorser en diegene (mede-navorsers) waaroor die navorsing handel (kyk Morgan 2000:3). Navorsing is nie daar om die navorser se doelwitte te bereik nie, maar moet van waarde wees vir die persone of groepe oor wie die navorsing gaan. Navorsing gaan nie oor verandering nie, maar daaroor om te luister na stories en om deel van die stories te word. Die navorser streef na deelnemende interaksie.

Müller e.a. (2001:79 ev.) stel voor dat die storie aan die hand van die onderstaande ABDCE-formule, as metodologiese vertrekpunt, ontwikkel word:

- **“Action.”** Dit is stories van aksie (handeling) wat vertel word. Die storie sluit die probleem in, maar dit gaan veral oor die “nou” van die storie. In hierdie proses neem die navorser die posisie van “nie-weet-nie” in (Müller e.a. 2001:79-81). Van die vrae wat gevra kan word, is: Watter aksie of aksieveld word ondersoek? Hoekom juis dié veld? Wat is die verhouding met die verskillende rolspelers? Hoe maak jy deel van die aksie uit?
- **“Background.”** Agtergrond wys op dit wat die storie voorafgaan. Die mense wat by die storie betrokke is, het ‘n bepaalde godsdienstige en kulturele agtergrond (Müller e.a. 2001:82-83). Die “nou” van die storie word teen die huidige sosio-politieke en ekonomiese agtergrond geplaas. Vrae wat na vore kom, is: Wie is die persone wat in die ontwikkeling van die verhale ‘n rol gespeel het? Wat moet in groter diepte nagevors word? Watter stories vorm die agtergrond tot die huidige storie?
- **“Development.”** Die “plot” of storielyn van die drama ontwikkel met die verloop van tyd. Die ontwikkeling geskied in interaksie met die “mede-navorsers”. Hulle is deel van die proses van storie-ontwikkeling (Müller e.a. 2001:84-86). Morgan (2000:6) beskryf die ontwikkeling van ‘n storie as ... “as more and more events are selected and gathered into the dominant plot, the story gains richness and thickness.” Vrae wat gevra kan word, is: Hoe tree die verskillende stories met mekaar “in gesprek”? Watter onverwagte wendinge is daar in die ontwikkeling van die stories?

- **“Climax.”** Die verstaan moet nie te vinnig kom nie, maar dit groei met tyd. Die klimaks kan nie nageboots word nie, maar moet geduldig afgewag word. (Müller e.a. 2001:87). Die vraag is: Wat is die klimaks van die storie? Hoe sien die “mede-navorsers” die klimaks?
- **“Ending.”** Die einde van die storie is nie afgesluit nie, maar die einde is oop, die storie gaan voort. Die einde is waarskynlik die inleiding tot ‘n volgende storie. (Müller e.a. 2001:89-90). Die vraag wat beantwoord moet word, is wat die einde van die storie is.

Dit is nodig om ook krities na die narratiewe benadering te kyk. Neuman (2000:399) wys op die onderstaande sterkpunte van die narratiewe benadering.

- Dit is kleurvol en interessant om te lees.
- Dit beskryf die lewe vanuit ‘n ander era sodat mense dit beleef asof hulle al daar was.
- Dit kommunikeer die verlede subjektief en help mense om die verlede emosioneel te beleef.
- Individue en spesifieke gebeure word met ‘n verskeidenheid van die sosiale werklikheid omring.

Die volgende swakpunte kan van die narratiewe benadering uitgewys word (Neuman 2000:399):

- Dit verberg oorsaaklike teorieë en konsepte, of laat dit implisiet.
- Dit gebruik taal en retoriek wat maklik oortuig, maar die prentjie kan skeefgetrek word.
- Die neiging is om die unieke en dramatiese te beklemtoon en die normale en gewone te ignoreer.
- Vorige kennis word gewoonlik nie in berekening gebring nie en dit doen gewoonlik min om nuwe algemene kennis te skep.
- Die neiging is om te individualisties te wees en die individu se rol en invloed op die gebeure te oorbeklemtoon.

Die narratiewe benadering is 'n relatief nuwe benadering en daarom is die metodologie van dié benadering nog aan die ontwikkel. Dit is egter 'n benadering wat 'n bepaalde perspektief tot die doen van 'n gemeente-analise toevoeg. Die bydrae van dié benadering en die gebruik van die storie van die gemeente kan nie geïgnoreer word nie.

7.1.6 Vraelyskontruksie

In die uitvoer van 'n opname verdien die hantering van vrae aandag, want die vraag wat gevra word bepaal die antwoord wat verkry gaan word.

Gestruktureerde vrae is vrae waarvan die antwoorde ingedeel is in spesifieke kategorieë, waaruit die repondent moet kies. In die geval van ongestruktureerde vrae formuleer die respondent sy of haar eie antwoord. (Babbie en Mouton 2001:233-236) . Gestruktureerde vrae beperk die antwoordmoontlikhede, maar dit vergemaklik die verwerking van die inligting. Ongestruktureerde vrae skep die geleentheid op meer indiepte antwoorde.

Vrae, wat in 'n opname gebruik word, moet aan sekere vereistes voldoen.

Babbie en Mouton (2001:234-236) en Ammerman e.a. (1998:220-223) wys op sekere aspekte wat voor oë gehou moet word in die formulering van vrae:

- Vrae moet duidelik en verstaanbaar wees.
- Dubbelsinnige vrae, wat byvoorbeeld twee verskillende antwoordmoontlikhede het, moet vermy word.
- Die kategorieë wat by gestruktureerde vrae gebruik word, moet onderling uitsluitend wees.
- Die vrae moet so gestel wees dat dit binne die vermoë van die respondent is om die vrae te antwoord. Die respondent moet ook oor die wil beskik om die vrae te beantwoord.
- Die vrae moet relevant tot die spesifieke navorsing wees.
- Korter vrae is beter as lang en ingewikkelde vrae.
- Negatiewe vrae, veral in Afrikaans met die dubbele negatief, moet vermy word. Dit skep verwarring.

'n Vraelys moet behoorlik beplan en saamgestel word. 'n Vraelys behoort duidelik en maklik leesbaar te wees. Die vrae moet maklik beantwoord kan word, en genoegsame spasie moet daarvoor gelaat word. Matriksvrae, byvoorbeeld 'n klompie vrae wat aan die hand van die Likertskaal beantwoord moet word, bied sekere voordele. So 'n groepering van vrae benut die beskikbare spasie goed en kan maklik ingevul word. Die vrae moet so beplan word dat daar nie 'n responsset is nie. Byvoorbeeld dat die respondent met al die vrae of stellings "saamstem" of dat daar 'n vaste patroon is nie (kyk Babbie en Mouton 2001:239-242 en Ammerman e.a. 1989:224).

Daar is nie vaste reëls ten opsigte van die volgorde in 'n vraelys nie. Die volgorde van vrae behoort logies en sinvol te wees. Die rangskikking van vrae moet sensitief hanteer word. Die instruksies op die vraelys behoort baie duidelik en noukeurig opgestel te word. Die respondent behoort presies te weet wat van hom of haar verwag word. Dit is soms nodig om opskrifte te verduidelik of om by sekere vrae, byvoorbeeld 'n matriksvraag, spesifieke instruksies te gee (Babbie en Mouton 2001:243).

'n Vraelys kan nie foutloos opgestel word nie. Die vooraftoetsing van 'n vraelys is daarom uiters noodsaaklik (Babbie en Mouton 2001:243). Voordat die vraelys finaal versprei word, word die konsep eers deur 'n paar respondente ingevul. Op die manier word die foutorisiko verminder.

Die vraelys moet so opgestel word, dat dit met behulp van 'n rekenaar verwerk kan word. Vrae moet behoorlike genommer en gekodifiseer word met die oog op rekenaarverwerking (Babbie en Mouton 2001:412). Verwerkings kan op 'n mikrorekenaar met behulp van 'n sigblad ("spreadsheet"), of op 'n hoofraam met pakette soos SAS of SPSS gedoen word. Die gemeenteanalise (Bylae A) en die Kerkspieëlverwerkings en statistiese analises is met hulp van 'n SAS-program gedoen. Dit is ook moontlik om 'n kwalitatiewe analise, byvoorbeeld 'n kwalitatiewe inhoudsanalise, met behulp van die rekenaar te doen (kyk Van der Ven 1993d:113 e.v.).

7.2 GEMEENTE-ANALISE AS 'N OMVATTENDE PROSES

Uit die omskrywing van die gemeente-analise binne die proses van gemeentebou (kyk na Hoofstuk 6), was dit reeds duidelik dat die gemeente-analise op sigself 'n omvattende proses is. Die proses van gemeente-analise moet só omskryf word, dat dit kan gebeur. Die punte wat vervolgens genoem word, word as kardinale punte in so 'n proses voorgestel.

7.2.1 Basiese aannames en vertrekpunte

7.2.1.1 Oriënteringspunte

Die onderstaande is drie belangrike oriënteringspunte in die proses van gemeente-analise:

1. 'n Hermeneutiese model word as praktiese teologiese vertrekpunt (kyk punt 3.1) gebruik wat, onder andere, die volgende implikasies inhou:
 - Die asimmetriese wisselwerking tussen Woord en konteks gee aan die Woord 'n bepaalde plek binne die proses van die gemeente-analise.
 - Die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens lei tot bepaalde diensgestaltes wat in die gemeente neerslag vind.
 - 'n Kritiese ingesteldheid moet sorg dat alles nie klakkeloos aanvaar word nie, maar dat die spanning tussen Woord en konteks in beide rigtings 'n kritiese spanning bly.
2. Sowel die gemeente as gedefinieerde en empiriese subjek (kyk punt 3.3.2), asook die verskil tussen die twee subjekte, moet in die analise van 'n gemeente voor oë gehou word. Die empiriese gemeente is die gekontekstualiseerde gemeente soos wat dit op 'n bepaalde plek en tyd bestaan en funksioneer. Hierdie gemeente is in mindere of meerdere mate anders, lyk anders, en funksioneer anders as wat God bedoel het sy gemeente (gedefinieerde subjek) moet wees.

3. Gemeentebou (kyk punt 3.3.3) is 'n proses wat 'n gemeente begelei om, vanuit sy identiteit binne die gemeentelike bedieningsterreine, sodanig aan gemeenteweese gestalte te gee (vormgewing), dat die gemeente sy doel bereik.

7.2.1.2 Probleemstelling

In die eerste plek gaan dit in 'n gemeente-analise oor wie die gemeente is en hoe die gemeente binne 'n bepaalde omgewing sy bediening uitvoer. Die analise kan omvattend alle aspekte van die gemeentelike bediening hanteer of net op 'n bepaalde aspek of terrein fokus. Dit is egter belangrik om in die probleemformulering die plek van die een aspek binne die geheel voor oë te hou, anders kan dit maklik gebeur dat 'n skeefgetrekte beeld verkry word.

7.2.1.3 Prinsipiële vertrekpunte

Die onderstaande vyf prinsipiële vertrekpunte verdien in 'n gemeente-analise aandag.

- 2.1 Die gemeente se identiteit (kyk punt 4.2) lê op die onderstaande vlakke:
 - 'n Eksklusiewe verbondsverhouding met die Vader as Oorsprong van alles, die Seun as Hoof, en die Heilige Gees as die Toeruster van die gemeente
 - 'n Gereformeerde gemeente wat die Woord en sakramente suiwer bedien en aan die belydenis verbind is deur dit onderling te bewaar
 - 'n Gemeente wat die vier eienskappe van die kerk (eenheid, heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit) as riglyne uitleef
- 2.2 Die doel (kyk punt 4.3) van die gemeente behoort ononderhandelbaar tot die wese van die gemeente.

- Die doel van Christus se missie en gevolglik die gemeente se doel, is 'n heilgemaakte wêreld. Die gemeente staan op alle lewensterreine in diens van die koms van die Koninkryk.
- Die gemeente is teken en getuie van die heil: getuies nie net in wat die gemeente sê en doen nie, maar ook in wat die gemeente is. Gemeenskap deurbreek die eensaamheid en vervreemding wat in die verhouding tussen mense ontstaan.
- Gemeente en lidmate is getuies op die markplein. Dit is 'n getuie van liefde en geregtigheid.
- Die kritiese vraag is of die missio Dei ook die missio ecclesiae is?

2.3 Die vier bedieningsterreine (kyk punt 4.4.) integreer die totale bediening van die gemeente. Elke een van die vier terreine behoort binne die gemeente volledig tot sy reg te kom. Die analitiese vraag is of dit binne die aktiwiteite van die gemeente gebeur.

- Leitourgia: Aanbidding kulmineer in die weeklikse eredienste, maar strek wyer en dieper na, byvoorbeeld, die katechese, kleingroepbyeenkomste en dit kan ook in gesinsverband figureer. Die gemeente en elke gelowige word opgeroep om God te aanbid.
- Kerugma. Die Evangelie van Jesus Christus word binne en buite die samekomste van die gemeente verkondig. Kerugmatiese diens is diens in die Koninkryk. Dit beteken dat die gemeente en lidmate 'n getuie het om orals uit te lewe.
- Koinonia met Jesus Christus lei tot 'n horisontale uitleef van koinonia met mekaar. Deur 'n band van liefde en aanvaarding stig dit 'n gemeenskap van gelowiges. Dit begin by die individuele gelowige en dan kring dit uit na die gesin, die kleingroep, ander groepe in die gemeente, tot by die erediens.
- Diakonia begin met Jesus Christus as die Dienskneg. Diensbaarheid word aangeleer en beoefen deur 'n gemeente wat God, mekaar en die wêreld dien. Barmhartigheid beteken om vir mense wat ly, op te kom. Geregtigheid beteken om die situasie so te verander, dat onreg nie meer moontlik is nie.

- 2.4 Die konkrete gemeente (kyk punt 5.2) kan net vanuit die gemeentelike identiteit, doel en bedieningsterreine verstaan word. Die gemeentelike spiritualiteit lei daartoe dat die gemeente op 'n bepaalde tyd, plek en wyse konkreet gestalte kry. Die gemeentelike ekklesiologie ontwikkel deur aan al vier die bedieningsterreine hulle regmatige plek binne die gemeente te gee. Die kritiese vraag is of die gemeentelike ekklesiologie en leierskap aan die vereistes beantwoord.
- 2.5 Die gemeente staan nooit los van sy konteks (kyk punt 5.3) nie. Die gemeente lewe in wisselwerking met sy omgewing. Die gemeente en lidmate word deur die konteks gevorm en binne die Suid-Afrikaanse samelewing moet die gemeente diensbaar wees. Dit gee aan elke gemeente 'n unieke karakter wat daarvoor moet sorg dat die gemeente sy doel op 'n eietydse en kontekstuele manier bereik.

7.2.2 Metodologiese vertrekpunte

7.2.2.1 Metodologiese vereistes

Gemeente-analises wat gedoen word, moet minstens aan die onderstaande drie metodologiese vereistes (wat reeds volledig onder punt 7.1.2 bespreek is) voldoen.

1. Betroubaarheid beteken dat die meetinstrumente en tegnieke wat gebruik word elke keer dieselfde resultaat moet lewer. In die geval van kwalitatiewe navorsing, beteken dit konsekwentheid.
2. Geldige en outentieke meetinstrumente en tegnieke moet gebruik word, sodat dit die werklike en ware betekenis van dit wat ondersoek word, weergee.
3. Veralgemeenbaarheid - die seleksie van persone wat in die gemeente gemaak word, dit wil sê oor wie in die ondersoek ingesluit of uitgesluit

moet word, moet só gemaak word dat betroubare en geldige afleidings gemaak word. Die beperkings wat in dié verband geld, moet duidelik verreken en verduidelik word.

7.2.2.2 Navorsingsmetodes

Die kenmerke en verskille tussen die drie navorsingsmetodes is reeds bespreek (kyk punte 7.1.3 en 7.1.5). Binne die proses van gemeente-analise behoort daar vir al drie metodes ruimte te wees. Elkeen van die drie metodes kan 'n eiesoortige bydrae lewer tot 'n meer betroubare en geldige analise van die gemeente. Daar kan kortliks na elkeen van die metodes se waarde ten opsigte van 'n gemeente-analise gekyk word.

1. Kwantitatiewe metodes: Die meerderheid meetinstrumente wat beskikbaar is, is gestruktureerde vraelyste. Die voordeel van die opnames, as die vereiste van veralgemeenbaarheid behoorlik hanteer word, is dat dit 'n goeie beeld van die samestelling van die gemeente en omvang van die gemeente-aktiwiteite kan gee.
2. Kwalitatiewe metodes: Dit is 'n metode wat nie so algemeen benut word nie. Semi-gestruktureerde onderhoude kan veral in hierdie verband 'n waardevolle bydrae lewer.
3. Narratiewe metodes. Die waarde van die narratiewe metode is al uitgewys. Die storie van die gemeente ontsluit aspekte van die gemeente wat nie andersinds bekend sou wees nie.

7.3 ENKELE VOORBEELDE VAN GEMEENTE-ANALISES

In die lig van die voorafgaande bespreking ten opsigte van metodologiese vereistes en die keuses van navorsingsmetodes kan na enkele voorbeelde van gemeente-analises verwys word. Verskeie analises is reeds geëvalueer (kyk Hoofstuk 6). In die lig van dié evaluering sou van die analises en

vraelyste gebruik kon word. So sou die “Beplanningswerkboek” van Callahan of die “Natural Church Development”-opname gebruik kon word. Dit is egter net belangrik om die tekortkominge wat uitgewys is, voor oë te hou en bepaalde aanpassings daarvolgens te maak.

7.3.1 ‘n Kwantitatiewe opname

Elke gemeente sou aan die hand van die riglyne wat gegee is, ‘n eie unieke analise kon doen. ‘n Voorbeeld van so analise is in Bylae A opgeneem. Dit is ‘n kwantitatiewe opname wat in ‘n gemeente uitgevoer is. Dit is nie die volledige verslag nie, maar slegs enkele uittreksels om bepaalde aspekte te illustreer. Op grond van die verslag kan op die volgende punte gewys word:

- Die vraelys vir die betrokke gemeente-analise is ontwikkel deur vrae uit verskeie ander vraelyste, onder andere Kerkspieël, te gebruik. Eie vrae is ook opgestel om aan die gemeente se eie behoeftes te voldoen. Die vraelys is vooraf deur verskeie respondente ingevul om die betroubaarheid en geldigheid van die vrae te toets. Aan die hand hiervan, is die vraelys verder verbeter.
- Oor die veralgemeenbaarheid van die opname, kan op die volgende gewys word. Die vraelys is aan al 1622 belydende lidmate versprei en 394 vraelyste is terugontvang. Dit is ‘n responskoers van 24.3%. Die biografiese gegewens wys verder daarop dat ‘n redelik goeie verspreiding van lidmate binne die gemeente verkry is. Lidmate wat nie gereeld eredienste bywoon en ook nie aktief by die gemeente inskakel nie, het ook die vraelys ingevul. Op grond van die beredenering kan dus aanvaar word dat redelike afleidings oor die houding van belydende lidmate van die gemeente gemaak kan word.
- In die meeste van die gevalle is van beskrywende statistiese metodes gebruik gemaak om sekere aspekte uit te wys. As voorbeelde word sake met betrekking tot die erediens (leitourgia as bedieningsterrein) en

omgeegroep (koinonia as bedieningsterrein) weergegee. Die doel van die beskrywings is om die menings van belydende lidmate so getrou moontlik weer te gee. 'n Groot verskeidenheid van aspekte kan op dié manier hanteer, ondersoek en beskryf word.

- 'n Volgende stap van analise, is om te probeer om die verband tussen sekere veranderlikes te verklaar. In die betrokke gemeente-analise word die blok waarin 'n lidmaat val met enkele veranderlikes in verband gebring. Slegs kruistabulasies wat bo 'n beduidendheidspeil van 95% lê, is gebruik (kyk Babbie en Mouton 2001:179-183). Dit beteken dat daar minder as 'n 5% waarskynlikheid is dat die verspreiding binne die tabel toevallig is. Die gamma-waarde (kyk Babbie en Mouton 2001:462-464) dui die sterkte van die verband aan. Dit is 'n statistiese waarde wat op 'n ordinale vlak van meting gebruik word. Die gammawaarde in Tabel 1 dui daarop dat kennis van die deel waarin 'n lidmaat val 5% van die variansie in die feit of 'n erediens aan 'n lidmaat se geestelike behoeftes voldoen, verklaar. Die – of + dui net op die rigting van dié verband.
- 'n Verdere vlak van ontleding is om na wyer verbande tussen veranderlikes te soek deur middel van faktoranalise. Faktoranalise behels dat die korrelasies tussen indikatore ontleed word (kyk Babbie en Mouton 2001:472-475). Die tegniek van faktoranalise identifiseer die faktore op grond van die korrelasiëpatrone (korrelasie-matrikse) tussen die indikatore. Die korrelasies moet met 'n bepaalde teorie in verband gebring en geïnterpreteer word. Hierdie in-verband-bring is 'n interpretatiewe stap en is oop vir meerdere interpretasies. In dié geval is die bevindinge wat met behulp van die faktoranalise gedoen is, gebruik om die gemeente se doelstellings verder te verfyn.

7.3.2 Die storie van 'n gemeente – 'n narratiewe benadering

Die navors van 'n gemeente se storie lewer 'n belangrike bydrae in 'n gemeente-analise en die verstaan, veral van die gemeente se identiteit (kyk

punte 5.4). Jurgens Hendriks (1992:9) bring die stories van gemeentes in verband met die proses van verandering wat in 'n gemeente plaasvind. Verskeie gemeentes se stories word dan in dié verband opgeteken (kyk HJ Hendriks 1992:23 e.v.). 'n Manier om die gemeente se storie te vertel, is aan die hand van die gemeente se tydslyn (Van der Merwe en Marais 2001:45) of die "Congregational Time Line" (Ammerman e.a. 1998:209-210). Die storie van 'n gemeente, word hier as 'n voorbeeld, aan die hand van die tydslyn en die metodologiese riglyne van die narratiewe benadering (punt 7.1.5), vertel. Dit is slegs 'n verkennende poging en maak nie op volledigheid aanspraak nie.

'n Ongestruktureerde onderhoud is met een van die leraars van die gemeente oor die gemeente se storie, gevoer. Dié weergawe van storie is weer aan hom, as mede-navorsers, met die oog op 'n verdere insette, voorgelê.

Die gemeente is geïdentifiseer omdat die storie van die gemeente, sedert 1998 jaarliks aan die begin van die jaar oorvertel word. Dit is dus 'n gemeente wat al vir minstens die afgelope vyf jaar erns maak van die vertel van die storie van die gemeente.

Die storie is vir die eerstekeer in 1998 op 'n groot banier aangeteken. Die banier is in drie bane verdeel en in tweejaar intervalle ingedeel. Op die boonste baan kry lidmate jaarliks die geleentheid om op 'n klein plakker hulle eie storie by te voeg. Die tweede baan is 'n weergawe van die gebeure binne die gemeente en die derde baan die gebeure in die wêreld buite die gemeente (kyk Bylae B).

Die agtergrond tot die storie is gebeurtenisse binne en buite die gemeente soos wat hulle dit verstaan en op die banier weergegee het. Dit is 'n NG Gemeente op 'n dorp in die Noordelike provinsie. Die gemeente bestaan uit ongeveer 502 dooplidmate en 1172 belydende lidmate en word deur twee voltydse leraars bedien. 'n Paar aspekte kan in die ontwikkeling van die gemeente se storie uitgelig word.

- Die storie begin met die gemeente se afstigting in 1986. Dit is ook die jaar van die Algemene Sinode en die aanvaarding van die beleidsdokument: *Kerk en Samelewing*. Saam met die koms van die tweede leraar verlaat ongeveer driehonderd lidmate die gemeente en sluit by die nuutgestigte Afrikaanse Protestantse Kerk aan. Die gebeure plaas die gemeente in 'n moeilike posisie.
- Die jare van 1988 tot 1990 is moeilike jare en die gemeente kry finansiële swaar. Dit is die tyd wat die leraars se gesinne uitbrei en dit neem onbewustelik baie tyd in beslag. Binne die gemeente is daar nie veel om oor te praat nie. Die gemeente begin aan die einde van die tydperk, weer kop optel en 'n gemeentefunksie word gehou.
- 1994 lei weer 'n moeilike tydperk in. 1994 is die jaar van die geboorte van die nuwe Suid-Afrika. Die mense is hoop-loos en berg kos vir die moeilike tyd wat kan kom, op. Die ring probeer die gemeente verhoed om voort te gaan met die bou van 'n gemeentesentrum. Tog is dit ook 'n tyd van geestelike verdieping in die gemeente. Daar word met 'n gemeentebouproses begin en die eerste sooi vir die gemeentesentrum word gespit.
- In 1998 word begin om die storie van die gemeente oor te vertel. Die verhale word in 'n trommel onder die liturgiese ruimte gestoor. Die gemeente brei uit en nuwe lidmate begin die storie van die gemeente hoor.
- Die nuwe millenium kondig 'n tyd van hertoewyding aan. 'n Milleniumfees word gehou. Leraars en kerkraadslede word in hulle ampte herbevestig. Aan die begin van elke jaar is daar 'n Visiefees waartydens die storie vertel word. In 2002 begin die gemeente oor 'n derde leraar droom.

Lidmate koppel elke jaar hulle geloofsverhaal aan die gemeente se storie. Op die lidmaatplakkers op die banier staan sake soos: 'n bekeringsdatum, 'n

krisis in die gesin, 'n sterfdatum, inligting van nuwe intrekkers, 'n groot operasie wat iemand ondergaan het, 'n vreugdevolle gebeurtenis, ensovoorts. Emosioneel is dit vir die lidmate belangrik want hulle stories word aan die geloofsgemeenskap se storie gebind. Deur die storie jaarliks oor te vertel, word nuwe lidmate deel van die storie. So ontwikkel 'n verhaal van hoop.

In die ontwikkeling van die storie word 'n spiraal van swaarkry wat deur hoop opgevolg word, ontdek. Die klimaks jare wat so navore kom is 1986, 1994, 2000 en die tyd daarna. Die unieke uitkoms van die proses is dat dit mense mobiliseer: "My storie word deel van die gemeente se storie." Die gemeente se identiteit word gevorm en versterk as "'n gemeente wat in navolging van Christus HULP en HOOP aan alle mense bring" - die missie van die gemeente. Die storie gaan voort soos wat dit jaarliks oorvertel word. Die gemeente droom oor 'n derde leraar...

Daar is veel uit die storie van 'n gemeente te leer. Dit vertel nie net wat bereik is nie, maar dit leer 'n gemeente van die pad wat God met hulle geloop het. "Deur te onthou, word daar ruimte geskep waarbinne die menslike geskiedenis en die heilsgeskiedenis van God verenig." (Van der Merwe en Marais 2001:21). Die storie help in die ontwikkeling van die gemeente se identiteitskonsepsie en lidmate se geloofstories.

7.3.3 Analises oor die konteks

7.3.3.1 Waardesisteme binne die Suid-Afrikaanse samelewing

Die verskillende waardesisteme binne die Suid-Afrikaanse samelewing is een van die kontekste waarbinne 'n gemeente werksaam is. Die lidmate se waardesisteme beïnvloed die gemeente. Anders gesê, bedien 'n gemeente lidmate wat nie almal noodwendig dieselfde waardesisteme deel nie. Dit kan daarom vir 'n gemeente tot nut wees om kennis te dra van die verskillende waardesisteme. 'n Instrument wat op hierdie terrein betroubare inligting verskaf is die *AC Nielsen Sociomonitor*. Die instrument verskaf die inligting

aan die besigheidswêreld, veral aan die advertensie bedryf. Die inligting word gebruik om strategiese beplanning mee te doen. Die Eenheid vir Godsdiens-Demografiese Navorsing aan die Universiteit van Stellenbosch maak die inligting vir die kerk en gemeentes beskikbaar. Hoewel die inligting in die eerste plek op die besigheidswêreld gerig is, kan die kerk tog daarby baat vind.

In die ontleding wat die *Sociomonitor* gebruik, word daar tussen vyf waardegrade onderskei (Erasmus 2001:120-131).

- “*Yesteryears*”. Hulle streef daarna om hulle taal en kultuur te behou: het meer tradisionele waardes; wil eerder behou as verander, en verlang na die goeie ou dae. Hulle is suspisies teenoor buitelanders.
- “*Belongers*.” Hulle wil graag deel wees en behoort. Hulle is tradisioneel en groepgeoriënteerd. Hulle is egter meer verdraagsaam teenoor ander en aanvaar gesag eerder as om in opstand te kom. Hulle verkies ‘n bekende omgewing en wil nie te veel kansse waag nie.
- “*Enhancers*”. Hulle behoefte is selfontwikkeling; ‘n kwaliteit lewe; en om in harmonie te lewe. Hulle verkies ‘n gesonde leefstyl, ‘n mooi omgewing en wil graag nuwe vaardighede aanleer. Hulle wil graag verstaan en sal nie gesag bevraagteken nie. Hoewel hulle op hulleself ingestel is, sal hulle nie ander benadeel nie.
- “*Achievers*.” Hulle is modern, individualisties en lê klem op persoonlike prestasies. Hulle bevraagteken gesag, maar sal nie somer aggressief word nie. Hulle is vol selfvertroue, glo in hulle eie vermoëns en is kompetend.
- “*Today-ers*”. Hulle is aggressief teenoor die buitewêreld en hou van opwinding. Hulle lewe vir vandag en wil nie deel van ‘n groep wees nie. Hulle aanvaar nie sosiale konvensies nie. Hulle wil graag deel van hulle portuurgroep wees en soek dié groep se aanvaarding.

‘n Gemeente wat erns met sy bediening maak, behoort bewus te wees van die verskillende waardegrade binne die gemeente en in die Suid-Afrikaanse

samelewing. Aan die hand van die onderskeidings kan 'n paar kritiese vrae uit 'n gemeente-analisehoek, gevra word (Erasmus 2001:132):

- Kommunikeer die gemeente met al die groepe, of dalk net met een of twee?
- Voel die verskillende groepe hulle by die gemeente se aanbiddingsstyl tuis?
- Hoe reik die gemeente na die ander waarde-groepe uit?
- Indien nuwe bekeerlinge of lidmate uit 'n ander waarde-groep hulle by die gemeente aansluit; hoe word hulle geakkommodeer?
- Indien daar konflik in die gemeente is, watter rol speel lidmate uit die verskillende waarde-groepe in die konflik?
- Hoe word, in die lig van die verskillende waarde-groepe, eenheid en verskeidenheid in die gemeente hanteer?

Hoe lyk die verspreiding ten opsigte van die waarde-groepe in die NG Kerk?

Die data is vir persone ouer as sestien jaar en dit gee slegs 'n breë aanduiding (Erasmus 2001:134):

	<i>Yesteryears</i>	<i>Belongers</i>	<i>Enhancers</i>	<i>Achievers</i>	<i>Today-ers</i>
NG Kerk	30.1%	19.7%	20.5%	18.6%	11.1%
Totaal SA	17.2%	21.4%	18.7%	18.3%	24.5%

Die *Sociomonitor* is 'n praktiese en effektiewe sleutel wat elke gemeente in 'n gemeente-analise, kan gebruik om die gemeente ten opsigte van die verskillende waarde-groepe binne die gemeente en ook binne die Suid-Afrikaanse samelewing te plaas.

7.3.3.2 Kerkspieëldata – enkele voorbeelde

Kerkpieël is 'n wetenskaplike opname wat elke vier jaar binne die NG Kerk gedoen word (kyk Bisschoff 1996). Ander soortgelyke opnames vind ook in ander lande en denominasies plaas (kyk byvoorbeeld Brierley 2000 oor die situasie in Engeland en Kaldor e.a. 1999 oor die situasie in Australië).

Die waarde van Kerkspieël, ten opsigte van 'n gemeente-analise, is dat dit 'n betroubare maatsaf vir 'n gemeente verskaf om homself in terme van die NG Kerk in die geheel, te evalueer. Elke gemeente kan 'n drukstuk met die gemeentelike inligting wat uit die betrokke Kerkspieël-vraelyste van die gemeente verkry is, kry. Gemeentespieël is 'n handleiding wat saam met die drukstuk en Kerkspieël deur 'n gemeente gebruik kan word om die gemeentes se eie situasie te bepaal.

Die doel van so 'n vergelyking is nie om vas te stel of die gemeente oor- of onderpresteer nie. Die handleiding is slegs 'n hulpmiddel om die gemeente te help om 'n meer omvattende gemeente-analise, wat ook die konteks van die gemeente binne kerkverband verreken, te doen. Kerkspieël help 'n gemeente veral om die gemeente binne die konteks van die NG Kerk te plaas. Dit ondervang juis die leemte wat in Hoofstuk 6 ten opsigte van die konteks binne Suid-Afrika uitgewys is. Gemeentes word binne 'n Suid-Afrikaanse konteks, en nie binne 'n Europese of Amerikaanse konteks nie, geroep.

Bylae C bevat enkele voorbeelde van die vergelyking wat gedoen kan word:

- Ouderdomsprofiel. Die lidmate van die N.G. Kerk is besig om te verouder. In die lig van die gegewens kan 'n gemeente sy ouderdomsprofiel bepaal en sekere teikengroepe identifiseer.
- Beroep. Die laer bloukraagberoep is 'n kategorie wat nie goed binne die N.G. Kerk verteenwoordig is nie. Elke gemeente behoort kennis te neem van die sosio-ekonomiese status van die lidmate wat bedien word. Een só 'n indikator, is beroep.
- Erediensbywoning. Die erediens is een van die belangrikste byeenkomste in 'n gemeente. Kennis moet geneem word van die tendense binne die gemeente. Dit is byvoorbeeld veral kleiner gemeentes wat met 'n swakker erediensbywoning sukkel.

- Dankofferbydraes. Plattelandse gemeentes, kleiner gemeentes en gemeentes met 'n kleiner lading lidmate per predikant, het 'n hoër dankofferbydrae per lidmaat. Die gamma-waardes dui daarop dat die drie onafhanklike veranderlikes 'n beduidende bydrae tot die variansie in dankofferbydrae verklaar. 'n Gemeente kan, in die lig hiervan, self sy eie posisie bepaal en strategieë bedink.

7.4 GEMEENTE-ANALISE AS DEEL VAN 'N GEMEENTEBOUPROSES

Gemeente-analise is deel van die groter gemeentebouproses en kan nie as 'n losstaande proses in isolasie gesien word nie. Jurgens Hendriks sien dit as 'n integrale deel van die proses van Strategiese Teologiese Beplanning (kyk punt 6.3.2.1). Dit is 'n voortdurende proses van analiseer en luister; beplan; toerus; evalueer; en implementeer. In die sisteemmodel van Dietterich (kyk punt 6.4.1) is dit die taak van die terugvoersisteem om inligting van die ontvangsisteem te interpreteer en te analiseer. Die analise word weer aan die insetsisteem deurgegee. Op dié manier is daar 'n voortdurende proses van analiseer en herinterpreteer.


Nel (1994:123) wys op die onderstaande fases in die proses van gemeentebou:

- Motivering, ontvriësing en missieformulering;
- gemeente-analise;
- strategiese beplanning;
- implementering van die strategiese plan en bereiking van doelwitte; en
- evaluering, stabilisering en herhaling van die proses.

Die proses van gemeentelike strategiese beplanning eindig nie, maar die proses word herhaal en herhaal.

Die omgewing waarbinne 'n gemeente leef en dien, verander gedurig. Die wêreld van vandag is nie dieselfde as tien of twintig jaar gelede nie.

Gemeentes behoort by veranderende tye aan te pas. Jan Hendriks (1997:31) gee 'n skematiese voorstelling van dié proses.



As die konteks verander, help dit nie om die programme en prosesse te verander nie. As die identiteit wat Christus aan die gemeente gee, herontdek word, sal die gemeente kan aanpas. Veranderinge aan die konteks beteken dat die gemeente in die lig van die Woord en onder leiding van die Heilige Gees moet bepaal hoe om by die veranderende omstandighede aan te pas en gemeente te wees. (J Hendriks 1997:31). 'n Herontdekte identiteit sal noodwendig tot nuwe prosesse en programme lei.

Jan Hendriks (1997:31-32) wys op die volgende prosesse wat 'n gemeente se identiteit beïnvloed:

- 'n Gemeente se identiteit word deur haar storie en geskiedenis van die verlede bepaal. 'n Te sterk klem op die verlede lei tot 'n instandhoudings- of kontrolebediening
- Die hede of huidige konteks beïnvloed die gemeente se identiteit. Dit hang saam met politieke, ekologiese, demografiese en sosiale faktore. 'n Oormatige fokus op die hede lei tot 'n bediening wat so markgeoriënteerd

raak, dat dit vervlak tot 'n bediening wat net op behoeftebevrediging ingestel is.

- Die gemeente se visie op die toekoms, ideale en roepingsbewustheid speel ook 'n rol in die vorming van 'n gemeente se identiteit. 'n Te groot klem op die toekoms gaan by die verlede se storie en die huidige situasie verby en verwaarloos die gemarginaliseerdes in hulle nood. Geen aandag word aan sosiale onreg gegee nie.

Om te verhoed dat 'n gemeente in een van die bogenoemde prosesse vasval, is 'n gemeente-analise as deel van 'n gemeentebouproses noodsaaklik. Dit kan te maklik gebeur dat 'n gemeente stagneer, net op behoeftebevrediging ingestel raak of by die dag se nood verbystap.

Die hemeneutiese vertrekpunt bepaal dat die Woord en konteks, assimetries in 'n kririese wisselwerking is. Die gemeente is altyd op pad om sy doel te bereik – 'n wêreld wat heel word. Die gemeentebouproses is daarom nooit klaar nie. 'n Gemeente bly voortdurend vrae vra, soos byvoorbeeld: "Is ons die gemeente wat ons behoort te wees?" Kritiese selfondersoek en 'n gehoorsame soeke na God se wil, sal altyd weer na aanpassing en 'n herbesinning lei. Burger (1999:301) wys daarop dat die Bybel vol verhale is wat die gemeente wil oproep om nie maar sonder meer in die bestaande toestand te berus nie, maar om in die Naam van die Here alles te doen om gemeentes meer met die wil en plan van God in lyn te bring.

7.5 'N TEORIE VIR GEMEENTE-ANALISE

In die ontwikkeling van 'n teorie is dit nie altyd moontlik om 'n duidelike skeiding tussen 'n basisteorie en 'n praktykteorie te maak nie. Die hemeneutiese vertrekpunt het uitgewys dat, in die geval van die gemeente-analise, beide die Skrif en konteks in die ontwikkeling van 'n basisteorie verreken moet word. Anders gesê, beteken dit dat bepaalde elemente wat as 'n praktykteorie gesien kan word, ook aan die orde moet kom. Dit is dalk beter om van 'n teorie vir gemeente-analise te praat.

In die lig van die voorafgaande bespreking behoort 'n teorie vir gemeente-analise te bestaan uit

- 'n vasstelling van die oriënteringpunte;
- 'n formulering van die probleemstelling;
- 'n omskrywing van die prinsipiële vertrekpunte; en
- die uitoefening van sekere metodologiese keuses.

'n Behoorlike gemeente-analise kan net gedoen word indien al vier aspekte behoorlik verreken word en die gemeente-analise deel vorm van 'n deurlopende gemeentebouproses.

Indien die teorie verder uitgewerk word, sal die onderstaande aspekte in 'n gemeente-analise verreken moet word.

7.5.1 Oriënteringspunte

1. 'n Hermeneutiese model word as praktiese teologiese vertrekpunt gebruik, wat beteken dat
 - Woord en konteks in 'n asimmetriese verhouding staan.
 - die verbond tussen God en mens tot bepaalde diensgestaltes in die gemeentelei.
 - daar 'n kritiese ingesteldheid tussen Woord en konteks moet wees.
2. Die gemeente sowel 'n gedefinieerde as 'n empiriese subjek ondersoek moet word.
3. Gemeentebou is 'n proses wat 'n gemeente begelei om, vanuit sy identiteit binne die gemeentelike bedieningsterreine, sodanig aan gemeentewees gestalte te gee (vormgewing), dat die gemeente sy doel bereik.

7.5.2 Prinsipiële vertrekpunte

1. Die gemeente se identiteit lê op die vlak van
 - 'n eksklusiewe verbondsverhouding met die drie-enige God.
 - 'n gereformeerde gemeente wat die Woord en sakramente suiwer bedien en aan die belydenis verbind is deur dit onderling te bewaar.
 - 'n gemeente wat die vier eienskappe van die kerk (eenheid, heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit) as riglyne uitleef.
2. Die doel van die gemeente behoort ononderhandelbaar tot die wese van die gemeente; 'n Heelgemaakte wêreld waarvan die gemeente deur woord en daad 'n getuie is.
3. Die vier bedieningsterreine integreer die totale bediening van die gemeente:
 - Leitourgia - aanbidding.
 - Kerugma - verkondiging.
 - Koinonia - liefde en aanvaarding.
 - Diakonia - diensbaarheid.
4. Die konkrete gemeente kan net vanuit die gemeentelike identiteit, doel en bedieningsterreine verstaan word. Die gemeentelike spiritualiteit lei daartoe dat die gemeente op 'n bepaalde tyd, plek en wyse konkreet gestalte kry deur aan die vier bedieningsterreine hulle regmatige plek te gee.
5. Die gemeente en lidmate word deur die konteks gevorm en binne die Suid-Afrikaanse samelewing moet die gemeente diensbaar wees.

7.5.3 Metodologiese vertrekpunte

1. Metodologiese vereistes

- Betroubaarheid beteken dat die meetinstrumente en tegnieke wat gebruik word elke keer dieselfde resultaat moet lewer. In die geval van kwalitatiewe navorsing beteken dit konsekwentheid.
- Geldige en outentieke meetinstrumente en tegnieke moet gebruik word, sodat dit die werklike en ware betekenis van dit wat ondersoek word, weergee.
- Veralgemeenbaarheid - die seleksie van persone wat in die gemeente gemaak word, moet só gemaak word dat betroubare en geldige afleidings gemaak kan word.

2. Navorsingsmetodes

- Kwantitatiewe metodes: Die voordeel van die opnames is dat dit 'n goeie beeld van die samestelling van die gemeente en omvang van die gemeente-aktiwiteite kan gee.
- Kwalitatiewe metodes. Semi-gestruktureerde onderhoude kan meer indiepte-inligting oor die gemeente na vore bring.
- Narratiewe metodes. Die storie van die gemeente ontsluit aspekte van die gemeente wat nie andersinds bekend sou word nie.

7.5.4 Gemeente-analise as 'n proses

As 'n navorsingsproses op sigself is gemeente-analise wesenlik deel van die breër proses van gemeentebou. Die proses is nooit afgehandel nie.

'N TEORIE VIR GEMEENTE-ANALISE

Die onderstaande aspekte moet in 'n gemeente-analise verreken word.

1. Oriënteringspunte

- 1.1 'n Hermeneutiese model word as praktiese teologiese vertrekpunt gebruik wat, wat beteken dat
 - Woord en konteks in 'n asimmetriese verhouding staan.
 - die verbond tussen God en mens lei tot bepaalde diensgestaltes in die gemeente.
 - daar 'n kritiese ingesteldheid tussen Woord en konteks moet wees.
- 1.2 Die gemeente sowel 'n gedefinieerde as 'n empiriese subjek onderdoek moet word.
- 1.3 Gemeentebou is 'n proses wat 'n gemeente begelei om, vanuit sy identiteit binne die gemeentelike bedieningsterreine, sodanig aan gemeentewees gestalte te gee (vormgewing), dat die gemeente sy doel bereik.

2. Prinsipiële vertrekpunte

- 2.1 Die gemeente se identiteit lê op die vlak van
 - 'n Eksklusiewe verbondsverhouding met die drie-enige God.
 - 'n Gereformeerde gemeente wat die Woord en sakramente suiwer bedien en aan die belydenis verbind is deur dit onderling te bewaar.
 - 'n Gemeente wat die vier eienskappe van die kerk (eenheid, heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit) as riglyne uitleef.
- 2.2 Die doel van die gemeente behoort ononderhandelbaar tot die wese van die gemeente; 'n Heelgemaakte wêreld waarvan die gemeente deur woord en daad 'n getuie is.

- 2.3 Die vier bedieningsterreine integreer die totale bediening van die gemeente;
- Leitourgia - aanbidding.
 - Kerugma - verkondiging.
 - Koinonia - liefde en aanvaarding.
 - Diakonia - diensbaarheid.
- 2.4 Die konkrete gemeente kan net vanuit die gemeentelike identiteit, doel en bedieningsterreine verstaan word. Die gemeentelike spiritualiteit lei daartoe dat die gemeente op 'n bepaalde tyd, plek en wyse konkreet gestalte kry deur aan vier die bedieningsterreine hulle regmatige plek te gee.
- 2.5 Die gemeente en lidmate word deur die konteks gevorm en binne die Suid-Afrikaanse samelewing moet die gemeente diensbaar wees.

3. Metodologiese vertrekpunte

3.1 Metodologiese vereistes

- Betroubaarheid beteken dat die meetinstrumente en tegnieke wat gebruik word elke keer dieselfde resultaat moet lewer. In die geval van kwalitatiewe navorsing beteken dit konsekwentheid.
- Geldige en outentieke meetinstrumente en tegnieke moet gebruik word, sodat dit die werklike en ware betekenis van dit wat ondersoek word weergee.
- Veralgemeenbaarheid - die seleksie van persone wat in die gemeente gemaak word, moet só gemaak word dat betroubare en geldige afleidings gemaak word.

3.2 Navorsingsmetodes

- Kwantitatiewe metodes: Die voordeel van die opnames is dat dit 'n goeie beeld van die samestelling van die gemeente en omvang van die gemeente-aktiwiteite kan gee.
- Kwalitatiewe metodes. Semi-gestruktureerde onderhoude kan meer in diepte inligting oor die gemeente navore bring.
- Narratiewe metodes. Die storie van die gemeente ontsluit aspekte van die gemeente wat nie anderssins bekend sou word nie.

4. **Gemeente-analise as 'n proses**

As 'n navorsingsproses op sigself is gemeente-analise wesenlik deel van die breër proses van gemeentebou. Die proses is nooit afgehandel nie.

BYLAE A: UITTREKSELS UIT 'N GEMEENTE-ANALISEVERSLAG

1. BIOGRAFIESE AGTERGROND

OUDERDOM V2		
	N	%
Jonger as 30	115	30.3
30-49	77	20.4
50-69	91	24
Ouer as 70	96	25.3
Totaal	379	100

GESLAG V3		
	N	%
Manlik	146	38.5
Vroulik	233	61.5
Totaal	379	100

HUWELIKSTAAT V4		
	N	%
Nooit getroud nie	127	33.2
Getroud	177	46.3
Geskei/verlaat	20	5.2
Weduwee/wewe- naar	58	15.2
Totaal	382	100

OPLEIDING V6		
	N	%
Laerskool	5	1.4
Hoërskool	133	37.7
Dipl/sertifikaat	80	22.7
Univ. B-graad	55	15.6
Nagraads	80	22.7
Totaal	353	100

TIPE HUISVESTING V7		
	N	%
Huis	209	54.9
Woonstel/ Meenthuis	63	16.5
Koshuis	56	14.7
Aftreeoord	35	9.2
Ander	18	4.7
Totaal	381	100

BEROEP V8		
	N	%
Prof/semi-prof/tegnies	125	35.6
Bestuur/admin	14	4
Klerklik/verkoop	17	4.8
Vervoer/kommunikasie	1	0.3
Diensberoepe	7	2
Boerdery en verwant	0	0
Ambag/vakleerling	1	0.3
Produksie en verwant	2	0.6
Skolier	0	0
Student	61	17.4
Ongespesifiseer	12	3.4
Nie-ekonomies	109	31.1
Werkloos	2	0.6
Totaal	351	100

2. DIE EREDIENS

In hierdie afdeling word daar gekyk na enkele aspekte wat die erediens raak.

OGGENDIENSBYWONING V14		
	N	%
1 maal	43	18.9
2 maal	47	20.7
3 maal	58	25.6
4 maal	79	34.8
Totaal	227	100

AANDIENSBYWONING V16		
	N	%
1 maal	38	21.5
2 maal	41	23.2
3 maal	56	31.6
4 maal	42	23.7
Totaal	177	100

Meer as die helfte van die respondente het die oggenddiens drie maal of meer bygewoon. Minder respondente het aangedui dat hulle die aanddiens bywoon, as in die geval van die oggenddiens.

DIE EREDIENS: ALGEMEEN					
	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Eredienste straal 'n gees van warmte en vriendelikheid uit V18	43.3	44.1	5.5	5.5	1.7
In die gemeente is ruimte vir die aanbiddingstyl waarbinne ek tuis voel V19	37.2	46.6	7.7	5.4	3.1
Ek beleef die erediens as 'n ontmoeting met die Here V21	52.9	37	5.8	2.2	1.9
Die erediens voldoen aan my geestelike behoeftes V22	38.7	45.9	6.6	6	2.7
Ek geniet dit om ons eredienste by te woon V24	54	37	7.1	1.1	0.8
Ek wil graag voor die erediens by die deur verwelkom word V42	23.8	37.7	22.1	12.2	4.2

Oor die algemeen beleef die meerderheid lidmate die eredienste positief. Die eredienste word as warm en vriendelik beleef en die lidmate voel hulle tuis in die erediens.

DIE EREDIENS: LITURGIE EN PREKE					
	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Daar is voldoende geleentheid vir stilword tydens eredienste V23	33.4	46.7	10.5	7.7	1.7
Ek verkies dat die orde van die erediens dieselfde bly V37	26.4	39.9	14.9	13.8	5.1
Ek is t.g.v. die gebruik van hulpmiddels om preke toe te lig V38	42.2	37.6	10	7.4	2.8
Ek is tevrede met die prediking in die gemeente V41	53.1	35.2	7	2.8	2
Die preke hou meesal vir my iets vir my daaglikse lewe in V43	47.2	41.3	7.5	2.5	1.4

Die orde in erediens kan gewissel word, hoewel die meeste lidmate verkies dat die orde dieselfde bly. Hulpmiddels kan gebruik word om preke toe te lig. Die meerderheid lidmate evalueer die preke en die toepasbaarheid daarvan positief.

3. OMGEEGROEPE

Ek skakel tans by 'n omgee-/Bybelstudiegroep in. V53		
	N	%
Ja	220	59.3
Nee	151	40.7
Totaal	371	100

59.3% (220) van die respondente is by 'n omgeegroep/Bybelstudiegroep ingeskakel, ongeveer 90% is tevrede met hulle betrokkenheid by so 'n groep.

Indien "ja", dui aan in watter mate u met die volgende stellings saamstem.					
	Stem beslis saam	Stem saam	Onse- ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam
Ek ervaar my betrokkenheid by die groep as positief.V54	53.3	37.3	7.1	2.2	0
Ek ervaar dat die groep vir my omgee. V55	55.3	35	8.4	1.3	0
Ek kry genoeg geleentheid om my alledaagse beleving met die groeplede te deel.V56	50	36.2	10.7	2.7	0.4
Die byeenkomste dra tot die geestelike verryking en opbou van die groeplede by.V57	58.5	36.2	4	0.9	0.4
Die byeenkomste word op 'n gepaste en sinvolle wyse ingerig en gelei.V58	56	35.6	7.6	0.4	0.4

Dit wil voorkom asof die meerderheid lidmate die omgeegroep positief beleef.

Indien "nee", dui aan in watter mate u met die volgende stellings saamstem.					
	Stem beslis saam	Stem saam	Onse- ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam
Ek was al voorheen deel van 'n omgeegroep en het nie waarde daaruit geput nie. V59	4.9	13.8	18.7	32.5	30.1
My geestelike behoeftes word nie bevredig wanneer ek sulke byeenkomste bywoon nie. V60	12.4	15.5	29.5	24	18.6
Ek het nie tyd nie.V61	16.4	21.9	20.3	30.5	10.9
Ek het wel 'n behoefte om in te skakel, maar het nog nie geleentheid gekry nie.V62	16.9	28.7	16.9	21.3	16.2

Daar is nog lidmate wat graag sou wou inskakel (V62), Dit wil lyk of "nie tyd nie", nie 'n probleem behoort te wees nie.

4. BLOKKE EN ENKELE VERANDERLIKES

Tabel (V22) (Uitgedruk as 'n persentasie)										
	Die erediens voldoen aan my geestelike behoeftes					N	X ²	Grade v vryheid	Bedui- dend- heid	Gam- ma
	Stem beslis saam	Stem saam	Onse- ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam					
Blok A	33.61	53.28	6.56	4.1	2.46	122	23.41	12	0.024	0.05
Blok B	40.78	47.57	5.83	3.88	1.94	103				
Blok C	61.9	38.1	0	0	0	21				
Blok D	32.61	40.22	7.61	14.13	5.43	92				

Tabel (V34) (Uitgedruk as 'n persentasie)										
	Ek geniet die samesang voor die aanddienste					N	X ²	Grade v vryheid	Bedui- dend- heid	Gam- ma
	Stem beslis saam	Stem saam	Onse- ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam					
Blok A	41.58	33.66	13.86	6.93	3.96	101	49.51	12	0.001	-0.46
Blok B	58.43	22.47	8.99	3.37	6.74	89				
Blok C	50.0	21.43	28.57	0	0	14				
Blok D	82.22	17.78	0	0	0	90				

Tabel (V51) (Uitgedruk as 'n persentasie)										
	Ek verkies groePHuisbesoek waar 'n wyk/blok/omgeegroep saam deur die leraar besoek word					N	X ²	Grade v vryheid	Bedui- dend- heid	Gam- ma
	Stem beslis saam	Stem saam	Onse- ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam					
Blok A	8.62	17.24	17.42	34.48	22.41	116	66.6	12	0.001	-0.35
Blok B	11.88	9.9	19.8	31.68	26.73	101				
Blok C	12.0	8.0	20.0	52.0	8.0	25				
Blok D	32.22	24.44	30.00	8.89	4.44	90				

5. FAKTORANALISE

Uit die algemene stellings in die gemeente-analise is die volgende 4 faktore aan die hand van faktoranalise geïdentifiseer.

Faktor 1: Koinonia

	Stem beslis saam	Stem saam	Onse- ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Die gemeente is in die ware sin van die woord 'n "familie".V101	27.9	37.9	24.4	4.9	4.9
Lidmate in die gemeente is as familieledede deel van 'n liefdesgemeenskap.V98	24.1	47.9	19.8	6	2.3
Wanneer ek aan die gemeente dink, dink ek onwillekeurig aan "ons" en nie aan "hulle" nie.V78	40.6	37.7	13.2	4.8	3.7
Ek kan my geloof en oortuigings ten volle in die gemeente uitleef.V100	36.1	43.3	13.2	4.9	2.6
Ek voel tuis in die gemeente.V103	47.3	37	9.5	4.5	1.7

Lidmate beleef die gemeente as 'n familie. Hulle voel hulleself deel van 'n liefdesgemeenskap. Dit skep die ruimte vir lidmate om hier tuis te voel en hulle geloofsoortuigings uit te leef. Hulle beleef 'n "ons"-gevoel in die gemeente. Dit is die belevens van tussen 70 en 80 persent van die belydende lidmate.

Dit beteken dat hier 'n sterk gevoel van verbondenheid en koinonia in die gemeente is. Familieweese kan beslis as 'n sterkpunt gesien word. Dit vorm 'n sterk onderbou van waaruit die gemeente verder kan groei. Die teenkant hiervan, is dat nuwe lidmate dalk moeilik kan tuis voel.

Faktor 2: Kerkraadsfunksionering

	Stem beslis saam	Stem saam	Onse- ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Die Kerkraad doen sy werk. V70	11.1	42.8	37.5	5.9	2.6
Die kerkraadslede motiveer die lidmate om hulle lidmaatskapsbelofte uit te lewe.V72	10	31	43.1	11.5	4.4
Daar is eensgesindheid onder die predikante.V66	16.8	33.8	40.7	5.1	3.6
Die proses van beplanning in die gemeente is effektief. V67	11.8	46.5	37.4	3.5	0.9
Die kerkraadslede geniet die vertroue van die lidmate.V73	11	31.8	47.5	7.4	2.4
Daar is eensgesindheid onder die kerkraadslede.V65	3.4	21.7	65.2	6.8	2.8
Die predikante geniet die vertroue van die lidmate.V69	20.9	49.9	23.5	3.8	2

Nie alle lidmate is seker oor die funksionering van die kerkraad nie. Daar heers onsekerheid of die kerkraadslede hulle plig doen. Daar is ook 'n groot mate van onsekerheid of daar eensgesindheid onder die kerkraadslede en die predikantekorps is.

Dit beteken dat die funksionering van die kerkraad nie as doeltreffend waargeneem word nie. Dit kan werklik so wees, of dat kan ook beteken dat dit 'n persepsie is. Die rol van die predikant en kerkraadslid moet duideliker en meer effektief gekommunikeer word en indien nodig, behoort hulle hulle taak meer effektief te doen. Hierdie is 'n swakpunt wat ernstige aandag verdien. Lidmate moet weet dat hulle gehoor is.

Faktor 3: Geloofslewe

	Stem beslis saam	Stem saam	Onse- ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Ek het geloofsekerheid.V91	61.7	34.9	3.4	0	0
Jesus Christus se verlossingswerk en sy opstanding is 'n realiteit in my daaglikse lewe as Christen.V80	62	34	3.7	0.3	0
Godsdiens speel 'n belangrike rol in my lewe.V76	68.5	30.4	0.8	0.3	0
Ek beskou myself as 'n aktiewe en meelewende lidmaat van die gemeente.V77	31.2	37.1	17.7	9.8	4.2

Meer as 90 persent van die lidmate het geloofsekerheid en het 'n lewende verhouding met Jesus Christus. Byna 80 persent beskou hulleself as aktiewe en meelewende lidmate.

'n Gemeente is 'n geloofsgemeenskap. Dit word met hierdie belydenis bevestig. Dit beteken dat 'n mens met gelowiges werk wie se geloof verder versterk en uitgebou moet word.

Faktor 4: Betrokkenheid

	Stem beslis saam	Stem saam	Onse- ker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Ek is bereid om myself te gaan aanmeld om in 'n groter mate in die gemeente betrokke te raak.V83	15.8	36.6	27.7	16.1	3.9
Ek wil graag in 'n groter mate in die gemeente betrokke raak.V89	13.2	38.3	26.9	17.4	4.2
Ek is bereid om myself te gaan aanmeld om by 'n uitreikaksie (sending) betrokke te raak.V82	16.8	31.9	30.4	16.8	4.1
Ek het 'n behoefte aan meer toerustingseleenthede.V88	6.9	32.4	37.2	18.9	4.5
Ek is bereid om een maal per maand saam met gemeentede vir gemeenteaktiwiteite te bid.V86	20.6	35.9	26.4	13	4.1
Ek ondersteun die gedagte van 'n Bybelskool.V92	38.4	39	21.4	1.2	0

Die meerderheid lidmate is bereid om meer in die gemeentebetrokke te raak. Hulle is bereid om, onder andere, by uitreik-, toerusting- of gebedsaksies betrokke te raak.

Hierdie houding van lidmate beteken dat daar 'n goeie geleentheid is om meer lidmate by 'n verskeidenheid van aksies en aktiwiteite betrokke te kry. Dit is 'n geleentheid wat benut moet word.

WAT SÊ ELKEEN VAN DIE FAKTORE?

Geloofslewe: Persoonlik moet ek besluit wat my eie geloofsoortuiging is. Dit is my geloofsbelydenis wat my in verhouding met God en met my mede gelowige stel. Vanuit hierdie belydenis loof en aanbid ek God, persoonlik, maar ook gesamentlik saam met ander gelowiges. Vanuit hierdie persoonlike geloofsoortuiging tree ek toe tot die familie van gelowiges en wil ek betrokke raak.

Betrokkenheid: As gevolg van 'n lidmaat se geloosbelydenis word hy/sy betrokke. 'n Lidmaat wil aan die aktiwiteite van 'n gemeente deelneem om sy geloofsoortuiging sigbaar te maak. Geleenthede en motivering speel in dié verband 'n belangrike rol. Gebed-, uitreik- en ander diensaksies binne en buite die gemeente skep die geleentheid hiervoor.

Koinonia: As gelowige is 'n mens deel van 'n geloofsgemeenskap. Ek is deel van 'n groep of gemeenskap van mense wat dieselfde geloofsoortuigings as ek deel. Ek is deel van 'n "familieverband" waar ek tuis voel en waar ek behoort. Saam word 'n mens se verlossing gevier en daar word binne hierdie verband vir my omgee.

Kerkraadfunksionering: Die kerkraad en kerkraadslede is 'n hulpdiens wat sorg dat 'n gemeente behoorlik funksioneer. Die struktuur moet help en ondersteun sodat 'n gemeente sy doel kan bereik. Sake wat in die verband aandag verdien is: kommunikasie, om leiding te gee, goeie organisasie en bestuur en behoorlike toerusting.

BYLAE B: DIE STORIE VAN 'N GEMEENTE

	1986	1988	1990	1992
Binne gemeentelike gebeure	Afstigting: 23/3/86 Eerste leraar: 20/4/86 Tweede leraar: 8/8/87	Bou tweede pastorie Leraars se gesinne brei uit	Eerste gemeente-funksie Eerste vroue-ouderling	Videoteek begin Eerste leraarsdinee
Gebeure in die wêreld buite die gemeente	NG Kerk aanvaar Kerk en samelewing Stigting van die APK		Algemene Sinode: Vrou tot amp van leraar en ouderling toegelaat	Referendum
1994	1996	1998	2000	2002
Gemeetebouproses begin Kerkgebou-aksie begin Sooispitgeleentheid op 13/5/95	Inwyding van die Gemeentesentrum op 28/1/96	Bou galery Instelling van die kindernagmaal Trommel onder preekstoel Argivalia	Herbevestig kerkraad Hulp-en-Hoop-fees Getuienisbundel Milleniumfees Nuwe kerkaadstruktuur	Droom van 'n derde leraar
Eerste demokratiese verkiesing Nelson Mandela word president	Wen die Wêreldbeker-Rugby	Algemene Sinode aanvaar kindernagmaal	WVK	Aanval op VSA Val van die Rand Getuienisforum

BYLAE C: KERKSPIEËLDATA – ENKELE VOORBEELDE

1. Ouderdomsamestelling

'n Gemeente kan sy eie ouderdomsamestelling met die van die N.G. Kerk vergelyk. Hier word 'n voorbeeld gegee:

DIE OUDERDOMSAMESTELLING VAN LIDMATE VAN DIE NG KERK						
	1996			GEMEENTE		
	Mans	Vroue	Totaal	Mans	Vroue	Totaal
< 1	1.17	1.09	1.13	2.3	2.6	2.5
1-4	4.81	4.30	4.54	6.0	6.3	6.2
5-9	7.93	6.94	7.41	6.5	7.7	7.1
10-14	9.31	8.40	8.83	7.8	8.2	8.0
15-19	8.05	7.32	7.67	10.0	7.0	8.5
20-24	5.94	5.44	5.68	9.1	10.3	9.8
25-29	5.99	5.94	5.97	6.6	7.4	7.0
30-34	7.00	7.10	7.05	6.2	5.6	5.9
35-39	7.94	7.87	7.90	4.9	5.8	5.4
40-44	7.59	7.34	7.46	6.8	6.0	6.4
45-49	7.09	6.76	6.92	6.8	5.0	5.9
50-54	6.51	6.12	6.30	4.6	3.7	4.1
55-59	5.29	5.37	5.34	4.1	5.3	4.7
60-64	4.66	5.10	4.90	4.2	6.1	5.2
65-69	4.21	4.64	4.44	3.2	3.4	3.3
70-74	2.97	3.94	3.48	4.0	3.6	3.8
75 +	3.52	6.31	4.99	4.6	5.8	6.3
	100.00	100.00	100.00	100.00	100.003	100.00

Oor die algemeen behoort gemeentes se ouderdomsprofile te “verouder”. Let veral op vir afwykings van die gemiddeld in sekere ouderdomsgroepe - dit kan bedieningsprioriteite of leemtes uitwys.

2. Beroep

'n Gemeente kan die beroepe van die hoofde van huishoudings met dié van die NG Kerk vergelyk.

BEROEPE VAN DIE HOOFDE VAN HUISHOUDINGS		
Beroepskategorie	%	GEMEENTE
Professionele, semi-professionele en tegniese beroepe	15.68	15.6
Bestuurs-, uitvoerende en administratiewe beroepe	9.10	11.3
Klerklike en verkoopsberoepe	11.32	17.9
Vervoer-, aflewering en kommunikasieberoepe	2.39	7.6
Diensberoepe	6.29	4.4
Boerdery- en verwante beroepe	8.06	11.0
Ambagsman, vakleerling en verwante beroepe	7.17	6.8
Produksievoorman en –toesighouer, myn- en steengroefwerker, operateur, produksie- en verwante werker	3.25	2.9
Beroep ongespesifiseer	2.84	2.9
Nie-ekonomies bedrywig	33.89	16.8
TOTAAL	100.00	100.00

Elke gemeente behoort 'n baie unieke beroepsverspeiding te hê. Wat sê die verskillende beroepe oor die samestelling van die gemeente?

3. Erediensbywoning

'n Gemeente kan sy erediensbywoning met verskeie veranderlikes uit die Kerkspieëldata vergelyk. Hier word slegs drie voorbeelde gegee.

Erediensbywoning in Februarie (uitgedruk as %)		
	Oggenddiens	Aanddiens
1981	33.52	9.97
1985	35.78	9.35
1989	35.52	10.37
1993	36.01	9.53
1996	34.70	10.10

Verband tussen Oggenddiensbywoning en gemeentegrootte								
Aantal lidmate	Frekwensie van bywoning			N	X ²	Grade van vryheid	Beduidenheid	Gamma
	Swak	Gem.	Goed					
Tot 600	23.92	29.02	47.06	255	57.67	4	0.001	-0.3
601-1200	21.04	38.83	40.13	309				1993: -.31
1200 plus	42.59	36.88	20.53	263				1989: -.24

Verband tussen Aanddiensbywoning en gemeentegrootte								
Aantal lidmate	Frekwensie van bywoning			N	X ²	Grade van vryheid	Beduidenheid	Gamma
	Swak	Gem.	Goed					
Tot 600	70.2	14.90	14.90	255	76.54	4	0.001	0.36
601-1200	46.6	28.80	24.60	309				1993: .43
1200 plus	32.7	39.92	27.38	263				1989: .33

4. Dankofferbydraes

'n Gemeente kan sy jaarlikse gemiddelde dankofferbydrae per belydende lidmaat met dié van die NG Kerk vergelyk. Hier word dankofferbydrae met enkele veranderlikes in verband gebring.

VERBAND TUSSEN STREEK EN DANKOFFERBYDRAE								
	Dankofferbydrae			N	X ²	Grade v vryheid	Bedui- dendheid	Gamma
	tot R500	R501- R700	R700+					
Klein Patteland	11.11	27.05	61.84	207	172.49	8	0.001	-0.48
Platteland	29.93	45.58	24.49	147				
Groot dorp	38.05	43.36	18.58	113				
Woonstel	47.92	35.42	16.67	48				
Voorstad	47.12	40.29	12.59	278				
								1993: -.27 1989: -.41

VERBAND TUSSEN GEMEENTEGROOTTE EN DANKOFFERBYDRAE								
	Dankofferbydrae			N	X ²	Grade v vryheid	Bedui- dendheid	Gamma
	tot R500	R501- R700	R700+					
tot 600	9.21	30.54	60.25	239	215.88	4	0.001	-0.64
601-1200	33.22	44.75	22.03	295				
1200 plus	55.6	37.07	7.34	259				
								1993: -.39 1989: -.54

VERBAND TUSSEN GETAL LIDMATE PER PREDIKANT EN DANKOFFERBYDRAE								
	Dankofferbydrae			N	X ²	Grade v vryheid	Bedui- dendheid	Gamma
	tot R500	R501- R700	R700+					
tot 500	11.88	31.8	56.32	261	201.29	4	0.001	-0.63
501-800	34.77	45.85	19.38	325				
800 plus	60.73	32.98	6.28	191				
								1993: -.40 1989: -.44

BYLAE D: ENKELE KWALITATIEWE VOORBEELDE

J.H. Bisschoff referaat voor PTSA in 1998: *“Wat ‘kook’ in die laboratorium? ‘n Klein gedagte oor die ekklesiologie in ons dag...”*

Bisschoff voer gestruktureerde onderhoude met tien leiers in twee makrogemeentes in Pretoria. Hy kies oop vrae sodat die respondent kan antwoord wat op sy/haar hart is. Hy maak notas oor elke onderhoud en soek daarna na bepaalde verbande. Die waarde van die onderhoude lê daarin dat dit sekere sake ontbloot wat nie andersins na vore sou kom nie. In die een gemeente leef daar onder die leiers ‘n visie of droom van die Here se kragtige werking in hulle eie en ander mense se lewens. Dit is egter nie dieselfde in die ander gemeente nie. Die respondente het nie die vrymoedigheid om oor hulle verhouding met God te praat of om dit te integreer nie, nie op dieselfde vlak as die leiers van die eersgenoemde gemeente nie.

W.J.H. de Koker. 1997. *Opleiding in persoonlike evangelisasie met verwysing na die kategeese*, PTSA Vol 12(1)

De Koker (1997:4) soek op ‘n kwalitatiewe wyse na vereistes waaraan ‘n prakties-teologiese handelingsteorie vir die opleiding in persoonlike evangelisasie in kategeese in die N.G. Kerk moet voldoen. Hy maak van kwalitatiewe inhoudsontledings gebruik en voer vyftien ongestruktureerde onderhoude met predikante en kategete in die N.G. Kerk wat by die opleiding in persoonlike werk is. Hy neem die onderhoude op band op en daarna word dit getranskribeer. Die onderhoude word in verstaane eenhede verdeel en aan elke segment word ‘n kode toegeken. Elke respondent se reaksie word op ‘n tabel van kodes oorgedra. Al die inligting en kodes word op twee verskillende samevattende tabelle oorgedra. Op grond van die analise is sekere sentrale konsepte geïdentifiseer.

BIBLIOGRAFIE

AMMERMAN, N. CARROLL, J.W., DUDLEY, C.S. MCKINNEY, W.(REDS), 1998, *Stuying congregations. A new handbook*, Abingdon press, Nashville.

ARMOUR, M.C. EN BROWNING, D, 1997, *Sytems-sensisitive leadership*, College Press, Missouri.

BABBIE E.R. en MOUTON J. 2001. *The practice of social research*. Oxford University Press, Kaapstad, South African Edition.

BAM, G., 1992, *Die gebou- en liggaamskarakter van die gemeente as faktor in die vernuwing van bedieningstrukture*, 97-105, NGTT, Deel XXXIII, no 1.

BARNARD, A.C., 1981, *Die Erediens*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria.

BARTH, K., 1949, *Dogmatics in outline*, SCM Press Ltd, London.

BÄUMLER, C., 1974, *Gemeindeaufbau in Praktische Theologie Heute*, Kaiser Verlag, München.

BERKHOF, H., 1985, *Christelijk geloof*, Uitgeverij G.F. Callenbach B.V., Nijkerk, 5de druk.

BESTER, H.G., 2000, *Liturgievorming in 'n veranderende konteks*, ongepubliseerde D.Th proefskrif, UNISA, Pretoria.

BISSCHOFF, J.H., 1991, *Gemeentebou: 'n Prakties-Teologiese basisteorie*, ongepubliseerde DD proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

BISSCHOFF, J.H., 1988, "Wat 'kook' in die labratorium? 'n Klein gedagte oor die ekklesiologie in ons dag..." referaat voor Werkgemeenskap vir PT in SA.

BISSHOFF, J.H. (red.), 1996, *Kerkspieël V*, ongepubliseerde verslag aan die Algemene Sinode van die N.G. Kerk.

BONS-STORM, R., 1987, *Geloof waardig. Stappen op de weg van gemeenteopbouw*, Uitgeverij Boekencentrum BV, 's Gravenhage.

BOSCH, D.J., 1991, *Transforming mission. Paradigm shifts in Theology of Mission*, Orbis Books, New York.

BREYTENBACH, H.S. AND PIETERSE, H.J.C., 1992, *Doelwitte vir gemeentebou in die lig van 'n prakties-teologiese ekklesiologie*, 101-112, PTSA, no 7(2).

BRIERLEY, P., 2000, *The tide is running out. What the English Church Attendance Survey reveals*. Christian Research, London.

- BRITZ, R.M. en ERASMUS, L.M., 1994, 'n Oorsig van die ontwikkeling van 'n gemeentebouteologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1970-1994, 374-388, NGTT, Deel XXXV, no 3.
- BROWN, E., 1993, *Opmerkings en vraagstelling aan die beoefenaars van gemeentebou*, 414-416, NGTT, Deel XXXIV, no 3.
- BROWNING, D.S., 1991, *A fundamental practical theology*, Fortress Press, Minneapolis.
- BURGER, C.W., 1991a, *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap*, Lux Verbi, Kaapstad.
- BURGER, C.W., 1991b, *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, RGN Uitgewers, Pretoria.
- BURGER, C.W., 1991c, *Praktiese Teologie in die VSA - 'n oorsig oor resente ontwikkelings*, 279-298, NGTT, Deel XXXII, no 2.
- BURGER, C.W., 1995, *Gemeentes in transito*, Lux Verbi, Kaapstad.
- BURGER, C.W., 1999, *Gemeentes in die Kragveld van die Gees*, CLF-Drukkers, Bloemfontein.
- BURGER, C. en SIMPSON, N., 1996, *Bybelstudiegroepe: Poorte vir die genade*, Lux Verbi, Kaapstad.
- CALLAHAN, K.L., 1983, *Twelve keys to an effective church*, Harper, San Francisco.
- CALLAHAN, K.L., 1993, *Twaalf sleutels tot 'n effektiewe gemeente. Die beplanningswerkboek*, Orion, Halfway House.
- CARROLL (RED), J.W., 1990, *Handbook for congregational studies*, Abingdon Press, Nashville, 6de druk.
- DEN BOER, F.C. 1995, *Bijlagenrapport bij: "Terug naar de kern"*, ongepubliseerde verslag.
- DE KLERK, J.J., 1977, *Prediking*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria.
- DE KLERK, J.J., 1982, *Liturgiese gronglyne*, N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad.
- DE KLERK, J.J., 1983., *Diakoniologie*, DKN 601, Klasdiktaat, U.O.V.S. Bloemfontein.
- DE KLERK, J.J., 1985, *Verbond en bediening*, NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad.
- DE KLERK, J.J., 1990, *Die Diens van Barmhartigheid en die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad.
- DE KOKER, W.J.H. ,1997. *Opleiding in persoonlike evangelisasie met verwysing na die kategese*, PTSAVol 12(1).

- DE ROEST, H.P., 1998, *Communicative Identity. Habermas' perspectives of discourse as a support for Practical Theology*, Kok, Kampen.
- DEKKER, G., 1993, *Godsdienst en samenleving. Inleiding tot de studie van de godsdienstsociologie*, Kok, Kampen, 2de herziene druk.
- DEKKER, G., 1995, *Als her getij verloopt ...*, Ten Haave, Baarn.
- DEKKER, G., DE HART, J. AND PETERS, J., 1997, *God in Nederland*, Anthos RKK/KRO, Amsterdam, 2de druk.
- DEKKER, G. en STOFFELS, H.C. 2001, *Godsdienst en Samenleving*, Uitgeverij Kok, Kampen, 5de hersiene druk.
- DIETTERICH (RED), P.M., 1991, *Theological dimension of church transformation*, CPD, Chicago.
- DIETTERICH, I.T. AND DIETTERICH, P.M., 1989, *A systems model of the church in ministry and mission*, CPD, Chicago.
- DIETTERICH, I.T., 1991, *Approaches to church development*, CPD, Chicago.
- DIETTERICH, P.M., 1993, *Classes of change in church organations*, CPD, Chicago.
- DIETTERICH, P.M., 1994, *Leadership for church transformation: utilizing Survey Guided Development (in Betrokken hemel, betrokken aarde)*, Gooi en Sticht, Baarn.
- DINGEMANS, G.D.J., 1981, *Discipelschap en moderne leertheorieën (in Leren by het leven)*, Uitgeverij Boekencentrum B.V., 's Gravenhage.
- DINGEMANS, G.D.J., 1987, *Een huis om in te wonen ...*, Uitgeverij Boekencentrum B.V., 's Gravenhage.
- DINGEMANS, G.D.J., 1989, *Pleidooi voor een open kerk*, in *De kerk verbouwen. Dingemans' ecclesiologie critich bekeken*. Uitgeverij C.F. Callenbach, Nijkerk.
- DOBBELAERE, K., 1984, *"Godsdienst in België"* in *De stille ommekeer. Oude en nieuwe waarden in het België van de jaren tachtig*. Uitgeverij Lannoo, Tielt. Kerkhofs, J en Rezsóhazy, R (reds).
- DREYER, J.S., 1998, *The reseacher and the researched: methodological challenges for practical theology*, 14-17, PTSA, no 13(1).
- DUDLEY C.S. en GILBERT E.H., 1987, *New Testament tensions and the contemporary church*. Fortress Press, Philadelphia .
- DULLES, A., 1988, *Models of the church*, Gill and Macmillan Ltd, Dublin.

DU RAND, J.A., 1985, *Die dinamiek vn christenskap – koinonia*, Fax Theologica, 5(1).

ERASMUS, J., 2001, Value system in South Africa, in *South African Christian Handbook*, Hendriks, H.J. (red.), CNW Media and TM, Capte Town.

ERASMUS, L.M., 1994, *Sola ecclesia? 'n Kritiese verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie in die Nederduitse Geformeerde Kerk*, ongepuliseerde D.Th proefskrif, UOVS, Bloemfontein.

FIRET, J., 1980, *De plaats van de praktische teologie binne de teologiese faculteit. (in Praktische Teologie)*, Uitgeverij Boekencentrum B.V., 's Gravenhage.

GETZ, G.A., 1974, *Sharpening the focus of the church*, The Moody Bible Institute, Chicago.

GILES, K.N., 1997, Church in *Dictionary of the later New Testament & its developments*, Martin R.P. en Davids P.H., InterVarsity Press, England.

GOEDHART, G.L., 1984, *Gemeenteopbouw (in Om dienend, vierend, lerend en delend gemeente te werden)*, Kok, Kampen.

GREINACHER, N., 1974, *Das Theorie-Praxis-Problem in der Praktischen Theologie in Praktische Theologie Heute*, Kaiser Verlag, München.

GROENER, G en HENDRIKS, J., 1997, *De gemeente op het kerkplein en op het marktplein*, 236-253, Ndl Prak Teol, 24, 2.

GROENEWALD, D.C., 1993, *Hoe lyk die wêreld waarin die kerk en sy lidmate hulle bevind? - 'n Sosiologiese blik.*, 11-16, Acta Teologica.

HARALAMBOS, M, 1984, *Sociology. Themes and perspectives*, University Tutorial Press, Suffolk.

HEERING, J.P., 1989, *De Kerk verbouwen*, Uitgeverij CF Callenbach, Nijkerk, .

HEITINK, G., 1993, *Praktische Teologie geschiedenis-theorie-handelingsvelde*, Uitgeverij Kok, Kampen.

HEITINK, G., April 1999, *Gespreksverslag*, Amsterdam.

HENDRIKS (RED), J., 1993, *Spiritualiteit en engagement*, Uitgeverij Meinema, Zoetemeer.

HENDRIKS, H.J. EN VAN DER MERWE, M.A.V., 1990, *Strategiese Teologiese Bepanning*, 464-474, NGTT, XXX!, no 3.

HENDRIKS, H.J. EN VAN DER MERWE, M.A.V., 1992, *Strategiese Teologiese Bepanning. Verfyning in die praktyk.*, 577-584, NGTT, XXXIII, no 4.

- HENDRIKS, H.J. EN VAN DER MERWE, M.A.V., 1995, *Strategiese Teologiese Beplanning as deel van 'n praktiese teologiese proses*, 36-49, NGTT, XXXVI, no1.
- HENDRIKS, H.J. 1987, *'n Teologiese-prinsipiële begroning vir die opbou van die gemeente*, 1-25, PTSA no 2.
- HENDRIKS, H.J., 1990a, *Komplemeterende koinonia-verbande*, 99-108, NGTT, XXXI, no1.
- HENDRIKS, H.J., 1990b, *Bedieninge in en deur die gemeente. 'n Prakties-teologiese basisteorie.*, 19-42, PTSA, no 5(1).
- HENDRIKS, H.J., 1992a, *Gemeentes vertel. Verandering in 'n Christelike geloofsgemeenskap.*, Lux Verbi, Kaapstad.
- HENDRIKS, H.J., 1992b, *Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing.*, Hugenate-Uitgewers, Wellington.
- HENDRIKS, H.J., 1994, *Missionêre gemeentebou.*, 180-191, PTSA, no 9(2).
- HENDRIKS, J., 1990, *Een vitale en aantreklike gemeente. Model en metode van gemeenteopbouw*, Uitgeversmaatschappij J.H. Kok, Kampen.
- HENDRIKS, J., 1994, *De chaos in de vormgeving van de gemeente*, 333-352, Ndl Prak Teol, 21, 4.
- HENDRIKS, J., 1994, *Survey Guided Development: een weg naar een vitale gemeente. Een tussentijdse evaluatie. (in Betrokkne hemel, betrokken aarde)*, Gooi en Sticht, Baarn.
- HENDRIKS, J., 1995, *Literatuuroverzicht gemeente opbouw*, 629-653, Ndl Prak Teol, 22, 5.
- HENDRIKS, J., 1996, *Het begrip identiteit in sociologie en prakticshe teologie (in Onverwachte gasten)*, 61-77, Kok, Kampen.
- HENDRIKS, J., 1997, *Literatuuroverzicht gemeenteopbouw (2)*, 582-607, Ndl Prak Teol, 24, 5.
- HENDRIKS, J., April 1999, *Gespreksverslag*, Amsterdam.
- HENDRIKS, J., 1999, *Gemeente als herberg*, Uitgeverij Kok, Kampen.
- HEYNS, J.A., 1977, *Die Kerk*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria.
- HEYNS, J.A., 1981, *Dogmatiek*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 2de druk.
- HEYNS, L., 1986, *'n Prakties-teologiese ondersoek na die kerklike strukture van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.*, ongepubliseerde D.Th. proefskrif, UNISA, Pretoria.

- HEYNS, L., 1992, *Gemeentes sonder grense*, NGTT, XXXIII, no 4.
- HEYNS, L.M. EN PIETERSE, H.J.C., 1990, *Eerste treë in die praktiese teologie*, Gnosis, Pretoria.
- HEYNS, L.M., 1993, *Die amp in 'n krisis: 'n terreinverkenning*, 354-362, NGTT, Deel XXXIV, no 3.
- HOEDEMAKER, L.A., 1989, *De plaats van de gemeente*, in *De kerk verbouwen*. Dingemans' ecclesiologie critich bekeken. Uitgeverij C.F. Callenbach, Nijkerk.
- HOPEWELL, J.F., 1988, *Congregations: Stories and structures.*, Fortress, Philadelphia.
- IMMINK, G., 1994, *Theologische praktijk analyse*, Intreerede Universiteit Utrecht.
- IMMINK, G., April 1999, *Gespreksverslag*, Utrecht.
- JANSE VAN RENSBURG, J., 2000, *The paradigm shift*, Van Schaik, Pretoria.
- JONKER, H., 1978, *Liturgiese oriëntasie*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 3de uitgawe.
- JONKER, W.D., 1981, *In diens van die Woord*, N.G. Kerkboekhandel Transvaal, Pretoria.
- JONKER, W.D., 1989, *Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit*, 288-299, NGTT, XXX, no 3.
- JONKER, W.D., 1994, *Bevrydende Waarheid*, Hugenate Uitgewers, Wellington.
- KALDOR, P. E.A., 1999, *Build my church. Trends and possibilities for Australian churches*, Openbook Publishers, Adelaide.
- KELLERMAN, J.S., 1991, *Narratiewe prediking: 'n homelities-ondersoek en beoordeling*, 473-484, NGTT, XXXII, no 3.
- KELLERMAN, J.S., 1993, *Gemeentebou: vertrekpunte vanuit 'n basisteorie*, 331-244, NGTT, XXXIV, no 3.
- KELLERMAN, J.S., 1996, *Gemeentebou binne 'n narratiewe paradigma*, 509-522, NGTT, XXXVII, no 4.
- KERKHOF, J EN DOBBELAERE, K (REDS). 1992, *De versnelde ommekeer: De waarden van Vlamingen, Walen en Brusselaars in de jaren negentig*. Uitgeverij Lannoo, Tielt. Uitgeverij Lannoo, Tielt.
- KLAAS, A.C., 1996, *In search of the unchurched*, Alban Institute, New York City.

- KUHNKE, U., 1990, *Koinonia. Zur theologische Rekonstruktion der Identität christlicher Gemeinde*, Patmos Verlag, Düsseldorf.
- LADD, G.E. 1979, *A theology of the New Testament*, William B. Eerdmans Publishing Company, Michigan, 4th edition.
- LINDGREN, A.J., 1965, *Foundations for purposeful church administration*, Abington Press, Nashville.
- LOUW, D.J., 1980, *Die stad in die mens*, NK Kerkboekhandel, Pretoria.
- LOUW, D.J., 1992, *Die ontwerp van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou*, PTSA, 7(2).
- LOUW, D.J., 1993, *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*, Sigma-Pers (Edms) Bpk, Pretoria.
- LOUW, D.J., 1998, *Hoe teologies is die praktiese teologie en hoe prakties is die teologie? Ontwerp vir 'n prakties-teologiese hermeneutiek*, 43-63, PTSA, no 13(1).
- LOUW, J.P. AND NIDA, E.A., 1989, *Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains*, Bible Society of South Africa, Cape.
- LOUW, L.K., 1986, *Dienswerk - 'n eietydse bedieningsmodel vir die opbou van die gemeente*, Lux Verbi, Kaapstad.
- LOUW, L.K. 1987, *'n Analise van die gemeentesituasie met die oog op gemeentebou*, PTSA no2.
- MARSHALL, I.H., 1992, Church, in *Dictionary of Jesus and the Gospels*, Green J.B., McKnight S., Marshall I.H., InterVarsity Press, England.
- MEAD, L.B., 1991, *The once and future church*, Alban Institute, New York.
- MEAD, L.B. 1995, *More than numbers. The ways churches grow*, Alban Institute, New York.
- MORGAN, A., 2000, *What is narrative therapy?* Dulwich Centre Publications, South Australia.
- MOUTON, J. AND MARAIS, H.C., 1992, *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe*, RGN, Pretoria, 3de druk.
- MÜLLER, J. 1990, *Die erediens as fees*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria.
- MÜLLER, J. , VAN DEVENTER, W., HUMAN, L., 2001, *Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach*, PTSA 16(2).

- NAUTA, J, 1989, *Flexibele gemeentevormen in de eerste eeuw*, in De kerk verbouwen. Dingemans' ecclesiology critically examined. Uitgeverij C.F. Callenbach, Nijkerk.
- NEDERLANDSE HERVORMDE KERK, , 1971, *Gemeentevormen en gemeenteopbouw*, Uitgeverij Boekencentrum NV, 's Gravenhage.
- NEL, M. 1986, *Teologiese perspektiewe op gemeentebou*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria.
- NEL, M. 1988, *Fases in gemeentebou*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria.
- NEL, M., 1994, *Gemeentebou*, Orion Uitgewers, Halfway House.
- NEL, M., 1998, *Gemeentebou: 'n Reformatoriese bediening*, 26-37, PTSA, vol 13(2).
- NEUMAN, W.L., 2001, *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches*, Allyn and Bacon, Boston.
- NOORDEGRAAF, A., 1998, *Vijf broden en twee vissen*, Uigeverij Boekencentrum, Zoetemeer.
- O'BRIEN, P.T., 1993, Church in *Dictionary of Paul and his Letters* Hawthorne, Martin P.M., Reid D.G. , InterVarsity Press, England.
- OSWALD, R.M. AND FRIEDRICH, R.E., 1996, *Discerning your congregation's future*, Alban Institute, New York.
- PARSONS, G. AND LEAS, S.B., 1993, *Understanding your congregation as a system*, Alban Institute, New York.
- PASVEER, J., 1992, *De gemeente tussen openheid en identiteit*. Narratoi, Gorinchem.
- PETERS, A, 2000, *Tot Uw dienst*, Uigeverij Boekencentrum, Zoetemeer.
- PLOEGER, A., 1998, De empiriese gemeente en het messiaanse visioen, in *Een gezamenlijke trektocht*, Heitink G. (red.), Kok, Kampen.
- PLOEGER, A., 1999, *Practical Theological Theory and the praxis of the church*, 69-93, Int Journal of Prac Theol, 3.
- PELSER, G.M.M., 1994, *Enkele opmerkings oor die wese van die kerk*, 311-329, HTS no 50 (1 &2).
- PELSER, G.M.M., 1995, *Die kerk in die Nuwe Testament*, 645-676, HTS no 51 (3).
- PIETERSE, H.J.C., 1991, *Gemeente en prediking*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria.

PIETERSE, H.J.C, 1993, *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*, RGN-Uitgewers, Pretoria.

POPENOE, D., 1980, *Sociology*, Prentice-Hall, Inc., New Jersey 4th edition.

RICHARDS, L.O., HOELDTKE, C. 1980, *A theology of church leadership*, Zondervan Publishing House, Michigan.

RIDDERBOS, H., 1979, *Paul. An Outline of His Theology*, William Eerdmans Publishing Company, Michigan, 3de uitgawe.

ROSSOUW, P.J., 1990, *Bedieninge in die verskillende kerklike tradisies met verwysing na spesifieke paradigmas*, 43-60, PTSA, no 5(1).

SCHALK C.A. 1999. *Organizational Diagnosis of Churches. The Statistical Development of the "Natural Church Development" Survey and its Relation to Organizational Psychology*. Institute for Natural Church Development, Germany.

SCHIPPERS (E.A.), K.A., 1990, *Kerklijke presentie in een oude stadswijk*, Kok, Kampen.

SCHIPPERS, K.A. EN JONKERS, J.B.G., 1989, *Kerk en buurt*, Kok, Kampen.

SCHIPPERS, K.A., 1987, *De aktuele betekenis van de ecclesieologie van Karl Barth voor de opbouw van de gemeente*, 509-520, Ndl Prak Teol, 14, 5.

SCHWEIZER, E., 1959, *Gemeinde und Gemeinde ordnung im Neuen Testament*, Zwingli Verlag, Zürich.

SCHWARZ. C.A., 1996, *Natural Church Development*, Church Samrt Resources, Germany.

SCHWARZ, C.A., en SCHALK, C., 1998, *Implementation guide to Natural Church Development*, ChurchWise, Randhart.

SILVERMAN, D., 2001, *Interpreting Qualitative Data*, SAGE Publications, London.

SMIT, A.T., 1995, *The role of leadership in the formation of congregational spirituality*, ongepubliseerde D.Th. proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

SMIT, A.T. (Red), 1995, *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes*, Lux Verbi, Kaapstad.

SMIT, D.J., 1988, *Kan spiritualiteit beskryf word?*, 83-94, NGTT, XXX, no 1.

SMIT, D.J., 1988, *Wat is gereformeerde spiritualiteit?*, 182-193, NGTT, XXIX, no 2.

SMUTS, M., 1995, *Ontwikkeling van 'n gemeentelike bedieningsmodel*, ongepubliseerde DD. proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

STOPPELS, S., 1996, *Gastvrijheid. Het inloopcentrum als vorm van kerklijke presentie*, Kok, Kampen.

STOPPELS, S., 1998, *Gesprekken onderweg. Kritisch meedenken met Jan Hendriks*, in *Een gezamenlijke trektocht*, Heitink G. (red.), Kok, Kampen.

STRUNK, R., 1985, *Vetruuen. Grundzüge einer Theologie des Gemeindeaufbau*, Quell Verlag, Stuttgart.

TASHAKKORI, A. AND TEDDLIE, C., 2000, *Mixed methodology*, SAGE Publications, California.

TE VELDE, M., 1992, *Gemeente opbouw 1. Doelgericht en samenhanhend werken in die christelijke gemeente.*, Uitgeverij De Vuurbraak, Barneveld.

TE VELDE, M., 1992, *Gemeente opbouw 2. Bijbelse basisprincipes voor het functioneren van de christelijke gemeente.*, Uitgeverij De Vuurbraak, Barneveld.

TE VELDE, M., 1993, *Gemeente opbouw 3. Methodisch beleid ontwikkelen in de christelijke gemeente*, Uitgeverij De Vuurbraak, Barneveld.

TE VELDE, M., 1993, *Gemeente opbouw 4. Handreiken voor een gemeentewerkplan*, Uitgeverij De Vuurbraak, Barneveld.

TRIMP. C., 1978, *In leiding in die Ambtelijke vakken*, Copieerintichting v.d. Berg-Broederweg 6, Kampen.

VAN DER MERWE, M. EN MARAIS, F., 2001, *Draers van hoop*, Lux Verbi.BM, Goodwood.

VAN DER VEN, J., 1993a, *Practical Theology. An empirical approach*, Kok Phoros Publishing House, Kampen.

VAN DER VEN, J.A., 1993b, *Die Quantitative Inhaltsanalyse (in Theologie un Empirie no 13)*, Wenheim, Kampen, Netherlands.

VAN DER VEN, J.A., 1993c, *Ecclesiology in context*, JH Kok, Kampen.

VAN DER VEN, J.A., 1993d, *Die Qualitative Inhalsanalyse (in Theologie und Empirie no 13)*, Wenheim, Kampen, Netherlands.

VAN DER VEN, J.A., 1994, *Empirical methodology in practical theology why and how?*, SAAR lecture.

VAN DER VEN, J.A., April 1999, *Gespreksverslag*, Nijmegen.

VAN DER VLOET, J., 1987, *De toekomst van de parochie. Hand en werkboek*, Uigeverij den gulden Engel Wommelgen, Antwerpen.

- VAN HOOIJDONK, , 1994, *Kerkvernieuwing kan niet om de parochie heen (in Betrokken hemel, betrokken aarde)*, Gooi en Stricht, Baarn.
- VAN ZYL, H.C., 1997, *Die huiskerk in die Nuwe Testament – model of mite?* UV Teologiese Studies no 9.
- VAN ZYL, H.C., 1999, *'n Perspektief op makrogemeentes vanuit die wesensaard van die kerk volgens die Nuwe Testament*, 96-112, Acta Theologica, no 2.
- VENTER, C., 1996, *Uitkringende Liefdesbetoen*, RGN Uitgewery, Pretoria.
- VISSER, J., 2000, *Creativiteit, wegwijzing en dienstverlening: de rol van de kerk in de postindustriële stad*, Doktorale proefskrif, Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer
- VOS, C.J.A., 1995, *Praktiese Teologie as Katedraal. In gesprek met Gerben Heitink*, 105-108, PTSA, no 10(1).
- VOS, C.J.A. EN PIETERSE, H.J.C., 1997, *Hoe Lieflik is U Woning*, RGN Uitgewery, Pretoria.
- WESSINK, J.B.M. AND ZWEERMAN (RED), T.H., 1989, *Ruimte van de Geeste. Over ascese, spiritualiteit en geestelijk leiderschap*, Kok, Kampen.
- WEVERBERGH, R., 1992, *Bouwen met beelden. Onderzoek naar theorie en praktijk van kerkopbouw*, Uitgeverij Gooi en Sticht, Baarn.
- WEVERBERGH, R., 1994, *Kerkopbouwkunde als praktiese teologie (in Betrokken hemel, betrokken aanrd)*, Gooi en Sticht, Baarn.
- WOODS, C.J., 1996, *Congregational megatrends*, Alban Institute, New York.
- ZERFASS, R., 1974, *Praktische Teologie als Handlungswissenschaft (in Praktische Theologie Heute)*, Kaiser Verlag, München.

'n Prakties-teologiese basisteorie vir gemeente-analise: Opsomming

Indien vanuit 'n prakties-teologiese hoek na 'n gemeente gekyk word, speel die gemeentebouproses 'n belangrike rol. Bedieningsbeplanning word ingespan as 'n metode om die proses van verandering in die gemeente te stimuleer en daaraan koers te gee. Hoewel die groei en ontwikkeling van 'n gemeente uit verskeie hoeke benader kan word, bly een van die mees basiese vrae steeds die belangrikheid en die aard van die analisering van die huidige situasie van die gemeente. Die noodsaaklikheid van 'n behoorlike en verantwoordbare gemeente-analise, as 'n stimulus vir doelgerigte gemeentegroei, spreek dus vanself.

Aan die hand van die probleemstelling word 'n teorie vir gemeente-analise ontwikkel. Die proses vir die ontwikkeling van dié teorie lê op drie vlakke:

1. Die oriënteringspunte beskryf aannames wat as grondliggende vertrekpunte in 'n gemeente-analise gebruik word.
'n Hermeneutiese model word as praktiese teologiese vertrekpunt gebruik wat beteken dat Woord en konteks in 'n asimmetriese verhouding staan, die verbond tussen God en mens lei tot bepaalde diensgestaltes in die gemeente; en daar 'n kritiese ingesteldheid tussen Woord en konteks moet wees. Die gemeente word sowel as 'n gedefinieerde as 'n empiriese subjek ondersoek. Gemeentebou is 'n proses wat 'n gemeente begelei om, vanuit sy identiteit binne die gemeentelike bedieningsterreine, sodanig aan gemeentewees gestalte te gee (vormgewing), dat die gemeente sy doel bereik.
2. Die prinsipiële vertrekpunte wys op die beginsels wat hanteer word as daar na 'n gemeente kyk word.
Die gemeente se identiteit lê op die vlak van 'n eksklusiewe verbonds-verhouding met die drie-enige God; 'n gereformeerde gemeente wat die Woord en sakramente suiwer bedien en aan die belydenis verbind is deur dit onderling te bewaar; en 'n gemeente wat die vier eienskappe van die kerk (eenheid, heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit) as riglyne uitleef. Die doel van die gemeente behoort ononderhandelbaar tot die wese van die gemeente; 'n Heelgemaakte wêreld waarvan die gemeente deur woord en daad 'n getuie is. Die vier bedieningsterreine integreer die totale bediening van die gemeente: Leitourgia – aanbidding; Kerugma - verkondiging; Koinonia - liefde en aanvaarding; en Diakonia - diensbaarheid. Die konkrete gemeente kan net vanuit die gemeentelike identiteit, doel en bedieningsterreine verstaan word. Die gemeentelike spiritualiteit lei daartoe dat die gemeente op 'n bepaalde tyd, plek en wyse konkreet gestalte kry deur aan vier die bedieningsterreine hulle regmatige plek te gee. Die gemeente en lidmate word deur die konteks gevorm en binne die Suid-Afrikaanse samelewing moet die gemeente diensbaar wees.
3. Die metodologiese aannames wys op die pad of prosedures wat in die uitvoering van 'n gemeente-analise gevolg word. 'n Gemeente-analise behoort aan die volgende metodologiese vereistes te voldoen: Betroubaarheid, geldigheid en veralgemeenbaarheid. In die uitvoer van 'n gemeente-analise kan van kwalitatiewe-, kwantitatiewe of narratiewe metodes gebruik gemaak word.

Gemeente-analise is 'n navorsingsproses op sigself en is wesenlik deel van die breër proses van gemeentebou. Die proses is nooit afgehandel nie.

A Practical-theological basis theory for congregational analysis: Summary

Looking at a congregation from a practical-theological viewpoint, the congregational building process plays an important part. Planning of the ministry is implemented as a method of stimulating the process of change in the congregation and setting a course for it. Although it is possible to approach the growth and development of a congregation from various angles, one of the primary questions to be asked will always be the importance and nature of the analysis of the current situation of the congregation. The essentiality of an effective and accountable analysis of the congregation, as a stimulus for purposeful growth of the congregation, therefore speaks for itself.

By using the problem-setting as a point of departure, a theory is developed for a congregational analysis. The process for the development of this theory lies on the three levels set out below.

1. The orientation points describe the supposition used as the basic point of departure in a congregational analysis.
A hermeneutic model is used as practical theological point of departure, which means that Word and context stand in asymmetrical relation; the covenant between God and human being leads to specific structures of service in the congregation; and there is supposed to be a critical assumption between Word and context. The congregation is scrutinised both as defined and empirical subject. The building of a congregation is a process, which assists a congregation in giving structure (form-giving) - from its identity within its service structures - to its being a congregation; so that the congregation finally reaches its goal.
2. The fundamental points of departure indicates the principles which are handled when a congregation is scrutinised.
The identity of the congregation lies on the level of an exclusive covenant relationship with the Holy Trinity; a reformed congregation offering the Word of God and the sacraments in pure form; a congregation bound to the denomination by keeping it amongst themselves; and a congregation who uses the four characteristics of the church (unity, holiness, universality and apostolicity) as guidelines for their work. The purpose of the congregation belongs to the nature of the congregation and this is not negotiable; a healed world of which the congregation is a witness in word and deed. The four service areas integrate the total ministry of the congregation. Leitourgia - worship; Kerugma - preaching; Koinonia - love and acceptance; and Diakonia - to be of service to others. The concrete congregation can only be understood by looking at the Identity, purpose and service structures of the congregation. The spirituality of the congregation results in the congregation getting a concrete structure at a specific place, time, and in a specific way by giving the four service areas their set places. The congregation and its members are formed by the context and should be of service within the South African community.
3. The methodological suppositions indicate the way in which the procedures are followed in implementing an analysis of a congregation. A congregational analysis should comply with the following methodological requirements: Reliability, validity, and generalisation. In carrying out an analysis of a congregation, qualitative, quantitative or narrative methods may be used.

Congregational analysis is a research method in its own right and it forms a part of the bigger process of building a congregation. This process is never completed.